

DIE VESTIGINGSPATROON VAN DIE SUID-NDEBELE

deur

CHRISTO JANSEN VAN VUUREN

Voorgeleë ter vervulling van die vereistes  
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

(Volkekunde)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Universiteit van Pretoria

Pretoria

November 1983

( i )

## DANKBETUIGING

Die navorsing wat vir hierdie verhandeling onderneem is, is moontlik gemaak deur die finansiële steun van die Stadsraad van Middelburg, Transvaal, en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). My opregte dank gaan dus aan dié instansies. Die verantwoordelikheid vir die navorsingsresultaat asook die gevolgtrekking berus egter by my alleen.

My hartlike dank gaan ook aan my leier, prof R D Coertze, deur wie se vorming, raad en opoffering hierdie studie moontlik gemaak is.

Ek wil ook graag al my kollegas aan die Universiteit van Pretoria bedank vir gesprekke en raadgewing rondom die onderwerp. Die naam van prof A C Wilkes van die departement Bantoetale aan die Universiteit van Pretoria, moet met waardering vermeld word vir sy aandeel aan die taalkundige versoring van die isiNdebeleterme.

My opregte dank gaan veral uit aan Raadslede en Amptenare van die Stadsraad van Middelburg, waar ek gedurende 'n deel van die navorsings-tyd in diens was. Ek vermeld in dié verband veral die name van die Stadsklerk mnr P F Colin, die voormalige Stadsekretaris wyle mnr S W van Aswegen, mnr S P Bezuidenhout en mnr F G König, sonder wie se hulp en entoesiasme die navorsing nie moontlik sou gewees het nie.


Die hulp wat ek in die navorsingsgebied van die voormalige magistraat, tans Direkteur Werke, KwaNdebele Regeringsdiens, mnr B Stolz, ontvang het, word met dankbaarheid vermeld.

Aan die baie lede van die Ndebelevolk wat my van informasie bedien het, gaan 'n besondere woord van dank en waardering. Die volgende persone moet egter besonderlik vermeld word: Hoofminister S S Skosana en Minister K D Mtsweni vir hul samewerking en entoesiasme; Kapteins David Mahlangu Mapoch en Alfred Mabhena vir hulle hulp met die aanwys van informante; my gids en tolk Samuel Mthombeni, Hoofmanne Jan Mahlangu, Solomon Mahlangu en Jakob Tshabangu. Die hutbouers wat my aangewys is,

verdien vermelding: John Mguni, Klaas Skosana, Scotch Sindana en Mof Mota. Dankie aan hierdie manne vir meer as twee jaar se samewerking en die oordrag van omvangryke kennis.

Twee persone verdien vermelding vir die tikwerk van hierdie verhandeling, naamlik mej M Marais, en mev C Quinn wat met baie opoffering die finale produk se afronding moontlik gemaak het.

Laastens maar seker die belangrikste wil ek my ouers bedank vir baie jare se voortgesette entoesiasme, onderskraging en hulp in my akademiese loopbaan.



---

C J VAN VUUREN  
PRETORIA  
NOVEMBER 1983

SAMEVATTING

DIE VESTIGINGSPATROON VAN DIE SUID-NDEBELE

deur

CHRISTO JANSEN VAN VUUREN

Leier : Prof R D Coertze  
Departement: Volkekunde, Universiteit van Pretoria  
Graad : Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Die etniese geskiedenis van die Suid-Ndebele word verduidelik met besondere aandag aan die inwoningsduur by opeenvolgende woonterreine. Vanuit riglyne uit die vakliteratuur word 'n studie gemaak van die vestigingspatrone van die Ndebele waarby die kraalkomponente en die reëls vir die kraaluitleg behandel word.

In die beskrywing van die konstruksie van wonings en ander boustrukture word drie opeenvolgende fases onderskei, naamlik die grashut, rondawelhut en reghoekige hutvorms. Dieselfde drie fases word ook aangedui in die benutting van boumateriaal asook opeenvolgende versieringstyle. Die versieringsmotiewe en verftipes wat met die bogenoemde fases in verband staan, word volledig behandel.

Die wyse waarop boustrukture en leefruimtes deur individue en groepe in die beoefening van kultuurfasette benut word, word volledig behandel.

Hierdie navorsingsresultaat is gebruik by die konstruksie en organisering van die Ndebele-opelugmuseum te Botšhabelo. Die konstruksieproses word volledig beskryf. Besondere voorstelle word ten slotte gemaak vir 'n moderne stadsuitleg en behuisingspatroon in KwaNdebele.



ABSTRACT

THE SETTLEMENT PATTERN OF THE SOUTHERN NDEBELE

by

CHRISTO JANSEN VAN VUUREN

Supervisor : Prof R D Coertze

Department : Anthropology, University of Pretoria

Degree : Magister Artium in the Faculty of Arts

The ethnic history of the Southern Ndebele is explained, with special reference to the duration of occupation on successive sites. From fieldwork and literature the settlement pattern of the Ndebele is described, and kraal components and rules for kraal planning treated.

The description of the construction of dwellings and other structures distinguishes three consecutive phases - the grass hut, rondavel hut and rectangular hut. These phases are also indicated in the utilisation of building materials, as well as in decorating styles. The motifs and paint types relating to these phases are fully treated.

The utilisation of structures and living areas by individuals and groups is extensively described.

This research result was used in constructing and organising the Ndebele Open-Air museum at Botšhabelo. The construction is extensively described. Finally, specific proposals for modern urban planning and housing patterns in KwaNdebele are made.

## INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK 1</u>	1
<u>INLEIDING</u>	1
1 DOELSTELLINGS	1
2 GEOGRAFIESE AFBAKENING	3
3 NAVORSINGSMETODE	3
3.1 Literatuur	3
3.2 Ondervraging van informante	4
3.3 Besoek aan KwaZulu	7
3.4 Opmeting en fotografie	7
3.5 Ortografie	8
4 DIE HERKOMS EN WOONGEBIED	9
4.1 Inleiding	9
4.2 Die Nguniverband	9
4.3 Die etniese geskiedenis van die Suid-Ndebele	10
4.3.1 Inleiding	10
4.3.2 Emhlangeni (Randfonteinomgewing)	12
4.3.3 KwaMnyamana of Emarula (Bon Accord)	12
4.3.4 Die Ndzundza : KwaSimkhulu (bolope van die Steelpoort= rivier)	15
4.3.5 KwaMaza (Stoffbergomgewing)	15
4.3.6 KoNomtjharhelo (Roosenekal)	15
4.3.7 KwaMkhina (Derdepoort)	17
4.3.8 KwaHlanga (Wilgerivier)	17
4.3.9 KwaSimuyemiwa (Weltevreden)	17
4.3.10 Die Ndzundza van Nebo	18
4.3.11 Die Ndzundza van Kalkfontein	19
4.3.12 Die Ndzundza van Witlaagte	20
4.3.13 Die Manala	20
5 SAMEVATTING	22
<u>HOOFSTUK 2</u>	24
<u>DIE BESTUDERING VAN VESTIGINGSPATRONE</u>	24
1 INLEIDING	24
2 DIE BEGRIP VESTIGINGSPATROON	25
3 'N HISTORIESE ONTPLOOIING IN DIE STUDIE VAN VESTIGINGSPATRONE	28
3.1 Inleiding	28
3.2 Die Amerikaanse benadering	28

4	BESONDERE BYDRAES TOT DIE BESTUDERING VAN VESTIGINGSPATRONE	30
4.1	Die benadering van K C Chang	30
4.1.1	Individuele strukture	31
4.1.2	Nedersettingsuitleg	33
4.1.3	Nedersettingsverspreiding	33
4.2	Die benadering van A Rapoport	34
4.2.1	Klimatologiese faktore	34
4.2.2	Beskikbaarheid van materiaal, tegniese kennis van konstruksietegniese	35
4.2.3	Terreinligging	35
4.2.4	Verdediging	35
4.2.5	Ekonomiese determinante	35
4.2.6	Godsdienstige voorkeure	36
4.2.7	Kulturele faktore	36
4.2.7.1	Basiese behoeftes	36
4.2.7.2	Verwantskapsverband	37
4.2.7.3	Posisie van vroue	37
4.2.7.4	Privaatheid	37
4.2.7.5	Sosiale skakeling	37
4.3	Slot	38
5	SAMEVATTING	39
	<u>HOOFSTUK 3</u>	41
	<u>DIE KRAALUITLEG</u>	41
1	INLEIDING	41
2	DIE GEOGRAFIESE OMGEWING	41
3	DIE KOMPONENTE VAN 'N KRAAL	44
3.1	Inleiding	44
3.2	Die voorkoms van 'n kraal ( <u>umuzi</u> )	44
3.3	Verskeidenheid van strukture en ruimtes	45
3.3.1	Wonings	45
3.3.2	Krale en strukture vir lewende hawe	47
3.3.3	Graanhut en graanhouers	47
3.3.4	Omheining en verdelingstrukture	48
3.3.5	Landerie en tuinerye	49
3.3.6	Ashope	49

4	DIE RANGSKIKKING VAN WOONEENHEDE	49
4.1	Inleiding	49
4.2	Voorbeeld 1 : 'n Man met ses vroue	51
4.3	Voorbeeld 2	54
4.4	Voorbeeld 3	55
4.5	Voorbeeld 4	55
4.6	Voorbeeld 5 : Kraal van Uwusani Mahlangu	55
4.7	Voorbeeld 6 : Kraal van Jonas Mthombeni	56
4.8	Voorbeeld 7 : Kraal van Maarman Mabhena	56
4.9	Voorbeeld 8 : Kraal van Mof Mota	57
4.10	Voorbeeld 9 : Kraal van Thys Mahlangu	57
4.11	Voorbeeld 10 : Kraal van ene Makhaduzela	58
4.12	Voorbeeld 11 : Kraal van Magaki Mahlangu	58
4.13	Voorbeeld 12 : Kraal van Kaptein Mayisha Cornelis Mahlangu	58
4.14	Voorbeeld 13 : Kraal van Kaptein Fene Andries Mahlangu	59
5	REÛLS BY DIE RANGSKIKKING VAN VROUE IN 'N KRAAL	59
5.1	Inleiding	59
5.2	Algemene reëls by plasing	60
5.3	Spesifieke plasingreëls	62
6	SAMEVATTING	68
	<u>HOOFSTUK 4</u>	74
	<u>BOUSTRUKTURE</u>	74
1	INLEIDING	74
2	TERREINKEUSE EN MAGIESE BEHANDELING	74
3	ARBEIDSVERDELING	76
4	MATERIAALVERKRYGING EN VOORBEREIDING	78
4.1	Hout	78
4.2	Bindmateriaal	79
4.3	Dekgras	80
4.4	Riete	81
4.5	Klip, grond, klei en beesmis	82
4.6	Water	83
4.7	Ander boumateriaal	83
5	BOUPROSES	84
5.1	Die woonhut ( <u>indlu</u> )	84
5.1.1	Inleiding	84

5.1.2 Die graswoonhut ( <u>umtlhatlhana</u> )	85
5.1.2.1 Argeologiese terreine	85
5.1.2.2 Konstruksie van die hutraam	86
5.1.2.3 Dekwerk ( <u>ukufulela</u> )	91
5.1.2.4 Pleister- en messelwerk ( <u>ukusinda</u> )	95
5.1.3 Die rondawelwoonhut ( <u>icathane</u> )	96
5.1.3.1 Argeologiese terreine	96
5.1.3.2 Konstruksie van die hutraam	97
5.1.3.3 Dekwerk ( <u>ukufulela</u> )	102
5.1.3.4 Pleister- en messelwerk ( <u>ukusinda</u> )	105
5.1.3.5 Deure en vensters	110
5.1.3.6 Tabel van rondawelhutafmetings	111
5.1.4 Die vierkantige en reghoekige woonhut ( <u>irhayisi</u> )	112
5.1.4.1 Inleiding	112
5.1.4.2 Konstruksie van die vierkantige en reghoekige dubbelmuurwoonhut	113
a Inleiding	113
b Die hutraam	114
c Dekwerk	116
d Pleister- en messelwerk	116
e Variasies in die reghoekige dubbelmuurwoonhut	117
5.1.4.3 Konstruksie van die reghoekige enkelmuurwoonhut	119
a Inleiding	119
b Vormvariasies	120
5.2 Die seunshut ( <u>ilawu</u> ) en dogtershut ( <u>iphunyana</u> )	124
5.2.1 Inleiding	124
5.2.2 Konstruksie van die seunshut en dogtershut	127
5.2.2.1 Die gras seunshut	127
5.2.2.2 Die gras dogtershut	128
5.2.2.3 Die rondawel seuns- en dogtershutte	129
5.2.2.4 Die vierkantige en reghoekige seuns- en dogtershutte	132
5.3 Die doktershut ( <u>indlu yenyanga</u> )	132
5.4 Die kookhut ( <u>isibuya</u> )	133
5.5 Die inisiasieskerm ( <u>isirhodlo sabasegwabo</u> )	133
5.6 Die graanhut en graanhouders	134
5.7 Die hutomheining ( <u>isirhodlo</u> )	135
5.7.1 Die omheining by die graswoonhut	136
5.7.2 Die omheining by die rondawelwoonhut	141
5.7.3 Afmetings by reghoekige grondmuuromheinings ten opsigte van die rondawelwoonhut	145

5.7.4 Die omheining by die reghoekige woonhut	146
5.8 Die hofruimte ( <u>ibandla</u> )	146
5.9 Krale en strukture vir lewende hawe	147
5.10 Die klipmuurkraalomheining ( <u>ikura</u> , <u>umthangala</u> )	149
5.11 Landerye ( <u>amasimu</u> )	150
5.12 Ander ruimtes en strukture in en om die kraal	150
6 BOUKUNDIGE KWALITEITE	151
7 SAMEVATTING	156
<u>HOOFSTUK 5</u>	159
<u>HUT- EN MUURVERSIERING</u>	159
1 INLEIDING	159
2 VERSIERING IN KULTURELE VERBAND	160
3 MATERIAAL EN TEGNIESE TOEBEHORE	162
3.1 Verfstowwe	162
3.2 Gereedskap	163
4 VERSIERINGSTIPES	164
5 VERSIERINGSTEGNIEK	169
5.1 Metodiek	169
5.2 Die kunstenaars	171
6 BEGINSELS IN MUURVERSIERING	172
7 SAMEVATTING	174
<u>HOOFSTUK 6</u>	176
<u>DIE BENUTTING VAN LEWENSRUIMTES</u>	176
1 INLEIDING	176
2 SOSIALE EENHEDE	176
2.1 Die gesin en gesinne-eenhede	177
2.2 Die kraalgroep ( <u>umuzi</u> )	177
2.3 Die beperkte linie ( <u>imbeleko</u> )	180
2.4 Die patrilinie ( <u>ikoro</u> )	181
2.5 Die sibbe ( <u>isibongo</u> )	181
2.6 Die stam ( <u>isitshaba</u> )	185

2.7 Ouderdomsgroepe	187
2.7.1 Inleiding	187
2.7.2 Lewenstadia van seuns en dogters	187
2.7.3 Die seunsinisiësie ( <u>ingoma</u> )	190
2.7.3.1 Die smeekfase ( <u>ukukhonga</u> )	192
2.7.3.2 Die besnydenis ( <u>ukuwela, ukuthola ingoma</u> )	192
2.7.3.3 Die stam- of bergskool ( <u>umphandu, endabeni</u> )	193
2.7.3.4 Die slagseremonie ( <u>ukuhlabisa</u> )	194
2.7.3.5 Die roetverwydering ( <u>ukusula umsizi</u> )	194
2.7.3.6 Die wagperiode voor die huwelik	194
2.7.4 Die dogtersinisiësie ( <u>iqhude</u> )	195
2.8 Die werksgroep ( <u>ijima</u> of <u>ilima</u> )	197
3 LEWENSRUIMTEBENUTTING	197
3.1 Inleiding	197
3.2 Die woonhut ( <u>indlu</u> )	200
3.3 Die seunshut( <u>ilawu</u> ) en dogtershut ( <u>iphunyana</u> )	208
3.4 Die doktershut( <u>indlu yenyanga</u> )	209
3.5 Die ontvangs- ( <u>isirhodlo</u> ) en kookruimtes( <u>isibuya</u> )	209
3.6 Die hofruimte ( <u>ibandla</u> )	214
3.7 Die beeskraal ( <u>isibaya</u> )	216
3.8 Tussenruimtes	217
3.9 Landerye en tuine ( <u>amasimu</u> )	220
3.10 Ou woonterreine ( <u>amarhubhi</u> )	221
3.11 Inisiasiestrukture	221
3.12 Ander lewensruimtes	222
4 SAMEVATTING	223
<u>HOOFSTUK 7</u>	225
<u>DIE TOEPASSING VAN GEGEWENS OOR VESTIGINGSWYSE</u>	225
1 INLEIDING	225
2 DIE SUID-NDEBELE OPELUGMUSEUM	225
2.1 Inleiding	225
2.2 Navorsing	226
2.3 Terrein- en materiaalvoorbereiding	227
2.4 Personeel	231

2.5 Die uitleg van die Opelugmuseum	233
2.5.1 Inleiding	233
2.5.2 Die eerste boufase (KwaMusi)	234
2.5.3 Die tweede boufase (KwaMayisha)	236
2.5.4 Die derde boufase (KwaMabusa)	240
2.5.5 Voltooingstempo	241
2.6 Funkionering van die museum	241
2.7 Die betekenis van die museumgedagte vir die Suid-Ndebele	242

### 3 BEHUISING IN KWANDEBELE 244

3.1 Inleiding	244
3.2 Hoëdigtheidsbehuising in Siyabuswa	245
3.2.1 Inleiding	245
3.2.2 Die behuisingskema van die NBNI	246
3.2.3 Die voor- en nadele van die stelsel en alternatiewe voorstelle	249
3.2.3.1 Inleiding	249
3.2.3.2 Module-uitleg	249
3.2.3.3 Perseeluitleg	252

### 4 SLOT 253

#### KAARTE

Kaart 1 : Suid-Ndebelestamplase	255
Kaart 2 : Trekbewegings van die Ndebele	256

#### TABELLE

Tabel 1 : Genealogie : Ndzundzaregeerders	257
Tabel 2 : Genealogie : Die Ndzundza van Kalkfontein en Witlaagte	258
Tabel 3 : Genealogie : Manalaregeerders	259
Tabel 4 : Rondawelhutafmetings	260
Tabel 5 : Reghoekige hutafmetings	261
Tabel 6 : Afmetings by grondmuromheinings ( <u>izirhodlo</u> )	261
Tabel 7 : Verfstowwe	262
Tabel 8 : Sibbes	264
Tabel 9 : Regimentsname	269

#### TEKENINGE (Tek)

Tekening 1 - Tekening 14 : HOOFSTUK 3	270
Tekening 15 - Tekening 81 : HOOFSTUK 4	278
Tekening 82 - Tekening 91 : HOOFSTUK 5	333
Tekening 92 - Tekening 100 : HOOFSTUK 7	346

#### BIBLIOGRAFIE



## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1 DOELSTELLING

Die akkulturatiewe invloed van die Westerse lewenswyse is besig om 'n ingrypende verandering in die kultuur van die Suid-Ndebele van Transvaal teweeg te bring. Hierdie verandering vind plaas op talle kultuurfasette waaronder ook die technemata. Hierdie verandering geld juis ten opsigte van die tradisionele vestigingswyse van die Ndebele, en spesifiek met betrekking tot die tradisionele kraaluitleg, boustrukture, hut- en muurversierings en die benutting van hierdie strukture as lewensruimtes deur die inwoners.

'n Sterk motivering kan gevolglik aangebring word ten gunste van die bewaring van hierdie erfenis aan tegniese skeppinge. 'n Nadere ondersoek na 'n bewaringsaksie bring twee probleme na vore. Eerstens is daar 'n gebrek aan goeie literatuurbronne en tweedens die feit dat kundige Ndebele-informante besig is om uit te sterf, veral diesulkes wat oor inligting oor die vroegste boustrukture en kraaluitleg beskik. Verder ontstaan die vraag oor wat presies bewaar moet word asook na die doeltreffendste wyse waarop dit kan geskied.

Afgesien van boustrukture soos woonhutte, krale en omheinings tesame met hulle versierings wat die komponente van 'n kraal uitmaak, is daar die tegniese skeppinge/artefakte binne en rondom hierdie strukture wat direk daarmee verband hou soos onder andere slaapmatte, graanmandjies, maalklippe en so meer.

'n Museum is die mees voor-die-hand-liggende bewaringsruimte. 'n Ondersoek na volkekundige museums in Suid-Afrika toon dat tegniese skeppinge in 'n redelike mate reeds versamel is en bewaar word. Dit is juis boustrukture wat vanweë die aard en grootte daarvan nêrens na regte in 'n konvensionele museum tot sy reg kom nie. 'n Goeie oplossing blyk dus

die bewaring van boustrukture in kraalverband in die vorm van 'n opelugmuseum, waar die verbandhoudende tegniese skeppinge ook in die gepaste ruimtes geplaas kan word.

Hierdie navorsing het dus kennisversameling ten doel langs drie weë:

- Bestudering van literatuur.
- Veldwerk deur waarneming, dit wil sê deur middel van opmeting en fotografering van strukture en ondervraging van informante.
- Insameling en dokumentering van tegniese skeppinge waarby informante ook ondervra sal word.

Die gesistematiseerde kennis wat uit sodanige navorsing verkry word, kan op drie terreine 'n besondere waarde hê.

Eerstens kan dit toegepas word in die totstandbrenging van 'n opelugmuseum waarin kraaluitleg, konstruksie van individuele boustrukture, versiering en die benutting van leefruimtes duidelik uitgebeeld kan word.

Tweedens kan hierdie kennis vir die argeoloog van waarde wees deurdat dit op die terrein van die etno-argeologie lig kan werp op ontbrekende gegewens in die argeoloog se rekonstruksie en finale interpretasie van woonwyses. Die volkekundige maak onder andere 'n studie van die hutplasing van 'n Ndebelekraalhoof se vroue, en die benuttingsmoontlikhede van elke struktuur en ruimte teen die agtergrond van alle kulturfasette. Die volkekundige kan uit sy navorsing 'n basis verskaf vir die argeoloog se interpretasie na analogie van sy bevindinge.

Die volkekundige kan sodoende meer lig werp by die argeologiese opgraving van historiese Ndebeleterreine soos KwaMnyamana (1590-1630), KoNomtjharhelo (1847-1883) en KwaHlanga (1904-1922).

Derdens kan kennis oor die tradisionele vestigingswyse, gegewens aan die lig bring wat die stadsbeplanner, argitek, ingenieur en ekonoom behulpsaam kan wees by die ontwikkeling en beplanning van Westerse behuising in KwaNdebele. 'n Berekende inspraak in sodanige beplanning deur die

volkekundige kan tot gevolg hê dat daar nie 'n totaal vreemde soortige milieu vir die inwoners geskep word nie, maar dat sommige tradisionele elemente in dorpsuitleg, arbeidsverdeling, materiale, strukture en selfs gesagvoering in die resultaat van die beplanning behou kan word. Dit is ook die wens van die Ndebele om iets van hulle eie te behou en nie in 'n Westerse dop ingedruk te word nie.

## 2 GEOGRAFIESE AFBAKENING

Die ondersoek na die vestigingspatroon van die Suid-Ndebele is grotelijks bepaal deur die tema-afbakening vir plaaslike museums van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens (sien 7:2.1). Die Suid-Ndebele is as onderdeel van die Transvaalse Ndebele, as 'n museumtema vir Middelburg aangewys, aangesien veral een van die stamme, die Ndzundza histories gebonde is aan die Oos-Transvaalse Hoëveld en spesifiek aan die Middelburgdistrik. Vanweë die skrywer se verbondenheid as kurator aan die plaaslike museum in Middelburg, was navorsing onder die Suid-Ndebele 'n besondere opdrag. Die Suid-Ndebele bestaan uit drie stamme naamlik die Ndzundza, Manala en die Hwaduba. Daar is besluit om die ondersoek te fokus op eersgenoemde twee stamme, aangesien laasgenoemde feitlik volledig verkgatla het (COETZEE 1980:209; VAN WARMELO 1930:11).

## 3 NAVORSINGSMETODE

### 3.1 Literatuur

By die bestudering van literatuur oor die studie-onderwerp is min bronne gevind met bruikbare verwysings na kraaluitleg, boustrukture en die benutting van leefruimtes onder die Ndebele. Talryke populêre tydskrifartikels is in die verlede gepubliseer wat hoofsaaklik inligting oor versiering bevat. Hiervan kon dankbaar gebruik gemaak word. Tipiese artikels was dié van Meiring (1949, 1951, 1953 en andere), Potgieter (1949), Moss (1955), Brincker (1961) en andere.

Met betrekking tot die etniese geskiedenis van die Suid-Ndebele, was dit veral die publikasie van Fourie (1921), Van Warmelo (1930, 1944), Maré (ms Hoofstuk 1) en Coetzee (1980) wat vrugbaar benut kon word.

Sekere van hierdie skrywers soos Maré en Coetzee maak ook intensief gebruik van Fourie en Van Warmelo. Daar kon ook van enkele van die artikels soos dié van Potgieter (1949) en Van der Walt (1952) oor die Mapochoorlog van 1883 gebruik gemaak word.

Ten opsigte van muurversiering, was die werk van Weiss (1963) baie bruikbaar en in 'n mindere mate dié van Matthews (1971).

Literatuur oor lewensruimtebenutting is baie skaars en enkele gegewens kon uit Landgraf (1974), Becker (1979) en Fourie (1921) verkry word.

Met betrekking tot boustrukture, boumetodes en prosesse, lewensruimtebenutting en verwante aspekte is literatuur oor ander stamme met die oog op indeling van die stof gebruik. Die werk van Van der Waal (1977) is, na aanleiding van laasgenoemde se ondersoek oor die woning en woonwyse onder die Venda as belangrikste riglyn gebruik. In dieselfde verband kon die werk van Knuffel (1973) riglyne verskaf oor besondere detail wat van toepassing is op die konstruksie van 'n grashut, na aanleiding van laasgenoemde se publikasie oor die Zoeloegrashut. Die literatuur het aansienlik leemtes geopenbaar wat die terreine by en die noodsaaklikheid vir die ondervraging van informante aangedui het.

### 3.2 Ondervraging van informante (sien ook 7:2.4)

Daar is deurgaans tydens die ondersoek gebruik gemaak van 'n aantal gekeurde informante wat sistematies ondervra is oor hulle kennis van die konstruksie en benutting van boustrukture. Daar is nie van statisties aanwendbare vraelyste gebruik gemaak nie en die vroeë aanduiding was dat daar min mense beskikbaar was met kennis van die oudste konstruksietipes van die Ndebele.

Die ondersoeker het hom vir die uitwys van informante, op die Ndebele-owerheid beroep en wel eerstens op die destydse Gebiedsowerheid en daarna op die onderskeie stamowerhede en stamhoofde. Die ondersoeker is ook by twee geleenthede vergunning verleen om die doel en mikpunte van die ondersoek voor die volledige stamvergaderings van beide die Ndzundza en Manala uiteen te sit. Tydens die vergadering van die

Ndzundzastam was verteenwoordigers van die Ndzundza van Witlaagte ook teenwoordig. Daar is ook soortgelyke ontmoetings gereël met die Ndzundza van Jack Mahlangu te Nebo en ene Lukas Mabhena as verteenwoordiger van die Manala van Suikerboschkop naby Witbank (sien 1:4.3.13).

Die doel van die ondersoek is deurgaans met entoesiasme ontvang. Die Gebiedsowerheid het daarna 'n aantal kundige segslui aangewys asook 'n gids-tolk wat die navorser tydens sy navorsing sou vergesel. Die gids wat aangewys is, Mathako Samuel Mthombeni, is gekeur op grond van sy verwantskap en senioriteit, hy is die usonghwani of oom van kaptein Mphezulu Jack Mahlangu; asook vanweë sy kennis van die gebied en sy mense. Die segslui is hoofsaaklik uit die Ndzundzageledere uitgewys, aangesien sodanige kundiges volgens Manala-owerhede skaars was.

Bejaarde informante kon heelwat gegewens verskaf oor die vroegste kraaluitleg, boustrukture, konstruksiemetodes, stamgeskiedenis asook die uitwys van ou woonterreine. Bejaarde informante se ouderdomme kon by benadering bereken word volgens die regimentnaam in die intanga-stelsel. Nadat die informant na sy intanga-naam (sien 6:2.7.3) uitgevra is, kan sy ouderdom tot op sekere hoogte terugwerkend vanaf 'n bekende inisiasiejaar (byvoorbeeld Liduba 1940) benaderd bereken word en die aard van sy inligting op so 'n mate gedateer word. Die name van vier van hierdie segslui, verdien vermelding:

Martiens Mbonani (Liduba) (Weltevreden, sterf in 1980)

Mof Mota (Liduba) Weltevreden

Somyaliwe Kleinbooi Mahlangu (Liduba) Klipplaatsdrif

Esau Mashiyane (Linghana) Suikerboschplaat, Middelburg

Besoeke is gebring aan ou Ndebelewoonterreine soos KwaMnyamana naby Bon Accord, KoNomtjharhelo (Mapochgrotte), KwaHlanga naby Dryden, Wallmannsthal, Roodekoppies, asook verskeie Ndzundzaterreine in die ou Mahlunqulustamwyk tussen Groblersdal en Stoffberg. Die volgende informante kon waardevolle inligting tydens die besoeke aan bogenoemde terreine verskaf:

Kapt Alfred Mabhena (Manalastamhoof)

Simon Mahlangu (sterf in 1981) - usonghwani of oom  
van die huidige kaptein David Mapoch  
Mpezeni Solomon Mahlangu - wykshoof (induna) van Wolwekraal  
(KwaNdebele) en nasaat van Nyabela deur Mtshongweni  
Jakob Tshabangu - induna te Kwaggafontein  
Ismael Nkwana - gesiene lid van Ndzundzastamowerheid  
ook van Kwaggafontein  
Sothakaza Jan Mahlangu - induna te Klipplaatsdrift (KwaNdebele)

As deel van die navorsingsresultaat, is daar besluit om 'n reeks van die kraaluitlegtipies te konstrueer. Vir die doel van bou-adviseurs en bouers, is 'n aantal Ndebelemans en -vroue deur die Gebiedsowerheid aangewys. Hierdie mense het deurgaans tesame met die navorsers toesig oor die bouwerk gehou.

Die volgende lede is aangewys:

Sodiye Mahlangu - stam dokter van kaptein David Mapoch  
John Mnguni Thubana - grasdekker in beheer tydens die bou van  
kaptein Mapoch se nuwe woning  
Bova Klaas Skosana - boukenner te Wolwekraal  
Scotch Sindana - boukenner te Wolwekraal

Tydens die pleisterwerk en versiering van boustrukture is 'n aantal vroue vir hierdie werk gekeur uit verskillende herkomsgebiede. Daar is ook gepoog om bejaarde sowel as jonger vroue te keur. Die volgende vroue verdien vermelding:

Liesbet Skosana (Middelburg)  
Roselina Sibiya (Middelburg)  
Ester Mahlangu (Weltevreden)

Alle informante is na keuring individueel ondervra. Kontrole is daarna gedoen deur toetsing van inligting by 'n volgende informant asook by die konstruksie van strukture in die opelugmuseum. Deur die ywer en belangstelling van wykshoofde onder die Ndzundza is vergaderings belê deur laasgenoemde waartydens die ondersoeker die informante en bouers kon

keur. Die ondersoeker was in 'n gelukkige posisie om twee van die bejaarde informante by name Mof Mota en Martiens Mbonani te kon benut by die bou van die eerste grashut (umtlhatlhana). Die korrektheid van die konstruksie is later bevestig deur die besoek van 'n ouer informant as bogenoemde twee, Esau Mashiyane.

### 3.3 Besoek aan KwaZulu

Gedurende Augustus 1978 is 'n besoek gebring aan KwaZulu in samewerking met die destydse etnoloog van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling. Omdat daar geen Ndebelegrashutte in KwaNdebele of elders meer bestaan het nie en geen afbeeldings daarvan beskikbaar was nie, was dit die verwagting dat 'n besoek aan KwaZulu lig kon werp op die aard en grootte van tipiese Zulugrashutte deur laasgenoemde op te meet en te fotografeer. Daar sou ook insig verkry kon word oor die benaderde deursnit van 'n Zoeloekraal. Hierdie inligting was nie direk vergelykbaar en toepaslik op die tipiese Ndebelegrashut en kraaluitleg nie, maar was 'n bruikbare hulpmiddel.

### 3.4 Opmeting en fotografie

Met die oog op die studie en rekonstruksie is voorbeelde van alle beskikbare tipes woonhutte gemeet, maar ten opsigte van die umtlhatlhana en sekere icathane-tipes moes rekonstruksie vanaf argeologiese oorblyfsels gedoen word (sien 5.1.2.1).

In die huidige KwaNdebele kon verder slegs drie tradisionele rondawelhutte opgespoor word, waarvan slegs een nog bewoon was. Die inwoners van die twee ontruimde hutte kon nogtans opgespoor, en na die hut geneem word vir ondervraging. In sekere gevalle is informante uit KwaNdebele na die Stoffbergomgewing geneem waar hulle die murasies van hul ou woonhutte, dikwels dié van 'n grootvader, kon uitwys en daarvoor informasie kon gee. Waar die voormalige inwoners van die murasies nie opgespoor kon word nie, was daar in elke geval op naburige plase Ndebelekrale waarvan die inwoners inligting kon verskaf oor die murasies. Nadat die informante individueel ondervra is, is die hut of murasie volledig opgemeet, geskets en waar nodig, gefotografeer. Kleur positieseffilm is

deurgaans gebruik. Sekere van die murasies is vanweë verwerking by benadering gerekonstrueer (sien 4:5.1.3.1).

Opmeting is ook in KwaNdebele gedoen ten opsigte van die huidige hut=tipes. Voorbeelde van die dubbelmuur, vierkantige woonhut wat slegs in die Nebodistrik aangetref word, is ook besoek, opgemeet en gefoto=grafeer. Kleurskyfies is veral van die vroegste hutversieringsmotiewe in die Nebodistrik geneem.

Sowat vierhonderd kleurskyfies is van die bouproses by die opelugmuseum te Botšhabelo geneem. Elke stap in die konstruksieproses van alle strukture en ruimtes is gefotografeer. Tydens bouwerk is alle struk=ture gemeet en die bouers uitgevra na die tegniek, die rede daarvoor, die materiaal wat gebruik is, die afronding en ander verbandhoudende aspekte. Tydens konstruksie van strukture is die inligting wat tydens ondervraging in KwaNdebele opgeneem is, gekontroleer en getoets aan die hand van die praktiese uitvoering daarvan in die bouproses. Dit het telkens gebeur dat daar nie konsensus onder bouerinformante oor sekere aspekte verkry kon word nie. Bouwerk is dan gestaak en addisionele kundiges genader waarna die korrekte konstruksiemetode of materiaal bepaal en gebruik is. Bouwerk het begin op 12 Januarie 1979 en is voltooi gedurende Julie 1980.

### 3.5 Ortografie

Die eerste publikasie in isiNdebele was voor 1980, met die vertaling van die Evangelie van Markus. Daar was egter probleme met die orto=grafie wat in die vertaling gebruik is. Met die oog op die instelling van 'n amptelike isiNdebele-ortografie, is die Suid-Ndebele Taalraad in September 1980 in die lewe geroep. Die amptelike publisering van die nuwe ortografie was in April 1982 (EDUCAMUS 1982:28). Daar word beoog om isiNdebele as voertaal op primêre skole in KwaNdebele, vanaf Sub A, teen die begin van 1984 in te voer.

Alle isiNdebele-terme wat in hierdie verhandeling verskyn, is volgens die reëls van bogenoemde ortografie geskryf.



## 4 DIE HERKOMS EN WOONGEBIED VAN DIE SUID-NDEBELE

### 4.1 Inleiding

Die gegewens in hierdie afdeling het betrekking op die etniese geskiedenis van die Suid-Ndebele in Nguniverband, tweedens op die herkoms en vestiging in Transvaal vanaf kaptein Mafana tot by die huidige stamkapteins, en derdens op die huidige indeling en verspreiding van die Suid-Ndebele. Die beskikbare literatuur oor die onderwerp is redelik uitgebreid. Die vroegste bronne is dié van Fourie (1921) en van Warmelo (1930). Later volg die ongepubliseerde proefskrif van Maré en die proefskrif van Coetzee (1980). Beide laasgenoemde skrywers verwys uitvoerig na die eerste twee bronne.

Die doel met die aanbieding van hierdie etniese geskiedenis van die Suid-Ndebele is tweërlei van aard. Eerstens het dit ten doel die uitwysing van trekroetes, woongebiede en die chronologiese volgorde van regeerders. Tweedens werp dit lig op die aanbieding wat volg oor die vestigingspatroon, veral omdat hutontwikkeling en kraaluitleg by die Suid-Ndebele ook 'n chronologiese orde toon en dus noue verband het met etnies-historiese gebeure. Vergelyk in dié verband die verandering in kraalgrootte as gevolg van die Mapochoorlog (3:2).

### 4.2 Die Nguniverband

Binne die breë etniese verband ressorteer die Suid-Ndebele naas die Noord-Ndebele onder die Transvaalse Ndebele. Laasgenoemde moet onderskei word van die Ndebele van Mzilikazi wat 'n Ngunivlughtelinggroep uitmaak wat na 1822 Transvaal binnegekom het. Die Transvaalse Ndebele word volkekundig onder die Ngunivolke geklassifiseer. Die Suid-Ndebele word in drie stamme onderverdeel naamlik die Manala, Ndzundza en Hwaduba. Eersgenoemde maak vandag die meerderheidsgroep uit van die Suid-Ndebele=

volk van KwaNdebele. Die Hwaduba het sodanig verKgatla dat die Suid-Ndebeleverband bloot van akademiese belang is. Die stam geniet ook eie verteenwoordiging en status in die huidige Republiek van Bophutha-tswana (COETZEE 1980:209).

Taalkundig kan die Suid-Ndebele onder een van Ziervogel (1959:13) se twee Ngunisubgroepe geklassifiseer word. Die Tekelasubgroep onder die Ngunitale omvat die Noord-Transvaalse Ndebele van onder andere Kekana en Moletlane asook die Laka. Die Suid-Ndebele hoort onder die sogenaamde Zunda/Zoeloe-Xhosasubgroep en sluit ook die Zoeloe, Xhosa-volke, Ndebele van Mzilikazi en die Ngoni, afkomstig van Natal, in.

### 4.3 Die etniese geskiedenis van die Suid-Ndebele

#### 4.3.1 Inleiding

Die verloop van die etniese geskiedenis word weergegee volgens die orde waarin besondere woonterreine deur die Ndebele bewoon is. Die hoofmomente in die uiteensetting is dan woonterreine, regeerders en historiese gebeure. Vanweë die feit dat die Hwaduba grootliks verKgatla het en nie tydens die ondersoek betrek is nie, word daar nie verdere aandag aan die stam gegee nie. Waar moontlik word elke regeerder se regimentsnaam (intanga) aangedui. Die bewoningstydperke wat vir elke woonterrein verskaf word, kan volgens verskeie metodes bereken word.

Daar word eerstens van die inisiasieregimente (izintanga) wat elke regeerder ingestel het, gebruik gemaak. By die Ndebele funksioneer 'n stelsel van vyftien opeenvolgende regimentsname. Elke vierde jaar word 'n nuwe naam toegeken. Elke siklus van vyftien name verteenwoordig dus 'n tydspan van sestig jaar (sien 6:2.7.3).

Die regimentsnaam (intanga) van meeste van die 25 regeerders in die verlede is bekend. Die regimentsname van veral die laaste twaalf stamhoofde, dit wil sê tot op Mrhabuli kan gekontroleer word. Dit moet verder in ag geneem word dat normaalweg slegs een seun van 'n man die inisiasie (ingoma) in senioriteitsvolgorde bywoon. Dit beteken dat vier broers oor 'n tydperk van sestig jaar na mekaar geïnisieer word.

n Seun deurloop gewoonlik die vyfde ingoma, dit wil sê twintig jaar ná dié van sy eie vader. Die vierjaartydperk tussen regimente het in die verlede grootliks verleng of verkort as gevolg van oorloë, onderlinge stryd en as gevolg van rampe. Die instelling van regimente was dus soms korter as vier jaar uitmekaar.

Die datums wat in die inisiasiejaar asook die regimentsname verskaf word, is gebaseer op die navorsing van Fourie (1921:28-39), Maré (ms 1:42-48) en gekontroleer deur eie navorsing. Behalwe vir nege regimentsname is daar ooreenkoms tussen die gegewens van Fourie en dié van Maré. Wat die instellingsdatums van die regimente betref, is daar groter verskille tussen hierdie skrywers.

Die terugberekende datums en regimente vir die vroegste stamhoof Mafana, word ook verskaf. Volgens Fourie kon Mafana (Linghanaregiment) teen ongeveer 1483 ingestel gewees het, en volgens Maré teen 1551. Eie navorsing dui daarop dat Maré se gegewens nader aan die korrekte is. Die datum en regimentsname vir die sewentiende en agtiende stamhoofde, naamlik Sibokoen Somdeyi (1831, Lirhasa) (volgens Maré) blyk egter twyfelagtig te wees. Dit is onwaarskynlik dat Sibokoen Somdeyi dieselfde stamskool bygewoon het. Met die slag tussen die Ndzundza en die Matebele van Mzilikazi in ongeveer 1823, en die aanval deur die Matlala kort daarna, waartydens Siboko sterf, lyk die datum van Maré (1831) n bietjie laat. Die datum van Fourie (1823) lyk nader aan die korrekte.

Die regeertyd vir n stamhoof word deur Maré (ms 1:49) op gemiddeld ses-tien tot sewentien jaar bereken. Fourie (1921:28-30) beweer dat twintig jaar nader aan die werklikheid is. Die gemiddelde regeertyd van die afgelope ses stamhoofde (Mabusa uitgesluit), kom op twintig jaar per regeerder neer. Die regeertyd van regente (abaphathi) bemoelik hierdie berekening heelwat. Sekere regente regeer nie die volle twintig jaar nie. Maré se sewentienjaartydperk bring die aanvang van Mafana se regeertyd op 1575 te staan, terwyl Fourie se twintigjaarperiode hierdie datum terugskuif na 1475. Maré se datum korreleer die beste met sy regimentjaar-datum van 1551.

n Stamhoof kan selgs begin regeer nadat hy geïnisieer is, dit wil sê

minstens vanaf twintigjarige ouderdom. Daar kan met redelike sekerheid vasgestel word dat Magodongo, die sestiende stamhoof sedert Mafana, teen ongeveer 1820 begin regeer het. Die gemiddelde ouderdom waarop die afgelope tien stamhoofde (Magodongo tot Mabasa) die troon bestyg het, word bereken op 25 of 26 jaar. Met die regiment- en instellingsdatum van al die stamhoofde bekend, is dit dan moontlik om die troonbestygingsdatum te bereken. Dit bring mee dat die vroegste stamhoof Mafana, teen ongeveer 1557 begin regeer het. Hierdie datum verskil slegs agtien jaar van dié van Maré (ms 1:49) en sowat 82 jaar met dié van Fourie (1921:29).

Dit gebeur dat 'n stamhoof tydens sy regeertyd wegtrek en 'n nuwe woonterrein elders aanlê, soos byvoorbeeld Bongwe wat vanaf KwaSimkhulu na KwaMaza getrek het. Dit is nie altyd duidelik hoe lank die stam op 'n terrein gewoon het voordat die nuwe terrein aangelê is nie. Vir dié doeleindes van die studie word hierdie stamhoofde se regeertydperk in twee gelyke tydperke verdeel, byvoorbeeld vierjaar elk per woonterrein.

#### Kaart 2 4.3.2 Emhlangeni (Randfonteinomgewing)

Tabel 1 Hierdie woonterrein was volgens informante in die omgewing van die huidige Randfontein aan die Wes-Rand geleë. Die eerste twee bekende kapteins van die Transvaalse Ndebele was hier woonagtig. Die eerste was Mafana (Linghana). Sy seun Mhlanga (Lirudla) het hom opgevolg. Tydens die regeringstyd van Mhlanga het die stam na KwaMnyamana verhuis. Die stam het dus waarskynlik onder Mafana ontstaan. Die Ndebele het waarskynlik dertig jaar of selfs langer hier gewoon, dit wil sê reeds voor 1557 tot ongeveer 1587.

#### 4.3.3 KwaMnyamana of Emarula (Bon Accord)

Mhlanga is opgevolg deur sy oudste seun ene Musi of Msi (Lirhasa). Sy woonterrein is vandag nog aanduibaar. Dit kan deur argeologiese opgrawings grootliks gerekonstrueer word. (Sien 4:5.1.2.1). Sekere informante beweer dat die naam Emarula betrekking het op 'n later vestiging van splintergroepe 'n ent weg van die oorspronklike KwaMnyamana. Volgens Fourie (1921:33) het Musi vyf seuns gehad naamlik Manala, Masombuka, Ndzundza, Mathombeni en Dlomu. Volgens Van Warmelo (1930:13) se

Manala-informante was daar ses seuns naamlik Manala, Ndzundza, Mhwaduba, Dlomu, Sibasa en Mathombeni in dié volgorde. Maré (ms 1:67) beweer die volgende. Uit die ubunene-afdeling is daar gebore Manala en Skosana (ubunenyana) en uit die ikhohlo-afdeling is daar gebore Ndzundza en uit die ikhohlwana Mathombeni, Dlombu en Mphafuli. Mphafuli en Sibasa kan dieselfde skakeling aandui. Daar is onsekerheid oor Masombuka. Vanweë die feit dat hy Lesotho toe getrek het en later teruggekom het (FOURIE 1921:34) is dit waarskynlik dat hy nie vroeër as Masombuka, seun van Musi, bekend gestaan het nie. Daar het mettertyd 'n opvolgingstwis tussen Manala en Ndzundza ontstaan en die huis van Musi het verdeel. Daar is enkele verdere gegewens bekend oor die lotgevalle van die verskillende seuns. Masombuka het suidwaarts getrek na Lesotho en hom later weer by die Ndzundza aangesluit. Die meeste Masombuka is vandag onder die Ndzundza woonagtig. Dlomu het as onbesnedene waarskynlik na Natal gevlug en later weer by die Ndzundza aangesluit. Skosana het hom in die stryd by Ndzundza geskaar. Mathombeni ook bekend as Gegana het noordwaarts getrek na Muledihane (ba ga Moletlane) en was die stigter van die huidige Noord-Ndebele. Mhwaduba het hom egter in die Hammanskraal- (vandag Moretele II)-omgewing gevestig. Indien Mphafuli en Sibasa op dieselfde skakeling dui, het hy Venda toe getrek waar daar vandag dan 'n splintergroep van die Ndebele woonagtig is wat verVenda het (vgl Van Warmelo 1930:10-13).

Manala (Linghana) was die oudste seun uit die ubunene van Musi en die regmatige opvolger. Vanweë minder gewenste karaktertrekke was hy volgens sy toe blinde vader, nie in staat om die kapteinskap oor te neem nie. Sy vader het besluit om hom op 'n wyse te toets waarvan die aard nie bekend is nie. Omdat Manala te lank weggebly het op die betrokke dag, het Ndzundza (Liduba) by sy vader aangemeld om die kapteinskap te ontvang. Vanweë Musi se voorkeur vir Ndzundza het hy die kapteinskap en daarmee saam ook die ampsvoorwerpe aan Ndzundza oorhandig (FOURIE 1921:34).

Hierna ontstaan 'n hewige stryd tussen die twee broers wat die hele kapteinshuis uitmekaar laat spat. Ndzundza en sy volgelinge vlug tot by Simkhulu aan die bloop van die Steelpoortrivier (Indubazi).

Van Warmelo beweer dat dit Hoedspruit was (VAN WARMELO 1930:293). Daar bestaan ook die moontlikheid volgens Maré (ms 1:73-74) dat die twee broers na afloop van Musi se dood in die twee helftes van die kraal bly woon het. Na 'n merkbare toename in ondersteuning vir Ndzundza het Ncagu, seun van Manala, besluit om Ndzundza dood te maak, waarop laasgenoemde besluit het om te vlug en die omswerwing van Ndzundza volgens dié weergawe, toe eers 'n aanvang geneem het.

Ndzundza trek met sy volgelinge oor die huidige Premiermyn in die rigting van Bronkhorstspruit (KwaMarhinini). Tussen Cullinan en Bronkhorstspruit by 'n rivier met die naam van AmaSongololo op 'n plaas Brandbach (574JR) (noord-oos van Premiermyn) sluit die Swangabosibbe (Msiza) by Ndzundza aan. Die roete strek verder tot aan die Bronkhorstspruit (Ikutu) oor 'n drif genaamd Ezibugwini lamaKarapa naby Spitskop (plaas van wyle Sir P van Reyneveld). Hulle trek hierna in die rigting van Balmoral verby Witbank oor die bo-lope van die Olifantsrivier (Ibhalule) in die rigting van Middelburg. Hierna volg hulle 'n roete oor die Klein-Olifantsrivier (Umhluzi)<sup>1)</sup> verby Panstasie (Hartogshoop 410JS) oor die Steelpoortrivier (Indubazi) by 'n plek genaamd KwaSimkhulu. Dit is nie duidelik waar en hoe lank Ndzundza en sy volgelinge hulle telkens tydens hierdie omswerwing op elke punt gevestig het nie, dit kan altesaam soveel as tien jaar wees, dit wil sê tussen 1621 en 1630. Op hierdie stadium stuur Ndzundza 'n meisie genaamd Mthise uit die Ndzundzasibbe aan die steeds agtervolgende Manala as vrou. Die Manala ontvang haar en las as gevolg van hierdie versoeningsdaad die agtervolging af. Sedert die dag en handeling vind daar ondertrouing as voorkeurhuwelik tussen die kapteinshuise van Ndzundza en Manala plaas (FOURIE 1921:34, MARÉ ms 1:75-76). 'n Ander weergawe lui dat die versoening plaasgevind het in die omgewing van die huidige Loskopdam. Die rivier was in vloed nadat die Ndzundza deurgetrek het. Die Manala kon hulle nie bereik nie. Op die Msizasibbe se aandrang is Ndzundza se dogter Mthise aan Manala gegee. Die plek staan vandag as KoQoli of Oqoli bekend en sluit die huidige

---

1) Maré (ms 1:75) dui dit verkeerdelik as die Selonsrivier aan. Die Sothonaam vir die Klein-Olifantsrivier is Mahlotshe.

Kranspoort ook in. Die Manala het hierna teruggetrek na die vroeëre woongebied. Dit is nie presies duidelik waar hulle hulle gevestig het nie. Die Ndebele het tot en met die skeuring ongeveer drie en dertig jaar hier gewoon, dit wil sê sedert 1587 tot ongeveer 1620.

#### 4.3.4 Die Ndzundza : KwaSimkhulu (bолоpe van die Steelpoortrivier)

Hierdie terrein is deur Ndzundza aangelê. Na hom, volgens vader-seun=opvolging, volg drie generasies stamhoofde, naamlik Mrhetsha (Ligawu), Magobholi (Lisinya) en Bongwe (Lidlowu). Onder Bongwe se heerskappy verhuis die stam na bykans 56 jaar na KwaMaza. Die terreinis dus ongeveer tussen 1631 en 1687 bewoon.

#### 4.3.5 KwaMaza (Stoffbergomgewing)

Dit is nie duidelik presies waar in die Stoffbergomgewing hierdie woon=terrein aangelê is nie. Ná Bongwe regeer nog twaalf stamhoofde, waar=onder agt van hulle regente (abaphathi) was. Ten spyte van 'n lang bewoningstydperk, sowat 160 jaar sedert ongeveer 1687, strek dit slegs oor vyf generasies. Die stamhoofde na Bongwe was agtereenvolgens : Sindenani (n regent), Mahlangu (Lithula), Phaswana (Liphogo), Maridili (Liphaswana) (n regent), Mdalanyana (Linghana) (n regent), Mgwazana (Lithula), Dzela (Lidlaza) (n regent), Mrhabuli (Lirhasa) (n regent), Magodongo (Lidlowu), Siboko (n regent), Somdeyi (Lirhasa) (n regent) en laastens Mabhogo (Lisinya) ook aanvanklik n regent. Onder Magodongo word die Ndzundza in ongeveer 1825 deur die leërs van Mzilikazi aangeval en oorwin. Kort hierna tydens die regeertyd van Siboko word die Ndzundza vir n tweede maal deur die Matlala (Noord-Sotho) aangeval en die koninklike orakel die Namrhali word ook buitgemaak. Mabhogo het vermoedelik in 1839 begin regeer en onder hom verhuis die stam (1847?) na KoNomtjharhelo.

#### 4.3.6 KoNomtjharhelo (Roosenekal)

Mabhogo lê n nuwe woonterrein aan bekend as KoNomtjharhelo teen ongeveer 1847. Hy het sy militêre aansien aansienlik verhoog met die bou van n aantal oninneembare vestings te KoNomtjharhelo. Heelwat verwysings kom in historiese geskifte van die ZAR oor Mabhogo voor. Hy was onder andere in 1849 en 1863 in skermutselings met die Boere betrokke (FOURIE

1921:40). Hy weer op 10 Mei 1864 ook drie Swazi aanslae met welslae af. Hy regeer sowat vier en twintig jaar en is in 1865 hier oorlede. Die naam Mapoggers, Mapokkers of Mapōrs wat deur die Blankes aan die Ndzundza gegee is, is ontleen aan die naam van Mabhogo.

Na Mabhogo regeer drie stamhoofde waarvan twee regente was. Sy seun Mkhephula (Lidlowu) ook bekend as Soqaleni of Cornelis I Mabhogo volg hom op. Hierna volg sy broer Rhobongo (Linyathi) gevolg deur laasgenoemde se broer Nyabela (Lirudla).

Nyabela se geskiedenis is seker die beste bekend van alle Ndebelekapteins. Hy kom in botsing met die ZAR weens sy weiering om die moordenaar van Sekhukhune (Pedi) ene Mampuru uit te lewer, aangesien Nyabela aan laasgenoemde asiel verleen het (vgl ook FOURIE 1921:47).

Na 'n beleëring van die KoNomtjarhelovestings besluit die Ndzundza om oor te gee en op 8 Julie 1883 word Mampuru uitgelewer. Mampuru word ter dood veroordeel, gehang en Nyabela lewenslange tronkstraf opgelê wat hy in Pretoria uitdien. Volgens die Volksraadbesluit van 20 Julie 1883 verloor die Ndzundza hulle stamgebied finaal en word stamlede vir 'n tydperk van vyf jaar by Blanke boere wat aan die beleg van KoNomtjarhelo deelgeneem het, as plaasarbeiders ingeboek. Volgens 'n ZAR-proklamasie van 31 Augustus 1883 is die grondgebied van Nyabela in kleiner eenhede opgemeet en verdeel. In 1895 is die Mapochsgronde as 'n vierde wyk by die Middelburgdistrik ingelyf. Hoewel 'n deel van die stam hulle in die Lydenburgdistrik gaan vestig het, is die res van die stam verstrooi oor 'n groot gebied in die Hoëveld tot sover as Bethal, Delmas en Heidelberg. Die bewoningstydperk by KoNomtjarhelo strek dus oor 36 jaar, vanaf 1847 tot 1883 en oor twee generasies.

Agtien woonplase is deur die Superintendent van Naturelle in 1897 in die Witwatersrandwyk uitgesonder vir vestiging van die Ndzundza. Volgens die destydse Lagdenverslag van 1904 het 'n deel van die stam hulle onder Mkhephula se seun Fene Andries Mabhogo op private plase in die Pretoriadistrik bevind (COETZEE 1980:250).



#### 4.3.7 KwaMkhina (Derdepoort)

Amnestie is gedurende 1898 aan Nyabela verleen. Hy het hom tesame met 'n aantal volgelinge te Derdepoort (KwaMkhina) net buite Pretoria gaan vestig. Nyabela het Fene as die regmatige opvolger beskou en laasgenoemde aan die ZAR-owerheid in Pretoria kom voorstel. Nyabela is in 1903 oorlede (MARÉ ms 1:98). Hy is opgevolg deur die oudste seun van Mkhophula, naamlik Fene Andries (Lidugu). Die stam het hier gewoon tot ongeveer 1903, sowat ses jaar, voordat hulle na KwaHlanga verhuis het.

#### 4.3.8 KwaHlanga (Wilgerivier)

Fene Andries en die Ndzundza het in 1904 na KwaHlanga (Welgelegen) verhuis. Hy is in 1922 hier oorlede en is deur sy seun Mayisha Cornelis II (Liduba) opgevolg. Gedurende 1923 verhuis die stam na die huidige Weltevreden. Die bewoningstydperk strek dus oor sowat negentien jaar.

#### Kaart 2 4.3.9 KwaSimuyembiwa (Weltevreden)

In 1923 koop die stam die plaas Weltevreden (158JR) in die huidige KwaNdebele aan. Mayisha is in Desember 1961 oorlede en is opgevolg deur sy oudste seun Mabusa David (Lidzibha). Die stam bly al bykans 60 jaar hier.

In 1969 is die Ndzundzastamowerheid volgens Goewermentskennisgewing 2143/1969 ingestel. Die stamgebied sou uit die volgende nege plase bestaan.

Weltevreden (158JR)	Wolwekraal (192JR)
Matjiesgoedkuil (3JS)	Klipplaatsdrift (193JR)
Vrieskraal (4JS)	(Matshirini)
Kameelrivier (160JR)	Valschfontein (33JS) (met
Waterval (34JS)	Siyabuswa as hoofsetel)
Pieterskraal (190JR)	

Sedertdien is die stamgebied uitgebrei waarvolgens die volgende plase

deur die RSA-regering oopgestel is vir bewoning.

Boekenhouthoek (61JS)	Brakfontein (200JR)
Goederede (59JS)	Tweefontein (220JR)
Kwaggafontein (196JR)	Gembokspruit (229JR)
Mathys Zyn Loop (195JR)	Hartbeefontein (224JR)
Leeufontein (188JR)	Vrischgewaagd (226JR)
Vaalbank (163JR)	Heloïse (225JR)
Vlaklaagte (221JR)	Koedoebos (159JR)
Gembokfontein (231JR)	De Beersput (157JR)
Zandspruit (189JR) (gedeelte)	Bloedfontein (153JR)
Boekenhoutfontein (198JR)	Haakdoornlaagte (685JR)
Gembokfontein (199JR)	Geweerfontein (156JR)
Houtenbek (194JR)	Rhenosterkop (157JR)
	Allemanskraal (162JR)

#### 4.3.10 Die Ndzundza van Nebo

Tydens Nyabela se gevangeneskap was 'n deel van die Ndzundzastam onder die beheer van die jongste broer van Nyabela ene Matsitsi (Mad(z)idzi) (Lidzibha). Hy is deur sy seun Mtshatshane Jafta (Liphogo) opgevolg. Volgens Lagden, die destydse Kommissaris van Naturellesake het 'n deel van die Ndzundza hulle teen 1904 op die plaas Kafferskraal (181JS) onder die gesag van Jafta in die Middelburgdistrik bevind. Jafta het in sy getuienis voor die Plaaslike Komitee van Oos-Transvaal verklaar dat hy die opperhoof van die Ndzundza is en sedert 1874 by KoNomtjha=rhelogewoon het en as verteenwoordiger (regent) vir Fene Andries optree. Hy versoek ook dat sy mense toegelaat word om na Blinkwater (212JS) naby Stoffberg te trek. Terselfdertyd beweer Fene in 1918 dat Jafta sedert die Tweede Vryheidsoorlog doelbewus poog om homself los te maak van die regmatige Ndzundzagesag onder sy leiding. Jafta het in 1942 met 'n aantal volgelinge op die plaas Goedgedacht (878KS) naby Pokwani in die Nebodistrik gaan woon. Hy word op 3 April 1950 as stamhoof van hierdie Ndzundza erken. Op hierdie stadium het die stam ook op sowat agt ander plase in die omgewing gewoon (COETZEE 1980:267 tot 268).

Jafta word in 1952 deur sy seun Maphepha Poni (Linyathi) opgevolg.

Die huidige Mpehzu Jack neem as regent waar vir Mthunjwa, die seun van Poni. Die Ndzundza van Nebo funksioneer streng gesproke al sedert 1883, sowat n honderd jaar. Dit strek oor drie generasies. Die Nebogebied in Lebowa is reeds sedert 1950 bewoon. Die Ndebelestamowerheid van Nebo is in 1957 (GK 1139/1957) ingestel met die volgende plase onder hulle gesag.

Luckau: (127JS)	Sterkfontein (156JS)
Zuikerboshplaats (125JS)	Paardenplaats (136JS)
Dwars-in-de-Weg (138JS)	Vlakfontein (130JS)
Spitskop (874KS)	Vaalkopfontein (133JS)
Enkeldoorn (868KS)	Frischgewaagd (131JS)
Syferfontein (136JS)	Gemsbokspruit (132JS)
Groenfontein (864KS)	

Later is Welgelegen (123JS), Aangewezen (129JS) en Goedehoop (152JS) bygevoeg.

Na 1975 is bykomende trustplase, die sogenaamde "9-11 plase" vir bewoning deur die stam oopgestel.

Kwaggavoetpad (163JS)	Zaaiplaas (157JS)
Hartbeeslaagte (182JS)	Vlaklaagte (154JS)
Bankfontein (158JS)	Elandslaagte (155JS)
Paardenfontein (159JS)	Keerom (151JS)
Waterval (161JS)	Groothoek (13JS)
Holnek (153JS)	

Tabel 2 4.3.11 Die Ndzundza van Kalkfontein

Hierdie afdeling van die Ndzundza spruit voort uit die nakomelinge van Mdalanyana, oudste seun van Mgwezane. Na Mdalanyana regeer vervolgens Sebajelo, Serutla, Lithopumgutsha, Setinda, Januarie, Cecil Charlie, Juel, Silas en Daniël en tans weer Januarie. In 1922 koop Januarie saam met n aantal stamlede die plaas Kalkfontein (143JR, A-gedeelte). In 1923 word gedeelte B aangekoop en in 1924 word die C-gedeelte aangekoop (COETZEE 1980:261).

Hierdie linie funksioneer oor sewe generasies (sowat 140 jaar) sedert

Mdalanyana (sien Tabel 1). Die stam bly al feitlik 61 jaar op die Kalkfonteingrond en word deur die vyfde stamhoof regeer. Twee van die vyf, Juel en Silas Bom, was regente. Op 6 Mei 1977 is die Pungutshagemeenskapsowerheid (GK 767/1977) vir die stam ingestel.

#### 4.3.12 Die Ndzundza van Witlaagte

Die jonger broer van Setinda, ene Rhobongwana Jas David, verdeel die Mdalanyanalinie deur weg te trek met 'n aantal volgelinge. In 1918 word hy opgevolg deur Sookale Hosia en daarna volg sy halfbroer Kgosiwe Witbooi wat as regent optree. Onder laasgenoemde se leiding verhuis die stam na Witlaagte (173JR) nadat hulle vroeër eers te Pretoria-Noord en toe na Rust der Winter getrek het. In 1926 koop die stam ook gedeeltes B en D van bogenoemde plaas (Witlaagte) aan. In 1932 oorhandig Witbooi die gesag aan Lazarus. Tans skakel die Witlaagte-Ndzundza by KwaNdebele in as die Litho-Ndzundzastamowerheid (GK 2084/1966) (COETZEE 1980:264 tot 265). Na die verdeling van die linie na Lithopungutsha funksioneer dit al drie generasies met drie regeerders waarvan slegs Kgosiwe 'n regent was. Die stam bly al sedert 1926, dit wil sê sowat 57 jaar by Witlaagte.

Die senioriteitsvolgorde van die verskillende Ndzundzaverbande is dus soos volg: Ndzundza van Weltevreden (David Mabusa), gevolg deur die Nebo-Ndzundza, die Kalkfontein-Ndzundza en die Witlaagteverband laaste. Tans maak die nasate van Mloyi, tweede seun van Magodongo, onder leiding van 'n sekere Josias, aanspraak op algehele senioriteit by die Ndzundza.

#### Tabel 3 4.3.13 Die Manala

Na die vredesverdrag tussen Manala en Ndzundza, het eersgenoemde na bewering teruggetrek na die omgewing van KwaMnyamana.

Na Manala het daar tot op hede 33 stamhoofde regeer waarvan minstens ses regente was. Tot op Zidli, die twaalfde stamhoof na Manala, is dit nie duidelik of daar vader-seunopvolging geskied het, en hoeveel regente regeer het nie. Hierdie 33 regeerders strek oor sowat 17 generasies sedert Manala. Daar is min oor die woonterreine van die eerste 21

regeerders beskikbaar. Nsele wat na Manala opgevolg het, het volgens prysliedere (VAN WARMELO 1930:69) op 'n beskutte plek gewoon waar hy die aanslae van vyande kon afslaan. Die agtiende stamhoof Sibindi het blykbaar 'n aanval deur Mzilikazi suksesvol afgeweer, dit wil sê teen ongeveer 1825. Sy jongste broer Mavula, die een en twintigste stamhoof, is deur Mzilikazi verjaag en deur Moshoeshoe gedood.

Mavula is opgevolg deur Silamba, die oudste seun van Mdala. Die name van sy seuns Saul, Windvoël en Swartland gee 'n aanduiding van Blanke kontak. Ons beweeg dus nou in historiese tye, dit wil sê na 1837. Die Manalawoonterrein onder Silamba was bekend as Qobongo by Donkerhoek (365JR) naby Mokopane. Hiervandaan trek Silamba en die stam na Wallmannsthal waar hy heelwat hulp aan die Berlynse Sendinggenootskap gelewer het. Na hom volg Mgibe as regent op waarna die seun van Silamba ene Buthi Swartland Mbhedlengane I in 1892 stamhoof word. Sy jonger broer Libangeni Daan tree as regent op tussen 1896 en 1903. Daarna volg Nyumba (1903 tot 1905) en toe Mbongo I (1905-1933). Die Manala het dus vir ongeveer 86 jaar sedert Silamba in die omgewing van Wallmannsthal (tot 1926) gewoon en is deur sewe stamhoofde tot op Mbongo regeer. Die sewende hoof Lefifi het slegs tydens Mbongo se gevangeneskap waargeneem (VAN WARMELO 1930:12-15).

Daar is 'n vermoede dat Mbongo I reeds teen 1916 na die plaas Jakkalsdans (243JR) verhuis het. Teen 1919 het die stam weer verhuis na Klipspruit (245JR) en Van Dykspruit (431JR). Die woonterrein staan ook as Kgodwane bekend. Die stam het daarna begin geld insamel vir die aankoop van Roodekoppies (167JR) of Loding waarheen hulle in 1926 verhuis het (COETZEE 1980:281).

Mbongo is opgevolg deur Mbulawa Lot (1933-1941) gevolg deur Makosonke (1941-1947), daarna volg Titus (1947-1960) onder wie die Manala weer terugtrek van Klipspruit en Van Dykspruit. Hy word opgevolg deur Tjila Petrus (1960-1969) en daarna deur Mbongo William II (1969-1975). Mbongo II trek na Allemansdrift (162JR) gedurende 1962. Tans word die stam regeer deur sy jonger broer Mbhedlengane Alfred wat as regent optree vir die seun van Mbongo. Die Manala woon dus sedert 1926 op Roodekoppies. Met die uitsondering van 13 jaar (1947-1960) onder Titus, woon hulle hier

vir byna 44 jaar. Die huidige stamhoof Alfred is die sesde stamhoof wat op Roodekoppies regeer. Tans bewoon die Manala van KwaNdebele drie plase, naamlik Roodekoppies (B en C) (167JR), Troya (151JR) en Allemansdrift (162JR).

n Nasaat van Mgibe, jonger broer van Silamba, Aboe Josef Mabhena bevind hom deesdae met n aantal volgelinge te Suikerboschkop (278JS) in die Witbankdistrik. Hy is die vierde generasie na Mgibe. Hy beskou homself as n kaptein.

Naas bogenoemde splintergroep, bevind n groep Manala hulle ook op die plaas Gruisfontein (344IR) in die Balfourdistrik, onder leiding van Moses Makerane Sonkalane Mabhena. Hierdie groep voer hul genealogie terug na Sontikwane jongste broer van Zidli, dus na Mavula. Gedurende 1978 is Moses Makerane in die gebied van die Manalastreeksowerheid hervestig.

## 5 SAMEVATTING

Hierdie historiese gegewens het belangrike leidrade tydens die ondersoek na die vestigingspatroon verskaf. Die Nguniverband wek n redelike vermoede dat die oudste Ndebele woonhut (umtIhatlhana) ooreenkoms toon met die Zulu- en vroegste Xhosahutte. Die gebruik van die rondawelhut (icathane) was moontlik die resultaat van kontak met omliggende Noord-Sotho en Tswana en later (ongeveer na 1836) met Blanke woningtipes.

Tydens die ondersoek was daar geen informant wat die oudste Ndzundza-woonterrein, naamlik KwaSimkhulu (59 jaar) kon uitwys nie. Daar is geen duidelikheid waar presies die terrein geleë was nie.

Volgens Manala-informante is murasies van ou woonterreine in die omgewing van Wallmannsthal wel nog sigbaar. Navorsing het egter aan die lig gebring dat daar heelwat resente bewoning deur nie-Ndebelegroepe op hierdie terrein was wat vir sowat 86 jaar deur die Manala bewoon is. Verskeie ander terreine is en word vir langer as vyftig jaar bewoon, naamlik Weltevreden (60jaar), KwaMaza (160 jaar), Witlaagte (57 jaar) en Kalkfontein (61 jaar). Van hierdie vier terreine sou KwaSimkhulu die belangrikste inligting oor die vroeë vestigingspatroon van die Ndebele

kon verskaf, dog geen informant kon, soos in die geval van KwaMaza die ligging daarvan aanwys nie.

Sekere ander terreine het wél waardevolle inligting opgelewer. Die vroegste aanduibare terrein van die Ndebele, KwaMnyamana waar die Ndebele vir sowat drie en dertig jaar gewoon het, word tans deur argeoloë ondersoek met die oog op opgrawings. Heelwat klipsirkels, terrasse en potskerwe kom op die terrein voor. Die terrein is gedurende 1979 deur informante aan die navorser uitgewys. Tydens die ondersoek is daar ook 'n besoek gebring aan KwaHlanga waar die Ndzundza vir sowat negentien jaar gewoon het. Heelwat hutmurasies het hier nog behoue gebly. Wat egter belangrik is, is die feit dat die hutrangskikkingspatroon van die hoofkraal nog uitgewys kan word (sien 3:4.13-4.14). Die hoofkraal van Jack Mahlangu in Nebo bevat sekere huttipes (sien 4:5.1.4.2) wat nie meer op Weltevreden of by die Manala voorkom nie. Die terreine by KoNomtjharhelo (36 jaar) bevat heelwat klipsirkels, terrasmure en potskerwe en kan dus waardevolle inligting verskaf. Dit blyk dus dat sekere terreine slegs argeologiese waarde het soos KwaMnyamana, Wallmannsthal en KwaHlanga in 'n sekere mate. Sekere woonterreine na 1900 bevat murasies wat opgemeet en op papier gerekonstrueer kan word soos KwaHlanga en sekere krale tussen Stoffberg en Groblersdal wat uit die twintiger en dertigerjare dateer.

By die bestudering van die Ndebele se vestigingspatroon moes die oudste strukture dus uit die geheue van informante geput word, omrede argeoloë nog geen gegewens beskikbaar gehad het nie.

Die samewerking en entoesiasme waarmee die navorser deur die Ndebele begroet is, was opsienbarend. Daar word elders (sien 7:2.7) hiervan melding gemaak. Die Ndebele se verknogtheid aan hulle geskiedenis is 'n aspek wat voortdurend aan die lig kom. Daar is op die huidige stadium 'n ongekende ywer om die Ndzundza- en Manalaverbande tot 'n geheel saam te snoer, asook 'n strewing om Noord- en Suid-Ndebele te herenig soos by KwaMnyamana. 'n Feesdag word sedert 1970 op 19 Desember te KoNomtjharhelo gehou om volks- en kultuurtrots bekend as isikhethu (ons tradisie) te stimuleer.

DIE BESTUDERING VAN VESTIGINGSPATRONE1 INLEIDING

Die studie van vestigingspatrone (settlement patterns) is 'n terrein wat in die Volkekunde nog relatief min aandag geniet het. Literatuur oor die onderwerp is daarom skaars. Dit is slegs gedurende die afgelope twintig jaar dat enkele navorsers aandag aan die begrip "vestigingspatroon" begin skenk het. Terme soos "settlement" en "settlement types" kom nogtans algemeen voor, maar is vaag gedefinieer en gee 'n aanduiding van die gebrek aan afbakening van die begrip in die literatuur.

'n Verdere kenmerk van die studie wat reeds in die verband gedoen is, is die verskeidenheid vakgeleerdes wat hulle aan uitsprake oor die terrein gewaag het. 'n Analise van die literatuur oor die onderwerp toon dat nie slegs volkekundiges hulle op die terrein begeef het nie, maar dat dit ook die studieterrein van veral die Argeologie, Geografie asook in besonder die Ekologie, Argitektuur en ander dissiplines soos die Ekonomie en die Landbou uitmaak. Terme soos "archaeological settlement" (CHANG 1968:2), "economic geography" (BENNETT 1976:73) en "social ecology" (SLOTKIN 1950:450) kom algemeen in die literatuur voor. Dit is daarom nie verniet dat Vogt (1972:130) hom uitspreek ten gunste van 'n interdissiplinêre benadering waar volkekundiges, argeoloë en geografe kan saamwerk in hierdie gemeenskaplike studieveld nie. Die bereiking van hierdie ideaal lê nog ver in die toekoms. Tot hierdie mikpunt bereik is, pas dit elkeen wat in hierdie terrein inbeweeg om die belange en behoeftes van ander vakdissiplines in sy studie na sy beste vermoë in ag te neem.

'n Analise van die literatuur oor die begrip vestigingspatroon toon dat dit aanvanklik veral deur argeoloë ondersoek is. Wanneer Parsons in sy Archaeological Settlement Patterns as argeoloog 'n uiteensetting gee van die historiese ontplooiing van die begrip vestigingspatroon, wys hy telkens op die stimulus wat vanuit en bydraes wat vanaf die Volkekunde gemaak is (PARSONS 1972:128). Dit is uit sy uiteensetting duidelik dat argeoloë en volkekundiges in die VSA vanuit 'n verbandhoudende teoretiese raamwerk beweeg het en dat die volkekundige studie 'n belangrike basis verskaf vir die analogieredenasie wat eie aan die Argeologie is.



## 2 DIE BEGRIP VESTIGINGSPATROON

Om te kan bepaal waar en hoe die volkekundige die gesigspunte van ander vakdissiplines by die bestudering van die vestigingspatroon in ag kan neem, moet daar gekyk word na die draagwydte van hierdie begrip uit die geskryfte van andere.

Phillips het as argeoloog in 1951 die vestigingspatroon by mense soos volg aangedui:

"The way in which man disposed himself over the landscape on which he lived. It refers to dwellings, to their arrangement, and to the nature and disposition of other buildings pertaining to community life. These settlements reflect the natural environment, the level of technology on which the builders operated and various institutions of social interaction and control which the culture maintained. Because settlement patterns are to a large extent, directly shaped by widely held cultural needs, they offer a strategic point for the functional interpretation of archaeological cultures" (PARSONS 1972: 128).

Dit gaan dus om die ruimtelike verspreiding van vestigingspunte en daarbinne die rangskikking van boustrukture sowel as die uitleg van die wonings as sodanig. Die behoefte aan deeglike etnografiese kennis as basis vir analogieredenasie word onderstreep deur sy aanduiding dat vestigingswyse in die argeologie die vertrekpunt behoort te vorm vir 'n funksionele interpretasie van 'n lewenswyse vir sover die argeologie dit kan rekonstrueer.

Vir Rouse, 'n verdere argeoloog, is die vestigingspatroon die ekologiese verhouding tussen menslike komponente en omgewing, terwyl die gemeenskapspatroon die sosiale verhouding tussen verskeie sosiale komponente uitmaak. 'n Nedersetting (settlement) is dan al daardie ruimte en tydkomponente waar in 'n spesifieke gemeenskap sy verskillende aktiwiteite uitvoer (CHANG 1968: 22). Wanneer die implikasies van hierdie uiteensetting met die van die voorgaande vergelyk word, is dit duidelik dat daar nie veel nuuts bygevoeg word nie. By wyse van kritiek moet 'n mens egter daarop dui dat die mens

nie soos n dier n blote ekologiese balans met die omgewing verkry en handhaaf nie. As kultuurskepper binne volksverband is sy benutting van omgewingsmoontlikhede aan n veel groter variasie as n enkelvoudige balans gekoppel.

Die erkenning van die samehang van onderdele sowel as variasie waarin die mens as inisieerder die deurslag gee, is te vinde in die definisie van die argeoloog Newton oor vestigingspatroon. Hy sien dit as die grootste en mees komplekse van alle artefakte in tegniese skeppinge. Eerstens is individuele strukture soos huise, landerye, paaie, kerke en klinieke die omvangrykste skepping van beide die mens en die instellinge waarvan hy deel is. Tweedens is die totale vestigingspatroon vir hom die grootste verweefde belewenis van kulturele konfigurasie. Die vestigingspatroon is n komplekse struktuur en word gekenmerk deur n oorsaak-en-gevolg situasie op verskeie vlakke van die verhouding mens tot tegnologie en mens tot bodem. Die verskillende aspekte in n nedersetting reflekteer vir hom verskillende sosiale feite (NEWTON 1974: 340). In hierdie uiteensetting beklemtoon Newton twee belangrike komponente van die bestudering van die vestigingspatroon van n groep mense. Daar is eerstens aandag nodig aan die tegniese kennisstelsel waarmee konstruksies en uitleg uitgevoer word en tweedens moet by wyse van interpretasie verband gevind word met soveel as moontlik fasette van die totale lewenspatroon want alleen dan kan die oorsaak en gevolg waarna hy verwys, verstaan word.

Dieselfde dubbele klempasing word ook by volkekundiges gekry. Otterbein as Amerikaanse volkekundige met n sterk ekologiese inslag beklemtoon die wisselwerking tussen tegniek en omgewing as hy soos volg oor vestigingspatrone skryf.

"Being human sets certain requirements which must be met if the members of a local group are to survive and reproduce. The physical environment must be capable of providing nourishment and, in other ways, supporting human life. Whether people can live in a particular region will depend upon the subsistence technology and the division of labour which they employ to exploit their environment.

Exploiting the physical environment results in certain spatial consequences which are reflected in population density, house form, settlement pattern and settlement size" (OTTERBEIN 1977:39).

Wanneer Coertze as volkekundige oor die bestudering van wonings en wone-  
wyse skrywe, is dit nie net die tegniek wat voorop gestel word nie. Vir  
hom dien die woonhuis slegs as uiterlike huls waarbinne die mens 'n groot  
deel van sy lewe slyt. 'n Huis of groep huise is verbonde aan 'n sosiale  
eenheid. Die lede daarvan is in noue onderlinge verhouding en sekere  
gedragsreëls en begrippe oor eiendom heers binne die eenheid. Die mens  
voel homself veilig indien die bonatuurlike gunstig jeens hom gestem is.  
Daarom dan word die oprigting van 'n woonhuis beïnvloed deur die bonatuur-  
like. Afgesien van beskermingsdoeleindes het daar later spesialisasie  
by wonings ingetree in die vorm van tempels, klubs, opvoedkundige  
sentra en strukture vir regering en die handhawing van gesag. Op dié  
manier is bouwerke ten nouste geïntegreer met elke kultuurfaset (COERTZE  
1973:85).

Wanneer Rapoport hom as argitek en stadsbeplanner oor die studie van  
vestigingswyse uitspreek, span hy die net selfs wyer. Vir hom is die  
huisvorm, uitlegpatroon en die wyse van omgewingsbenutting nie net be-  
studeerbaar as beliggamings van verskillende kultuurpatrone of lewens-  
wyses nie. Dit is vir die gestaltegewing van 'n besondere wêreldbeeld  
sodat die ooreenstemminge in staduitleg in die Ooste en in die Westerse  
wêreld slegs oppervlakkige verbande vorm. Die lewenstyl wat binne die  
uiterlike dop gevoer word, verskil aansienlik. Die studie van vestigings-  
wyse moet vir hom ook antwoord gee op die vraag wat die mense in hulle  
vestigingspatroon vir gelukkige lewevoering verlang (RAPOPORT 1969:69-73).

Die slotsom waartoe 'n mens dus kom, is dat die volkekundige in sy bestu-  
dering van vestigingswyse die verskynsel so wyd as moontlik moet benader.  
Hy behoort aandag te gee aan sowel die blote tegniese uitvoering as die  
funksionele verband van die woning en woonpatroon met elke faset van die  
totale lewenswyse en dan ook nog navraag doen na die waardesisteem wat  
die betrokke volk se oordeel oor wat sinvolle woonwyse is, bepaal. Die  
vraag is of dit prakties uitvoerbaar is.

### 3 'N HISTORIESE ONTPLOOIING IN DIE STUDIE VAN VESTIGINGSPATRONE

#### 3.1 Inleiding

Die aandag wat studies in vestigingspatrone in die Volkekunde en Argeologie deur die jare geniet het, kan in twee kategorieë verdeel word. Parsons (1972:127 en verder) onderskei naamlik 'n Britse en 'n Amerikaanse benadering. In die uiteensetting van Parsons blyk dit duidelik dat die meeste bydraes gelewer is met die oog op die praktiese benutting daarvan in die Argeologie. Enkele volkekundiges het egter bydraes gelewer wat enersyds die begrip in die volkekunde analiseer en diensbaar maak, en andersyds dien ter bevordering van die samewerking tussen argeoloë en volkekundiges op die spesialisterrein. Dit is veral die Amerikaanse bydraes wat beslag gegee het tot die verbreiding van vestigingspatrone as studieveld. Hierdie twee benaderingsweë het onafhanklik van mekaar ontwikkel. Die Britse benadering het slegs 'n bydrae tot die Argeologie gelewer en word daarom nie behandel nie.

#### 3.2 Die Amerikaanse benadering

Die aanvang van volkekundige belangstelling in vestigingspatrone as sodanig in die VSA was die bydrae van Lewis Morgan in 1881 met sy Houses and House life of the American Aborigines waarin hy die verband tussen sosiale organisasie en argitektuur ondersoek het. In 1890 het Mindeleff begin skrywe oor die kulture van die Amerikaanse Suidweste. Hy probeer om 'n metodologie te ontwerp om die vestigingspatroon vanuit 'n studie van argeologiese terreine te rekonstrueer. In 1900 publiseer hy so sy Localization of Tusayan Clans (PARSONS 1972:128).

Tot in die 1930's het die studieveld min verdere aandag geniet. In 1937 publiseer Julian Steward sy Ecological aspects of Southwestern Society en in 1938 Basin plateau aboriginal socio-political groups. Met hierdie twee bydraes lewer hy 'n reeks verfrissende nuwe idees oor die bestudering van die proses van verandering in 'n vestigingspatroon deur dit sistematies te karteer (PARSONS 1972:128).

In die vyftigerjare verskyn die Phillips, Ford en Griffithsverslag (1951)

getitel Archaeological Survey in the lower Mississippi alluvial Valley. Die waarde van die Phillipsverslag is geleë in die klassifikasie van nedersettings op grond van argitektoniese vorms en die grootte volgens die oppervlakte wat dit beslaan. Vir die eerste keer toon hierdie bydrae die waarde daarvan om kulturele prosesse uit 'n vestigingspatroon te probeer rekonstrueer en toon sodoende die moontlikhede wat studies van vestigingspatrone inhou. In 1955 kry die studieveld 'n belangrike stimulus tydens 'n konferensie deur die Society for American Anthropology waartydens sewe sosio-kulturele stadia in 'n sogenaamde "community pattern" geïdentifiseer word. Die bestaanswyse of bestaans ekonomie word aangedui as die vernaamste determinant vir die permanentheid van asook die rangskikking binne die nedersetting.

In 1956 publiseer Willey sy Prehistoric settlement in the New World waarin hy as argeoloog aandui dat die vestigingspatroon die belangrikste van die technemata is om 'n algemene begrip van die sosio-ekonomiese ordening te verkry. Hy beklemtoon ook die feit dat die ondersoek na die vestigingspatroon 'n belangrike ontmoetingspunt in die studieveld van die argeoloog en volkekundige daarstel. Een van die drie bydraes in hierdie werk van Willey kom van die volkekundige Vogt wat 'n vyfpuntbenadering voorstel met die oog op die verkryging van nouer samewerking tussen volkekundiges en argeoloë. Volgens hom moet daar eerstens aandag gegee word aan die beskrywing van individuele huistipes; tweedens aan die ruimtelike rangskikking van hierdie huistipes binne die plan van die dorpsuitleg; derdens aan die verband tussen huistipes en besondere argitektoniese kenmerke; vierdens aan die algemene plan van die dorpsuitleg en vyfdens aan die ruimtelike verband van die dorpe of gemeenskappe tot mekaar oor die grootste moontlike area. Vir hom is goeie etnografiese uiteensettings van die vestigingspatroon die basis van analogieë in die Argeologie (PARSONS 1972:130).

Dit is duidelik dat daar met hierdie aanduiding 'n duidelike werkswyse ook vir die Volkekunde aangedui word. Alles wat hier aangevra word, val binne die normale werksveld van die Volkekunde met uitsluiting van die laaste punt. Dit moet nou reeds betwyfel word of die volkekundige hom gemaklik aan die omvangryke en oorsigtelike studie van bevolkingsver-

spreiding en digtheid van nedersetting kan verbind.

Na die koersaanduiding in 1956 word gedurende die sestigerjare ook aangedui dat die volkekundige die verband tussen vestigingswyse en besondere praktyke sinvol sou kon bestudeer. Voorbeelde van sulke studies is byvoorbeeld Carniero se Slash and burn agriculture : a closer look at its implications for settlement patterns (1960). Hierin dui hy onder andere aan dat die benutting van hierdie eenvoudige vorm van landbou nie noodwendig tot 'n onstabiele vestigingspatroon met 'n klein getal inwoners lei nie. Kort hierna verskyn Narroll se Floor area and settlement population. Hierdie studie word mettertyd gevolg deur Cook en Heizer se The quantitative approach to the relation between population and settlement size (1965) (PARSONS 1972:132).

Dit is duidelik dat die bogenoemde neiging tot spesialisering niks verander aan die basiese vyfpuntbenadering van Vogt nie. Hierdie voorstel moet dus beskou word as die breë algemene riglyne wat die volkekundige behoort te lei by die uitvoering van 'n studie oor die vestigingspatroon by 'n bepaalde volk.

#### 4 BESONDERE BYDRAES TOT DIE BESTUDERING VAN VESTIGINGSPATRONE

Vir die bepaling van die beste wyse waarop na woning- en ander konstruksies en die uitleg van nedersettings gekyk moet word, is dit nuttig om die voorskrifte van twee persone aan die uiteindes van die studiespektrum te bekyk. Tussen die uiterstes sou die volkekundige dan kon probeer om deur te beweeg.

Daar word hier aandag gegee aan die opvattinge van Chang as argeoloog en Rapoport as argitek en stadsbeplanner.

##### 4.1 Die benadering van K C Chang

Chang het bekendheid verwerf as argeoloog deur sy werk Settlement Archaeology. Sy uitgangspunte het egter ook waarde vir die Volkekunde. Sy werkmodes kan met vrug in die volkekundige bestudering van vestigingspatrone aangewend word. Hy is ook 'n voorstaander van etnogra-

fiese analogie en bepleit samewerking tussen etnoloë en argeoloë op die terrein.

Chang onderskei in sy benadering tussen 'n gemeenskap soos gedefinieer deur die sosiale antropologie en 'n gemeenskap soos deur die argeologie gedefinieer. Vir die argeologie is die term 'n abstraksie wat slegs deur rekonstruksie van die vestigingspatroon inhoud kry. Binne 'n vestigingspatroon onderskei hy 'n tyd- en ruimtedimensie; asook tussen mikro- en makrostrukture. Eersgenoemde behels die lewenspatroon en sosiale struktuur van 'n enkele nedersetting, terwyl die tweede te doen het met sosio-kulturele aktiwiteite na binne en na buite die sosiale verband (CHANG 1968:7).

Hy onderskei twee benaderingspatrone in die bestudering van vestigingspatrone. Die eerste is primêr ekologies van aard waardeur die vestigingspatroon 'n produk word van interaksie tussen omgewing en tegnologie. Dit gaan hier om die aanpassing van 'n gemeenskap deur sy tegnematata aan die omgewing. Hy noem White en Meggers as volkekundiges wat dié benadering volg. Die tweede benadering is gebaseer op die benutting van vestigingspatroondata as basis vir afleidings oor die sosiale, politieke en godsdienstige organisasie van 'n kultuur (FAGAN 1970:239). Dit is veral hierdie laasgenoemde benadering wat vir hierdie studie van belang is.

Chang bepleit in sy uiteensetting samewerking of 'n eenheid van benadering in die studie tussen argeoloë en volkekundiges op drie terreine. Hierdie terreine raak eerstens die bestudering van individuele geboue of strukture, tweedens die struktuurrangskikking binne 'n enkele nedersetting of gemeenskap en derdens die verspreiding van nedersettings in 'n omgewing. Die beste resultate word volgens hom verkry deur die geïntegreerde bestudering van al drie vlakke (FAGAN 1970:239). Sy voorskrifte vir die studiewyse op die drie terreine moet dus nader aangedui word.

#### 4.1.1 Individuele strukture

By die bestudering van individuele geboue en strukture behoort die

volgende faktore in gedagte gehou te word:

Die permanentheid van strukture gesien teen die agtergrond van die betrokke volk se bedryfsvorm. Die strukture van nomadiese volke is by hul bestaanswese aangepas en verskil van die meer permanente strukture van landbouvolke. Klimatologiese faktore beïnvloed weer woningvorm en die oriëntasie van woning ten opsigte van son, wind en die voorkoms van vensters.

Hiernaas moet die algemene tegniese vaardigheid van die volk as bouers bestudeer word asook die wyse waarop die materiaal wat beskikbaar is, aangewend word en moontlik die vorm en ontwerp bepaal.

Die grootte en uitleg van 'n struktuur is van belang want dit gee 'n aanduiding van die gesinstruktuur. Die kerngesin benut 'n gebou met kamers volgens bepaalde behoeftes. Indien 'n wooneenheid deur byvoorbeeld 'n linieverband bewoon word, is daar gewoonlik meer vertrekke aanduibaar asook ruimtes vir voedselberging. By verdere navorsing behoort eersdens die benutting van toerusting in elke vertrek ontleed te word, tweedens behoort die skeidings tussen moontlike afsonderlike huishoudings aangedui te word en derdens moet die verskillende kombuise en kookruimtes funksioneel aangedui en beskryf word.

By hierdie basiese bestudering van die vestigingspatroon behoort daar in besonder aandag gegee te word aan besondere strukture wat 'n vingerwysing na 'n bepaalde omstandigheid verskaf. Chang verwys hier na die voorkoms van die sogenaamde "long house" by sommige Rooihuidstamme wat op 'n matrilineêre sosiale organisasie dui, maar ook op die voorkoms van spesialisstrukture soos gastehuse, manshuse, soldatekampe ensovoorts wat afwykings van die normale nedersettingspatroon vorm of juis kenmerke daarvan kan wees (FAGAN 1970:243).

Verdere voorbeelde van besondere strukture wat aandag behoort te geniet, is dié wat skakeling na spesifieke kultuurfasette aandui. Markterreine, werkswinkels en pakhuse vertel iets van die ekonomiese stelsel. Altare, tempels en dergelike dui die aard van die godsdiensvorm aan, terwyl daar besondere strukture soos hofsale, tronke en andere is wat skakeling na



die polities-administratiewe opset het (FAGAN 1970:244).

Naas al hierdie moontlikhede behoort die variasie wat deur persoonlike smaak en modegiere in die vestigingswyse veroorsaak word, nie buite rekening gelaat te word nie.

#### 4.1.2 Nedersettingsuitleg

Chang beskou die nedersetting wat bestudeer moet word as 'n samehangende gemeenskap wat volgens die woorde van Murdock bestaan uit " ... the maximal group of persons who normally reside in face-to-face association." Die omvang van die eenheid word vir hom primêr deur "ekologiese faktore" bepaal. Hiervan is die vernaamste die wyse waarop die nedersetting voedsel bekom, berg en prosessee asook moontlik in hierdie produkte en die verwerkinge daarvan handel drywe (FAGAN 1970:246).

Waar die grootte van 'n nedersetting deur ekologiese faktore bepaal word, word die strukturele uitleg daarbinne deur sosio-kulturele faktore bepaal. Hier raak dit die effek van die gesinnestruktuur en afkomsrekening. Hiernaas verwys hy na ruimtes soos begraaftplase, sentrale pleine of godsdienstige strukture wat die uitleg bepaal (FAGAN 1970:251).

Dit is baie duidelik dat Chang se advies in hierdie verband veel minder spesifiek is as sy uiteensetting oor die studie van boustrukture.

#### 4.1.3 Nedersettingverspreiding

Wanneer Chang hierdie laaste van sy drie kategorieë behandel, is sy uiteensetting selfs nog meer karig as die vorige. Hy verwys slegs na die feit dat bevolkingsdigtheid verband het met die benutting van die hulpbronne in die natuur, met politieke strydverhoudinge en godsdienstige stratifikasie of sonering (FAGAN 1970:258).

Chang gee baie min aandag aan die wyse waarop die nedersettingsgrootte en spasiëring gekoppel moet word aan die bodembenutting volgens besondere bedryfstipes. Dit is duidelik dat die argeoloë vir sover dit hierdie afdeling van die studiegebied betref, soos volkekundiges geen

belangrike aanbevelings vir die ander party kan maak nie. Die omvang van studies van hierdie aard is te uitgebreid om gemaklik te kan aanpak.

Die gevolgtrekking is voor die hand liggend : Die volkekundige behoort deeglik aandag te gee aan Chang se advies oor die bestudering van woonstrukture, moet in sy eie reg die bestudering van die uitleg van die nedersetting onderneem, maar sal nie verkwaliik word as hy baie min aandag aan die distribusie van nedersettings gee nie.

#### 4.2 Die benadering van A Rapoport

In sy werk House form and Culture (1969) beklemtoon Rapoport die belangrikheid van die kultuurpatroon as geheel by die uitoefening van keuses by die konstruksie van huise of die uitleg van 'n nedersetting. Daar is vir hom geen stereotipe in huis of nedersettingstipe nie, slegs allesoorheersende voorkeure wat bepalend werk. Kennis van hierdie voorkeure, dit wat die mense self as vereiste aan 'n woning stel, gee die deurslag. Hierdie eise wissel van kultuur tot kultuur.

Rapoport verwerp in die eerste instansie die ses verskillende bepalende faktore wat volgens sommige volgens die deurslaggewendheid van hulle werking, huisvorm en nedersettingsuitleg sou bepaal. Die meeste van hierdie determinante erken hy egter wel as faktore wat die bogenoemde keuse volgens die kulturele eise kan modifiseer. Die werking van die ses faktore kan dus nie sonder meer geïgnoreer word nie. Die ses determinante en die redes waarom hy hulle bepalende werking nie kan aanvaar nie, is soos volg.

##### 4.2.1 Klimatologiese faktore

Die opvatting dat die mens bou om 'n skuiling teen die elemente te verskaf, is vals. As dit waar is, sou die omvang van die strukture met ongunstige klimaatstipes toeneem. Dit is nie die geval nie. Ongeag die klimaatstipe is faktore soos prestige, privaatheid en ander kultuurbepaalde faktore van meerdere belang (RAPOPORT 1969:19 e.v.).

#### 4.2.2 Beskikbaarheid van materiaal, tegniese kennis van konstruksietegniese

Sonder boukundige kennis kan daar geen woningkonstruksie wees nie en die mens kan in sy bou-aksie slegs dit benut wat beskikbaar is of aan=gevoer kan word. Wat gebruik word en hoe gebou word, word egter in belangrike opsigte deur sosiale voorkeure en tradisie bepaal. Die mode is belangriker as die tegniese insig om n doelmatiger konstruksie op te rig. Die beskikbare materiaal en tegniese vaardighede by konstruksie=werk is eerder modifikasiefaktore as determinante by die bou van wonings (RAPOPORT 1969:24).

#### 4.2.3 Terreinligging

Die keuse van n bouterrein geskied in baie gevalle volgens kultureel=bepaalde voorkeure vir n gelyk of skuins terrein wat na n bepaalde windrigting front. Dit geskied dikwels egter ook om sentimentele redes wat met die doelmatigheid van die terrein niks te make het nie. Die feit dat daar ideale voorkeure vir n bouterrein by n bepaalde volk bestaan, beteken nie dat dit in alle gevalle nagekom sal word nie (RAPOPORT 1969:28).

#### 4.2.4 Verdediging

Die keuse van n verdedigbare terrein of die oprigting van verskansings is sekerlik van deurslaggewende belang in tyd van oorlog en herhalende stryd. Dit is egter in die meeste gevalle binne die tegniese vermoë van die bouers om n terrein wat nie aan die verdedigingsvereistes vol=doen nie, tog verdedigbaar te maak. As determinant vir konstruksie en die uitleg van nedersettings werk ook hierdie faktor nie volledig nie (RAPOPORT 1969:31).

#### 4.2.5 Ekonomiese determinante

Daar bestaan n besliste oppervlakkige verband tussen bedryfstipe en die vestigingswyse. Dit is egter nie in alle gevalle bepalend van aard nie want nie alle veeherders is byvoorbeeld nomade nie (RAPOPORT

1969:34).

#### 4.2.6 Godsdienstige voorkeure

Daar bestaan voorbeelde waar huisvorm deur die godsdiens bepaal word of waar 'n besondere tempelgedeelte in huise ingebou moet word. Die bepalende faktor berus egter hier op 'n kultureelbepaalde keuse. Godsdiensvorm is dus nie 'n altydgeldende determinant nie (RAPOPORT 1969:40).

Die vorm van 'n woning is vir Rapoport nie iets wat deur 'n besondere kombinasie van determinante verklaar kan word nie maar slegs uit die keusevoorkeure wat binne 'n bepaalde kultuur geld. Hy sê: "If provision of shelter is the passive function of a house, then its positive purpose is the creation of an environment best suited to the way of life of a people - in other words, a social unit of space"(RAPOPORT 1969:46) en verder: "Given a certain climate, the availability of certain materials, and the constraints and capabilities of a given level of technology, what finally decides the form of a dwelling, and moulds the spaces and their relationships, is the vision that people have of the ideal life" (RAPOPORT 1969:47). Hierdie visie verskil van kultuur tot kultuur en kan selfs binne een kultuur aan wisselinge onderhewig wees. Die woningvorm is dus die resultaat van 'n keuse tussen moontlikhede. Hoe groter die keusevariasie hoe groter die verskillende wyses waarvolgens bevredigende keuses gedoen kan word. Daar bestaan vir Rapoport geen onafwendbare determinante vanuit die eise van menswees nie. Die mens kan byna van enige struktuur vir hom 'n woning maak.

#### 4.2.7 Kulturele faktore

Die ondersoek na die voorkeure by woningbou en nedersettingsuitleg hoef egter nie lukraak met inagneming van 'n vae kultuurbepaaldheid te geskied nie. Rapoport wys duidelik daarop dat elke besondere lewenstyl (genre de vie) deur ondersoek na 'n reeks kulturele faktore aangedui kan word. Die reekse faktore wat hier ter sprake is, het verband met basiese behoeftes, verwantskapsverband (hy noem dit family), die posisie van vroue, privaatheid en sosiale skakeling.

#### 4.2.7.1 Basiese behoeftes

Dit gaan hier om 'n wye reeks volksgebonde opvattinge eerder as algemeen



sal vertoon (Vgl RAPOPORT 1969:66).

#### 4.2.7.5 Sosiale skakeling

Onder hierdie faktor moet in die eerste plek aandag gegee word aan die wyse waarop leefruimtes en strukture waarin mense met mekaar kontak maak, gebou en geplaas word. Dit raak hier nie net woonruimtes nie, maar ook die voorkeure en beginsels waarop vervoerbane en vergaderplekke wat deur die hele gemeenskap gebruik word, aangê word (RAPOPORT 1969:68). Dit is duidelik dat hierdie faktor, net soos die eerste n baie groot terrein dek en dat die geldende beginsels vir nedersettinguitleg in die geheel, hier ondersoek behoort te word.

Wanneer Rapoport ten slotte die relatiewe gewig van die bogenoemde ses determinante (soos andere dit onderskei) weeg teen die vyf kulturele faktore wat hy self as belangrik aandui, besluit hy dat die laasgenoemde beslis die meeste gewig dra. Die klimatologiese faktore, beskikbaarheid van materiale en kennis van konstruksietegniek en terreinkeuse, is slegs van belang vir sover dit modifikasies bepaal. "They merely make possible forms which have been selected on other grounds, they make certain forms impossible, and, in acting as a tool, they modify forms" (RAPOPORT 1969:104).

#### 4.3 Slot

Wanneer die benadering van Chang en Rapoport teen mekaar geweeg word, is dit duidelik dat die eerste in hoofsaak op afleiding uit die werklikhede van die strukture wat waargeneem word, berus. Die verkryging van die insig wat Rapoport vereis, berus op die ondervraging van mense na die hoekom en waarom van hulle voorkeure.

Dit is duidelik dat n verbintenis tussen hierdie twee benaderings die koers aandui wat deur n volkekundige ondersoek gevolg kan word. Vanuit die waarneming en beskrywing en vergelyking van woonstrukture en nedersettingsuitleg kan die kennis verwerf word waarmee informante met vrug oor die rede vir bepaalde bouyses en uitleg ondervra kan word.

## 5 SAMEVATTING

Dit is uit die beskikbare vakliteratuur duidelik dat daar nie duidelike riglyne bestaan vir die bestudering van die vestigingspatroon van volke nie. Die riglyne wat in die verband oorweeg sou kon word, kom veral uit die Argeologie waar 'n dringende behoefte aan goeie etnografiese uiteensettings bestaan. Vanuit sulke uiteensettings sou die Argeologie in staat wees om 'n analogieredenasie tydens opgrawings te bou. Die deeglike uiteensetting van vestigingspatroon sou dus aan 'n dringende behoefte van die Argeologie voldoen.

Die draagwydte van die begrip vestigingspatroon moet egter reg begryp word. Dit kan nie slegs gaan oor die konstruksie en uitleg van 'n woning of ander spesialisstrukture nie. Dit gaan nie net om woningbou nie. Die hele nedersettingsuitleg moet in behandeling geneem word. Dit gaan dus om die tegniese uitvoering van konstruksies en die funksionele verband wat hierdie konstruksies en hulle plasing met elke faset van die kultuur het. Hierby behoort die waarde-oordeel van die betrokke volk oor die begrip sinvolle woonwyse ook in ag geneem te word.

Wanneer die vraag of 'n omvattende studie van dié aard moontlik is, beantwoord moet word, is dit in die eerste instansie helder dat daar geen duidelike voorbeeld van so 'n studie in die vakliteratuur aangedui is nie. Die Amerikaanse benadering wat hier as riglyn sou kon dien vra by monde van Vogt (3.2) vir 'n vyfpuntbeskrywing : Naas huistipes moet ook die ruimtelike rangskikking van huise beskryf word sowel as argitektoniese kenmerke, die nedersettingsuitleg en die bevolking- of nedersettingverspreiding. Die eerste vier punte word deur Chang aangedui as die beskrywing van woonwyse en nedersettingsuitleg. Die vyfde noem ook hy (sy derde terrein) as nedersettingsverspreiding. Die eerste samevatting in 'n studie van wonings en nedersettingsuitleg sou in die volkekunde doenbaar wees. Die laasgenoemde wye bestudering van nedersettingsverspreiding is vanweë die omvang nie gemaklik in die praktyk uitvoerbaar nie.

By die beskrywing van die woningtipe kan met vrug na die voorskrifte wat Chang (4.1) vir so 'n studie vereis, gekyk word. Die uitgangspunt

is 'n tegnologiese beskrywing van vaardigheid, materiaal en ontwerp met aandag aan die wyse waarop die bedryfsvorm en klimatologiese faktore die strukture bepaal. Pas hierna kan aandag gegee word aan die funksionele vereistes wat aan elke leefruimte gestel word - aan die wyse waarop die onderdele van die boustrukture benut word.

By die beskrywing van die nedersettingsuitleg verskaf die benadering van Rapoport (4.2) die beste koersaanduiding. Die beskrywing wat hy aanvra, vereis 'n navraag na die oorsaak van die gebruikswyse van strukture en ruimtes in die praktyk. Sy beskrywing is dus primêr funksioneel gerig en begin waar die vereistes wat Chang stel, ophou. Daar moet dan navraag wees na die wyse waarop strukture en ruimtes aan besonder basiese behoeftes voldoen, leefruimte verskaf vir besondere saamwonende verwantskapsverbande waarby die posisie van vroue en die geldende eise vir privaatheid aandag ontvang. In wyer verband moet die rol van die nedersettingsuitleg by sosiale skakeling beskryf word.

In die studie wat volg, is hierdie twee benaderings nie volkome geskei nie. Hoofstuk 3 beklemtoon die basiese beginsels wat woonwyse by die Ndzundza bepaal terwyl hoofstukke 4 en 5 aandag gee aan die konstruksiewyse, argitektoniese en versieringskenmerke. Omdat die beginsels wat die Ndzundza in hulle wonings en nedersettings inbou, gaandeweg duidelik word, is dit ten slotte ook moontlik om aan te dui tot watter mate hierdie beginsels toegepas word by die moderne woningbou en staduitleg in die nuwe staat KwaNdebele. Hierdie benadering kry aandag in hoofstuk 7.



## HOOFSTUK 3

### DIE KRAALUITLEG

#### 1 INLEIDING

Die minimum definisie vir die term kraal (umuzi) onder die Ndzundza is dat dit 'n geografiese afgebakende eenheid van hutte en strukture vorm waarin 'n gesinne-eenheid in een of ander van sy vorme saamwoon, dit wil sê gesin, kleiner gesinne- of groter gesinne-eenheid. 'n Kraal groei ten gevolge van poliginie en patrilokale vestiging en is nie iets wat as geheel dadelik klaar gebou word nie. Die Suid-Ndebele-kraal word in twee helftes verdeel, naamlik 'n regterhelfte (ubunene) en 'n linkerhelfte (ikhohlo). Die Ndebele draai die rug (ukufulathela) op die kraal om "regs" (ubunene) en "links" (ikhohlo) aan te dui. By die tradisionele sirkelvormige uitleg van die umuzi is die kraalingang op die 6-uur-posisie<sup>1)</sup> geleë, die hoofhut (indlunkulu) op die 11-uur-posisie en die tweede hut, die ikhohlo op die 1-uur-posisie. Die denkbeeldige lyn wat die kraal in twee deel, loop deur die 12-uur- en 6-uur-posisie. So is die 12- tot 6-uur-gedeelte die ikhohlo-afdeling en die 6- tot 12-uur-gedeelte die ubunene-afdeling.

#### 2 DIE GEOGRAFIESE OMGEWING

Terreinkeuse speel 'n belangrike rol by die uitleg en voorkoms van die umuzi. Die faktore wat hier ter sprake is, is onder andere plantegroei, helling, beskikbaarheid van water, toeganklikheid, klimaat, bodempotensiaal en strategiese ligging. Die literatuurverwysings na bogenoemde aspekte is beperk. Enkele gegewens is beskikbaar in artikels van Meiring (1954:83 en 1953:160).

Tydens die ondersoek is verskeie argeologiese woonterreine gesoek asook krale in 'n vervalde toestand, dit wil sê onlangsontruimde krale en ook krale wat nog bewoon word en waarin daar sekere strukture en ruimtes ontruim is. Hiernaas is ook krale wat baie dekades bewoon word, reserwate aangelegde krale en krale in konstruksie besoek. Hieruit kon 'n algemene beeld verkry word van die geografiese faktore wat die aanleg

---

<sup>1)</sup> 6-uur-posisie = Vir toekomstige aanwysings word die rug nie op die kraal (umuzi) gekeer nie.

van 'n umuzi bepaal het en nog bepaal.

Die besoek aan argeologiese terreine was onder andere in die ou stamwyke Mahlungulu (tussen Stoffberg en Groblersdal), Uburhole (tussen Loskopdam en Middelburg), die kapteinstad KwaHlanga (Welgelegen 221IR), KoNomtjharhelo (Mapochsgronde 500JS), KwaMnyamana by Bon Accord (Doornpoort 295JR en De Onderstepoort 300JR) en Wonderboom (Wallmannsthal 278JR). Die gegewens wat deur waarneming by hierdie terreine verkry kon word, is gekontroleer met gegewens wat verskaf is deur bejaarde Ndebele-informante wat hierdie woonterreine geken het. Gegewens oor die oudste terreine soos KwaMnyamana en KoNomtjharhelo moes uit die geheue van informante verkry word, terwyl ander informante inligting kon verskaf oor terreine wat hulleself bewoon het.

Dit was duidelik dat veral strategiese oorwegings voor 1883 (Mapochoorlog) die belangrikste rol by die aanlê van 'n nuwe kraal gespeel het. Afgesien van die vesting van kaptein Mabhogoby KoNomtjharhelo (vgl ook BECKER 1979:61,63,66) was meeste van die Suid-Ndebelekrale teen hellings geleë ten einde goeie waarneming te verseker in die geval van aanslae wat gereeld teen veral die Ndzundza gedoen is in die vorige twee eeue (vgl die Matebele- en Sotho-aanslae teen die Ndzundza) (sien 1:4.3.5-4.3.6).

Die topografie van die Stoffberg- en Roosnekalomgewing het hom uitstekend geleen tot 'n hoogliggende kraaluitleg teen die redelik steil grasbedekte hellings. Water was geredelik beskikbaar uit fonteine hoog teen die hange aan die agterkant van die krale asook in strome en spruite laer af in die valleie. Krale is meer teen noorderhellings gebou as teen suiderhellings hoewel dit sedert die begin van die eeu nie meer so deurslaggewend was nie.

Die valleigedeeltes is benut vir landerye en veral weiding. Heelwat krale is ook laer af teen die hellings aangelê, veral sedert die Mapochoorlog. Hierdie valleie het volgens Ndebelesesmanne van die vrugbaarste bougrond denkbaar bevat. Die berg- en heuwelhelling was nie geskik vir landboubeoefening nie vanweë die groot hoeveelheid klip. Laasgenoemde kon wel as boumateriaal benut word.

In die meer gelykveld van die Hoëveldstreke soos die omgewing van Bethal, Middelburg, Witbank, Delmas en Bronkhorstspruit is krale teen vlakker hellings aangelê. Die Ndzundzastam het in 1922 na Weltevreden (158JR) verhuis. Sedertdien is statte uitgelê op gelyk terreine eie aan die gemengde Bosveld. In die huidige KwaNdebele is dit nog die tendens. Water is in die huidige vestigingsomgewing die Ndebele se grootste probleem.

Uitgesonderd die beboste omgewing by die Mapochsgronde, was alle Ndebelewoonterreine relatief arm aan natuurlike boom- en struikgewasse. Enkele soetdoringbosse (Acacia karroo) word teen die laer heuwels van die terreine by Tautesberg (Matyaneni) en Bothasberg naby Stoffberg (KwaMaza) aangetref. Op die oper Hoëveldgebiede soos op die plase in die distrikte van Bethal, Bronkhorstspruit en Middelburg was aangeplante wattel (Acacia mearnsii en Acacia decurrens), bloekom (Eucalyptus globulus) en wilger (Salix capensis) die enigste beskikbare boomsoorte. Die benutting van bome as boumateriaal word later bespreek. In die huidige KwaNdebele is bome as boumateriaal vanweë die gemengde Bosveldveldtipe geredelik beskikbaar. Streng beheer word egter ten opsigte van ontbossing uitgeoefen.

Die frontrigting van 'n Suid-Ndebelekraal is belangrik. 'n Kraal is ongeag die helling so aangelê dat dit noordoos of anders verkieslik, noord front. Hierdie situasie kon nie altyd verkry word nie soos duidelik blyk uit die oudste terreine by KwaMnyamana (noordwes) KwaHlanga (oos) en ander.

Vanweë die verdeling en uitmeet van standplase in die KwaNdebele kan krale afgesien van die toenemende vestiging in afsonderlike wooneenhede, nie meer in 'n tradisionele frontrigting aangelê word nie.

Die rede vir die noordoos frontrigting is tweërlei van aard. Eerstens verskaf dit goeie sonval (MEIRING 1953:160) gedurende die koue Transvaalse Hoëveldwinters en tweedens beweer die Ndebele dat die posisie vanuit religieuse redes verkies word. Die herleiding van 'n oorsprong uit die noordooste asook die nadering van voorouers uit daardie rigting word as rede aangevoer. Hulle sê hulle wil kyk daar waar hulle vandaan kom.

Lede van die Ndzundzastam is sedert die Mapochoorlog in los gesins- eenhede op plase op die Hoëveld in diens geneem. Vestiging was dus hoofsaaklik in kleiner gesinne-eenhede met klein krale. Hoewel hulle op die eienaar aangewese was vir die aanwys van 'n bouterrein, blyk dit dat die Blanke eienaar gewoonlik 'n redelike vrye keuse aan elke kraal- hoof gelaat het. Die kraalhoof kon dus nog 'n geskikte terrein teen 'n helling met 'n noordoos frontringing uitsoek, waar hy dan toestemming deur die boer verleen is om sy kraal te bou.

Klimatologiese oorwegings het dus by terreinkeuse onder die vreedsame omstandighede sedert 1900 'n rol gespeel vir sover dit die frontringing betref. Die plasing van hutte en strukture binne die kraal word elders in meer besonderhede bespreek (sien 3:3).

### 3 DIE KOMPONENTE VAN 'N KRAAL

#### 3.1 Inleiding

Die komponente van 'n Ndebelekraal is die strukture en tussenruimtes waaruit 'n kraal saamgestel word. Elk van hierdie komponente vervul 'n eie funksionele rol, dit skakel onderling en vorm 'n geïntegreerde geheel. Die komponente is gewoonlik in 'n bepaalde orde teenoor mekaar gerangskik vanweë redes wat onder andere te doen het met die beskikbaarheid van ruimte, leefbaarheid, praktiese oorwegings en huweliksluïting. 'n Ndebelekraal het ook 'n eie voorkoms wat dit onderskei van dié van ander etniese groepe. Hierdie voorkoms in al sy chronologiese ontwikkelingsvorme verleen aan die Ndebelekraal 'n eie identiteit.

#### 3.2 Die voorkoms van 'n kraal (umuzi)

Met die term "voorkoms" word die orde van rangskikking en posisie van strukture binne die kraal bedoel. Die Ndebelekraal het wat die plasing van strukture betref, 'n chronologiese verandering ondergaan as gevolg van 'n hele aantal faktore. Na sy minimum beskrywing het die vroegste Ndebelekraal bestaan uit 'n aantal hutte wat in 'n sirkel rondom die beeskraal (isibaya) gerangskik is (WEISS 1963:26). In die praktyk is die hutte gewoonlik in 'n half- of kwartsirkel rondom die beeskraal

gerangskik. Die kwartsirkel het vanweë reghoekige en vierkantige ringmure (izirhodlo) die gevolg gehad dat die kraal die vorm aangeneem het van 'n uitgerekte omgekeerde letter-'U' (MEIRING 1954:81,82). Huidiglik is dit die mees algemene vorm, hoewel die kraal deesdae in gevalle waar die kleiner gesinne-eenheid saamwone 'n liniêre patroon aanneem. Die posisie van die beeskraal het onveranderd gebly selfs in die huidige tyd waar die liniêre patroon die oorheersende vorm geword het.

Die grootte van 'n kraal het ten nouste verband gehou met die aantal inwoners. Volgens informante kon 'n kleinerige sirkelvormige kraal enigiets groter as sestig meter in deursnit wees. Die grootte het ook verband gehou met die aard van die terrein, dit wil sê beskikbaarheid van werklike bou ruimte, voorkoms van klippe, rotse, natuurlike skuinstes, hellings, plantegroei ensovoorts.

Met die toenemende immigrasie van Ndebele na KwaNdebele moes die stamowerhede vandag noodgedwonge 'n stelsel van perseelafbakening toepas wat die grootte van die kraal beperk het.

### 3.3 Verskeidenheid van strukture en ruimtes

#### Tek 1 3.3.1 Wonings

Die benaming "woning" word gebruik vir die woonhut vir volwassenes (indlu), die seunshut<sup>1)</sup> (ilawu labesana), die dogtershut (iphunyana labantazana), en die woonhut vir die toordokter (indlu yenyanga). Die patroon waarin elk van die woonhutte binne die kraal gerangskik word, hou verband met die senioriteitsorde binne die kraal. Hierdie patroon het te doen met die rangskikking van vroue deur die kraalhoof (umnumzana, umnomuzi) of (indodana ekhaya). (Sien 4.1).

---

<sup>1)</sup> ilawu = (mv ama-lawu) - hut vir ongetroude seuns of dogters (DENT-NYEMBEZI 1969:403). Segsmanne beweer dat die term ilawu of elawini (ZIERVOGEL 1957:24) van die Swazi afkomstig is. Hoewel dit huidiglik gebruik word deur die Ndebele, was die oorspronklike term iphunyana labasegwabo (hut van die aspirant inisiant) en iphunyana TamaIija (hut van die jonger seuns).

Die woonhutte van die vroue is gewoonlik so geplaas dat daar 'n bewegingsruimte tussen hierdie hutte en die beeskraal (isibaya) bestaan het. Dié ruimte word ook benut vir sosiale verkeer (sien 6:4.7).

Die dogtershutte word gewoonlik skuins agter hulle moeder se woonhut opgerig en maak deel uit van een hutkompleks. Tradisioneel is die plasing van die dogtershut links agter die hut, dit wil sê op die 11-uur-posisie aan die ubunene-kant, van die vrou aan wie die dogter verwant is. 'n Hutkompleks kan gedefinieer word as 'n woonhut tesame met een of meer dogtershutte wat afgesonder word deur die omheining (isirhodlo) waarbinne die ontvangsruimte (esirhodlweni) en kookruimte (isibuya) met graanhutjie (isivivana) val. In resente tye is die plasing van die dogtershut nie meer so plekgebonde nie. Dit word deesdae ook op die 7-uur- en 5-uur-posisies voor die hoofwoonhut geplaas. Die woonhut word vandag ook as kookhut en stoorhut benut.

Die seunshut se plasing is in die ubunene-segment ongeveer op die 7-uurposisie van die kraal as geheel. Die posisie van die seunshut word primêr bepaal deur die ligging van die beeskraal. Dit word so na as moontlik aan die beeskraal se hek opgerig vanweë die seuns se versorgingsplig ten opsigte van die vee (sien 6:3.3).

Vroeër het die Ndebele gewoonlik twee seunshutte aan die ubunene-kant van die kraal gebou. Die kleinste hute van die twee was bedoel vir klein seuntjies wat take verrig soos die oppas van bokke en skape op ongeveer sesjarige ouderdom. Hierdie seuntjies staan bekend as die (amalijana) en hulle hut die (ilawu lamalijana). Vir die groter seuns is gewoonlik 'n groter hut die ilawu labasegwabo langsaaan die voorgenoemde opgerig.

Indien die kraalhoof 'n toordokter (inyanga) is, rig hy gewoonlik 'n eie privaathut op. Hierdie posisie is nie vasgestel nie, en hy kan na eie wil 'n sodanige struktuur in enige posisie in die kraal oprig. Hierdie toordoktershut funksioneer gewoonlik ook as 'n stoorhut.

Tydens die inisiasie (ingoma) van die seuns het die gebruik ontstaan om vanweë die gedentraliseerde aard van die seremonie 'n inisiasie=

skerm (isirhodlo sabasegwabo) by elke kraal op te rig. Hierdie is egter 'n tydelike struktuur en word slegs tydens die eerste en laaste paar nagte van die seremonie benut, waarna dit vernietig word.

Tek 1     3.3.2 Krale en strukture vir lewende hawe

Die sentrale posisie van die beeskraal (isibaya) in die kraal (umuzi) is reeds aangedui. Die grootte daarvan hang af van die kraalhoof se veebesit. Normaalweg is die beeskraal van die kaptein en van wyks=hoofde die grootste. Die ingang van die beeskraal is op die 12-uur-posisie, dit wil sê naaste aan die ingang van die hoofhut. Dit versaker dat die beeste altyd veilig sal wees. Diefstal word feitlik onmoontlik want die beeste moet dan verby die woonhutte na die kraal=uitgang op die 6-uur-posisie beweeg. Teenaan die beeskraal word die kalwerhok (isibaya samakonyana) opgerig. Dit neem dikwels die vorm aan van 'n halwe sirkel teenaan die beeskraal.

Skuins vanaf die beeskraal op die 4-uur-posisie word 'n kraal vir bokke en skape (isibaya sembuzi) opgerig. Varkhokke word 'n ent weg en dikwels buite die kraal opgerig. 'n Afsonderlike stellasië word binne die kraalomheining opgerig vir hoenders. Donkies, muile en perde wei buite=kant die kraal. Onder invloed van die Westerse kom stalle vandag buite enkele krale voor.

3.3.3 Graanhut en graanhouders

Die belangrikste graanhouer is die isivivana-of isihlangana-hutjie wat in die kookruimte (isibuya) gebou word, dus in dieselfde ruimte as die dogtershut. Die hutjie of houer word benut vir onafgemaakte graan soos mieliekoppe en sorghum.

'n Groot graanmandjie (isilulu) word ook in die isibuya-ruimte geplaas vir die berging van verwerkte graan soos meel. Die gebruik van die isilulu-graanhouer het verval met die huidige algemene beskikbaarheid van die goingsak.

### Tek 1 3.3.4 Omheinings en verdelingstrukture

Die Ndebelekraal is tradisioneel omhein deur middel van 'n gestapelde klipmuur, die ikura of umthangala. Die funksie hiervan was veral om die inwoners teen ongediertes te beskerm. Dit is vroeër so hoog gebou dat dit ook as beskerming kon dien teen vyandelike invallers. Die ringmuur is so opgerig dat dit alle tuinrye op die periferie aan die binnekant van die kraal kon insluit, met 'n hoofingang op die 6-uur-posisie van die kraal. Daar is ook kleiner ingange elders slegs vir gebruik deur inwoners. Die ikura (Noord-Sotho = legora) by KoNomtjharhelo is volgens segsmanne so opgerig dat dit ook skietgate bevat het wat Nyabela in staat gestel het om staande te bly teen die Boere-aanslag (Mapochoorlog 1883) (VAN DER WALT 1952:23). Die ringmuur het na die oorlogsjare slegs uit 'n kwartsirkel agter die woonhutte bestaan. Dit het vroeg in die twintigste eeu verval en het sedertdien plek gemaak vir 'n doringdraadomheining.

Daar is reeds kortliks verwys na die ontvangsruimte (esirhodlweni) en kookruimte (isibuya). Die twee ruimtes word omhein deur 'n isirhodlo. Dit het in sy vroegste vorm bestaan uit doringtakke en riete (umgaba) (WEISS 1963:26) en sedertdien uit kleimure. Vroeër is elke hutkompleks as 'n eenheid deur die isirhodlo-omheining afgebaken.

Sedert die ingebruikneming van vierkantige en reghoekige omheinings (ongeveer 1920-1930) ontstaan die gebruik om hutkomplekse aaneen te skakel, vandaar die geïntegreerde, geskakelde voorkoms (MEIRING 1954: 81). Elke esirhodlweni en kookruimte (isibuya) word fisies geskei of verdeel deur middel van 'n afskortingsingang genaamd die isikhawulwana. Vroeër is die verdeling tussen "voor" en "agter" so bewerk dat daar bloot net 'n ontvangsruimte gebou is. Dan is die kookruimte of kookskerm binne die esirhodlweni afgebaken. Die woonhut (indlu) is vroeër slegs vanaf die omheiningshek regoor die hutingang binnegegaan. Met die ingebruikneming van kleimure is velerlei ander afskortings (izikhawu=Iwana) opgerig met 'n aantal privaat deurgange in die isibuya-ruimte. Sekere segslui beweer dat die kleimuur (isirhodlo) sedert die Mapochoorlog in gebruik geneem is.

Die hofruimte (ibandla) word sedert die vroegste tye naby die beeskraal



se ingang gebou, gewoonlik aan die ubunene-kant van die kraal. Elke umuzi huisves sy eie ibandla. Die posisie was nie onveranderbaar vasgestel nie omdat die hofruimte dikwels onder 'n groep skaduryke bome naby die beeskraal aangelê word. Die ruimte is vroeër met 'n klipmuur omhein maar dit word deesdae soos by die beeskraal ook van takke en pale gebou.

Interne hutverdelings word bespreek onder boustrukture.

Tek 1

### 3.3.5 Landerye en tuinerye

Die Suid-Ndebele het skynbaar vroeër alle vorme van hul bestaanslandbou binne die ikura-omheining beoefen. Reg agter elke hut het die vrou haar mielies (isiphila), sorghum (amabele-bovu), pampoene (amathanga), waatlamoene (amaselwa), karkoere en kalbasse (amarhabha) geplant. Vanweë die toenemende bevolkingsdruk is alle groot landerye mettertyd na beskikbare landbougrond buite die ringmuur verskuif. Indien 'n kraal teen 'n helling aangelê is, word landerye vandag gewoonlik in die laagliggende gedeeltes buitekant die kraalingang benut. Tuinerye word in die huidige tyd steeds agter elke woonhut aangelê.

### 3.3.6 Ashope

As 'n afval word buite die ringmuur gestort. Huidiglik word storting gewoonlik direk agter die isibuya-muur gedoen.

## 4 DIE RANGSKIKKING VAN WOONEENHEDE

### 4.1 Inleiding


Die rangskikking van hutte word onafskeidbaar verbind met die plasing van die kraalhoof se vroue. Die Ndebelekraalhoof het tradisioneel nooit sy eie hut bewoon nie, maar het geroteer tussen sy vroue. Dieselfde reël geld natuurlik vir sy volwasse seuns en kleinseuns. Die rangskikking van hutte in 'n kraal is dus eintlik die rangskikking en plasing van vroue. In die voorbeelde wat aangedui word, word 'n hut geïdentifiseer met die vrou, byvoorbeeld A1a1 en nie A1a nie.

Hierdie rangskikking vind plaas volgens vasgestelde reëls. Dit wil

voorkom of die reëls in die huidige tyd minder streng toegepas word. Informante was dit eens dat hierdie reëls reeds sedert die Mapochoorlog verslap het. Die benadering wat in hierdie afdeling gevolg word, is soos volg. 'n Aantal voorbeelde van krale waar die rangskikking van hutte uitgewys word, word verskaf. Die eerste van hierdie voorbeelde is 'n arbitrêre (ideële) voorbeeld wat deur informante aan die navorser uitgewys is as sou dit die tipiese (ideële) wees. Daarna word drie voorbeelde soos deur Maré (ms 2:78-80) geïllustreer, bespreek. Dan volg 'n totaal van tien werklike voorbeelde soos dit deur die navorser ondersoek is.

Na aanleiding van hierdie stelling voorbeelde word die reëls vir plasing van wooneenhede afgelei en bespreek. Sekere reëls kan direk uit die bestaande voorbeelde afgelei word, terwyl die res meer onderliggend en verskans van aard is. Daar word ook aandag aan die afwykings geskenk.

Met die aanwending van illustrasies by die voorbeelde, word 'n hut tipe gebruik wat as die mees algemene deur informante aangedui is, naamlik die rondaweltipe (icathane) met 'n vierkantige isirhodlo. By sekere krale wat ondersoek is, was die isirhodlo die ronde kleimuur tipe. Sekere isirhodlo-mure van 'n aantal krale was ook nie aanmekaar geskakel nie. Daar word elders melding gemaak van gange (umkrhothana) tussen die verskeie isirhodlo-mure. Daar bestaan geen vaste reëls oor die afdwingbaarheid van sulke gange tussen wooneenhede nie. Dit blyk ook duidelik uit die gegewe illustrasies. Daar word nogtans duidelik onderskei tussen gange, hutsirkels en bouspasies (ibala). By sekere krale ontbreek hierdie gange en kom drie rye hutte reg agtermekaar voor. Hierdie hutte hoort egter tot 'n hutsirkel.

Die tipe kraaluitleg wat as voorbeeld deur informante gebruik is, het ook gevarieer. In die meeste gevalle was dit die omgekeerde uitgerekte U-vorm, dus  By meer resente voorbeelde kom dit egter voor asof daar nie 'n vaste kraaluitlegvorm bestaan nie.

Die nommerstelsel wat gebruik word vir die aanduiding van die rangskikking van hutte is dieselfde wat deur Bothma (1962:41) gebruik is.

Die hutnommers wat aangedui word, dui die hutte van vroue aan. Diagrammaties kan h sleutel só aangedui word:

- A - kraalhoof (umnumzana)
- A1 - sy hoofvrou (ikosikazi yobunene)
- A2 - sy tweede vrou (ikosikazi yekhohlo)
- A3 - sy derde vrou, ubunene-afdeling
- A4 - sy vierde vrou, ikhohlo-afdeling
- A1a - kraalhoofopvolger (ikosana yobunene)
- A1b - sy broer, ubunene-afdeling
- A2a - oudste seun uit ikhohlo, (ikosana yekhohlo)
- A2b - sy broer, ikhohlo-afdeling
- A1a1 - kraalhoofopvolger se hoofvrou (ikosikazi), ubunene-afdeling
- A1a2 - sy tweede vrou, ikhohlo-afdeling
- A2a1 - ikhohlo-seun se hoofvrou, ubunene-afdeling
- A2a2 - sy tweede vrou, ikhohlo-afdeling
- B - kraalhoof se broer
- C - kraalhoof se broer

Tek 2

#### 4.2 Voorbeeld 1: 'n Man met ses vroue

Alle hutte en vrouens van die kraalhoof wat by hierdie voorbeeld ter sprake kom, word op die tekening aangedui. Manlike verwante word nie aangedui nie.

Die hutte word op die skets aangedui A1-A2-A3-A4-A5-A6. Die stippellyn dui die verdeling ubunene (U) en ikhohlo (I) aan. Die chronologiese volgorde waarin die vroue getrou word, is A1-A2-A3-A4-A5-A6. Die senioriteitsvolgorde is egter A1-A3-A5-A2-A4-A6.

Hierdie vroue van A word almal op die eerste hutsirkel geplaas. Sodra die oudste seun A1a hubaar word, bou hy sy hoofvrou A1a1 se hut aan die ubunene-kant, dit wil sê links van A5. Indien daar nie bouspasia (ibala) is nie, plaas hy haar op die eerste hutsirkel reg agter sy moeder A1. Sodra die ikosana yekhohlo A2a hubaar word, plaas hy sy eerste vrou A2a1, dit wil sê sy ubunene-vrou, aan A6 se regterkant of reg agter sy

Die oudste seuns uit die oorblywende hutte volg dieselfde patroon deurdat hul eerste vroue in al die gevalle reg agter die seuns se onderskeie moeders geplaas word, dit wil sê A2a1, A4a1, A5a1 en A6a1. A1a se tweede en verdere vroue word op die tweede hutsirkel geplaas, sodat daar normaalweg 'n gang (umkrhothana) of pad tussen die twee rye hutte oopgelaat word. A1a2 word reg agter A1a1 op die tweede sirkel geplaas, A1a3 links van laasgenoemde en A1a4 agter A1a2 sodat die verdeling tussen ubunene en ikhohlo deurgaans behou word.

A2a se tweede en verdere vroue word ook op hierdie sirkel geplaas in die aangeduide volgorde, naamlik A2a2 regs agter A2a1, A2a3 reg agter A2a1 en A2a4 reg agter A2a2.

A1a se broer uit die ubunene, naamlik A1b plaas sy eerste vrou A1b1 direk links van A1a3, sy ikhohlo-vrou A1b2 reg agter A1b1, gevolg deur A1b3 links van A1b1 en A1b4 regs van A1b2.

A1a se derde broer uit die ubunene, naamlik A1c plaas sy eerste vrou A1c1 reg agter A1b3, sy tweede vrou A1c2 regs of reg agter A1c1, sy derde vrou links agter A1c1 en sy vierde vrou A1c4 direk regs van A1c2.

A2a se broer uit die ikhohlo A2b, plaas sy eerste vrou A2b1 reg agter A2a3, sy tweede vrou A2b2 regs agter A2b1, sy derde vrou A2b3 links agter A2b1 en sy vierde vrou A2b4 direk regs van A2b2.

A3a se tweede en verdere vroue word ook op die tweede hutsirkel geplaas en wel op die linkerbeen van die kraal, in die volgorde A3a2, A3a3 links van haar en A3a4 regs van A3a2.

A4a se vroue word soos volg op die tweede hutsirkel gerangskik: A4a2 regs agter A4a1, A4a3 links van A4a2 en A4a4 direk regs van A4a2 of in die alternatiewe posisie reg agter A4a2.

A5 se vroue word s6 gerangskik: A5a2 reg agter A5a1 op die tweede sirkel, A5a3 direk links van A5a2 en A5a4 reg agter A5a2.

Dieselfde patroon word vir die verdere vroue van A6a gevolg sodat

A6a2 regs agter A6a1 op die tweede sirkel geplaas word, A6a3 links van haar en A6a4 reg agter A6a2.

Hierdie rangskikking voltooi die patroon vir die tweede hutsirkel. Daar is nog bouspasiae/ruimte beskikbaar vir uitbreiding deur verdere broers van A1a.

Die rangskikkingspatroon word gehandhaaf vir die derde hutsirkel, dit wil sê die kleinseuns van A en die seuns van A1a. Die oudste seun van A1a, naamlik A1a1a plaas sy eerste vrou A1a1a1 op die derde hutsirkel min of meer in lyn agter sy moeder A1a1. Reg agter A1a1a1 volg sy ikhohlo-vrou A1a1a2. Links van A1a1a1 volg A1a1a3 en regs van A1a1a2 volg A1a1a4.

Die oudste seun van A1b, naamlik A1b1a plaas sy ubunene-vrou A1b1a1 links van A1a1a3, sy ikhohlo-vrou A1b1a2 reg agter sy hoofvrou, sy derde vrou A1b1a3 links van sy hoofvrou en sy vierde vrou A1b1a4 regs van A1b1a2.

A1c se oudste seun A1c1a plaas sy eerste vrou A1c1a1 links agter sy moeder A1c1 op die tweede sirkel, sy ikhohlo-vrou A1c1a2 reg agter A1c1a1, sy derde vrou A1c1a3 links van A1c1a en sy vierde vrou regs van A1c1a2.

A1a1a se jonger broer uit die ubunene, naamlik A1a1b plaas sy hoofvrou A1a1b1 links van A1c1a3, sy tweede (ikhohlo)vrou A1a1b2 reg agter sy hoofvrou en sy derde vrou A1a1b3 links van sy hoofvrou sodat die kraal draai op die linkerbeen.

Die oudste seun van A2a, naamlik A2a1a plaas sy hoofvrou min of meer in lyn agter sy grootmoeder A2 se hut op die derde hutsirkel. Hierdie vrou heet A2a1a2, aan A2a1a1 se linkerkant volg A2a1a3 en die vierde vrou A2a1a4 kan direk regs van A2a1a2 bou of in die alternatiewe posisie agter A2a1a2.

Die oudste seun van A3a, naamlik A3a1a plaas sy hoofvrou A3a1a1 op die derde sirkel reg agter, min of meer in lyn met sy grootmoeder A3, maar op die linkerbeen van die kraal. Sy ikhohlo-vrou A3a1a2 volg aan die

regterkant van A3a1a1 en sy derde vrou A3a1a3 reg agter sy hoofvrou, terwyl sy vierde vrou A3a1a4 aan A3a1a2 se regterkant geplaas word.

Die oudste seun van A4a, naamlik A4a1a plaas sy hoofvrou, naamlik A4a1a1 min of meer in lyn met sy moeder A4 maar op die regterbeen van die kraal. Regs van die hoofvrou volg A4a1a2 en links van eers= genoemde A4a1a3 met die vierde vrou A4a1a4 reg agter die ikhohlo-vrou A4a1a2.

Die oudste seun van A5a, naamlik A5a1a volg n soortgelyke rangskikking op die linkerbeen van die kraal. Sy hoofvrou A5a1a1 bou min of meer in lyn met sy moeder A5, met sy tweede vrou A5a1a2 regs van sy hoofvrou, gevolg deur die derde vrou A5a1a3 reg agter die hoofvrou en die vierde vrou A5a1a4 reg agter die ikhohlo-vrou A5a1a2.

Om die patroon te voltooi volg A6a se oudste seun, naamlik A6a1a n soortgelyke rangskikking op die regterbeen van die kraal. Sy hoofvrou, naamlik A6a1a1 bou min of meer in lyn agter sy moeder A6. Links van haar volg sy ikhohlo-vrou A6a1a2 en sy derde vrou A6a1a3 reg agter die hoofvrou, met sy vierde vrou A6a1a4 reg agter A6a1a2.

Op hierdie derde sirkel is daar nog bournuimte oop vir ander broers en halfbroers van A1a1a.

Tek 3

#### 4.3 Voorbeeld 2

Hierdie voorbeeld word as n werklike geval deur Maré (ms 2: 78) aangehaal.

Kraalhoof A het aanvanklik slegs een vrou A1 gehad met n seun A1a wat twee vroue A1a1 en A1a2 getrou het. Op n later stadium trou kraalhoof A toe n ikhohlo-vrou A2. Die rangskikking lyk soos volg. Die hoofvrou A1 word in die normale posisie aan die ubunene-kant geplaas. Haar oudste seun A1a se hoofvrou A1a1 word aan die linkerkant van A1 geplaas met sy ikhohlo-vrou A1a2 reg agter sy moeder òf in die alternatiewe posisie regs van A1, as sou sy A se ikhohlo-vrou wees. As A dan nou hierdie tweede vrou A2 trou, kan sy in een van drie posisies geplaas word. Regs van A1 in die regmatige ikhohlo-posisie indien laasgenoemde

bouruimte nie reeds beset is nie, reg agter A1 indien die ruimte nie beset is nie of regs van A1a2.

Tek 4      4.4 Voorbeeld 3

Hierdie voorbeeld word soos die vorige deur Maré (ms 2:79) aangehaal. Dit is nie duidelik of dit 'n werklike geval was nie. A1a het drie vroue, naamlik A1a1 (ubunene), A1a2 (ikhohlo) en A1a3 (ubunene). Sy moeder A1 woon by hom in die kraal. Sy word geplaas in die posisie waar A1a1 normaalweg sou woon as hoofvrou (ikosikazi yobunene). A1a1 word nou links van A1 geplaas wat gewoonlik A1a3 se posisie sou wees. Sy tweede vrou A1a2 word op haar regmatige posisie in die ikhohlo geplaas en sy derde vrou A1a3 links van A1a1. Sou A1 nou te sterwe kom, bou die oudste seun van A1a1, naamlik A1a1a sy hoofvrou A1a1a se hut in die posisie van A1. Hierdie vrou ontruim dus haar bestaande hut wat in een van twee posisies kan wees, naamlik reg agter A1 of links van A1a3. Volgens Maré (ms 2:80) heet hierdie hut van die oorlede A1 die iqhiba. Hoewel A1a1 eintlik in A1 se plek behoort in te trek, word die posisie vir A1a1a gereserveer omrede A1a1a die toekomstige kraalhoof word.

Tek 5      4.5 Voorbeeld 4

Dié voorbeeld word deur Maré (ms 2:80) aangehaal sonder aanduiding of dit 'n werklike geval was.

A het twee vroue A1 (ubunene) en A2 (ikhohlo). Daar is geen seun vir A1 gebore nie, maar wel 'n seun vir A2. Sodra A2 dan 'n vrou neem, word sy (A2a1) aan die ubunene-kant van A1 geplaas as sou sy die A1a1 wees. Indien daar nou wel 'n seun A1a gebore word, word sy hoofvrou A1a1 links van A2a1 geplaas aan die ubunene-kant.

Tek 6      4.6 Voorbeeld 5 : Kraal van Uwusani Mahlangu

Hierdie is 'n werklike kraaluitleg naby Weltevreden in KwaNdebele. Bogenoemde vrou het vier seuns gehad wat hulle vroue soos volg gerangskik het. A1 (Uwusani Mahlangu) bly as hoofvrou aan die ubunene-kant op

die eerste hutsirkel. Die tweede vrou van A, naamlik A2 (Unomtshukazi), bly regs van A1 maar met 'n bouspasie tussen die twee huteenhede A1 se oudste seun A1a se hoofvrou word aan die ubunene-kant van A1 geplaas, maar met 'n bouspasie tussen A1a1 en A1. Sy broer A1b plaas sy eerste vrou A1b1 reg agter sy moeder A1. Die derde broer A1c se eerste vrou A1c1 word op die tweede sirkel links van A1b1 geplaas, dog sy kon volgens informante ook in die bouspasie tussen A1 en A1a1 geplaas gewees het, of in die alternatiewe posisie heel links langs A1a1. Hierdie oop spasie tussen A1a1 en A1 word volgens informante soms gereserveer vir A1c as ubunenyana-seun, vanweë sy versorgingsplig ten opsigte van sy moeder A1. Die vierde broer A1d plaas sy eerste vrou A1d1 regs van A2 aan die ikhohlo-kant.

Die oudste seun van A2, naamlik A2a plaas sy hoofvrou A2a1 in die oop bouspasie tussen A1 en A2 of in die alternatiewe posisie heel regs op die tweede sirkel, of reg agter sy moeder A2 op die tweede sirkel. Sy broer A2b, uit dieselfde hut, plaas sy eerste vrou A2b1 reg agter A1d1 op die tweede sirkel in die ikhohlo-afdeling. Die derde broer A2c het sy eerste vrou A2c1 regs van A1b1 aan die ikhohlo-kant op die tweede sirkel geplaas.

#### Tek 7 4.7 Voorbeeld 6 : Kraal van Jonas Mthombeni

Mthombeni het 'n kraal op die plaas Kafferkraal (181JS) naby Stoffberg gehad waar hy sy vyf vroue soos volg geplaas het. Sy hoofvrou A1 op die regmatige indlunkulu-posisie aan die ubunene-kant, sy ikhohlo-vrou ene Bothabile regs van A1 en sy derde vrou A3 ene Nakazeli heel links in die ubunene-afdeling met 'n bouspasie tussen A1 en A3. Die vierde vrou wat hy toe trou was 'n suster van A1 wat as 'n ihlanzi bekend staan. Sy word dan in plaas van aan die ikhohlo-kant, in die oop bouspasie tussen A1 en A3 geplaas. Die vyfde vrou A5 ene Johanna is toe aan die ikhohlo-kant geplaas, hoewel sy volgens informante ook links van A3 geplaas kon word in die regmatige ubunene-afdeling.

#### Tek 8 4.8 Voorbeeld 7 : Kraal van Maarman Mabhena

Die kraal van Mabhena was tussen Stoffberg en Groblersdal geleë. Die



huteenhede was almal losstaande eenhede met ronde isirhodlo-mure. Sy hoofvrou was A1, gevolg deur A2 regs van A1 in die ikhohlo-afdeling. Die oudste seun van A1, naamlik A1a plaas toe sy hoofvrou A1a1 links van A1 en sy tweede vrou A1a2 reg agter A1a1, dit wil sê skuins links van A1. Sy derde vrou A1a3 word toe aan die ikhohlo-kant geplaas, regs van A2. Die oudste seun van A2, naamlik A2a het met sy hoofvrou A2a1 weggetrek, hoewel haar posisie regs agter A2 sou wees. Die oudste seun van A1a1, naamlik A1a1a se eerste vrou A1a1a1 is heel links in die kraal geplaas, dit wil sê links van A1a1.

#### Tek 9 4.9 Voorbeeld 8 : Kraal van Mof Mota

Die kraal is geleë in Weltevreden KwaNdebele. Dit is 'n kraal bestaande uit reghoekige hutte met die soortgelyke isirhodlo-tipe, waarvan die meeste isirhodlo-mure aan mekaar geskakel is. Die kraal toon ook 'n opvallende sirkelvormige uitleg. Mota se hoofvrou A1 en sy tweede vrou A2 (ikhohlo) se hutte is naas mekaar geleë. Sy derde vrou A3 is heel links naby die kraalingang geplaas. Die oudste seun A1a se eerste vrou A1a1 woon direk links van A1 met sy tweede vrou A1a2 links van die eerste met 'n gang (umkrhothana) tussenin. Die broer van A1a, naamlik A1b se vrou A1b1 is links agter A1a2 geplaas. Die derde broer A1c se vrou A1c1 is reg agter A1a2 geplaas met 'n oop spasie tussen A1a2 en A1c1. Die oudste seun van A2, naamlik A2a se eerste vrou A2a1 is aan A2 se regterkant geplaas met 'n gang tussen eersgenoemde en A2, terwyl die tweede vrou van A2a, naamlik A2a2 skuins regs agter A2a1 geplaas is. Die hutte tussen A1c1 en A3 word benut deur ongehude skoolgaande kinders terwyl die hut links van A3 as A (Mof Mota) se medisynehut (indlu yenyanga) benut word. Daar is ook 'n hut vir die seuns van die ikhohlo-afdeling heel regs in die kraal geleë.

#### Tek 10 4.10 Voorbeeld 9 : Kraal van Thys Mahlangu

Hierdie kraal is in Weltevreden geleë. Volgens die kraalhoof A ontstaan daar sekere probleme in 'n kraal wanneer die kraalhoof vier seuns afkomstig van een moeder A1 moet plaas. Die oudste seun A1a se eerste vrou A1a1 word aan A1 se linkerkant geplaas en die eerste vrou A1b1 van sy broer A1b aan die ikhohlo-kant regs van A1. Die derde seun A1c se eerste vrou A1c1 word links van A1a1 geplaas. Die probleem ontstaan

blykbaar by die vierde broer A1d wie se eerste vrou A1d1 aan die regterkant geplaas moet word, dog volgens tradisie mag die vierde en laaste seun nooit aan die ikhohlo-kant geplaas word nie. Hy word dan in die ubunene-kant geplaas as sou hy die ubunenyana wees. Vanweë hierdie reëling staan die derde seun A1c onder verpligting om weg te trek of om op die tweede sirkel te bou. Hy mag ook nie aan die ikhohlo-kant geplaas word nie. Sekere informante beweer dat dié reël ook ten opsigte van 'n vrou met ses seuns geldig is. Dit sal daarom gebeur dat die vyfde seun A1e se vrou A1e1 in so 'n geval omgeruil word met die vrou A1f1 van die sesde seun A1f, om te verseker dat A1f sy rol as ubunenyana-seun vervul. Dit blyk egter dat die reël nie so streng toegepas word soos in die geval van vier seuns nie.

Tek 11

#### 4.11 Voorbeeld 10 : Kraal van ene Makhadzela

Hierdie kraalruïne is naby die ou hoofkraal KwaHlanga naby Delmas geleë. 'n Gedeelte van die kraal is deur 'n mielieland versteur. A het twee vroue gehad, A1 en A2. Volgens segslui was daar geen bou-ruimte aan die ikhohlo-kant nie, en is die ikhohlo-vrou A2 aan die linkerkant van A1 in die ubunene geplaas. Die oudste seun A1a se eerste vrou A1a1 is links agter A1 geplaas en sy broer A1b se vrou A1b1 direk links van A1a1 met die derde seun van A1, naamlik A1c se eerste vrou A1c1 verste links in die ubunene. Daar was skynbaar nie genoeg bou-ruimte op die eerste hutsirkel nie.

Tek 12

#### 4.12 Voorbeeld 11 : Kraal van Magaki Mahlangu

Hierdie kraalruïne is ook te KwaHlanga geleë. A het twee vrouens A1 (uNamabhena) en A2 (uNasibiya) gehad. Die oudste seun A1a se eerste vrou A1a1 is links van A1 geplaas met 'n gang tussenin; gevolg deur die tweede seun A1b se vrou A1b1; links van haar die derde seun met A1c1 en heel links die vierde seun A1d met sy vrou A1d1.

Tek 13

#### 4.13 Voorbeeld 12: Kraal van Kaptein Mayisha Cornelis Mahlangu

Hierdie is die kraal wat kaptein Mayisha gebou het nadat die Ndzundza van Welgelegen (KwaHlanga) na die huidige Weltevreden in 1922 getrek het.

Hy het nege vrouens gehad wat soos volg gerangskik is. Sy hoofvrou A1 was uit die Masilelasibbe. Sy tweede vrou A2 was 'n Tshili. Die derde vrou A3 (Tshabangu) is links van A1 geplaas en die vierde vrou A4 (Masango) regs van A2. Die vyfde vrou A5 (Thubana) is aan A3 se linkerkant geplaas. Die sesde vrou A6 is ook aan die linkerkant geplaas omrede sy ook 'n Masilela was, en dus uit dieselfde sibbe as die hoofvrou A1. Die sewende vrou A7 (Mtsweni) is toe aan die ikhohlo-kant geplaas, die agste vrou A8 (Sibanyoni) aan die ubunene-kant en die laaste vrou A9 (Nduli) laaste aan die ikhohlo-kant.

Tek 14      4.14 Voorbeeld 13 : Kraal van Kaptein Fene Andries Mahlangu

Hierdie was die hoofkraal van kaptein Fene Mahlangu te KwaHlanga (Welgelegen). Fene het twaalf vroue gehad waarvan een vroeg gesterf het.

Sy hoofvrou A1 was ene uNakere, die moeder van Mayisha en grootmoeder van die huidige kaptein Mabusa David. Sy ikhohlo-vrou A2 was ene uNamkhweli (Masangosibbe). Die derde vrou A3 (uNathubana) is links van A1 geplaas en die vierde vrou A4 (uNagiyana) regs van A2. Die vyfde vrou A5 (uNamkoneni) is links van A3 geplaas en die sesde vrou A6 (uNasiluma) regs van A4. Die sewende A7 (uNamsiza) is weer links van A5 en die agste vrou A8 regs van A6. A8 was ene uNamkhweli ook 'n Masango soos A2. Die negende vrou A9 was ene Namkoneni en 'n suster (ihlanzi) van A5. Die tiende vrou A10 (uNamasilela) en die elfde vrou A11 (uNamduli) is beide aan die ikhohlo-kant geplaas met A11 dan die laaste vrou aan die ikhohlo-kant. Die twaalfde vrou A12 was 'n stutvrou (ihlanzi) vir A1 en daar is vir haar 'n hut gebou skuins agter A1.

## 5 REËLS BY DIE RANGSKIKKING VAN VROUE IN 'N KRAAL

### 5.1 Inleiding

Uit die rangskikkingspatroon by die Ndebelekraal, soos uitgewys in onder andere die vorige voorbeelde, is daar sekere rangskikkings- of plasingstreëls wat in praktyk streng nagekom word, terwyl ander reëls redelik vloeibaar is, en dikwels nie nagekom word nie. Die nakoming

van die reëls het ook in die huidige tyd baie afgewater, enersyds vanweë die verdwyning van die groter gesinne-eenheid in kraalverband en andersyds vanweë die toenemende voorkoms van monogame huwelike, asook die vestiging in gesinsverband op woonpersele in die huidige KwaNdebele. Uit die voorbeelde wat tydens die navorsing ondersoek is, was minstens sewe krale reeds ontruim. Die ander voorbeelde van nog bewoonde krale was meerendeels van die ouer krale (imizi) in KwaNdebele wat reeds in die vorige drie dekades gebou is. Die eerste voorbeeld (4.2) wys volgens informante die ideële rangskikkingspatroon uit, terwyl die afwykings in die praktyk by sekere van die ander voorbeelde uitgewys kan word.

Vervolgens word aandag gegee aan die algemene reëls by plasing vir sover dit primêre, sekondêre en tersiêre uitbreiding behels. Daar word ook aandag aan meer spesifieke reëls gegee asook die rol wat die hlonipha-reëls manifesteer in kraaluitleg.

## 5.2 Algemene reëls by plasing

Kraaluitbreiding het tradisioneel op drie wyses plaasgevind, naamlik primêre uitbreiding, sekondêre uitbreiding en tersiêre uitbreiding.

5.2.1 Primêre uitbreiding behels die plasing van die vroue van die kraalhoof se geïnisieerde seuns op die eerste en tweede hutsirkels. Die seuns van kraalhoof A en sy vroue A1 en A2, word aangedui as A1a, A2a, ensovoorts en hulle vroue A1a1, A1b1 A2a1 en andere. Die oudste seun vra gewoonlik sy moeder of vader om hom te adviseer waar hy sy eerste vrou moet plaas. Die eerste hutsirkel, dit wil sê waar A se vroue woon A1 tot A6 (voorbeeld 1,4.2) word gereserveer vir die hoofvrou (ikosikazi) - ook die eerste vrou van die oudste seun van elke vrou, dit wil sê vroue A1a1, A2a1, A3a1, A4a1, A5a1 en A6a1. Verdere vroue van bogenoemde seuns woon op die tweede hutsirkel byvoorbeeld A1a2 en A1a3 (voorbeeld 1,4.2). Die seuns van die kraalhoof bou in chronologiese volgorde na afloop van die inisiasie (ingoma). Dit is ook opvallend dat die oudste seun van elke vrou en eersgenoemde se eerste vrou, probeer om sover moontlik 'n hut direk agter of skuins agter die seun se moeder te bou. Hierdie gebruik hou verband met die

dienslewering wat hierdie vrou, byvoorbeeld A1a1, ten opsigte van A1 moet verskaf by patrilokale inwoning (voorbeeld 1,4.2).

Met die plasing van verdere vroue van die seuns byvoorbeeld A1a2 en A1a3 asook jonger broers uit 'n hut A1b1 en A1c1 op die tweede sirkel, word daar sover moontlik gepoog om die kraalverdeling tussen die ubunene- en ikhohlo-afdeling te handhaaf. Dit is duidelik dat alle seuns uit byvoorbeeld die moeders van die ikhohlo-afdeling, dit wil sê A2a tot A6a, hulle vroue aan die ikhohlo-kant van die kraal plaas. Dit is ook gebruiklik om verdere vroue van 'n seun ook op dieselfde basis, indien moontlik, links en regs in chronologiese orde te plaas. Vergelyk voorbeeld 1(4.2) met A2a1 en A2a3 (links) ten opsigte van A2a2 en A2a4 (regs) asook A1b1 (links), A1b2 (reg agter - dikwels meer regs), A1b3 (links) en A1b4 (regs). Daar dien op gelet te word dat die begrip links (ubunene-kant) en regs (ikhohlo-kant) ook geld vir die twee horisontale bene van die kraal, met ander woorde die waarnemer staan altyd met sy gesig na die isirhodlo-ingange van die hutkompleks (voorbeeld 1,4-2).

5.2.2 Met sekondêre kraaluitbreiding word bedoel kraaluitbreiding in die derde generasie, met ander woorde die kleinseuns van A, A1a1a en sy broers. Hierdie seuns bou op 'n derde hutsirkel. Die verdeling tussen ubunene (links) en ikhohlo (regs) word deurgaans gehandhaaf. Daar word ook gepoog om 'n kleinseun sover moontlik in 'n lyn reg agter sy grootmoeder (ugogo) te plaas - vergelyk A1a1a1 ten opsigte van A1. Indien daar boursuimte beskikbaar is, sal daar selfs gepoog word om A1a1a1 reg agter A1a1 te plaas op dieselfde hutsirkel wat wel moontlik is in 'n kleiner kraal.

5.2.3 Tersiere kraaluitbreiding beteken die plasing van aanverwante van die kraalhoof. Broers, halfbroers, vadersbroers en broerskinders doen aansoek (ukukhonza) by die kraalhoof A om in sy kraal te kom woon (vergeelyk ook MARE ms 2:12). Daar word deurgaans gepoog om die afdelingsorsprong van die aansoeker te handhaaf. A se broer uit hulle vader se ubunene-afdeling word aan die ubunene-kant van A se kraal geplaas op enige plek waar daar boursuimte gevind kan word. Al was A afkomstig uit sy vader se ikhohlo-afdeling word sy broer in die ubunene geplaas. Indien A se ouer broer uit sy vader se ubunene

afkomstig is, en hierdie ouer broer se ikhohlo-seun soek woonplek, word laasgenoemde aan die ubunene-kant geplaas vanweë hierdie seun se vader se ubunene-posisie in die oorspronklike kraal. So ook word enige broer van A uit hulle vader se ikhohlo-afdeling, se ubunene-seuns aan A se ikhohlo toegewys vanweë hierdie seuns se vaders se posisie in die oorspronklike kraal. Verder word enige seun van A wat byvoorbeeld deur die senior leviraat verwek is aan die ubunene-kant toegevoeg, ongeag of die verwekking in die ikhohlo-kant plaasgevind het. Die senior leviraat kan sodoende 'n junior seun uit enige afdeling se posisie by hutplasing verhoog.

Opsommend kan dan gesê word dat die senioriteitspatroon tussen broers in hulle vader se kraal deurgaans gehandhaaf word by tersiêre uitbreiding indien sulke broers kom khonza. Die plasing en senioriteit van seuns word dus bepaal deur die posisie en status van hul vader in hul grootvader se kraal (vergelyk ook MARÉ ms 2:82-83).

### 5.3 Spesifieke plasingreëls

5.3.1 Vroue afkomstig uit dieselfde sibbe (isibongo) asook susters, word deurgaans aan dieselfde afdeling toegewys deur die kraalhoof. Dit geld ook vir die vrouens van sy seuns en kleinseuns. So 'n sibbegenoot staan bekend as ihlanzi, sonder om die betekenis te kry van 'n stutvrou as die aanvuller van 'n onvrugbare vrou. Die junior sororaat geld as 'n voorkeurhuwelik by die Ndebele en selfs jonger susters van 'n vrou staan as izinhlanzi bekend.

By voorbeeld 6 (4.7) is dit onder andere duidelik dat vrou A4 aan die ikhohlo moes geplaas gewees het, maar as 'n sibbegenoot van A1 is sy toe aan die linkerkant geplaas. Kaptein Mayisha se A6 vrou (Masilela-sibbe) is aan dieselfde kant as sy hoofvrou A1 (Masilela) geplaas, in plaas van regs (ikhohlo) (voorbeeld 12, 4.13). By kaptein Fene Mahlangu se A9 (uNamkoneni) vrou en sy A5 (uNamkoneni) vrou was daar toevallig geen probleem nie. Die betrokke twee susters is chronologies só getrou dat hulle in dieselfde afdeling geplaas is. Die geval van 'n werklike stutvrou (ihlanzi) A12 is hier duidelik waar sy skuins agter A1 geplaas is.

5.3.2 Die posisie en status van die laaste seuns uit beide die ubunene- en ikhohlo-afdeling, moet vermeld word. Die jongste seun uit die ubunene-afdeling byvoorbeeld die derde, vyfde of sewende seun van 'n vrou, staan bekend as die ubunenyana-seun en hy woon in die ubunenyana-hut, letterlik: "die klein ubunene". So ook staan die jongste seun uit die ikhohlo bekend as die ikhohlwana, letterlik: "die klein ikhohlo". Daar bestaan die gebruik dat die ubunenyana-seun 'n besondere versorgingspilig teenoor sy moeder het, veral na die afsterwe van die kraalhoof. Daar word daarom gepoog om die seun en sy vrou so na as moontlik aan sy moeder te plaas, hoewel dit nie altyd bewerkstellig kan word nie. By voorbeeld 1 (4.2) sou die seun A1c en sy vrou A1c1 as ubunenyana hierdie taak vervul ten opsigte van A1, indien A1c die jongste seun is. Op dieselfde wyse sou A2c (nie aangedui) hierdie taak as ikhohlwana vervul ten opsigte van A2 indien A2 drie seuns het. Indien daar slegs twee seuns gebore word, berus die taak by die oudste seun A1a of dan A2a in die geval van die ikhohlo. By voorbeeld 8 (4.9) het A1c hierdie verpligting ten opsigte van A1 en by voorbeeld 10 (4.11), A1c ten opsigte van A1.

Daar bestaan egter nou die gebruik dat 'n laaste seun van 'n vrou nie aan die ikhohlo-kant geplaas mag word nie, en spesifiek in die geval van 'n vrou met vier en ses seuns. Sekere informante beweer dat hierdie reël geldig is ten opsigte van alle gevalle waar daar 'n gelyke getal seuns gebore word, dit wil sê ses, agt, tien en verder. Hierdie gebruik openbaar hom in voorbeeld 14 (4.15) en voorbeeld 9 (4.10) waar A1 vier seuns gehad het. Die vierde seun A1d was die jongste en hoort volgens plasingreëls aan die ikhohlo-kant, maar omdat hy die jongste is, moet hy die versorgingspilig ten opsigte van A1 handhaaf en nie A1c nie. In die praktyk het A (die kraalhoof) A1c versoek om weg te trek of op die tweede sirkel te woon sodat daar vir A1d1 plek gemaak kan word in die ubunenyana-posisie. Dit blyk ook volgens informante dat A1d nie sy versorgingspilig vanuit 'n ikhohlwana-posisie ten opsigte van A1 mag uitvoer nie. Daar word beweer dat indien A1 ses seuns sou gehad het, die vyfde seun A1e en A1f omgeruil word sodat A1f en sy vrou A1f1 die posisie van ubunenyana inneem. By voorbeeld 1 (4.2) sou A1d die ubunenyana-posisie inneem om sy moeder te versorg. Sekere informante beweer dat die ubunenyana-seun die hoofhut van sy moeder A1 (voorbeeld

15, 4.16) platslaan, sy eie hoofvrou se hut in die plek daarvan bou, en vir sy moeder 'n hut agter in die esibuyeni bou.

5.3.3 'n Man se moeder geniet voorrang by plasing bo sy eie vrou(e). By voorbeeld 3 (4.2) van Maré (ms 2:79) is dit duidelik dat A1a1 en A1a1a1 met plasing "benadeel" word omrede A1 as moeder van A1a voorrang geniet. Eers na haar afsterwe kan A1a1a1 in die regmatige posisie geplaas word.

5.3.4 Die gange (imikrhosthana), paaie (imigwaqo) en bouruimtes (amabala) tussen hutte asook deurgange (izikhawulwana) binne die isirhodlo - omheining van hutte, het tradisioneel 'n belangrike rol gespeel by die reëling van die hlonipha-gebruik by die Ndebele. Hierdie gebruik het onder andere te doen met die reëling van die gedrag van 'n vrou teenoor haar skoonvader en sy broers. 'n Vrou sal in haar daaglikse omgang altyd poog om haar skoonvader te vermy. Vanweë die aaneengeskakeldheid van die isirhodlo-mure sedert die twintigerjare, was daar min werklike beweegruiimte vir vroue, sodat hulle dikwels deur 'n ander hutomheining moet loop om by hulle bestemming uit te kom. So is die hutte (voorbeeld 1, 4.2) A1a3, A1b4 en A1c4 aaneengeskakel en met mekaar verbind deur middel van deurgange vanaf die isibuya van A1c4 tot by die isirhodlo van A1a3. A1a3 is weer met deurgange geskakel aan A1b1 en A1b2. Vrouens maak daaglik van hierdie deurgange gebruik om by mekaar te kuier en hulle dagtake te verrig. So kan vrou A1a1a2 tot by die beeskraal aan die voorkant van A1 beweeg, deur van die deurgange van ses hutte gebruik te maak.

Indien die vrou A1a1 'n besoek aan vrou A1a2 wil bring en sy gewaar haar skoonvader A in A1a2 se isirhodlo sal sy van 'n ompad gebruik maak om A1a2 te nader vanuit laasgenoemde se isibuya. Daarom kan sy buite-om die tweede hutsirkel beweeg of deur hutte A1a3 en A1a2 van agteraf binnegaan deur middel van die deurgang tussen die isibuya van A1a2 en A1a3. Indien hierdie twee hutte nie 'n deurgang deel nie, moet sy deur A1b4 beweeg, by A1a4 se isibuya ingaan en A1a2 van agteraf nader.

Veronderstel dat A1a1 by A1a4 besoek wil aflê en haar skoonvader A



sit in haar eie isibuya, dan sal sy voor uitbeweeg deur hut A1 en van die A3 of A2-hutte gebruik maak om die tweede hutsirkeel te bereik.

Op dieselfde wyse maak A1a1 van 'n ompad gebruik om by A1 'n besoek af te lê indien haar skoonvader in haar eie isirhodlo of in die isibuya van haar skoonmoeder A1, sit. Sy sal haar skoonmoeder dan nader deur van hutte A3a1 en A2a1 gebruik te maak en A1 so van vooraf nader. Soms gebeur dit dat 'n vrou heeltemaal buite-om die kraal moet beweeg, dit wil sê linksom verby A5 om A1 aan die voorkant te nader.

Die hlonipha-reël geld ook ten opsigte van 'n vrou se beweging binne haar eie huteenheid. Sodra A1a1 se skoonvader A haar hut vanaf die isirhodlo-kant af binnekom, sal sy onverwyld haar rug op hom keer, of in die hut ingaan of deurgaen na haar eie isibuya. Vroue maak in praktyk eerder van 'n hut se kookruimte (isibuya)-ingang gebruik om mekaar te nader. Die enigste vrou wat wel van vooraf (esirhodlweni) binnekom, is die kraalhoof se moeder, haar generasiegenote en die hoofvrou (ikosikazi).

Die verandering in kraaluitleg en hutbouvorms het 'n invloed gehad op die bewegingsvryheid van die vrou ooreenkomstig die hlonipha-bepalings. Binne die tradisionele grashut (umtlhatlhana)-kraal en die latere rondawel (icathane)-kraal met die ronde isirhodlo, was daar gange tussen elke huteenheid waardeur beweeg kon word (sien voorbeeld 7, 4.8) Die aaneengeskakeldheid van die vierkantige isirhodlo sedert die twintigerjare het hierdie gange uitgeskakel en was huteenhede deur middel van deurgange in die isirhodlo-muur onderling bereikbaar.

Die hlonipha-gebruik het sy toepassing binne kraalverband vir sover dit die beweging van vroue aangaan, in 'n groot mate verloor. Die komplekse kraaluitleg kom nie meer voor nie. As gevolg van kleiner woonpersele en monogame gesinsverbande, het baie van die reëls verval.

5.3.5 Alle vreemdelinge en besoekers nader 'n kraal vanaf die voorkant, dit wil sê vanaf die beeskraal (isibaya) in die rigting van die hoofhut. Slegs kraalinwoners en gereelde besoekende familieledes kan die kraal vanaf die isibuya-kant van 'n hut nader. Dit is ook gebruik

dat 'n besoeker-vreemdeling nie die kookruimte van 'n hut sonder toestemming binnegaan nie. Iemand wat 'n besoek wil bring aan byvoorbeeld A2a1a3 (voorbeeld 1,4.2 ) moet nogtans die toestemming van die kraalhoof A of sy seuns verkry.

5.3.6 Uit die behandelde voorbeelde is dit duidelik dat daar afwykings in die rangskikkingsreëls voorkom. Die afdwingbaarheid van hierdie reëls hang af van veral drie faktore.

Eerstens hang dit af van die geografiese omgewing van 'n kraal. Rangskikkingsreëls kan heeltemal omvergewerp word indien 'n kraal op 'n ongunstige terrein gebou word, dit wil sê as gevolg van baie skuins hellings, afgrond, te veel klip, dongas, bebosting, swak bougrond en dies meer. Vergelyk voorbeeld 10 (4.11) in die verband. 'n Kraal-uitleg soos die een in voorbeeld 1(4.2) en voorbeeld 13 (4.14) hang ten nouste saam met die keuse van 'n gunstige geografiese omgewing. Dit is opvallend dat krale in die Stoffberg-Blinkwateromgewing beswaarlik na agter kan uitbrei, dit wil sê op 'n tweede hutsirkel, vanweë die hoër wordende helling na agter.

Tweedens hang hierdie reëls af van die beskikbare bouruimte (ibala) tussen huteenhede. Reëls word dikwels verander as gevolg van gebrek aan bouruimte. Vergelyk by voorbeeld 1 (4.2) die plasing van A1b2 en A1b4 ten opsigte van A1b1 en A1b3. Gebrek aan bouruimte dwing die ikhohlo-afdeling hier na agter.

Derdens hang die toepassing van hierdie reëls af van die besluit van die kraalhoof se hubare seuns om uit te brei op die moederkraal of om weg te trek. In voorbeeld 1 (4.2) kan enige van die verdere seuns van A, buiten A1a, besluit om na huweliksluiting weg te trek en 'n eie kraal elders op te bou.

5.3.7 Daar is elders melding gemaak van die besondere voorrang wat 'n kraalhoof se moeder by rangskikking geniet (voorbeeld 3, 4.4 ). Daar bestaan verder die reël dat geen kraalhoof mag wegtrek en 'n nuwe kraal elders bou voordat sy moeder te sterwe kom nie. Hy kan ook nie haar hut platslaan en vir haar 'n eie hut elders bou nie, behalwe in die ge-

val van die ubunenyana-seun. Verder geld die reël ook dat solank sy moeder leef, hy die hofruimte (ibandla) en beeskraal (isibaya) van sy oorlede vader moet gebruik. In voorbeeld 1 (4.2) sou dit beteken dat A1a eers na sy moeder A1 se dood, 'n eie hofruimte elders mag aanlê. Voordat hy tot so 'n stap oorgaan, moet hy eers aan die voorvaders offer (ukuphahla) waarna hy die oorspronklike strukture verskuif of sy moeder se hut platslaan (ukufuza).

5.3.8 Daar bestaan die gebruik dat ontruimde persele herbewoon kan word. In voorbeeld 1 (4.2) mag A1 tot A6 se persele herbewoon word, slegs nadat die betrokke vrou te sterwe kom, en nadat hulle oudste seuns, dit wil sê A1a tot A6a geoffer het. Daarna mag hulle die hut platslaan en op die oorblyfsels (amarhubhi) bou.

5.3.9 Inwoning ná die huwelik is patrilokaal minstens tot na die geboorte van die eerste kind, waarna dit neolokaal kan word. Hierdie reël geld veral streng ten opsigte van die eerste vrou van 'n man. 'n Vrou se eerste hut in haar man se kraal word deur haar eie verwante (susters en moeder) (abakhwekazi) afgerond. Indien daar ná die eerste kind se geboorte weggetrek word, bou sy en haar man hul eie hut. Permanente patrilokale inwoning is slegs van toepassing op die laaste seun (ubunenyana) van 'n vrou, vanweë eersgenoemde se versorgingsplig ten opsigte van sy moeder. Na haar dood mag hy elders gaan bou.

5.3.10 Die groter en kleiner gesinne-eenheid onder die Ndebele was tradisioneel 'n lokale eenheid. In kleiner gesinneverband het 'n man en sy vroue en hul kinders in een kraal (umuzi) gewoon (voorbeelde 5, 4.6 - 13, 4.14). In sekere gevalle in die huidige KwaNdebele is daar die voorkoms van sogenaamde gedesentraliseerde kraal- of kleiner gesinne-eenhede. 'n Sekere informant se hoofvrou A1 en sy derde vrou A3 (n ihlanzi) asook hulle kinders, woon in 'n kraal in Weltevreden terwyl sy ikhohlo-vrou A2 'n kilometer daarvandaan woon. A2 is nie uit dieselfde sibbeverband as A1 en A3 nie. Die rede vir die plasing word aangevoer as jaloesie tussen die drie vroue. In een ander geval het 'n vermoënde winkelier met drie takwinkels en kantore sy A2 (ikhohlo)-vrou en sy derde vrou A3 (ubunene) by twee van die winkels geplaas waar elk in 'n huteenheid met hul kinders woon, terwyl sy hoofvrou A1 in die

oorspronklike kraal woon. Hierdie praktyk het te doen met ekonomiese redes om toesig by sy besighede te verseker.


5.3.11 Ten slotte kan genoem word dat die plasing en rangskikking van 'n kraalhoof se vroue suiwer afhang van sy beslissing. Hy moet keer dat die reëls nie oortree word nie, en dat die kraal nie onbeheerbaar uitbrei nie. Hy alleen bepaal of bougrond en bouruimte geskik is vir uitbreiding en hy alleen adviseer sy seuns waar om te bou en gee toestemming dat hulle kan wegtrek.

## 6 SAMEVATTING

'n Kraal is 'n lokale eenheid waarin 'n gesin in een of ander van sy vorme saamwoon. Die Ndebelekraal word in 'n ubunene- en ikhohlo-afdeling verdeel (1).

Geografiese faktore soos klimaat en bodemgesteldheid speel 'n deurslaggewende rol by kraaluitleg. In historiese tye het strategiese faktore ook 'n bepalende rol gespeel soos in die geval by KoNomtjharhelo. Die Ndebelekraal is verkieslik teen noorderhellings aangelê. Die laerliggende dele is vir landbougrond gebruik. Sedert die Mapochoorlog van 1883 het die bouterrein van die tradisionele Ndebelekraal grootliks verander na die gelykveld van die Transvaalse Hoëveld en die huidige Gemengde Bosveld in KwaNdebele (2).

Die bekende tradisionele noordoosfrontrigting van die Ndebelekraal word om twee redes verkies, naamlik goeie sonval en religieuse redes (2). Selfs ná die Mapochoorlog kon die kraalhoof self die ligging van sy kraal op die plaas bepaal.

Die vroegste Ndebelekraal (umuzi) het bestaan uit 'n aantal hutte wat in 'n sirkel rondom die beeskraal gerangskik is. Hierdie vorm het plek gemaak vir 'n kwartsirkeluitleg en in die huidige tyd neem die kraal die vorm aan van 'n uitgerekte omgekeerde letter-U,  of 'n reguitlyn \_\_\_\_\_ ( 3.2).

Minstens ses woningtipes word onderskei, naamlik die woonhut vir vol=

wassenes (indlu), dogtershut (iphunyana), twee tipes seunshutte die ilawu lamalijana en die ilawu labasegwabo, en die doktershut (indlu yenyanga). Die plasing van elk van hierdie huttypes is in 'n vaste posisie binne die kraal (3.3.1).

Krale en strukture vir lewende hawe wat in en om die kraal voorkom, is die beeskraal (isibaya) in die middel van die kraal, die kalwerhok (isibaya samakonyana), die bokkraal (isibaya semбузи), varkhokke, hoenderhokke en stalle vir donkies, perde en muile (3.3.2).

Naas die graanhut (isivivana of isihlangana) wat in die kookruimte voorkom, is daar ook nog die tradisionele graanmandjie (isilulu) (3.3.3).

Die kraal is tradisioneel omhein deur 'n klipmuur (ikura of umthangala) wat die inwoners teen ongediertes en aanvalle van ander stamme beskerm het. Die omheining rondom 'n woonhut staan bekend as die isirhodlo en dit omsluit twee ruimtes, naamlik die isibuya of kookruimte en die esirhodlweni of ontvangsruimte. Hierdie omheining is vroeër van takke en riete gebou maar word oral sedert die begin van die eeu uit klei en grond gebou (3.3.4).

Die hofruimte (ibandla) is naby die beeskraal se ingang geleë (3.3.4).

Die Ndebele het vroeër alle bestaanslandbou binne die kraalomheining (ikura) beoefen. Vanweë bevolkingsdruk is landerye in toenemende mate buite die kraal aangelê. Tuinbou word in die huidige tyd steeds naby die woonhut (indlu) beoefen (3.3.5).

Ashope vir vullis word agter die isibuya-muur aangetref (3.3.6).

Die rangskikking van hutte word verbind met die plasing van die kraal=hoof se vroue. Hierdie plasing geskied volgens vasgestelde reëls. Dit kom voor of hierdie reëls in die huidige tyd minder streng nagekom word. Met die bespreking van voorbeelde kan sekere plasingreëls uitgewys word (4.1).

Daar moet deurgaans onderskei word tussen die chronologiese volgorde

waarin vroue getrou word en die senioriteitsorde van vroue. Alle vroue aan die ubunene-kant is die seniors van alle vroue aan die ikhohlo-kant (4.2). Die rangskikkingspatroon van een man en ses vroue en hulle verwante word volledig verduidelik (4.2).

Die voorbeelde wat deur Maré (ms 2:78-81) aangehaal word, word bespreek. Die eerste handel oor spesifieke plasingreëls van 'n man wat sy ikhohlo-vrou op 'n laat stadium getrou het (4.3). Die tweede voorbeeld van Maré het te doen met die plasing van 'n man se moeder wat by sy kraal kom inwoon (4.4). Die derde voorbeeld van Maré handel oor 'n ubunene-seun wat op 'n later stadium gebore word, nadat die ikhohlo-seun reeds in die posisie van kraalopvolger geplaas is (4.5).

Voorbeeld 5 (4.6) dui 'n geval aan waar die tipiese hutrangskikkingsreëls soos in voorbeeld 1 (4.2) uitgewys is, nagekom word.

Voorbeeld 6 (4.7) wys op die begunstiging van 'n ihlanzi-vrou (A4) ten koste van die vyfde vrou (A5).

Voorbeeld 7 (4.8) dui 'n uitsonderlike geval aan waar drie geslagte verwante op een hutsirkel kan woon.

Voorbeeld 8 (4.9) dui die plasing aan in 'n kraal wat nie langer as dertig jaar gelede aangelê is nie.

Voorbeeld 9 (4.10) gee 'n aanduiding van die probleme wat ontstaan by 'n kraalhoof met vier seuns vanaf een moeder.

Voorbeeld 10 (4.11) illustreer hoe die reëls verander ten gevolge van gebrek aan boursuimte.

Voorbeeld 11 (4.12) toon die plasing van vier seuns en hul vroue aan die ubunene-kant.

Voorbeeld 12 (4.13) illustreer die plasingreëls van kaptein Cornelius Mapoch waar die begunstiging van 'n sibbegenoot (dit wil sê dieselfde

isibongo) duidelik blyk.

Voorbeeld 13 (4.14), die kraal van kaptein Fene Mapoch, toon 'n uitsondering aan waar die elfde vrou nie meer aan die ubunene-kant geplaas is nie.

By die formulering van hustrangskikkingsreëls kan daar onderskei word tussen die ideële, dit wil sê die reël waarvolgens plasing behoort te geskied, en die reële, dit wil sê soos wat plasing in die praktyk uitvoering geniet (5.1).

Primêre kraaluitbreiding behels die plasing van 'n kraalhoof se vrou en die eerste vroue van sy oudste geïnisieerde seuns op die eerste hutsirkel (5.2.1). Verdere vroue van die seuns en hulle broers word op die tweede hutsirkel gerangskik. Die kraalverdeling tussen ubunene en ikhohlo word deurgaans gehandhaaf, selfs tot op die derde sirkel, dit wil sê tot in die derde generasie (5.2.1).

Sekondêre uitbreiding behels die plasing van 'n kraalhoof se kleinseuns en hul vroue op die derde hutsirkel. Indien bouruimte beskikbaar is, word daar gepoog om die oudste kleinseuns en hul eerste vroue op die tweede hutsirkel te plaas (5.2.2).

Tersiêre uitbreiding behels die plasing van aanverwante van die kraalhoof, naamlik sy broers, halfbroers, vadersbroers en broerskinders. Die plasing van hierdie verwante hang ten nouste saam met die posisie wat die betrokke verwant in sy vader se oorspronklike kraal beklee het. Ook broerskinders se plasing hang af van hul vader se plasing in die oorspronklike kraal (5.2.3).

Susters en vroue uit dieselfde sibbe (isibongo) word in dieselfde kraalafdeling geplaas. Die term ihlanzi word gebruik ten opsigte van susters in dieselfde afdeling (5.3.1).

Die laaste seuns uit elke afdeling staan onderskeidelik as die ubunenyana en die ikhohlwana bekend en elk het 'n besondere versorgingsplig ten opsigte van hulle moeders. Die laaste seun van 'n kraalhoof mag volgens

reël ook nooit aan die ikhohlo-afdeling geplaas word nie, maar in die ubunene-afdeling, al sou dit sy regmatige plasing verander (5.3.2).

n Man se moeder geniet voorrang by plasing, bo sy eie vroue (5.3.3).

Gange, paaie, bouruimtes en deurgange by hutte word oordeelkundig gebruik by die reëling van die hlonipha-verhouding tussen n vrou en haar skoonvader. Sy benut hierdie gange as beweegruiimte om haar skoonvader te vermy, waar sy hom ook mag aantref (5.3.4).

Vreemdelinge en besoekers nader altyd die kraal van vooraf, dit wil sê vanaf die beeskraal, en betree n huteenheid vanaf die voorkant, dit wil sê die esirhodlwani (5.3.5).

Afwykinge by hutrangskikking in die kraal gebeur meesal ten gevolge van die beperkinge van die geografiese omgewing. Tweedens kom afwykinge dikwels voor as gevolg van beperkte bouruimte en derdens hang dit ook saam met die besluit van die kraalhoof se geïnisieerde seuns om tot kraaluitbreiding by te dra of weg te trek en n eie kraal te stig (5.3.6).

Die kraalhoof mag nie sy eie beeskraal of hofruimte aanlê solank sy eie moeder nog leef nie. Hy is verplig om dan nog steeds sy vader se kraal en hofruimte te gebruik. Hy mag ook nie sy moeder se oorspronklike hut platslaan en haar elders laat woon, solank sy nog lewe nie behalwe in die geval van die ubunenyana-en ikhohlwana-seun (5.3.7).

Herbewing van die oorspronklike bouruimtes kan geskied nadat daar eers aan die voorvaders geoffer is (5.3.8).

Patrilokale inwoning is verpligtend tot minstens na die geboorte van die eerste kind (5.3.9).

In die huidige tyd kom daar in KwaNdebele gevalle voor van gedesentraliseerde krale, waar n man sy vroue versprei, dikwels om na sy besigheidsbelange om te sien. Jaloesie word ook as beweegrede aangevoer (5.3.10). Die kraalhoof het finale beslissing oor die rangskikking van hutte in die kraal (5.3.11).



Die komponente van die kraal wat hier uitgewys is, vorm die basis van die beskrywing van boustrukture in die volgende hoofstuk.

Die identifisering van die reëls by rangskikking werp lig op die sosiale verhoudingstruktuur binne kraal- en stamverband. Enige navorser wat byvoorbeeld sosiale organisasie bestudeer, behoort die rangskikkingsreëls en -patroon as basis te gebruik. Hierdie reëls is bepalend op die individuele gedrag en verhouding teenoor kraalgenote. So byvoorbeeld word 'n broerskind van die kraalhoof se plasing en gedrag gereël ingevolg sy vader se plasing in die oorspronklike kraal.

Kennis oor kraaluitleg waar rangskikkingsreëls ter sprake kom, is van groot hulp vir die onervare navorser. Sy gedrag met sy besoek aan 'n kraal speel 'n groot rol by die sukses van sy navorsing. Hy moet onder andere die kraal as vreemdeling vanuit die korrekte rigting nader. Hy behoort nooit by die isibuya van agter af in te gaan nie. Hy nader 'n hut altyd vanaf die isirhodlo-ingang. Hy moet dit verhoed om vanuit nuuskierigheid oor die isirhodlo-mure te loer, en nooit enige hut sonder toestemming binnegaan nie. By verdere navorsing kan die bestudering van die beweging van vroue, lig werp op sekere hlonipha-reëls en gedragspatrone. Dit is reëls soos hierdie wat in die huidige perseel- en dorpsuitleg in KwaNdebele, nie in berekening gebring word nie (sien 7:3).

## HOOFSTUK 4

### BOUSTRUKTURE

#### 1 INLEIDING

Die boustrukture in n Ndebelekraal is nie alleen volgens n vaste patroon geplaas nie, maar word ook volgens n geyskte metode gebou. Alhoewel hierdie strukture vir n Westerse oog soms armoedig lyk, bestaan daar n vaste voorkeur vir bepaalde boumateriale waarvan kennis geneem moet word by die bestudering van die konstruksiewyses en instandhoudingsaksie.

n Ndebelekraal met sy hutte word in n spesifieke volgorde gekonstrueer. Meeste van hierdie stappe of fases in die konstruksieproses geskied in n vasgestelde orde en kan soos volg aangedui word.

- Terreinkeuse
- Magiese behandeling
- Materiaalverkryging en -voorbereiding
- Hutraamkonstruksie
- Dekwerk
- Pleisterwerk
- Versiering
- Bewoning

Die uiteensetting wat hierna volg, word volgens die bogenoemde agt stappe aangebied.

#### 2 TERREINKEUSE EN MAGIESE BEHANDELING

Soos elders vermeld is, is een van die belangrikste beginsels by terreinkeuse die kraal se ligging op n noorderhelling vir genoeg sonwarmte en goeie dreinering, hoewel vlakker grond soos in die huidige KwaNdebele deesdae ook gebruik word. As n man hom aanvanklik in sy vader se kraal wil kom vestig, vra hy sy vader, die kraalhoof (umnomuzi), indien laasgenoemde nog leef, of sy moeder, om hom te adviseer waar hy sy hut moet

bou. In hierdie geval moet hy hom laat lei deur die keuse van sy vader of sy moeder. Indien hy egter wegtrek van die moederkraal af, oefen hy in groter mate 'n vrye keuse uit. Hy sal nogtans gewoonlik advies van die oudstes inwin oor die moontlike ligging van 'n nuwe kraal. In hierdie geval sal hy hom beslis laat lei deur die aanbevelings van die kragdokter (inyanga) indien laasgenoemde sy eie keuse sou afkeur. Normaalweg word daar altyd eers tot die voorvaders gebid (ukuthethelela), voordat daar besluit word om weg te trek (-fuduka) met die oog op die aanleg van 'n nuwe kraal. In die geval van die aanleg van 'n nuwe kapteinskraal word die twee stamdokters uit die Kabinde en Sodiye (Mahlangu) sibbes tesame met die nog oorlewende ooms aan vaderskant van die stamhoof (abasonghwani of obaba omncani) vooruitgestuur om die bouterrein voor te berei.

Die magiese voorbereiding van die nuwe kraal vereis 'n hele reeks handelingen wat wissel volgens die praktyk van die verskillende dokters.

Die voornemende kraalhoof verskaf gewoonlik 'n skaap as slagdier. 'n Bok mag nie gebruik word nie (vergelyk ook VAN WARMELO 1930:46). Die pensmis van die skaap word dan oor die terrein gestrooi nadat dit eers met medisyne behandel is. Houtpenne wat met medisyne behandel is, word op die buiterand van die beoogde hutvloer (die eerste hut wat opgerig word, is die indlunkulu van die hoofvrou uit die ubunene-regterkant) ingeslaan (vergelyk ook VAN WARMELO 1930:47). Die proses waarvolgens die houtpenne (izikhonkwane) ingeslaan word, staan bekend as ukubethela umuzi of 'om die kraal te beskerm'.

Sekere kragdokters gebruik dolosse om die terrein te behandel. 'n Bees word dan gewoonlik as vergoeding betaal. Hy neem dan alle vleis van die diere wat geslag word as beloning saam.

In die geval van die kapteinskraal word daar eers op die terrein tot die voorvaders gebid (ukuthethelela). Die teenwoordiges neem in knielende houding plaas rondom 'n gaatjie wat die kragdokter in die middel van die terrein gegrawe het. As teken van eenheid is die teenwoordiges gewoonlik in seremoniële drag geklee. Hulle behoort egter minstens die tradisionele hooftoetsel (umcelo) en 'n velkaros (inaga)

te dra. 'n Hoeveelheid bier (utjwala) word in 'n kalbas (iqusa) geplaas, waarna elke teenwoordige asook die inyanga 'n mondvol daaruit neem (ukugamula utjwala) sonder om dit in te sluk. Elkeen spuug (ukukhafula) dit dan in die gaatjie uit. Elkeen kry, nadat hy die bier uitgespoeg het, 'n beurt om die voorvaders (abezimu) aan te roep. Vroeër kon slegs die kaptein die voorvaders aanroep en bedank (ukubonga). Elke teenwoordige lid roep sy eie voorvaders by name aan. Nadat die prosedure deurloop is, staan almal op en prys die kaptein met die gebruikelike Ngwenyama-groet (sien ook 6:3.6).

Na afloop van die groet behandel die kragdokter die terrein met die magiesversterkte stokkies deur dit in die grond te druk. Voordat die aksie (ukuqinisa) plaasvind, moet die ander teenwoordiges die rug op die inyanga keer. Nadat hierdie seremonie afgeloop is, kan die bouers begin om hulle boumateriaal op die terrein te versamel.

### 3 ARBEIDSVERDELING

Geslagsverdeling is die vernaamste basis waarop arbeidslewing by die konstruksieproses verdeel word. Daar is dus spesifieke manswerk en ook ander werk wat eintlik net deur 'n vrou gedoen word. Reeds by materiaalverkryging en terreinvoorbereiding word sekere take spesifiek deur die man en ander deur die vrou uitgevoer. Die skoonmaak van die bouterrein is die verantwoordelikheid van die man vir sover dit die swaar arbeid soos ontbossing aangaan. Groot bome word sover moontlik so gelaat. Die man moes ook sorg vir die verwydering van rotse indien dit in die konstruksiewerk sou pla.

Die vloeroppervlak van die eerste hut wat gebou gaan word, word met sorg deur die vroue so na as moontlik aan waterpas gelyk gemaak.

By die bou van 'n eerste hut van 'n getroude paar, huldig die Ndebele 'n spesifieke gebruik wat nie by die bou van die ander hutte geld nie. Hierdie eerste hut staan as die egpaar se icathane bekend. Die term word ook algemeen gebruik vir die tipiese Ndebele rondawelhut. Hierdie eerste hut word volgens gebruik by die man se vader se kraal gebou. Inwoning na die huwelik is dus vir 'n aanvangsperiode vir minstens een

jaar patrilokaal. Hierdie bouwerk word deur die man se vader of sy broers geïnisieer. Die vader verskaf dus hulp en staan sy seun met die bou van sy eerste hut by. Die seun se moeder en haar verwante onderneem 'n deel van die pleisterwerk aan die hut. Hierdie eerste deel van die taak staan bekend as ukupara (om klei aan te plak). Die finale klei-afwerking ukurhaya (om te vryf) en ukutshidza (om te poleer) word deur die eggenote self tesame met haar skoonsusters onderneem.

Voordat die oprigting van die omheining (isirhodlo) 'n aanvang neem, word daar geslag en bier gedrink om op die wyse die vrou se eie moeder en susters formeel uit te nooi om die bouwerk aan die rietomheining (isirhodlo somgaba) te onderneem. Hierdie vroulike verwante staan bekend as die abakhwekazi. Hierdie eerste hut (icathane) word nie dadelik met 'n kleimuur omhein nie. Die kleimuur word eers deur die vrou self gebou nadat haar eerste kind gebore is. Dan kan sy volgens tradisie ook 'n kombes permanent dra. By die geleentheid van die bou van die kleimuur, na die geboorte, word 'n bok geslag. Dit staan bekend as ukukhupha umkhono (om kombes om te hang) of bayomhlobolisa (hulle versier haar). Hierdie seremonie word hoofsaaklik deur die vrou se verwante uitgevoer. Die huwelik kry eers finaal sy beslag nadat die eerste hut opgerig is en die rietskerm daaromheen voltooi is en die daaropvolgende feesvierings afgehandel is.

Die konstruksie van die hutraam is die taak van die man. Die bou van die hutraam behels die inplant van die muurlatte of pale en die plasing (ukuphanyaka) van die dakkappe in die geval van die rondawel en vierkantige huttepe. Vir hierdie taak reël die man 'n werksparty (ijima). Sy vrou en sy susters berei 'n hoeveelheid bier voor en 'n bok word geslag. Op die wyse help enige manspersoon wat aan die party deelneem hom met die oprigting van die hutraam. Hy kan ook 'n tweede werksparty reël indien hy hulp benodig om hom met die dekwerk (ukufulela) te help. Hierdie manshelpers staan as die amadoda ejima bekend. Indien die man nie 'n ervare bouer is nie, sorg hy dat die nodige kundiges uitgenooi word. Die leke se taak bestaan hoofsaaklik uit die kap en voorbereiding van die hout.

Vroue kan ook werkspartye reël om hulle behulpsaam te wees by onder andere grassny. In huidige tye word brood en tee deur die gasvrou ver-

skaf. Die man kan egter daarop aandring dat bier voorgesit word, al neem hy nie aan die arbeid deel nie.

Materiaalvoorbereiding behels hoofsaaklik die sny en kap van hout en latte wat deur die mans gedoen word; die vleg van bindtoue deur die vroue en bejaarde mans; die sny van dekgras deur die vroue. Die voorbereiding van die pleistermengsel waar beesmis, klei en grond gebruik word, is die taak van die vrou. Laastens word alle versieringsstowwe en gereedskap deur die vroue voorberei. Tydens die hele proses van materiaalvoorbereiding, word ook die seuns en dogters ingespan om hulle vertrouwd te maak met die bouproses.

Die Ndebele ken soos enige volk ook sy vakmanne by die bouproses. Die kaptein en wykshoofmanne doen gewoonlik moeite om die beste kundiges op hul vakgebied te verkry. Die werksparty neem in die geval van die bouwerk deur 'n kaptein ook 'n groter omvang aan.

#### 4 MATERIAALVERKRYGING EN VOORBEREIDING

Die verfstawwe wat by versiering gebruik word, maak deel uit van die hutversiering en word afsonderlik behandel (sien Hoofstuk 5).

##### 4.1 Hout

Die Ndebele het vroeër hout op omvangryke skaal as boumateriaal gebruik. In die hut was die hele raam van hout, dit wil sê muurpale (iinsikana, itungo, of izinti), dakkappe (amakapa), dwars- en deklatte (amabalelo), houtpenne (izikhonkwane), nokpen (iwotlo) asook muurlatte (amakgokgo), en die ikatha-ringe. Hout word verder gebruik by die omheining (isirhodlo) vir stutpale, as hekke (amapundu), deure (iminyango) en by die beeskraal (isibaya). Die vroegste hutomheinings is geheel en al van gekapte takke en pale (amahlahla) gebou.

Die Ndebele het volgens segsmanne vroeër slegs van inheemse houtsoorte as boumateriaal gebruik gemaak. Inheemse doringsoorte soos die soetdoring (umunga) (Acacia karroo) was beskikbaar by KoNomtjharhelo in die ou Mahlunqulustamwyk. Tambotie (umtamboti) (Spirostachys africana)

en Gewone Haakdoring (Acacia caffra) is ook gebruik. Die Ndebele het mettertyd egter ook uitheemse houtsoorte soos populier (Populus canescens), wattel (Acacia decurrens, o.a.), en bloekom (Eucalyptus sp.) begin gebruik. Veral populier is intensief gebruik. Populier is uitsonderlik bestand teen houtkewers, dit het 'n lang lewensduur, dit is 'n goeie timmerhout en die relatief reguit stamme is baie geskik vir bouwerk. Die Ndebele hergebruik populierpale indien daar van woongebied verwissel word.

Populierbome groei hoofsaaklik in die laerliggende vlegedeeltes van die Transvaalse Hoëveld. Dit is opvallend dat baie krale in die onmiddellike omgewing van sulke populierbosse aangelê is, veral in die huidige omgewing van die ou Uburholestamwyk (Suikerboschplaat 252JS).

Die eerste voorbereiding van hout as boumateriaal word gedoen op die kapterrein. Takke en latte word op die terrein in min of meer die verlangde lengtes gekap, en blare, dorings en sytakke afgestroop. Die bas van die Soetdoring (Acacia karroo) is soms vir bindmateriaal gebruik. Volgens segsmanne is die kapwerk vroeër met selfvervaardigde dissels (amazembe) en ander kapinstrumente gedoen. Deesdae word blye en sae gebruik. Populierlatte wat vir gebruik by die grashut (umtlhatlhana) bestem is, moet verkieslik 'n dag lê om te ontsap sodat dit nie breek as dit gebuig word nie. Dit kan ook in water geweek word. Wattellatte kan dadelik gebruik word nadat dit gekap is.

#### 4.2 Bindmateriaal

Bindmateriaal word gebruik as vashegtingsmateriaal vir die draaghoutbalk (umrabheleko), die nok (iwotlo), die vashegting van kappe (amakapa) op die draagbalk, dwarslatte en deklatte (amabalelo) by alle huttypes, asook om die muurlatte (amakgokgo) vas te maak en as hangtou (umpherho) vir slaapmatte. Bindtou is die tradisionele tou wat by grasdekwerk (ukufulela) gebruik word. By die grashut word dit ook gebruik vir die net wat bo-oor die hut gevleg word. Die tradisionele hutteur (isidada) word ook van bindtou gevleg.

Tradisionele bindmateriaal wat gebruik is, was boombas (incoza) van die soetdoring (umunga) (Acacia karroo) gevlegte toue van die wildekoffie

(ikofe) (Hypoxis galpinii) en die bobbejaanstert (isifunzi) (Vellozia equisetoides). Boombas is afgestroop en dan in dun reepe gesny. Hierdie reepe is in 'n ronde bal opgerol en geberg. Voor gebruik word dit in water geweek om dit sag en rekbaar te maak. Boombas as bindmateriaal is selde indien ooit in die Hoëveldgebied gebruik. Gevlegte tou (intambo) is vandag nog die algemene bindmateriaal. Veral in die Hoëveld is die plante waarvan dit gesny word, volop. Die blare van beide die bobbejaanstert en wildekoffie word teen die stam en op die grond afgesny. Groot hoeveelhede blare word benodig vir die vleg van toue. Die geskikste tyd is om die blare, wat 'n lang dun rietblaaragtige voorkoms het, in die groeiseisoen (somer) te sny. Die blare word tuis vir ongeveer twee uur gekook totdat dit gelerig verkleur. Dit verkry 'n sagte tekstuur en word dan in dun reepe gesny voordat dit gevleg word. Vir die vleg van die bindtoue word 'n aantal blare (3-4) in bondeltjies gedraai en gevleg. Bindtoue het dus drie toukomponente. Die blare het 'n lengte van ongeveer 20 cm en nuwe bondeltjies word voortdurend op die dun blaarpunte ingevleg sodat die tou 'n stewige geheel vorm. Bindtoue word gewoonlik in lengtes van 6 tot 7 meter gevleg en kan varieer in dikte deur die stringe se blaarhoeveelheid te wissel. Volgens vroue wat ondervra is, lewer die wildekoffie (ikofe) 'n netjieser tou. Dit toon ook 'n opvallende gladder voorkoms as die bobbejaanstert=tou (isifunzi).

Bindtoue (intambo) word in water geweek voordat dit gebruik word. Dit kan 'n onbepaalde tyd geberg word. Dit is geneig om nadat dit gebind is, uit te droog en te rek, dog dit het volgens die bouers geen invloed op die stewigheid van die bindwerk in die hut nie.

#### 4.3 Dekgras

Dekgras word gebruik vir die vleg van die hutkroon (isiqongolo) die latere isihloti-kroon en vir die vervaardiging van die tradisionele hutteur, (isidada).

Twee soorte gras is gewoonlik gebruik, naamlik die gewone dekgras utjani (Schizachyrium semiberbe) en tamboekiegras (iqunga) (Cymbopogon sp. of Hyparrhenia sp.). Die tamboekiegras is vroeër as 'n onderdeklaag gebruik



om stewigheid en langer lewensduur aan die dak te verleen. Dit is moontlik vanweë die dikker en langer grashalm. Gewone dekgras vorm die meerderheid op enige grasdak. Tamboekiegras as onderlaag word nie meer in die huidige tyd gebruik nie. Albei soorte is volop beskikbaar in die vroeë en huidige woongebied, hoewel dit in die huidige KwaNdebele neig om skaarser te word weens oorbeweidings- en toenemende bevolkingsdruk. Gras is egter nog vrylik beskikbaar op plase en in die gange langs groot paaie. Gewoonlik word 'n grondeienaar se toestemming verkry sodat dekgras in groot hoeveelhede gesny kan word. Daar word gewoonlik op die plaas waar hulle woon, gesny en die bondels word deur die vroue en dogters teruggedra of per wa en trekker vervoer.

Die snyseisoen vir beide soorte gras is tussen April en September op die Hoëveld. Indien die reënseisoen ietwat laat was, is die gras gewoonlik nie ryp (geel) teen April nie maar eers teen die begin van Mei. Gras word deesdae met behulp van 'n sekel gesny, skoongekam van los en kort halms (ubuvila) en in bondels geplaas waarna dit in gerwe gebind word met behulp van 'n toutjie van vleigrashalms (waarskynlik Septocarpus paniculatus) wat gewoonlik in die omgewing beskikbaar is. 'n Gerf se standaarddikte wissel van 10 tot 15 cm. Tamboekiegerwe is gewoonlik dikker.

Indien dekgras nie dadelik benut word nie, word dit op 'n stellasië in 'n mied gestapel. Grassny is die vrou se taak. Sy en haar dogters vervoer ook die gras, bou die stellasië en stapel self die gras. Dit is nie bekend waarmee gras voor die gebruik van die sekel gesny is nie.

#### 4.4 Riete

Riete word gebruik om die hutomheining (isirhodlo) te bou. Twee tipes riete word gebruik, naamlik umgaba (*Phragmites* sp.) en isiduli (ook *Phragmites* sp.) Eersgenoemde is volgens kenners meer geskik omdat dit 'n dikker deursnit het. Die gebruik waarvolgens 'n getroude paar se eerste hut met 'n rietskerm (isirhodlo somgaba) afgerond word, het verval en daarom gebruik die Ndebele vandag glad nie meer riete as boumateriaal nie.

Albei soorte riet kom nog in beperkte hoeveelhede op die Hoëveld voor.

Dit word met 'n sekel gesny en in bondels met behulp van bindtou (intambo) vasgebind. Riete word in die droë seisoen (winter) gesny.

#### 4.5 Klip, grond, klei en beesmis

Grond, klei, beesmis, asook klippe maak 'n groot deel uit van feitlik alle strukture en woonruimtes in 'n Ndebelekraal. Klip word gebruik in die kraalomheining (ikura, umthangala), beeskraal (isibaya), die hofruimte (ibandla), hutplatform (umsamo) en hutmure (amaboda). Stapeltegnieke word elders beskryf (sien 5.10). Die gebruiksiintensiteit van klip is afhanklik van die beskikbaarheid daarvan in 'n bepaalde omgewing. Vergeelyk in die verband die groot omvang van die gebruik van klip in die Stoffbergomgewing (ou Mahlanguluwyk) waar klip maklik bekombaar is, teenoor die Bronkhorstspruitomgewing (KwaMarhinini) en die huidige KwaNdebele waar feitlik geen klip gebruik word nie omdat dit nie beskikbaar is nie. Hout in natuurlike staat en die gebruik van Westerse boumateriaal is die rede vir min klipgebruik vandag in KwaNdebele in strukture soos hutmure, isirhodlo-mure en veekrale. Die afwesigheid van hout in die Stoffbergomgewing het die Ndebele genoodsaak tot 'n groter mate van klipargitektuur veral by hut- en isirhodlo-mure, veekrale en platforms rondom die hut. Sedert die vorige eeu is die Ndebele bekend as vernuftige klippakkers en -bouers. Die standaard van klipstapelwerk by Mapochsgronde getuig van 'n deeglike kennis van die materiaal (sien ook 5.10).

Klip word, indien dit nie los beskikbaar is nie, met behulp van 'n ysterkoevoet (ingembo) losgemaak en dikwels in vervoerbare groottes sodat dit op 'n kruywa gestoot kan word, gekap.

Grondsoorte, klei, veral miershoopklei, en beesmis, word in verskillende hoeveelhede saamgevoeg (sien 5.1.2.4) om as messel- en pleistermengsels te dien by hutmure, vloere, bankies, trappe en allerlei verdikkings en vorms. Grond maak ongeag die tipe mengsel die grootste deel van die mengsels uit. 'n Tipe bogrond wat nie te sanderig, gruiserig of kleierig is nie, word gewoonlik op of in die omgewing van die bouterrein uitgehaal. Klei as bestanddeel in die mengsels is eintlik opsioneel deurdat dit slegs as bindmiddel gebruik word indien die tipe grond te sanderig is.

Miershoopklei is 'n belangrike komponent in die laaste twee stadia van pleisterafwerking by mure sowel as hut- en buitehutvloere. Miershope word oopgebreek en in hanteerbare stukke vervoer waarna dit fyn-gestamp word. Beesmis word in alle mengsels ingevoeg en as die ver-naamste bindstof gebruik. Die plantvesel in die mis dra grootliks by tot die bindkrag van die pleistermengsel. Vars beesmis word vir hierdie doel gebruik en in groot dromme en allerlei houers geberg indien dit nie dadelik benut word nie.

Die gereedskap wat gebruik word om hierdie boumateriaal te verkry, bestaan uit grawe, pikke, skottels, matte en sakke vir vervoer.

#### 4.6 Water

Die noodsaaklikheid van die gebruik van water by die bou-aksie spreek vanself. Water word in alle kleimengsels gebruik, bindtoue word daarin geweek en dit word gebruik om die gras van die graskroon (isiqongolo) mee te versag. Die beskikbaarheid van water naby die bousterrein is dikwels 'n probleem. Water word dan deur vroue aangedra in houers wat wissel van kalbasse en kleipotte tot plastiekhouders.

#### 4.7 Ander boumateriaal

Boumateriale wat nie reeds bespreek is nie, kan algemeen onder Westerse materiale geklassifiseer word. Die Ndebele het reeds sedert die Mapochoorlog vanweë noue kontak met plaasenaars 'n kennis van die Westerse tegnologie op so 'n skaal opgedoen dat hulle dit minstens in die tradisionele argitektuur kon aanwend as hulle wou. Afgesien van gereedskap soos die byl, saag, hamer, tang ensovoorts, is materiaal soos draad, spykers, sink, glasvensters, swaaideure en ander in toenemende mate by hul boumateriaal geïnkorporeer. Dit is opvallend dat hierdie moderne apparaat, gereedskap en materiaal nie onmiddellik en in groot hoeveelhede gebruik is nie maar in kombinasie met die tradisionele benut is. Daar is steeds geen beter dekllyn en toue vir algemene gebruik as die tradisionele intambo nie. Die bekendstelling van sement as boustof het ook sy uitwerking gehad. Afgesien van die kostefaktor, word dit toenemend gebruik in kombinasie met grond, miershoopklei en beesmis.

## 5 BOUPROSES

### 5.1 Die woonhut (indlu)

#### 5.1.1 Inleiding

Daar kan verskillende huttipes en ander strukture by die Ndebele onderskei word sedert hulle in Transvaal aangekom het en ook sedert hulle kontak met Blankes. Dikwels kan 'n ontplooiingslyn en verskeie tydsfases ten opsigte van elke afsonderlike boustruktuur aangedui word. Hierdie fases het 'n invloed op die verloop van die konstruksieproses. 'n Behandeling van hierdie variasie vereis dus aandag aan die bouproses self, maar ook aan die voorkoms van verskillende opeenvolgende hutvorms.

Die woonhut van die Ndebele het sover bekend deur drie hoof ontwikkelingsfases beweeg. Hierdie drie fases word onderskei ten opsigte van vorm. Die drie fases kan nie presies op 'n tydskaal afgebaken word nie. 'n Breë aanduiding van die oorgangstydperk van een fase na 'n volgende is wel moontlik. Hierdie oorgang het volgens die Ndebele nie drasties en konsekwent geskied nie. Vorms uit 'n vorige fase het kontemporêr met die volgende voorgekom. Die oorskakeling was geleidelik van aard. Binne elk van hierdie drie fases het daar addisionele vormverandering plaasgevind wat ook beswaarlik aan 'n tydskaal gekoppel kan word nie. Baie van hierdie vormveranderings is uit praktiese oorwegings aangebring.

Tek 15 Die drie hoof tipies wat dan onderskei word, is die volgende:

- Grashut of koepelhut (umtlhatlhana, umgudwana, umdlhodlhwana, umhlonywa phasi)
- Rondawelhut<sup>1)</sup> (icathane, irondawuli)
- Vierkantige en reghoekige hut (amarhayisi).

Hierdie verskillende huttipes is nie net van toepassing op die woonhut

---

<sup>1)</sup> icathane - Onder arbeidsverdeling is die feit gemeld dat enige eerste hut wat 'n egpaar bou as die icathane bekend staan. Die term het egter gekoppel geraak aan die tradisionele rondawelhut sodat dié tipe hut vandag onder die naam bekend staan.

nie, maar ook op alle ander hutsoorte soos die dogtershut, seunshut en andere van toepassing.

Die tydaanduiding vir elke fase kan soos reeds gemeld is, slegs by benadering aangedui word. Die grashut het in sy stadia en tipes tot ongeveer met die Mapochoorlog en direk daarna nog hier en daar voorgekom. Daar is sover bekend geen staande Ndebele grashut meer nie. Murasies van enkeles kon opgespoor word. Die rondawelhut was reeds voor die aanvang van die twintigste eeu aan die Ndebele bekend en het bly voortleef tot ongeveer 1950/1960. In KwaNdebele was daar sover vasgestel kon word in Januarie 1981 twee bewoonde tradisionele rondawels en twee murasies, n totaal dus van vier rondawelhutte. Tydens die ondersoek in 1978 en 1979 was daar in die totale Ndebelegebied (buite KwaNdebele) minstens nog vyftien tradisionele rondawelhutte waarvan slegs agt bewoon was. Vierkantige en reghoekige hutte het teen die begin van die eeu reeds op beperkte skaal voorgekom en is tans die heersende vorm.

### 5.1.2 Die graswoonhut (umtlhatlhana)

#### 5.1.2.1 Argeologiese terreine

Tydens die ondersoek is daar by die oudste identifiseerbare Ndebelewoonterreine waarnemings en afleidings gemaak ten opsigte van die vorm van die vroegste woonhutte. Geen opgrawings is gedoen nie. Twee terreine, naamlik by KoNomtjharhelo (Roossekakal) en KwaMnyamana (Bon Accord) is onder andere besoek. Die laasgenoemde terrein is volgens oorlewing die laaste waar die Ndebele as n gesamentlike verband onder Musi (1587) gewoon het (FOURIE 1921:30).

Tek 16

Die informante kon by KwaMnyamana en hierdie woonterreine slegs enkele strukturele oorblyfsels soos klipsirkels en gedeeltes daarvan wat aan hulle volgens oorlewing bekend was, uitwys. Afgesien van die veekrale is daar n aantal konsentriese klipsirkels op die periferie van die terrein wat volgens die hoër ligging daarvan woonhutte kon wees. Die sirkels was in sommige gevalle baie duidelik sigbaar. Meeste van die sirkels of muurtjies het geen duidelike hutingang getoon nie. Die opvallendste is die besondere klein deursnit, dikwels nie meer as twee

meter nie. Hierdie sogenaamde hutsirkels dui volgens informante daarop dat die vroegste grashut 'n konstruksie was wat bestaan het uit die bou van 'n lae klipsirkel, die plasing van pale (iinsikana) reg rondom aan die binnekant van die klipsirkel sonder om die latte in te plant. Indien hierdie pale nou oorgebuig word na die nokpunt soos by alle koepelhutte, druk die basis van die latte teen die klipsirkel vas en verleen stewigheid aan die hele raam nadat dit in die nok vasgebind is en die dwarslatte (amabalelo) aangebring is. Volgens oorlewering is die dekgras (utjani), so aangebring dat die sade oor die muurtjie gehang het. Die muurtjie is dan binne en buite uitgepleister. Volgens hierdie gegewens kan afgelei word dat die hut 'n opvallende koniese in plaas van koepelvorm gehad het. Sekere informante het beweer dat die kennis oor die hut uit oorlewering en geheue afkomstig is.

Dieselfde klipsirkels is by KoNomtjharhelo (Mabhogose vesting) waargeneem. Afgesien daarvan dat die sirkels beter behoue gebly het, is daar ook aanduidings gevind van omheinings (izirhodlo)-muurtjies. Die hutdeursnitte is hier effens groter, hoewel deursnitte van twee meter ook aangetref is. Informante het volgens oorlewering beweer dat dieselfde konstruksiemetode (dit wil sê met die gebruik van losstaande muurpale (iinsikana) soos by KwaMnyamana) hier toegepas is. Die grashutkonstruksie wat aan die oudste informante bekend was, het verskil van hierdie vroegste metode. Volgens hulle oorlewering is die muurpale in die grond ingeplant soos met die tipiese grashut van die Zoeloe en Swazi (KNUFFEL 1973; ZIERVOGEL 1957:15-21). Die tipe hut word dus gekenmerk deur die afwesigheid van die klipsirkel en is 'n latere bouwyse. Laasgenoemde feit maak dit dus moeilik om enige oorblyfsels van grashutte op die grondoppervlak uit te wys, sonder om van argeologiese opgrawingsmetodes gebruik te maak.

Tek 17

#### 5.1.2.2 Konstruksie van die hutraam

Die hut tipe wat hier beskryf word, is die later grashuttipe, dit wil sê die een waarvan die muurlatte in die grond geplant word. Die afmerke van die hutsirkel neem 'n aanvang deurdat 'n houtpen as senterpunt en 'n merke met 'n tou (intambo) verbind word volgens die verlangde radiuslengte. Hierdie tipe grashutte het 'n deursnit gehad wat gewissel het

van drie meter tot so groot as vyf meter. 'n Sirkel word dan op die grond met behulp van die merkpen getrek. Met behulp van 'n pik of koevoet (ingembo) word die gate vir die muurpale (iinsikana, izindi) al op die getrekte lyn afgemerk. Die gate kan enigiets vanaf 30 cm tot 60 cm uitmekaar wees. Hoe meer muurpale ingeplant word, hoe stewiger is die raamkonstruksie. Te veel pale bring egter probleme mee by die aansluiting in die nok waar die nok heeltemal kan vervorm as gevolg van die groot hoeveelheid vashegtingspunte. Te min muurpale veroorsaak andersins dat die raam en uiteindelik die hut nie 'n perfekte koepelvorm aanneem nie, asook dat die spanning van die dekgras op al die latte verhoog word. Vir 'n hut met 'n 3 meter deursnit kan ongeveer 17 tot 18 pale ingeplant word. Die gate word ongeveer 35 cm diep gegrawe. Die dikte van die muurpale by die basis is in die orde van 3 cm met lengtes wat kan wissel tussen 4 m en 6 m.

Die muurpale word in die gate geplaas en deeglik vasgestamp. Kleinere klippe word tesame met grond gebruik en met behulp van 'n houtkoevoet (umphini) ongeveer 100 cm in lengte, vasgestamp (ukudzidhela). Daar word noulettend gesorg dat die pale regop ingeplant word anders kan die hut-raam 'n verkeerde vorm aanneem tydens die oorbuig van die latte. Gelyktydig met die inplant van die pale word die hutvloer finaal skoongeskoffel. Tydens die inplant van die pale word die posisie van die hutingang so afgemerk dat dit na die beeskraal front. 'n Opening van ongeveer 80 cm breed word vir die deuropening toegelaat. Die deuropening is dus duidelik sigbaar nadat die muurpale ingeplant is.

Die volgende stap in die hutraamkonstruksie is die aanbring van die dwarslatte (amabalelo). Hierdie populierlatte, ongeveer 1,5 cm in deursnit by die basis, word in ewewydige rye ongeveer 20 cm uitmekaar, horisontaal met die grond op die muurlatte vasgebind. Die vashegting begin 6 tot 10 cm vanaf die grond. Die 6 tot 10 cm grondhoogte vergemaklik werk aan die laagste dekgraslaag. Die dwarslatte word met bindtouw op die muurpale vasgebind. Hoewel die dwarslatte ongeveer 20 cm ewewydig aanmekaar vasgeheg word, meet die bouers dit dikwels met die hand (ibanzi lesandla). Indien een dwarslat volgens sy lengte die wydte van 5 pale oorspan, word die volgende lat reeds op die vierde vashegtingspunt (4de muurpaal) aangebring. Die dwarslatte word so vasgeheg

dat die basispunte (dikste punte) aan die deurkosyn (umnyango) vasgebind word. Die kleimuurtjie (iboda) wat later binnekant die hut opgerig word, bedek die tweede ry dwarslatte van onder af. Die derde dwarslatry is ietwat dikker en dus stewiger om by oorbuiging van die muurlatte die raamvorm te behou. Indien 'n populierdwarslat moeilik buig, word 'n aantal snitte in die lat gekap sodat dit makliker buig, andersins word dit eers by die basis met die voet getrap en gebuig om dit meer elasties te maak. Die vierde dwarslatry word nou oorgebuig. Die vyfde ry oorbrug die deuropening en bepaal dus die hoogte van die ingang, dit wil sê ongeveer 1 m. 'n Dik muurpaal word reg in die deuropening ingeplant waaraan die oorbruggende vyfde dwarslat vasgebind word om te verhoed dat dit te veel inbuig, indien die muurpale later oorgebuig word. Die sesde dwarslat staan bekend as die umrabheleko of draaghout. Dit word saamgestel uit 3 tot 4 dunner latte wat in 'n bondel met bindtou spiraal-vasgedraai word. Hierdie spiraaldraaie is ongeveer 6 tot 7 cm uitmekaar. Die raam is nou gereed vir die oorbuig van die muurpale.

'n Middelpen of paaltjie word in die grond ingeslaan om die oorbuiging te sentreer. Die oorbuigingsproses begin met enige vier regoorstaande pale wat uit die 12- en 6-uur-posisies en 3- en 9-uur-posisies na mekaar gebuig word. Sodra hierdie vier pale versigtig oorgebuig (ukugobanisa) is, en die pale met bindtou in die nok gesentreer is, word die middelpen verwyder. Enige volgende regoorstaande pale word oorgebuig en in die nok vasgebind. Die punte van die iinsikana steek dikwels verby die nokpunt sodat dit die twee of drie boonste dwarslatte (amabalelo) oorspan. Sommige pale word vroegtydig korter gekap sodat die oorgebuigde punte daarvan net tot by die nokpunt sal strek. Eersgenoemde praktyk word verkies sodat die pale nie uit die nokpunt en ikatha-ring uittrek nie. Dit gebeur soms dat sekere pale by oorbuiging breek. 'n Dunner paal word dan langsaan ingevoeg. Hierdie paal word nie ingeplant nie maar bloot vasgeheg aan die gebreekte paal en die twee boonste dwarslatrye, dit wil sê die vyfde en die sesde (umrabheleko)-lat. Baie van hierdie muurpale breek net bokant die sesde dwarslat waar die buigingspanning die hoogste is. Ondervinding het geleer dat muurpale sonder enige sylote 'n geringe breekrisiko het.



die nok vasgebind. Die ikatha-ring bestaan, soos die umrabheleko-dwarslat, uit vier tot vyf latjies wat in 'n deursnit van 45 tot 50 cm met bindtou, spiraalgedraai (ukunghada) word. Die dikte van die ring is ongeveer 3,5 cm. Die twee ringe word een bo-op en een aan die binnekant van die nok en op mekaar vasgebind. Die ikatha-ringe het die funksie dat dit die oorgebuigde latte wat in die nok vasgebind is, verhoed om uit te trek uit die vashegting. Die binneste ring word eerste aangebring deurdat dit eers aan die nokpunt op die latte vasgetrek word. Hierna word die boonste ring slegs aan die onderste ikatha-ring vasge-trek.

Nadat die ringe aangebring is, word die nokpen (iwotlo) ingedryf. Dit is 'n populierpen wat aan die eenkant met 'n byl skerp gemaak is. Die iwotlo-pen (ongeveer 50 tot 60 cm) word aangebring sodat die graskroon (isigongolo) daaroor geplaas kan word. Die nokpen staan ook bekend as ihloko lendlu (kop van die hut). Die pen word van binne af na bo geslaan sodat die skerp punt reg in die middel deur enige beskikbare opening in die vashegtingspunt beweeg. Segsmanne beweer dat die iwotlo ook ingeslaan kan word, nadat die eerste vier muurpale aangebring is, om sodoende die pen sonder moeite perfek te sentreer. Albei moontlik-hede is aanvaarbaar.

Die oorblywende dwarslatrye word nou bokant die umrabheleko-dwarslat aangebring. Indien daar op enige plek op die raamboog 'n swakplek bestaan, dit wil sê waar die boog effe afgeplat is, word die volgende dwarslatte so aangebring dat die dik basisse van die latte op hierdie afplatting aan die insikana vasgebind word. Normaalweg versterk hierdie dikker latte dan die afplatting en bring die boog weer in proporsie. 'n Totaal van ses dwarslatrye word tussen die ikatha-ring en die umrabheleko-dwarslat vasgebind. Hoe kleiner die boog na bo word, hoe dunner is die dwarslatte wat vasgebind word. In die hele hutraam is daar dus 'n totaal van 12 dwarslatrye (amabalelo).

Die koepelvormige hutraam is nou voltooi. Daar word nou begin met die konstruksie van die veranda of tonnel (amawoba, amaturi of umgidwana) wat aan die deuropening geheg word. Volgens informante was daar volgens vorm 'n vroegste tonnel tipe en 'n latere verandatipe. Albei tipes

het saam voorgekom. Die wydte van die tunnel en die lengte van die veranda kon varieer.

Tek 19

Die tunneltipe-ingang is ongeveer 100 cm wyd en 100 cm hoog by die hutdeur. Die tunnel is 70 cm in lengte en die hoogte plat af na 86 tot 90 cm by die tonnelingang. Die wydte is 'n konstante 100 cm. Terwyl die gate vir die tonnelmuur gegrawe word, vind die konstruksie van die hut se deurboog (umnyango) plaas. Die boog word op dieselfde wyse spiraalgedraai met bindtou in 4 tot 5 cm populierlatjies. Die booglengte word so gemeet dat dit na buiging in 'n omgekeerde 'U'-vorm presies in die bestaande deuropening ('n reghoek) inpas. Die boog se twee basispunte word op die grond aan die deurkosyn en bo deur die vyfde dwarslat (imbalelo) vasgebind. Twee soortgelyke kleiner boë word vir die tunnel vervaardig. Nadat twee gate 70 cm vanaf die hutdeur en ongeveer 100 cm uitmekaar gegrawe is, word twee kort muurpaaltjies ingeplant en vasgestamp. Die voorste tunnelboog word op sy twee basispunte aan hierdie paaltjies vasgebind. Die agterste tunnelboog word ongeveer 25 cm vanaf die hutboog ingeplant. Die basispunte van die boog word effens ingegrawe sodat die hele boog 'n bietjie laer is as die hutdeurboog. Die twee boë en die umrabheleko word nou verbind met kort dakkappe (amakapa of amabalelo). Die boonste drie kappe rus op die umrabheleko-dwarslat van die hut aan die een kant, en bo-op die tunnelboë aan die ander kant. Dit gee aan die tunnel 'n dak wat met 'n helling vanaf die hut (110 cm) na die tunnelboë (86 cm) val. 'n Addisionele tien kappe, vyf aan weerskante van die twee boë, word nou vasgebind. Aan die hutkant word hierdie latte op die amabalelo van die hut vasgebind en op die ander kant op die tunnelboë. Die dwarslatte word nou bo-op die kappe vasgeheg sodat dit dieselfde vorm as die tunnelboog aanneem. 'n Totaal van vier dun dwarslatte word aangebring.

Tek 20

Die verandatipe -ingang tot die hut was 'n latere ontwikkeling uit die tunnelkonstruksie. Dit het dikwels in grootte die vorm van 'n addisionele vertrek aangeneem. Die eerste tipes het volgens segsmanne bloot bestaan uit twee oordakte sitruimtes weerskante van die hutdeur. Daar word ook soos in die geval van die tunnel 'n verandaboog gekonstrueer ongeveer 100 cm vanaf die hutdeurboog. Ongeveer parallel met die hutdeur word 3 tot 4 muurpaaltjies (iinsikana) weerskante van die veranda=

boog ingeplant. Die paaltjies vorm die verandamuur. Bo-op die muur=paaltjies word 'n draaghout (umrabheleko) vasgebind. Gewoonlik word paaltjies met mikke uitgesoek sodat die umrabheleko binne-in die mikke lê. Vir elke muurpaaltjie word daar dakkappe aangebring. Die kappe, net soos in die geval van die tonnel, rus aan die een kant op die hut se umrabheleko en val afwaarts waar dit aan die ander kant op die umrabheleko van die verandamuur vasgebind word. 'n Aantal (5) dwarslatte (amabalelo) word nou tussen die twee umrabheleko-latte bo-op die verandakappe vasgebind.

Tek 37

Die verandamuur, dit wil sê die voormuur en die twee dwarsmuurtjies, kan op twee metodes gebou word. Enersyds word van muurlatte (amakgokgo) gebruik gemaak en andersyds word dit met klip en messelwerk opgebou (sien 5.1.3.4). Die amakgokgo-muurlatte bestaan uit 'n groot aantal dun latjies wat vertikaal styf teenmekaar soos 'n skerm, as 'n muur opgerig word. Deur middel van twee dwarslatte weerskante van die paaltjies word die latjies vasgebind en in posisie gehou deur die verandamuurpale waar-aan die dwarslatte vasgebind word. Die latjies word met bindtou individueel tussen die twee dwarslatte deurgevleg (ukunghada). Daar is twee rye dwarslatte 15 cm en 40 cm onderskeidelik van die grond af. Die lengte van die amakgokgo-muurlatte is sodanig dat 'n ventilasie-opening van ongeveer 15 tot 20 cm tussen die latte en die dak oopgelaat word. Die muurlatte word op dieselfde wyse aan die twee dwarsmuurtjies van die veranda aangebring. Die twee vashegtingspunte van die dwarslatte is dan die tweede hut-imbalelo en die hoekpaal (isikana) van die veranda.

Die hutraam is nou volledig voltooi. Dit bestaan uit die koepelvormige raam plus die tonnel- of verandaraam.

### 5.1.2.3 Dekwerk (ukufulela)

Die volgende stap in die hutkonstruksie is die dekwark (ukufulela). Buiten die twee genoemde grassoorte, naamlik tamboekie (iqunga,  $\pm$  260 cm) en kort dekgras (utjani omfishane,  $\pm$  100 cm), word bindtou (intambo) en 'n deknaald (ihlabo) benodig. Die deknaald is 'n platgekerfde populierlat met twee naalddate waardeur die bindtou gesteek word en is ongeveer 30 cm in lengte. Bejaarde informante beweer dat die Ndebele vroeër nooit

Tek 21

met 'n deknaald gedek het nie, maar bloot met die hand en dat die deknaald van die Blanke oorgeneem is. Dekwerk aan die grashut kan in vier fases uiteengesit word.

Tek 22 Daar is reeds melding gemaak van die tamboekiegras (iqunga) wat as onderlaag gedek word. Die tamboekiegras word in gerwe regaf rondom die hut geplaas, losgemaak en eweredig ongeveer 7 cm dik, rondom die hut uitgesprei (ukuseka). Die gras word met behulp van deklatte (imbalelo yokufulela) op die tweede hutdwerslat (imbalelo) reg rondom die hut vasgetrek. Vanweë die lengte van die tamboekiegras steek dit ver bo die hutraam uit. Die sade van die gras word tydelik met 'n tou rondom die hut vasgemaak, totdat die boonste deklaag aangebring word. Daar word geen tamboekiegras bokant die deurboog of om die veranda of tunnel geplaas nie, anders kan dit dekwerk boontoe belemmer.

Tek 23 Die tweede stap behels die aanbring van dekgras (utjani) met die sade na bo. Dié van die tunnel word eerste aangebring. Die gras word met die basis na onder op die grond geplaas en met behulp van 'n deklat op die onderste tunnel-imbalelo vasgetrek. Gelyktydig hiermee word die gras bokant die deurboog vasgeheg op so 'n wyse dat die grasbasisse gelyk met die boog hang. Die tunneldeklaag word by die tunnelboog so gewysig dat die grasbasisse vanaf die grond saam met die boogvorm opwaarts draai en vasgeheg word. Daar is 'n oorhang van  $\pm$  17 cm bo-oor die tunnelboog. In die geval van 'n verandadak word dié gras op dieselfde wyse gedek sodat die sade na die hutdeur se rigting wys. Hierdie eerste grasdeklaag word dan reg rondom die hut bo-op die tamboekiegras onderlaag gedek. Die gras word op die derde hut-imbalelo vasgetrek met die grasbasisse op die grond en sade na bo. Die deklatte word aan die onder-ente skerp gesny sodat dit nie onnodige verdikking veroorsaak nie.

Die derde fase is naamlik waar alle verdere dekwerk gedoen word met dekgras waarvan die sade grondwaarts wys. Die eerste van hierdie lae word op die vierde hut-imbalelo vasgetrek sodat die sade op die grond lê. Die tunnel word op dieselfde wyse gedek deurdat die gras op die vierde tunnel-imbalelo vasgetrek word en die sade n ent (30 cm) oor die dakpunt hang. Die deklaag by die tunnel word op dieselfde wyse gedraai

om te bewerkstellig dat die grassade op die tonnelvloer lê. Hierdie deklaag by die tonnelgras sluit aan by dié van die hut. Die afstand tussen die deklatte en grasbasisse is by beide die tonnel en die hut 'n konstante 50 cm, wat meebring dat die grasbasisse aan die vyfde hut-imbalelo raak. Die oorhangende grassade by die tonneldak word vervolgens gelyk gesny met die onderlaag. Die volgende deklaag word op die vyfde hut-imbalelo vasgetrek. Op hierdie stadium word die deklaag van die tonnel en hierdie laag tesame op bogenoemde dwarslat vasgetrek. Grassade van hierdie tweede laag hang ongeveer 15 cm vanaf die grond. Op hierdie wyse word daar op elke hutdwarslat 'n deklaag vasgebond tot op die hoogste en laaste dwarslat net onderkant die ikatha-ring. Die grasbasisse strek tot teenaan en rondom die iwotlo-nokpen.

Tek 24

Die volgende stap behels die plasing van spreilae aan die binnemuur van die hut. Volgens die bouers was hierdie spreilaag nie altyd nodig nie. 'n Spreilaag se funksie is om te verhoed dat grassade deur die hutraam na binne hang. Indien die tamboekiegras (iqunga) egter goed gekam word, is 'n spreilaag nie nodig nie. In die geval waar dit wel benodig word, word die eerste spreilaag geplaas met grasbasisse gelyk met die umrabheleko-dwarslat. 'n Spreilaag word so geplaas dat dit drie dwarslatte oorspan. 'n Spreilaag bestaan uit klein bondeltjies gras wat van binne af tussen die hutraam en die dekgras met die sade na boontoe uitgesprei word. Sodoende word die grassade van die deklaag toegesprei. Die tweede spreilaag se basis lê teenaan die derde dwarslatry bokant die umrabheleko-dwarslat, dus die negende ry vanaf die grond en sodat dit die basisse van die eerste spreilaag toemaak. Hierdie spreilaag se sade strek tot teenaan die nokpen (iwotlo).

Tek 25

Die vervaardiging van die grashutkroon (isiqongolo) vind volgende plaas. Dit is 'n kroon wat bo-oor die nokpen (iwotlo) geplaas word om die hut 'n afgeronde voorkoms te gee asook om die nok waterdig te maak, en tesame met die ikatha-ring en toue wat hierna bo-oor die kroon geplaas word, die netwerk af te rond. Gewone dekgras word gebruik om die graskroon te vervaardig. 'n Paar gerwe gras word oornag in water gelê om dit te laat sag word en 'n bewerkbare tekstuur te laat verkry. Die volgende oggend word die halmbasisse eers met 'n swaar voorwerp (klip of byl) gekneus. Die gras word dan in bondels van 20-30 halms

verdeel en ongeveer 20 cm vanaf die basis omgebuig. Elke bondeltjie word nadat dit omgebuig is, met bindtou vasgebind en die verskeie bondeltjies weer aanmekaar vasgebind. Op hierdie wyse word 'n mat van grasbondsels verkry ongeveer 100 cm in lengte. 'n Tydelike nokpen (iwotlo) word gekap en die kroonmat word om hierdie pen spiraalgewys opgerol. Ongeveer 20 cm onderkant die laagste ry bondeltjies word 'n bindtou spiraalgedraai (ukunghada) sonder om 'n spasie tussen die bindsels oop te laat. Hierdie tou laag is ongeveer 8 cm breed en word dan vasgeknoop. Die kroon, wat nou die voorkoms van 'n grasbesem (umthanyelo) het, is ongeveer 15-20 cm in deursnit.

Tek 26 Op hierdie stadium word die derde en buitenste ikatha-ring voorberei. Dit is ietwat groter in deursnit (45 cm) as die ander en 'n groot hoeveelheid lang bindtoue (ongeveer 50) word aan die ring vasgemaak. Die kroon is nou gereed om op die hut geplaas te word. Die tydelike nokpen word uit die kroon getrek en die kroon bo-oor die permanente hutnokpen (iwotlo) gedruk. Die kroon druk gewoonlik die nokpen na onder, wat beteken dat die pen weer van binne af na bo deur die kroon gedryf moet word. Die grassade van die kroon sprei vanself rondom die kroon sodat dit 'n eenheid vorm met die deklae. Die ikatha-ring met toue word nou bo-oor die kroon geplaas. Die ikatha-toue word eweredig rondom die hut gesprei en nadat dit styfgetrek is, op die heel onderste dwarslatry van die hutraam vasgebind. Een persoon moet die ikatha-ring in posisie hou anders trek dit skeef sodra die toue onder op die dwarslat vasgebind word. Die ikatha-ring word daarna ook deur die grasdak op die binneste ikatha-ringe vasgeknoop. Die toue trek die ring op die graskroon vas. Hierdie ikatha-toue het by sommige Ndebele-informante as intamboyogika bekend staan.

Tek 27 Die dwarstoue wat nou hier ingevleg word om die tounet te vorm word die intambo yongadiwe (toue wat ingevleg word) genoem. Die inweef (ukunghada) van die dwarstoue begin heelbo by die ikatha-ring. Die toue word dwars in die vertikale toue ingeweef (dus bo-oor en onder deur) en dan so herhaal. Die dwarstoue word in ewewydige lae van ongeveer 10-12 cm uitmekaar geweef. Daar kan 20 sulke dwarstoue wees. Dit bring mee dat die hele net uit 'n totaal van minstens 70 toue kan bestaan. Die hoof funksie van hierdie ikatha-toue is om die dekgras plat te druk en die hut sy finale afgewerkte voorkoms te gee. Dikwels word addisionele toue ingevoeg indien die bouers voel dat daar nog grassade uitsteek. Hierdie toue word almal ewewydig aan mekaar ingevleg.

#### 5.1.2.4 Pleister- en messelwerk (ukusinda)

Pleister-en messelwerk word by die grashut op die volgende plekke aangebring: die verandamure (amaturi, amawoba), die bankie (umsamo) binne die hut, die binnehutmuurtjie (iboda, umgigidwana), die hutvloer (iphasi) en die vuurherd (iziko).

Pleister-en messelwerk geskied in 'n bepaalde volgorde:

- Die beesmis en grondmengsel word met die vingers aangeplak (ukupara)
- Die mengsel word dan bo-oor die geplakte droë muur met die handpalm gelyk gesmeer (ukurhaya)
- 'n Mengsel van beesmis en miershoopklei word dan met 'n gladde rivierklip glad gepoleer (ukutshidza);
- hierna word die muur met mis gesmeer (ukukguphula)

Die eerste drie stappe staan tesame bekend as ukusinda (om te pleister).

Die pleistermengsels word gewoonlik met die hand voorberei terwyl water in verlangde hoeveelhede bygevoeg word. By die derde stap (ukutshidza) word gebruik gemaak van 'n gladde rivierklip (itshidzo) om die polering mee te doen. Vloere word in lae opgebou en moet vanweë die baie beweging en slytasie deeglik vasgestamp word. Vir hierdie doel word 'n houtstamper (isibhulo of isibando) gebruik. Die stamp-of vasslaanaksie staan bekend as (ukukhongothela).

Tek 28

Die verandamuur word nadat die muurlatte (amakgokgo) vasgeweef is, met 'n mengsel van grond (ihlabathi) en beesmis (ubulongwe) wat met water benat is, geplak (ukupara). Alternatiewelik kan die verandamuur met klip en bogenoemde mengsel opgebou word. Sodra die geplakte mengsel gedroog het, volg die tweede stap (ukurhaya) om die muur met dieselfde mengsel met die handpalm gelyk te smeer.

Na afdroging word die muur afgerond deur dit met 'n mengsel van miershoopklei en beesmis te smeer en glad te poleer (ukutshidza). Die finale stap volg wanneer die muur met waterverdunde mis gesmeer word. Swart

of wit klei kan by die mengsel gevoeg word om dit te kleur.

Die hutbankie (umsamo) wat agter in die hut opgerig word, word opgebou uit klip en dieselfde grond-en-beesmismengsel. Die afrondingsproses geskied op dieselfde wyse as by die verandamuur. Die umsamo-bankie het volgens segslui nie 'n religieuse funksie soos by die Zoeloe nie. Dit funksioneer bloot as 'n sit en bergplek. Die gemiddelde afmetings van die umsamo is 33 cm in hoogte, 190 cm in lengte en 32 cm in breedte. Die binnehutmuurtjie (ibodana) word gebou om die hut teen brandgevaar te vrywaar. Die muurtjie word tot die hoogte van die tweede dwarslatry al langs die muur van die hut gebou. Die muurtjie word sonder klip volgens dieselfde proses as hierbo beskryf is, opgebou en gepoleer en is ongeveer 15 cm in dikte. Iemand wat per ongeluk 'n kool vuur uit die vuurherd teen die binnemuur sou skop, sal dan nie 'n brand laat ontstaan nie.

Die hutvloer (iphasi) word uit verskeie lae opgebou. Eerstens word die bogrond losgeskoffel en deeglik benat. Nadat die bogrond drooggeword het, word 'n laag bestaande uit beesmis en klei aangeplak (ukupara). Hierdie laag is ongeveer 5 cm dik. Nadat hierdie laag afgedroog het, word 'n tweede laag klammerige grond bo-op die vorige laag met 'n houtstamper (isibhulo) vasgestamp. Hierdie laag is minstens 20 tot 30 mm dik en word sover moontlik waterpas en gelyk gemaak. Sodra die laag droog is, begin die finale fase van vloeropbouing volgens die vierstapmetode soos vir hutmure (5.1.2.4).

### 5.1.3 Die rondawelwoonhut (icathane)

#### 5.1.3.1 Argeologiese terreine

Tydens die ondersoek is meer as twintig ou Ndebelewoonterreine besoek met die oog op korrekte rekonstruksie van die vroegste rondawelhutte. Die ondersoek van die hutoorblyfsels het veral ten doel gehad om gegewens te verkry oor die afmetings van mure en ruimtes in en om die tradisionele rondawelhut. Die terreine wat besoek is, is onder andere op die plaas Waterval (184JS) tussen Groblersdal en Stoffberg, op die plaas Renosterhoek (180JS), woonplek van kaptein Jack Mahlangu in die



Nebodistrik, Bothasberg naby Stoffberg op die plaas Kafferkraal (181JS); op die plase Wallmannsthal (278JR), Haakdoringlaagte (277JR), Welgelegen (221IR) en oorblyfsele van twee rondawelhutte te Weltevreden (158JR). Die beste inligting is verkry van terreine in die Stoffbergomgewing.

Uit opmetings by hutoorblyfsele, inligting van informante en gegewens uit nog bewoonde rondawelhutte, was dit duidelik dat die rondawelhut sedert dit as tipiese bouvorm beslag gekry het, heelwat vormveranderings ondergaan het. Hierdie vorms kan in 'n chronologiese volgorde geplaas word. 'n Hele aantal van hierdie vormvariasies het ook gelyktydig voorkom. Die vormvariasie kan veral ten opsigte van die volgende aange-teken word :

- die dubbelmuur en veranda (amaturi)
- hutdeursnit, muur-en dakhoogte
- boumateriaal
- dekwerk
- versiering
- Westerse invloede

In die uiteensetting wat volg, word die konstruksie van 'n tipiese Ndebelerondawelhut bespreek. Afmetings is gebaseer op 'n soortgelyke hut wat onder leiding van ses Ndebelemans te Botšhabelo, Middelburg, Tabel 4 tussen 18 Mei en 23 Mei 1979 gebou is. Hierdie afmetings kan vergelyk word met dié van 18 ander rondawels wat in tabelvorm elders verskyn (sien ook 5.1.3.6).

#### Tek 29 5.1.3.2 Konstruksie van die hutraam

Die volgorde waarin 'n Ndebelerondawelraam gekonstruteer word, is die inplant van die muurpale (iinsikana); die vashegting van die draagbalk (umrabheleko); die plasing van die kappe (ukuphanyaka); vashegting van die dwarslatte (amabalelo) en die aanbring van die muurlatte (amakgokgo) indien nodig.

Die uitmeet van die hutsirkel geskied op dieselfde wyse as in die geval van die grashut (umtlhatlhana). By die rondawel word 'n binnedeursnit

van 454 cm afgemerk. Gate ongeveer 40 cm diep word gegrawe vir die plasing van die muurpale (iinsikana). Omrede die rondawelhut 'n dubbelmuur (amaturi) het, word daar vir laasgenoemde ook gate gegrawe maar gewoonlik eers nadat die hutmuurpale ingeplant is. 'n Hutmuurpaal staan bekend as iinsikana zeboda terwyl die korter verandapale as iinsikana zamaturi bekend staan. Die Ndebele gebruik 'n handboor om gate aan die bopunte van die muurpale te boor waar die stutpenne (izikhonkwane) ingeslaan word. Die boorwerk word op die grond gedoen voordat die pale ingeplant word. Die gat word met 'n boordikte van ongeveer 2 cm met 'n hoek van 45° met die vertikale lyn skuins na onder geboor. Die houtpenne (isikhonkwane) bestaan uit 'n populierpen van geskikte dikte wat effens skerp gemaak word aan die een punt sodat dit makliker deur die gat gedryf kan word. Die penne word ingeslaan sodat dit ongeveer 12-13 cm na binne uitsteek om die umrabheleko te ontvang. Volgens segsmanne word penne van die Gewone Haakdoring (Acacia caffra) (umtholo) verkies, omrede dit die gewig van die dakkappe beter kan dra. Penne word slegs ingeslaan indien daar nie 'n natuurlike mik in die bopunt van die paal voorkom nie. Populierhout het relatief min mikke wat tot gevolg het dat penne in die meerderheid gevalle gebruik moet word.

Tek 30

Behalwe vir die deuropening (65 cm) word al die pale min of meer ewe ver uitmekaar, (gemiddeld 82 tot 110 cm) geplaas. Die deur front ook soos in die geval van die grashut na die beeskraal (isibaya). Indien die deur om een of ander rede nie na die beeskraal front nie, behoort minstens die deur van die omheining (isango lesirhodlo) na die beeskraal te front. Die deur van die hut en die van die omheining behoort nooit reg oormekaar te wees nie. So kan daar 'n totaal van 15 binnemuurpale ingeplant word. Nadat die wydte, 136 cm in dié geval tussen die buitemuur en binnemuur bepaal is, word die korter buitemuurpale (iboda lamaturi) beginnende by die deur (56 cm deursnit) vasgestamp. Ook hierdie pale word van houtpenne voorsien. Daar kan 16 muurpale ongeveer 137 cm uitmekaar ingeplant word. Daar kan voorsiening gemaak word vir namaturi-deur (52 cm) wyd aan die agterkant van die hut. Die grondhoogtes vir die binnemuur- en buitemuurpale is 194 cm en 140 cm onderskeidelik. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie beskrywing voorsiening maak vir 'n hut met 'n driekwart rond buitemuur.

Tek 31 Die vashegting van die umrabheleko (draagbalk) is die volgende stap. In die geval van die rondawel word die term draagbalk gebruik omrede die dakkappe werklik daarop rus. In die geval van die grashut (umtlhatlhana) is dit as 'n dwarslat beskou omrede dit behalwe vir die kappe van die verandatunnel, nie gewig gedra het nie maar eerder die funksie van 'n dwarslat (imbalelo) vervul wat 'n belangrike rol speel om die hutraam by oorbuiging te verstewig. Informante gebruik dieselfde term vir albei hutte. Hierdie draagbalk by die rondawel word op dieselfde wyse vervaardig as die een by die grashut. Die latte wat gebruik word, is egter merkbaar dunner (4-5 cm per lat). Die dik ente van die latte word effe afgeplat om dit meer buigbaar te maak. Die latte word eers op die houtpenne en die muurpale (finsikana) vasgebind voordat dit spiraal vasgedraai word met bindtou. Hierna word 'n soortgelyke draagbalk op die amaturi-pale aangebring. Om te verhoed dat die spanning wat die twee draagbalke veral van die van die binnemuur as gevolg van die dak moet dra, te veel is, word die muurpale van die buitemuur (amaturi) min of meer regoor 'n binnemuurpaal, die radius in ag genome, ingeplant.

Tek 32 Die dakkappe (amakapa) word nou voorberei vir plasing op die muurpale. Die eerste twee kappe word tesame met die hanebalk of stutkap (dwarsbalk) en nokpen (iwotlo) volledig op die grond deur middel van houtpenne aanmekaar geslaan. Die konstruksie begin deurdat die twee kappunte, effe afgeplat word met 'n byl, 'n gat in elk geboor word, terwyl die twee kappe in 'n V-vorm gestrek word. In die nokpen word twee gate geboor. Die boonste gat op 'n afstand waarvolgens die nokpen die verlangde afstand bokant die kappe moet uitsteek en 'n tweede gat ongeveer 25-30 cm laer af. Die eerste houtpen word nou ingeslaan sodat dit deur die eerste kappgat, deur die boonste gat van die nokpen (wat in die middel van die twee kappe geplaas word) en deur die tweede kappgat, steek. 'n Dwarsbalk (hanebalk) (iphahla) word nou in horisontale posisie ongeveer 25-30 cm laer as die nokpunt aangebring. In hierdie balk word 'n gat geboor regoor die onderste gat van die nokpen, waarna daar 'n houtpen deur hierdie balk en die nokpen geslaan word. Op die interseksie van die twee dwarsbalkpunte en die twee kappe word twee gate geboor en die dwarsbalk op die twee punte met penne aan die kappe vasgeslaan. Hierdie kapeenheid wat met vier houtpenne aanmekaar

geslaan is, word nou bo-op die muurpale geplaas. Veronderstel dat die twee regoorstaande kappe op die 12- en 6-uur-punte van die muurpale rus, dan word 'n bindtouw vervolgens aan die nok vasgemaak en op die 3-uur- en 9-uur-punte op die muurraam vasgemaak, sodat die kappe in 'n vertikale posisie bly. Die kappe strek in lengte verby die buitemuurpale.

Nadat die nokpunt gesentreer is op die middelpen van die hutvloer, en die dwarsbalk min of meer waterpas geskuif is, word die volgende twee kappe voorberei. Hierdie twee kappe word aan hulle nokpunte van gate voorsien op die punte en 'n houtpen deur elk afsonderlik geslaan. Hierdie derde en vierde kappe word dan op die 3-uur- en 9-uur-posisie in die plek van die tou geplaas en deur middel van bindtoue aan elk se onderskeie houtpenne op die nokpunt vasgetrek. Die penne verhoed dat die derde en vierde kap uit die nok uittrek. Vervolgens word daar houtpenne op die kappe van onder af ingeslaan, op die interseksie van die kap en die twee draagbalke (imirabheleko). Indien die houtpenne dan ingeslaan word, kan die kappe nie verder afgly of uittrek nie.

Tek 33

In hierdie geval word 'n dubbelmuur reg rondom die hut gebou. In sekere gevalle, veral by die vroegste rondawelhut, het die dubbelmuur eerder die voorkoms van 'n veranda (ikepisi) gehad. Later het dit in 'n dubbelmuur half rond, driekwart rond en dan soos in hierdie geval reg rondom ontwikkel. Die vroegste vorms het dikwels saam met laasgenoemde voorkom. In die gevalle waar die dubbelmuur nie reg rondom gebou word nie, is die kappe by die binne muur afgekap of gesaag. Die res van die kappe word nou ook twee-twee deur middel van gate in die nok soos die vorige regoor mekaar vasgemaak en deur middel van houtpenne wat by die draagbalke in die kappe ingeslaan word, bevestig. Indien die ruimte in die nok te beknop word vir die laaste paar kappe, word die boente van die kappe net deurgeboor en dan slegs met behulp van bindtoue deur die gate op die nok vasgetrek. Die kappe word nadat almal geplaas is (ukuphanyaka of ukupapela) op die twee draagbalke (umrabheleko) vasgebind en die oorhangende punte ongeveer 30-40 cm vanaf die buitemuur afgekap. 'n Tweede dwarsbalk word onderkant die eerste een aan die derde en vierde dakkap vasgeslaan. Hierdie dwarsbalk tesame met die boonste balk, verseker dat die dakraam op vier punte (12-, 3-, 6- en 9-uur) versterk is. Hierdie tweede dwarsbalk (ook hanebalk) vry-

Tek 34

Die dekproses is dieselfde as by die woonhut. Al die dekmodes, naamlik die tradisionele wyse met 'n tamboekiegras (iqunga) onderlaag; en afwysende grassade; die dekspaanmetode en trapdekmodes; het ook by die rondawel seuns- en dogtershutte voorgekom. Vanweë die korter dakkappe steek die tamboekiegrassade verby die nokke en word dan op die nokpunt afgesny. Die deklat (imbalelo yokufulela) van die boonste deklaag strek tot ongeveer 30 cm vanaf die nokpunt. 'n Totaal van sewe deklae word aangebring. Twee spreilae op die vierde en op die sesde dwarslat word aan die binnekant aangebring. Die kroon wat op die hut geplaas word, is die isihloti-tipe wat volledig elders (5.1.3.3) beskryf is. Die isiqongolo-kroon kon nooit op 'n seuns- of dogtershut aangebring word nie. Voordat die kroon oor die nokke geplaas word, word 'n aantal los gerwe rondom die nokke radiaal gesprei sodat die kroon en die dekgras saamsmelt. Vervolgens word die boonste ikathar-ring aangebring.

Indien die hutmuur uit muurlatte (amakgokgo) opgebou word, word die paaltjies saam met die hutraam vasgebind. Andersins word die muur uit klip en die standaard grond-en-beesmismengsel opgebou. Die selfde verskeidenheid van hutmuurtipes wat by die rondawelhut (icathane) beskryf is, kan ook by die dogters- en seunshut voorkom. Geen umsamo-bankie word ingebou nie, maar daar kom in die huidige tyd wel 'n vuurherd (iziko) in albei tipes voor.

Tek 47 Die deur wat by die seuns- en dogtershutte gebruik word, is die tipiese matdeur (isidada). Segslui het beweer dat die gras- en rietmat deur (sien 5.1.3.5) ook by die kleiner rondawels gebruik kon word. 'n Alternatiewe vervaardigingsmetode is deur slegs van gras gebruik te maak. Hiervolgens word grasbondeltjies bestaande uit 20 tot 30 halms ook aan mekaar vasgebind in 'n weefbondel. 'n Weefbondel bestaan uit twee kleiner bondeltjies met 20 tot 30 halms elk wat in teenoorgestelde rigtings wys en met bindtou aan 12 tot 13 ander weefbondels in 'n mat vasgeweef (ukunghada) word. Die breedte van die mat kan dan ongeveer 50 cm wees en die lengte 90 tot 100 cm. Drie stokke, twee op die kante en een in die middel word vertikaal op die lengte van die deur vasgebind. Die weefbondels word aan die bo- en onderkant van die halms met bindtou vasgeweef en daarna word 'n addisionele drie toue op ewewydige afstande

vanmekaar in die middel ingeweef.

#### 5.2.2.4 Die vierkantige en reghoekige seuns- en dogtershutte

Soos reeds genoem is, is die eerste reghoekige woonstrukture (amarhayisi) wat die Ndebele gebruik het, as dogtershutte of as seunshutte gebou. Behalwe dat die seunshut, normaalweg effe groter as die dogtershut is, is daar geen verdere vormverskil tussen die twee nie. Die afmetings van 'n tipiese irhayisi labantazana is ongeveer 230 x 320 cm met 'n muur= hoogte van 146 cm en deurwydte van 67 cm. Die aanbring van 'n bankie agter in die hut ongeveer 20 x 20 cm is opsioneel. Hierdie bankie staan ook as umsamo bekend, maar het nie die twee platforms aan weerskante soos by die woonhut nie. Die verskeidenheid daktipes wat by die woonhut voorkom, is ook moontlik by dié hut.

Vroeër is hierdie hutte ook met die tradisionele isidada-deur toegemaak, dog die gebruik van die verskillende stadia van die swaaideur was ook mettertyd hier ter sprake.

Omrede die seuns- en dogtershutte in die huidige tyd ook as kookhutte (izibuya) gebruik word, het die grootte daarvan vandag toegeneem. Die gebruik van Westerse deurgroottes, vensters, ensovoorts het ook verder tot hierdie verskynsel bygedra.

#### 5.3 Die doktershut (indlu yenyanga)

Hierdie hut het vroeër baie selde voorgekom. Die hut tipe kan dus as uitsonderlik beskou word. Vroeër was dit slegs vernam dokters, veral die stamhoof se dokters wat sodanige hutte gebou het. Die funksie van die doktershut was uitsluitlik dié van 'n konsultasieruimte en bergplek vir 'n verskeidenheid medisynes en apparaat. Die vorm van hierdie hut het ooreengestem met die besondere tipe woonhut wat op 'n bepaalde tyd gebruiklik was. Selfs in die huidige tyd in KwaNdebele besit kragdokters soms hul eie privaat doktershut. Daar is geen spesifieke plasing van die soort hut in die kraal nie. Dit word meesal in die omgewing van die hoofhut (indlunkulu) aan die ubunene-kant gebou. Dikwels word 'n ontruimde dogtershut (iphunyana) vir die doel gebruik.

#### 5.4 Die kookhut (isibuya)

Die kookhut as 'n afsonderlike boustruktuur was tradisioneel onbekend aan die Ndebele. Die kookaktiwiteite is in die opelug in die kookruimte (isibuya) gedoen en binne in die woonhut (indlu) en dogtershut (iphunyana) in die geval van ongunstige weersomstandighede. Om hierdie rede het die dogtershut ook bekend gestaan as indlu yokupheka oftewel hut om in te kook. Sedert die vergroting van die dogtershut as gevolg van die toenemende gebruik daarvan as 'n kookruimte en die gepaardgaande verdwyning van 'n duidelik gedefinieerde opelugkookruimte (isibuya), is laasgenoemde term ook aan die oorspronklike dogtershut toegeken en staan dit vandag allerweë as isibuya bekend. Reeds in die vyftigerjare van hierdie eeu was dit duidelik dat die kookhut of kombuis 'n groter rol begin vervul ten opsigte van ruimte wat dit beslaan (SPENCE en BIERMANN 1954:39). Volgens hierdie skrywers se skematiese voorstelling van 'n kraal, waarskynlik van die Manala naby Pretoria, is drie uit die nege strukture kombuise of kookhutte (izibuya) wat nie veel kleiner as die aangeduide woonhutte is nie. Daar bestaan wel 'n isibuya-ruimte tussen twee van die kookhutte maar die isibuya-ruimte is in een spesifieke geval tydens die bou van die kraal heeltemal weggelaat. Wanneer 'n Ndebeleman vandag 'n kraal bou, sal hy altyd 'n isibuya-hut bou. Dit het 'n essensiële struktuur in die kraal geword.

#### 5.5 Die inisiasieskerm (isirhodlo sabasegwabo)

64 Tek Weens die huidige gedesentraliseerde aard van die Ndebele-inisiasieskool, veral sedert 1883, vind die totale seremonie vandag by 'n erkende wyks-  
hoof of distrikshoof of selfs 'n erkende leiersfiguur onder 'n aantal plaaswerkers plaas. Vir die doel van die ukukhonga-fase word daar vir die inisiantie 'n tydelike skerm by hierdie man se kraal opgerig. Alle inisiantie in die omgewing kom dan by hierdie kraal byeen. Hierdie skerm (isirhodlo sabasegwabo) word deur die inisiantie self gebou uit riete (umgaba of iinduli), takke (amahlaha) of selfs enige ander beskikbare omheiningsmateriaal. Dit word aan enige kant van die kraal (umuzi) waar ruimte beskikbaar is, opgerig. Dit hoef ook nie in afsondering opgerig te word nie. Die grootte van die skerm hang af van die hoeveelheid inisiantie wat deelneem. Die skerm kan rond of vierkantig

Tek 65 wees maar is met 'n deursnit van vyf meter voldoende vir soveel as agt inisiantes. By kaptein Alfred Mabhena van die Manala en kaptein David Mapoch van die Ndzundza waar die hoofinisiasieseremonie plaasvind, word skerms in die vorm van beeskrale met 'n deursnit van minstens 50 meter gebou. 'n Skerm word gewoonlik gebou uit riete of takke wat vertikaal met behulp van twee of drie rye dwarslatte (amabalelo) aan 'n aantal tydelike omheiningpale (iisikana) vasgebind word. Die ingang van die skerm wys in die rigting van die beeskraal (isibaya).

Daar is 'n vuurmaakplek in die middel van die skerm. Die skerm word na afloop van die finale feesverrigtinge, dit wil sê as die seuns klaar besny is, tot niet gemaak deur dit af te breek en die materiaal elders te gebruik.

Daar word geen inisiasieskerm vir die dogtersinisiasie gebou nie. Die onderrig tydens die inisiasie (iqhude) vind in die inisiant se moeder se hut plaas. Sekere informante maak melding van die bestaan van 'n afsonderlike inisiasiehut 'n iphunyana lokuthombela of ipugu wat spesiaal deur die vader van die dogter vir haar opgerig word. Volgens segslui word hierdie hut nie ná inisiasie afgebrand nie, maar vir die jonger susters van die inisiant gereserveer. Dit kon ook as 'n stoorhut gebruik word. Hierdie struktuur het blykbaar die voorkoms van 'n gewone iphunyana labantazana gehad.

## 5.6 Die graanhut en graanhouers

Die Ndebele onderskei tussen onafgemaakte graan soos mieliekoppe (isiphila) en graansorghum (amabele-bovu), en die afgemaakte produk soos meel (ipuphu), mieliepitte, sorghumpitte en dies meer. Die afgemaakte produk, dit wil sê meel sowel as pitte is vroeër in graanmandjies (izilulu) geberg. Dit kom volgens informante ooreen met dié van die Swazi. Die mandjie word uit gras (utjani) en bindtou (intambo) gevleg. Dit het 'n smal basis onder, loop wyer na bo en kry weer 'n smal opening aan die bokant. Volgens oorlewering was dit 'n groot mandjie wat 'n inhoudsmaat van tot dertig sakke mielies gehad het. Die boonste opening word met 'n gevlegtegrasdakkie of deksel (isivalo of isihloti) toegemaak. Die hele mandjie word gewoonlik op 'n aantal klippe agter in



die kookruimte (isibuya) geplaas. Gewoonlik was dit aan die linkerkant van die dogtershut (iphunyana), dit wil sê regs agter, aan die ikhohlo-kant, van die woonhut. Elke vrou of huishouding kon haar eie graan=  
Tek 67 mandjies (izilulu) hê. Die isilulu het in onbruik geraak sedert die ingebruikneming van die goingsak van die Blanke. Feitlik geen Ndebele kan vandag 'n akkurate beskrywing gee van hoe die isilulu vervaardig word nie. By die Opelugmuseum te Botshabelo het 'n bejaarde vrou daarin geslaag om volgens haar geheue 'n Ndebele-isilulu te vleg. Die rumateriale bestaan uit gras (utjani) en bindtou (intambo). Daar word van 'n groot hoeveelheid bindtou gebruik gemaak om die mandjie so stewig en waterdig as moontlik te maak. Volgens die betrokke vrou weer die deksel (isivalo) heelwat reënwater af, indien dit goed vervaardig is. Die hoogte van die isilulu is ongeveer 160 cm, die basis 40 cm in deursnit, die wydste deursnit in die middel sowat 130 cm en die deursnit van die opening bo, ongeveer 40 cm. Die deursnit van die isivalo is ongeveer 70 cm.

Die Ndebele het vroeër onafgemaakte graan in 'n klein graanhutjie isihlangana geberg. Geen bevredigende beskrywing van die struktuur kon deur die informante gegee word nie, behalwe dat dit van klei en beesmis gebou word en 'n dakkie bo-op het. Naby die plaas Waterval (184JS) tussen Stoffberg en Groblersdal is daar oorblyfsels gevind van 'n soege=  
Tek 66 naamde isivavane of isivivana, 'n graanhut wat volgens 'n informant by die kraal die ekwivalent sou wees van bogenoemde isihlangana. Dit het bestaan uit 'n silindriese klip- en grond struktuur wat deel van die kookruimte (isibuya)-muur uitgemaak het. Oorblyfsels van die struktuur dui daarop dat dit 'n binne deursnit van ongeveer 152 cm gehad het. Die bestaande oorblywende hoogte was slegs 121 cm, maar moes volgens die aanduidings van die informant minstens 2 meter hoog gewees het. Dit het 'n opgeboude vloer gehad wat aan die binnekant, ongeveer 55 cm vanaf die isibuya-vloer gestaan het. Geen ander soortgelyke graanstrukture kon gevind word nie.

### 5.7 Die hutomheining (isirhodlo)

Die term omheining impliseer dat dit iets is wat 'n sekere ruimte afskerm. Dit is dan ook die funksie van die isirhodlo. Die omheining baken twee ruimtes elk met eie strukture daarbinne, af. Die woonhut (indlu) word

as kern en middelste struktuur gesien, met 'n voorhutruimte (isirhodlweni) en 'n agterhutruimte (esibuyeni). Die twee ruimtes word weerskante regoor die middel van die hut geskei deur middel van 'n deurgang of geslote skerm (isikhawulwana).

Die omheining (isirhodlo) het soos die woonhut, seuns- en dogtershutte besondere ontwikkeling ondergaan. Hierdie ontwikkeling was enersyds ten opsigte van vorm en grootte en andersyds ten opsigte van materiaal- tipes waaruit dit vervaardig is. Tydens die ondersoek was dit duidelik dat daar heelwat uiteenlopende opvattinge by informante was eerstens oor die chronologiese ontwikkelingsorde. Tweedens, was die opvattinge oor veral die oudste tipes dikwels gegrond op vae oorleerings. Dit het derdens geblyk dat daar veral sedert 1883 heelwat variasies in vorm en grootte ten opsigte van die omheining ontstaan het. Daar was vierdens allerweë ooreenstemming oor die ontwikkelingstadia van materiaal, so was die rietomheining beslis 'n ouer vorm as die grondmuur. Daar is tog gepoog om die chronologiese ontwikkeling van die hutomheining na te gaan en op 'n sinvolle wyse saam te vat. Hierdie uiteensetting is gebou op opvattinge van alle informante. Oor die jonger omheiningstipes kon algemene instemming verkry word terwyl by veral die oudste tipes met die kennis van bejaarde informante volstaan moes word.

#### Tek 68 5.7.1 Die omheining by die graswoonhut

Daar het blykbaar op 'n baie vroeë stadium 'n hutomheining bestaan wat slegs uit takke (amahlaha) gebou is. Hierdie takke is na bewering horisontaal teenmekaar in die grond ingeplant en het slegs die woonhut (indlu) ingesluit. Daar is nie duidelikheid of die dogtershut (iphunyana) ook 'n eie takomheining gehad het nie. Die omheinings-ingang was in lyn met die beeskraal geleë. Hierdie omheining was skynbaar die vroegste tipe wat die Ndebele geken het (G1).

Daar is duidelikheid oor die feit dat die rietomheining (isirhodlo somgaba) saam met die grashut gebou is. Aanvanklik sou die dogtershut nie by die omheining ingesluit gewees het nie. 'n Kookruimte (isibuya) is aan die ubunene-kant aan die binnekant van die omheining, wat tot aan die agterkant van die woonhut gestrek het, afgeskerf.

Dit het 'n eie deurgang (isikhawulwana) gehad. Die totale rietomheining het 'n ronde tot elliptiese vorm gehad. (G2). Op 'n later stadium sou die omheining uitgebrei gewees het om ook die dogtershut in te sluit (G3 & G4). Dit bring mee dat die afskerming van 'n kookruimte binne die voorhutruimte (esirhodlweni) wegval omrede die betrokke ruimte nou links agter die woonhut aangebring word. Die twee ruimtes die esibuyeni tesame met die esirhodlweni word aan die ubunene-kant van die woonhut deur middel van 'n deurgang (isikhawulwana) geskei. Die esibuyeni-ruimte sou aanvanklik net die helfte so wyd soos die voorhutruimte (esirhodlweni) gestrek het, maar het later tot dieselfde grootte uitgebrei sodat die twee ruimtes ook aan die ikhohlo-kant van die hut met 'n tussenskot (ook isikhawulwana) geskei was. Moontlik het die grootte van die graanhouer (isilulu) en behoefte aan groter werkruimte die vergroting tot gevolg gehad. Daar bestaan nie duidelikheid oor die voorkoms van die twee deurgange (isikhawulwana) weerskante van die woonhut nie. Sover bekend was daar slegs een deurgang na die kookruimte, naamlik aan die ubunene-kant van die woonhut en 'n tussenskot sonder deurgang aan die ikhohlo-kant. Dieselfde term isikhawulwana word ten opsigte van tussenskot en deurgang gebruik.

Die tipe riet wat vir die omheining gebruik is, word elders vermeld (sien 4.4). Die omheining word uitgemeet deur dit op die grond met 'n stok af te merk. 'n Aantal houtpenne kan op die afgemerkte lyn ingeslaan word om dit duidelik aan te dui.

- Tek 69 Die deursnit van 'n rietomheining by die grashut kan wissel van 7 meter tot soveel as 10 meter. Vanaf die hutdeur (umnyango) tot by die omheiningingang (umnyango wesirhodlo), is die afstand 350 cm. Die wydtes weerskante van die woonhut is 100 tot 250 cm en die afstand tussen die hut en die agterste ronding van die isibuya is 350 cm. Die omheining word so afgemerk dat die ingang en die hutdeur nooit regoormekaar is nie. Om
- Tek 70 dit verder te verhoed word van 'n oorvleuelende ingang gebruik gemaak. 'n Kort rietskerm kan ook gebruik word en aan die binnekant tussen die omheiningingang en die hutdeur aangebring word.

By die bogenoemde omheiningsgrootte word 'n totaal van 15 omheiningspale (insikana zesirhodlo) in gate ongeveer 35 cm diep geplant. Die pale word

ingeplant sodat 'n omheiningshoogte van 170-180 cm verkry word. Die pale is ongeveer 10-13 cm dik. Die omheining word uitgemeet sodat dit die ingang en die helfte van die dogtershut insluit. Pale word so na as moontlik aan die mure van beide die woonhut en dogtershut ingeplant. Die wydtes van die deurgang (isikhawulwana) (ongeveer 80 cm) en die ingang (80 cm) word noukeurig gemeet en pale aan weerskante daarvan geplant. 'n Voor (idonga) ongeveer 15 tot 20 cm diep, word al op die gemerkte lyn wat die pale insluit, gegrawe.

Die riete word vervolgens in gerwe (40 cm deursnit) in die voor of sloot geplaas met die sade na bo. Die gerwe word losgemaak en die riete uitgesprei. Die riete word regop gehou deur tydelike bindtoue wat weerskante daarvan van paal tot paal gespan word en aan die pale vasgebind word. Die riete word permanent vasgebind aan drie tot vier dwarsrietbondels (iminghato) op dieselfde wyse as die dwarslatte van die muur

by die rondawelhut. Twee dwarsrietbondels word weerskante van die omheining deur die rietheining heen en weer opmekaar vasgedraai sodat die riete van die omheining styf vasgetrek word tussen die twee dwarsrietbondels. Die dwarsriete met die rietomheining tussenin, word spiraal met bindtou vasgedraai (ukunghada). Sodra die eindpunte van die dwarsriete bereik is, word nuwe dwarsriete bloot ingelaat en vasgedraai. Op hierdie wyse lyk dit of die dwarsriete 'n aaneenlopende geheel vorm.

Tek 71 Die eerste vashegtingspunt is gewoonlik by die ingang. Die buitenste dwarsriete (umngghato) word eerste aangebring op 'n hoogte van 34 cm. Die tydelike bindtou word losgemaak en die binneste dwarsriete word aangebring sodat die riete in 'n 10 cm dik laag tussen die twee dwarsriete vasgedruk word.

Hoe meer omheiningspale ingeplant word, hoe stewiger is die totale konstruksie. Nadat die riete op die omheining tussen die eerste binne en buite dwarsriete vasgedraai is, word die tweede en derde dwarsriete onderskeidelik 106 cm en 144 cm van die grond af aangebring. Nadat die omheining op bogenoemde wyse verstewig is, word die rietheining op die bopunte gelyk gesny ongeveer 170-180 cm van die grond af. Terselfdertyd word die sloot waarin die riete geplaas is, met grond toegegooi en vasgestamp. Die twee tipes ingange wat gebruik is, is reeds genoem. Die

mees gebruiklike tipe was dié waarvolgens die twee omheiningskante by die ingang n ent oorvleuel sodat dit n kort gang ongeveer 50-70 cm na regs (ikhohlo-kant) vorm. Volgens die ander metode was die ingangs= opening ongeveer 80 cm wyd met n afsonderlike skerm daaragter ongeveer 150 cm in lengte. n Persoon wat die omheining binnegaan kon dus na regs of links beweeg. Deur middel van hierdie bedekte ingange word privaatheid aan die binneruimte verleen en dien dit ook as n windskerf. Nadat die buite-omheining aangebring is, word die deurgang en tussenskot (isikhawulwana) aangebring. Dit word op dieselfde wyse as die buite-omheining gekonstrueer.

Die laaste afronding aan die omheining behels die vervaardiging van die deurposte of kosyne (amapundu) van die omheining. In hierdie geval is daar twee plekke waar dit aangebring word, naamlik by die ingang en by die deurgang. Die ipundu bestaan uit n aantal riete wat rondom die hoekpale met bindtou vasgedraai word. Dit rond die hoekpaal af tot 20 cm in dikte sodat die houtpaal verberg word. Die riete bokant die ipundu word effens hoër (20 cm) as die omheiningsvlak afgesny sodat die ingang en deurgang bokant die omheining uitstaan. In die geval van die afskermingsingang word dit ook aan weerskante van n ipundu voorsien.

Tek 72 By sommige krale was dit praktyk om n kort rietmuurtjie (umgidwana) ongeveer 40 cm hoog in die ingang te bou om so te verhoed dat huisdiere soos varke en skape die omheining binnekom. Hierdie muurtjie kan ook uit kort paaltjies gebou word.

Elke omheiningsingang (umnyango wesirhodlo) word van n hek (isango) voorsien. Dit bestaan uit n aantal vertikale latte ongeveer 2 cm dik wat bo, in die middel en onder met bindtou aanmekaar vasgeveg (ukungha=da) word. Die hoogte van die hek, dit wil sê die lengte van die hek=paaltjies word volgens eie voorkeur bepaal. Dit is gewoonlik net korter as die omheiningshoogte. Dit word met bindtoulusse wat soos n eenvoudige skarnier funksioneer aan die hoekpaal (ipundu) vasgemaak. Die aanbring van n hek by die deurgang (isikhawulwana) geskied volgens eie voorkeur (sien 5.1.3.5).

Die omheining is nou sodanig voltooi dat die pleisterwerk (ukusinda)

van die vloer 'n aanvang kan neem. Die opbou en pleister van die voorhut (esirhodlweni) en kookruimte (isibuya) in 'n Ndebelekraal is 'n groot werk. Dit is 'n langdurige proses wat 'n aanvang neem met die omspit van die totale ruimte binne die omheining. Indien die vloerhoogte te laag is, of die bestaande grondkwaliteit nie goed genoeg is vir die pleistermengsel nie, as gevolg byvoorbeeld van te veel gruis en klei, word grond van buite af ingebring. Nadat die grond gelykemaak is, word dit deeglik benat. Daar moet baie oordeelkundig te werk gegaan word om 'n vloerhelling van agter af (isibuya) na voor (esirhodlweni) met die oog op afloopwater te verkry. Sodra die benatte grondvloer effe uitgedroog het, word dit met die houtstamper (isibando) of selfs 'n houtkoevoet (umphini) deeglik vasgestamp. Dieselfde pleistermengsel as wat by die hutvloer gebruik is (sien 5.1.2.4) word aangewend op die vasgestampte vloer. Pleisterwerk begin gewoonlik heel agter in die kookruimte. Daar word dan in die rigting van die omheiningsingang gewerk. Die vloer word opgebou volgens die normale driefaseproses (sien 5.1.2.4) soos vir alle ander vloere en mure gebruiklik is. By die deurgang (isikhawulwana) word die isibuya en esirhodlweni-vloere met 'n trappie geskei sodat die agterste vloer ongeveer 8 tot 10 cm hoër is.

Terwyl die vloer gepoleer (ukutshidza) word, kan bouwerk aan die omheiningsplatforms begin. Dit is 'n klei-en-klipplatform wat aan die binnekant reg rondom die omheining asook weerskante van die deurgang en tussenskot aangebring word. 'n Kleinere weergawe van die platform word rondom die woonhut en dogtershut aangebring. Die platforms het 'n halfronde deursnit en verhoed dat afloopwater binne in die rietheining inloop en verrotting sodoende bespoedig. Hierdie platform ongeveer 15 tot 20 cm hoog en 20 cm breed word gebou om te verhoed dat stormwater van buite af inloop, en gee die omheining 'n afgewerkte voorkoms. Die platform kan ook dien as bergplek en sitplek hoewel dit vir laasgenoemde doel soms verbreed en hoër gemaak word.

Om die probleem van afloopwater binne die omheining te bowe te kom, word enkele uitloopgate (30 x 40 cm) aangebring. Gewoonlik word een by die tussenskot aangebring en een of twee weerskante van die omheiningsingang, afhangende van die doeltreffendheid van die vloerhelling. Die gate word aangebring terwyl die platforms gebou word.

Nadat die totale vloeroppervlak en platforms gepoleer is, word dit met mispatrone versier (ukukguphula). Die grashut (umtlhatlhana) is nou finaal afgerond en gereed vir bewoning.

### 5.7.2 Die omheining by die rondawelwoonhut

Die omheining (isirhodlo) het sy grootste vormverandering ondergaan toe dit deel van die rondawel (icathane)-boufase uitgemaak het. Die ontwikkelingsuiteensetting wat vervolgens aangetref word, moet nie verwar word met die reeds genoemde gebruik by die Ndebele waarvolgens elke pasgetroude bruid tesame met haar verwante n rietomheining (isirhodlo somgaba) by die rondawel (icathane) kan oprig; wat dan later na die geboorte van die eerste kind deur n permanente grondmuromheining vervang word nie.

Hierdie gebruik moet dus nie in dieselfde lig gesien word as die chronologiese ontwikkeling van omheiningbou nie. Die gebruik dat die egpaar na geboorte van die eerste kind vanaf n riet na n grondmuur kom oorskakel, was net in gebruik op dié stadium in die verlede toe die Ndebele reeds grondmure as permanente omheinings gebruik het. Volgens informante het hierdie gebruik van oorskakeling, effek begin verloor toe daar na die vierkantige en reghoekige grondomheinings oorgeskakel is. Daar is toe van meet af aan n grondmuur gebou.

Tek 74 Die vroegste tipe omheining wat volgens segslui by die rondawelhut gebruik is, was die ronde rietomheining (isirhodlo somgaba) soos vir die grashut, wat slegs die woonhut ingesluit het (R1). Later sou n kookruimte (esirhodlweni) ook afgeskerm word, met n eie deurgang (isikhawulwana) (R2). Die volgende ontwikkeling was waar die dogtershut (iphunyana) ingesluit is by die rietomheining op dieselfde wyse as by die grashutomheining (R3). Deur middel van die deurgang en tussenskot (isikhawulwana) is die twee ruimtes isibuya en esirhodlweni dan geskei. Hierdie sou dan die laaste stadium van permanente rietomheining by die rondawelhut wees.

Die Ndebele het waarskynlik die ronde grondmuromheining (isirhodlo sodaka) aanvanklik slegs ten opsigte van die voorhutruimte (esirhodlweni)

(R4 ) begin gebruik. n Datering is hier volgens informante, onmoontlik veral vanweë die verspreiding van die Ndzundza na 1883.

Die isibuya-ruimte was nog uit permanente riet gebou en sou dan later eers in grondmuurvorm gebou word. Op hierdie stadium kon die gebruik van n tydelike riet en permanente grondmuurverwisseling moontlik ingetree het. Die vrou bou dus eers die voorste rietomheining voordat dit na die geboorte van die eerste kind ook n grondmuur kry. Sommige informante het beweer dat die grondmuur omheining agterom die isibuya nie aanvanklik voorgekom het nie. Volgens sekere informante was die eerste grondmuur omheining n permanente ronde grondmuur aan die voorkant (esirhodlweni) met n afskorting grondmuur (isibuya) aan die ubunene-kant van die hut (R5). Geen ou krale kon tydens die ondersoek bewys lewer van hierdie ontwikkeling nie. Indien bogenoemde ontwikkeling wel bestaan het, was die volgende fase een van n permanente ronde voormuur (esirhodlweni), tesame met n agtermuur (isibuya) wat die dogtershut ingesluit het, en wat deur middel van die tussenskot en deurgang (isikhawulwana) in twee duidelike ruimtes geskei is (R6). Hierdie ontwikkeling was na sy vroegste gebruik n resultaat van die verwisseling van rietomheining na grondomheining en skakel dus logies saam met fase R4.

Op hierdie stadium het die omheiningverwisseling gebruik volgens sekere informante al begin verval. Dit beteken dat n egpaar dadelik n permanente ronde muur (R6) wat uit twee ruimtes bestaan, kon bou. Hierdie vorm van omheining kon wel gekontroleer word by ou krale soos onder andere op die plaas Waterval (184JS). Dit is n variasie waar die totale omheining n sirkel reg rondom die hut vorm en wat regoor die middel van die hut, deur middel van n deurgang (isikhawulwana) aan die ubunene-kant van die woonhut (R6) afgeskort is. Volgens die betrokke informante was die kraal op die betrokke plaas reeds in 1920 bewoon.

Dikwels is die isibuya-ruimte ook in twee helftes verdeel deur middel van n grondmuur met n eie deurgang (isikhawulwana). Hierdie verdelingsmuur het die isibuya in 'links' en 'regs' geskei. Dikwels het die dogtershut, agter, n eie kookomheining (isibuya sabantazana) gehad. Dit is gebou as n klein sirkel ongeveer 250 cm in deursnit buite aan die hoof sirkel en het n deurgang (isikhawulwana) na die hoofkook-



ruimte gehad. Alle segslui was dit eens dat die omheinings in die twintigerjare besonder hoog was. 'n Volwasse man moes as hy op die binnemuurplatform staan net-net oor die muur kon kyk, dit wil sê die hoogte was ongeveer 170 cm.

Die tydspunt van oorskakeling van ronde na vierkantige grondmuromheining (R7) is onduidelik. In die meeste geskrifte van die vyftigerjare van hierdie eeu (MEIRING 1949, 1951, 1953, 1954; SPENCE 1954 en BECKER 1979), word reeds melding gemaak van rondawelhutte met reghoekige omheining. Hierdie oorskakeling was na bewering iets wat deur die Blanke-invloed gekom het. Reghoekige mure is dan ook deur Ndebele wat nader aan die PWV-gebied gebly het, heel eerste in gebruik geneem. Op daardie stadium was die rondawelmuur nog die heersende tipe in die Middelburgdistrik. Die reghoekige mure het geen verdere vormverandering ondergaan nie, behalwe dat dit effens laer geword het tot op die hoogte wat vandag algemeen aangetref word, ongeveer 140 cm. 'n Nuwe byvoeging was egter die aanbring van addisionele voormuurtjies parallel met die hoofmuur. Hierdie muurtjies bekend as isirhodlwana het deel uitgemaak van 'n ryklik versierde muurfassade. Dikwels is drie tot vier sulke rye muurtjies aangebring, sodat die voorste die laagste is en die agterste, dit wil sê die een naaste aan die hoofmuur, die hoogste. Dit was ook in die vyftigerjare gebruik dat daar by sekere van die hoofvoormure 'n indrukwekkende boog bo-oor die muuringang gebou is. Hierdie boog is versier met allerlei trappe, vensters, afbeeldings en dies meer (sien 5:4). Die kookruimte is ook dikwels in 'n linker- en regterhelfte verdeel.

Die vervaardigingswyse van die rietomheining (isirhodlo songaba) is dieselfde as vir die grashut. Die grondmuromheining kan op verskeie maniere gebou word.

By die ronde muur het die Ndebele in die verlede gebruik gemaak van die grondvorme. Veral die silindriese metode waar ou melkkanne of parafienkanne gebruik word, was 'n beproefde metode om dié tipe muur mee te bou (sien 5.1.3.4).

Blankes oorgeneem. So 'n muur het die voorkoms van aaneenlopende langwerpige blokke. Die kas bestaan uit vier panele wat op drie van die vier hoeke met behulp van buitebandrubberstukke wat as skarniere dien, aanmekaar verbind word. Die rubberskarniere word met spykers vasgeslaan. Op die vierde hoek van die kas word vier draadlusse, twee aan elke horisontale vlak, vasgespyker sodat 'n sluitpen deur die draadoë of -lusse gedruk word om te verhoed dat die kas oopskuif. Die afmetings van so 'n reghoekige kas is ongeveer 80 x 30 x 40 cm. Die rubberskarniere is ongeveer 30 x 10 cm en die lengte van die sluitpen wat van staal of hout kan wees, ongeveer 40 cm.

Die kas word van bo-af met klammerige grond opgevul en met 'n houtkoevoet stewig gelyk met die bo-rand van die kas gekompakteer. Stewige kompaktering is veral by die onderste laag van die muur noodsaaklik. Veral tydens reënweer is so 'n muur se onderste dele baie kwesbaar deur afloopwater, omrede dit nog nie heeltemal uitgedroog het nie. Vervolgens word die sluitpen uitgetrek, en die kas op sy skarnier oopgevou. Die kas word dan langs die vorige vorm geplaas vir die volgende blok. Sekere Ndebele gebruik in die huidige tyd 'n staalkas. Om te verhoed dat die kas uitbol vanweë die kompaktering, word twee stutpenne op die langsyde deurgesteek en gesluit. Om te verhoed dat die grond aan die staalwande vaskleef, word die binnewande met ou motorolie gesmeer. Die gleuwe, wat as gevolg van die dikte van die plank of staal, tussen die blokke ontstaan, asook die gate van die sluitpenne in die grond, word met 'n troffel of met die hand opgevul. Die kasmethode toon dus ooreenkoms met die vervaardiging van 'n hedendaagse betonmuur.

Die onderste laag van die muur word tesame met deurgange en tussenskot (isikhawulwana) aangebring op 'n basislyn wat op die grond getrek word. Sodra hierdie onderlaag afgedroog het, word die volgende laag bo-op gebou. In die geval van silindries gevormde stene kan die muur die vorm aanneem van 'n aantal langs mekaarstaande pilare. Die breedte van die muur word grootliks bepaal deur die vormdeursnit. Nadat die ruimtes tussen die pilare opgevul is, en die muur as geheel afgewerk is, kan die dikte tot 40 cm wees. Die hoogte van die ronde grondomheining was dikwels soveel as 200 cm. Afmetings wat van belang is by die omheining, is die dwarsdeursnit, 1350 cm, lengtdeursnit van voor tot agter 1600 cm

die afstand tussen die ingang en die hut 450 cm en die afstand tussen die agterste muur van die kookruimte (isibuya) en die hut 550 cm. Die hoogtes van die deurgang en tussenskotmure is net laer as die buitemuur ongeveer 160 cm. Indien 'n kookruimte (isibuya) vir die dogtershut gebou word, kan dit soveel as 400 cm in deursnit wees.

Tek 76 In die geval waar 'n boogvormige gewel by die isirhodlo-ingang aangebring word, word 'n aantal populierpale (izigodo) bo-oor die ingang op die muur geplaas om as latei te dien. Die ente van die kort populierpale (ongeveer 60 cm in lengte) word weerskante van die ingang in die muur ingemessel. 'n Totaal van drie tot vier pale word gebruik. Die hoogte van so 'n ingang vanaf die grond tot die latei is ongeveer 190 cm. Die gewel word nou van dieselfde grond en deur middel van die kasm metode of kleistene en modellering (sien 5:4) bo-op die lateipale gebou. Die fasade word nou verder gebou deur of van die kasvorm of van die hand-aanplak metode gebruik te maak. Die Ndebele maak tot in die huidige tyd by die vierkantige isirhodlo van die kasm metode, eerder as kleistene gebruik.

Die vloere in die kookruimte (isibuya) en ontvangsruimte (esirhodlweni) word in die geval van reghoekige omheining op dieselfde wyse as by die grashut aangebring. Sorg word gedra dat die beste helling verkry word vir afloopwater. Uitloopgate vir reënwater onder deur die mure is baie noodsaaklik. Dit het al gebeur dat mure as gevolg van swak grondreïnering inmekaar stort. Die enigste werklike vloeropbouing wat gedoen

Tek 77 word, is tussen die onderskeie voormurtjies (izirhodlwana). Die ruimtes tussen die hoof voormuur en die agterste muurtjie en tussen laasgenoemde en die voorstes word in dalende vlakke byna soos trappe gebou. Die ingang tussen die voorste muurtjie en die hoofmuur bly egter op grondvlak. Vloere word verder ook met keurige mispatrone gesmeer sodra die oppervlakte droog is.

Tabel 6 5.7.3 Afmetings by reghoekige grondmuuromheinings ten opsigte van die rondawelwoonhut

Gegewens word verskaf ten opsigte van ses hutte. Vanweë die feit dat hutte A, B en C murasies was, kon nie alle afmetings verskaf word nie. Hutte , E en F is hutte wat by Botšhabelo opgerig is.

#### 5.7.4 Die omheining by die reghoekige woonhut

Die omheining (isirhodlo) bly tot in die huidige tyd die grondmuurtipe. Die kasmetode word algemeen gebruik hoewel sekere omheinings in die huidige tyd van songedroogte kleistene opgebou word. Kleistene word egter eerder by die hut as boumateriaal gebruik. Die omheining is by die vroegste reghoekigehutte ook met klip en 'n pleistermengsel opgebou indien klip wel beskikbaar was. Aanduidings is daar dat by terreine in die omgewing van KwaMnyamana, wat ná 1900 herbewoon is, heelwat hutte met mure van klip en pleisterklei gebou is. Die omheininghoogtes het in die huidige tyd merkbaar afgeneem tot so laag as 40 cm. 'n Gemiddelde hoogte kan op tussen 110 en 140 cm gestel word. Dit dien dus geensins meer as beskerming teen koue weersomstandighede nie, maar slegs as versiering en die behoud van 'n tradisie.

#### 5.8 Die hofruimte (ibandla)

Dit is die ruimte wat by elke kraal (umuzi) aangebring word, waarbinne die regspleging beoefen word. Alle regsake en aangeleenthede wat voor die kraalhoof (umnomuzi) of (umnumzana) dien en waarby in die meeste gevalle persone binne die kraal betrokke is, word hier beslis.

Tek 78 Die hofruimte (ibandla) was tradisioneel 'n klipsirkel met 'n eie ingang wat naby die beeskraal opgerig word. Dit is gewoonlik so opgerig dat 'n driekwart-klipsirkel aan die beeskraal gebou word. Gewoonlik word die hofruimte aan die ubunene-kant van die beeskraal gebou. Indien daar nie genoeg ruimte beskikbaar is nie, kan dit 'n ent verder weg van die beeskraal onder 'n groot boom gebou word. 'n Boom word ook dikwels in die ibandla geplant om mettertyd skadu te verleen. Die klipmuur is ongeveer 100 cm hoog. Die ibandla het 'n deursnit vanaf vier meter en groter volgens behoefte. 'n Hofruimte kan ook van takke gebou word, veral indien die beeskraal (sien 5.9) ook van takke gebou is en daar genoeg hout beskikbaar is. 'n Besondere ibandla is in die ou Mahlungulu-stamwyk gebou deurdat aalwyne in 'n halfsirkel aangeplant is.

In die huidige tyd bestaan 'n hofruimte veral by aangestelde wykshoofde (izinduna) uit 'n sink- of grasafdak met of sonder 'n sementvloer.

Dikwels bestaan daar nie 'n formele hofruimte nie, sodat vergaderings langs die beeskraal plaasvind en elke teenwoordige op 'n eie geïmproviseerde stoel plaasneem.

### 5.9 Krale en strukture vir lewende hawe

Die belangrikste struktuur is die isibaya wat tradisioneel die kern uitgemaak het van enige kraal (umuzi). Die grootte van die beeskraal word deur die veebesit bepaal. Kapteins en vermoënde hoofmanne (izinduna) kon krale bou wat vyftig meter in deursnit is. Die gewone man se beeskraal was in die omgewing van 10 meter in deursnit. Die vroegste beeskrale was rond, en die mure is gebou van gestapelde klip ongeveer 150 cm hoog en 40-70 cm breed. Reghoekige beeskrale is later, en word tot in die huidige tyd gebou. Die ingang van die kraal behoort na die hoofhut (indlunkulu) te wys, en is ongeveer 800 cm breed. Die ingang word toegemaak deur twee of meer dik pale aan die buitekant van die muur in te plant sodat daar ongeveer 20 tot 30 cm spasie tussen die muur en hierdie pale (izigodo) bestaan. 'n Aantal los dwarspale of latte word skuins en dwars tussen die muur en hekpale ingeskuif om te verhoed dat die beeste uitkom. Gewoonlik word hekpale uitgesoek met 'n aantal mikke sodat die dwarspale daarin rus.

Tek 79 Die klip word op 'n besondere wyse gestapel. 'n Aantal baie swaar klippe word as basis twee-twee langs mekaar gepak op 'n streep wat vooraf gemark is. Die binne-opeening tussen die twee rye word vervolgens met kleiner klip gelyk opgevul. Aan die laer kant van die beeskraal word altyd 'n opening deur die muur gelaat vir afloopwater. Die opening word in die basis laag gelaat, en van 'n plat lateiklip voorsien waarop die stapelklip dan gepak kan word.

Die basis klippe word baie noukeurig uitgesoek en gepak. Geen ronderige klippe mag gebruik word nie. Hoe meer hoekig die klip is, hoe beter. Dikwels is die grond van so 'n aard dat die fondament nie stabiel genoeg is nie. Om dit teen te werk, word 'n aantal kleiner klippe as wêre (iingomelo) onder die klippe geplaas. Geen fondament word gegrawe nie. Vervolgens word die muur laag vir laag gestapel. Die stapelklip wat uitgesoek word, is heelwat kleiner as die basis klippe. Die stapel=

klippe word ook twee-twee langs mekaar gepak en in 'n mindere mate tussen- in opgevul met kleiner klippe. Opvulling is slegs noodsaaklik indien die gestapelde klip rondig is. Daar word op oordeelkundige wyse ook van wie gebruik gemaak. Die gate en openinge bo-op die boonste laag word met klein klippies gelyk opgevul. Die muurdeursnit het na voltooiing die vorm van 'n afgeknotte keël.

Tek 80 Die Ndebele het ook houtpaalbeeskrale gehad, veral sedert 1922 toe hulle in die huidige KwaNdebele ingetrek het. Allerlei dikkerige (15 tot 20 cm) natuurlike hout word ongeveer in 200 cm lengtes gekap en gesaag. Die pale word dan styf teenmekaar in die grond in gate ingeplant. Die pale word dikwels met draad aanmekaar vasgebind, dog dit is nie eintlik nodig nie. Die hekpale word op dieselfde wyse as by die klipkraal aangebring. Die meerderheid van hierdie paalkrale in KwaNdebele, is reghoekige en vierkantige strukture van wisselende grootte.

Met die beskikbaarheid van doringdraad word in al groter mate beeskrale gebou volgens die Blanke metode met ander woorde 'n aantal ankerpale met hangers tussenin wat met 4 tot 5 rye doringdraad bespan word. Die hek is dan die normale opvoubare draadhek met hangers.

Die kalwerhok bestaan uit 'n kleiner sirkel of reghoek naasaan die beeskraal. Dit kan 'n deursnit van 300 cm hê of 320 cm x 300 cm in die geval van 'n reghoekige struktuur. Dit word op dieselfde wyse gestapelbou as die beeskraal, maar is effens laer, ongeveer 120 cm. Die kalwerhok het 'n eie ingang gehad wat op dieselfde wyse as dié van die beeskraal toegemaak word. Op 'n latere stadium is die ingang aangebring in die muur wat aan die beeskraal grens. Beeskrale is soms aan die binnekant van 'n muurafskorting voorsien, wat dan as kalwerhok gedien het. Dieselfde praktyk word vandag by paal en draadkrale toegepas. Die afsonderlike kalwerhok van pale het ook voorgekom.

Donkies, muile en perde is gehou in afsonderlike ruimtes wat aan die beeskraal (isibaya) gebou word met 'n eie ingang na buite. Afsonderlike strukture kon egter gebou word vir hierdie diere. Die gebruik het ook vroeër as gevolg van Blanke-invloed bestaan, om 'n perde- en donkiestal agter die kraal (umuzi) te bou. Hierdie stal het bestaan uit 'n plat

grasdakstruktuur op pale waarom n klipmuur gebou word. Die stal het ook n krip gehad.

n Afsonderlike bokkraal (isibaya sembuzi) is soms aangebring. Skape word gewoonlik saam met bokke in een kraal gehou. Dit kan ook soos die kalwerhok teenaan die beeskraal gestapelbou word indien daar ruimte is. Bo-op die klipmuur is dan n hele aantal doringtakke inmeakaarvleg en gepak om te verhoed dat die bokke oorspring. Indien hout beskikbaar is, is n paalbokkraal gebou, soos wat die geval nog dikwels in die huidige tyd is. Die nuutste neiging is om ook die bokkraal van pale en draad te bou.

Varke is van oudsher af buite die kraal (umuzi) aangehou. Daar was geen spesifieke plek waar die varkhok is nie. Dit is n klein ronde klipstruktuur, dikwels met pale en sink of gras bo-oor. Om moeite te spaar, word varke dikwels in ou hutmurasies (amarhubhi) aangehou. Die muurpale (iinsikana) word uitgetrek en waar nodig net met klip toegebou, veral by die hutdeur.

Tek 81 n Stellasio (isitala) is gewoonlik aan die agterkant buite die kookruimte (isibuya) vir hoenders gebou. Dit bestaan uit vier pale (2 m hoog) waarop n aantal dwarshoute met bindtou vasgebind is en met n leertjie waarteen die hoenders kon opklim. Die grootte van die stellasio was ongeveer 100 cm x 100 cm. Hoenders is ook dikwels in n ontruimde seunsof dogtershut (iphunyana) aangehou. n Houtstellasio word dan aan die binnekant van die hut aangebring.

#### 5.10 Die klipmuurkraalomheining (ikura, umthangala)

Die Ndebelekraal is in die verlede deur n sirkelvormige klipmuur beskerm. Hierdie muur is op die buitenste rand van die kraal opgerig, met ander woorde dit is so gebou dat daar genoeg ruimte vir kraaluitbreiding en tuinerye aan die binnekant van die muur bestaan het. Die funksie van die muur was naamlik om die inwoners en eiendom teen ongediertes te beskerm. Hierdie muur kon egter ook sodanig verhoog word dat dit vir strategiese doeleindes diens gedoen het. In dié verband word veral verwys na KoNomtjarhelo (Mapochvesting) van kaptein Nyabela. In hierdie geval is die muur verhoog tot op hoogtes van twee na drie meter waarin

verskeie skiet- en uitkykgate aangebring is. Die ikura-muur is gewoonlik so opgerig dat die hoofingang daarvan regoor die beeskraal is. Die breedte van die ingang het gewissel. Dikwels is die muur net in die vorm van 'n kwart- tot halfsirkel aan die agterkant van die kraal gebou. Die ikura is gewoonlik met klip gestapelbou soos in die geval van die beeskraal. Dit het in hoogte vanaf 100 cm en hoër gewissel. In die muur is gewoonlik 'n addisionele uitgang ongeveer 80 cm breed reg agter die hoofhut (indlunkulu) aangebring. Hierdie uitgang is slegs deur kraalinwoners gebruik.

### 5.11 Landerye (amasimu)

Die Ndebele onderskei tussen landerye en tuinerye. Tuine is aan die binnekant van die ikura reg agter elke vrou se hut aangelê. Landerye (amasimu) is buitekant die klipmuur (ikura) op enige bewerkbare stuk grond aan die agter- of voorkant van die kraal (umuzi) aangelê. In die woongebiede van die Stoffbergomgewing waar krale teen redelike steil hellings gebou is, was die landerye laeraf teen die hellings aangelê op die beste bougrond. Dikwels was hierdie landerye ver van die kraal af onder in die vleiagtige gedeeltes geleë. Die grootte van die landerye het gewissel.

Gewasse wat verbou is, het bestaan uit mielies (isiphila), suikerriet (ife) en graansorghum (amabele-bovu). Die tuinerye word tot in die huidige tyd in die onmiddellike omgewing van die woonhutte aangelê. Elke huishouding, dit wil sê elke vrou, het 'n eie tuin. Niks verhoed vroue om tuinerye gesamentlik te bewerk nie. Gewasse wat geplant word, is pampoene (imigade), waatlemoene (amakhabe), karkoere (amaselwa), kalbasse (amarhabha) en deesdae ook tamaties en boontjies (amanawa). Die tuin kan 'n oppervlakte van ongeveer 35 vk m beslaan.

### 5.12 Ander ruimtes en strukture in en om die kraal

As 'n vullis word gewoonlik aan die agterkant buite die ikura-muur weggegooi. Sedert die ikura-muur verval het, word afval aan die agterkant buite die isibuya-muur gestort. As is soms in die tuingrond agter die hut ingeskoffel. Ander afval word agter die tuingewasse gestort. In die



huidige tyd word daar, indien daar nie reeds 'n mate van stortingsbeheer toegepas word nie, enige beskikbare ruimte buite die kraal gebruik vir storting.

In die verlede het daar geen riooldienste bestaan nie. Daar het egter besondere reëlins ten opsigte van urinering en ontlasting bestaan. Manspersone het urine aan die agterkant van die isibuya-muur passeer, terwyl vroue heeltemal buite sig van die kraalhoof en ander mans moes beweeg vir urinering. Ontlasting is deur beide geslagte buite sig iewers in die veld beoefen. In die huidige tyd besit meeste krale hul eie putlatrines aan die agterkant van die hutte of erf. Putlatrines was sedert vestiging op Blanke plase algemeen in gebruik. Putlatrines word uit sinkplate en hout, of riete (umgaba) en hout gebou. Die afmetings en grootte daarvan word volgens die Blanke model gebou met 'n deur wat na enige kant kan oopmaak. Elke Ndebelekraal het vanselfsprekend sy eie gange en paaie gehad. Gange en voetpaadjies vir daaglikse gebruik het bestaan tussen die hutomheinings agter die isibuya-muur of dan die heel agterste isibuya-muur indien daar twee of drie rye hutte bestaan. 'n Pad (umgwaqo) word tussen elke uitbreidingsirkel gelaat (sien Tek 1) breed genoeg vir 'n ossewa en later ook motors. Daar word ook 'n groot oop ruimte tussen die hutte en die beeskraal aangebring (sien 6:4.8) wat enigiets vanaf 650 vk meter kan wees.

## 6 BOUKUNDIGE KWALITEITE

Dit was moeilik om die duursaamheid en besondere boukundige kwaliteite van strukture aan die hand van informante te bepaal. In enkele gevalle kon informante egter wel datums verskaf waarvolgens die leeftyd van 'n hut bepaal kon word. Die boukundige kwaliteite kon slegs eksperimenteel by die konstruksie van die Opelugmuseum te Botšhabelo bepaal word.

Daar is sommige faktore wat die leeftydsduur van hutte en strukture verkort. Die meeste van hierdie faktore het met natuurstoestande te doen. Hieronder geld stormskade, hael, wind, weerlig, swak bougrond en die werking van insekte. Ander faktore wat 'n rol speel, is die oorloë, statutêre bepalings deur die Blanke regering, ongelukke soos brandskade en kulturele faktore soos die aanlê van 'n nuwe kraal, magies-

godsdienstige redes asook die strukturele eienskappe van die konstruksie self. Nie al die bogenoemde faktore is in die huidige tyd meer almal werksaam nie. 'n Mens dink hier aan oorloë, magies-godsdienstige redes, en in 'n mindere mate aan die gevolge van swak bougrond en die werk van insekte. Wat natuursfaktore betref, besluit die kraalhoof en sy vroue self hoe ernstig die skade is wat aangerig is, of 'n struktuur herstel kan word en of dit van nuuts af gebou moet word.

In die geval van weerligskade waar 'n hut gewoonlik heeltemal afbrand, ernstige stormskade waar strukture meegee en wegspoel asook swak bougrond waar 'n struktuur gewoonlik inmekaar stort, word die struktuur ontruim of platgeslaan en word daar van nuuts af gebou. In die huidige tyd waar Westerse boumateriale soos sement, bakstene en staal in strukture gebruik word, het die effek van natuursfaktore van minder belang geword as gevolg van die beter strukturele eienskappe van hierdie materiale. In die geval van oorloë, statutêre bepalings en die effek van magies-godsdienstige oorwegings, is strukture in die kraal nooit herstel nie, aangesien 'n nuwe woonterrein gewoonlik elders aangelê is. In die lig van die werking van hierdie faktore is dit duidelik dat die maksimum lewensduur van 'n struktuur bepaal kan word slegs waar geen of minder ernstige skade in die verlede aangerig is en waar die woonplek nie verskuif is nie.

Die oudste woonhut in KwaNdebele was ongeveer tussen 1930 en 1975 in gebruik, dit wil sê vir sowat 45 jaar. 'n Ander hut wat naby Groblersdal opgemeet is, was tussen 1935 en 1972 in gebruik, dus sowat 37 jaar. Die meeste ou woonhutte was tydens die ondersoek heelwat jonger as 35 jaar.

Hier en daar was daar ook enkele beeskrale (izibaya) wat uit die vyf-tigerjare van hierdie eeu dateer het, waarvan die oudste waarskynlik dié van die huidige stamhoof Mabusa David Mahlangu te Weltevreden is. Hierdie beeskraal is reeds tydens die vorige stamhoof Mayisha se regeringstyd gebou. Daar was dus verband tussen die ouderdom van die woonhutte en die beeskraal.

Die normale skade aan strukture en die gevolglike herstelwerk kan aangedui word slegs aan die hand van ervaring wat in die praktyk oor die

afgelepe vyf jaar by die Opelugmuseum te Botšhabelo ondervind is. Dit is verder gekontroleer met die ondervinding van informante elders.

Stormskade kan veroorsaak dat die isirhodlo-mure en soms klipbeeskrale inmekaar stort. Nuwe mure word dan gewoonlik in die plek daarvan gebou en keerwalle en vore vir afloopwater word aangebring of verbeter. n Pasgedekte hut lek soms na die eerste reënbuie. Die reën laat die gras afplat en afdig sodat die probleem nie weer by verdere reënbuie ondervind word nie. Dan is geen herstelwerk nodig nie. Kwaai haelbuie slaan gaatjies in feitlik alle mure in die umuzi. Daar word dan gewoonlik geen herstelwerk gedoen voordat die winter aanbreek nie. Die gaatjies word dan toegesmeer en die muur versier. Gate op vloere word gereeld met beesmis toegesmeer (ukukguphula).

Wind het tydens die konstruksie van n rondawelhut heelwat skade veroorsaak. Nadat die raam voltooi is en die dak gedek is, het n stormwind die hele struktuur oorgebuig. Nuwe muurpale (iinsikana) is aangebring en die skuinsgedrukte pale is uitgehaal. Die probleem is uitgeskakel toe daar met die bou van volgende hutte, die mure eers gepleister is, voordat die dak gedek is (sien 7:2.5.3).

Volgens informante word die puin van n afgebrande hut wat deur weerlig getref is, verwyder en n nuwe een in die plek daarvan opgerig. Die kraalinwoners of die huteienaar kan egter ook om magies-godsdiensstige redes besluit om weg te trek.

Swak bougrond kan veroorsaak dat n hele struktuur begin bars en inmekaar stort. Dit kom selde voor aangesien n voornemende bouer die bougrond sorgvuldig keur.

Skade deur insekte word hoofsaaklik deur twee tipes insekte veroorsaak. Die houtkewer (ipehli) het na vyf jaar slegs strukture waar wattelhout gebruik is, binnegedring. Soos informante aanvanklik met reg voorspel het, is daar tot op hede (na byna ses jaar) nog geen kewers by populierhout aangetref nie. Daar word in enkele gevalle probleme met termiete (imihlwa) by die rietomheining ondervind. Termiete pla waar die riete in die grond steek. Die tradisionele behandeling daarvan met as, lewer

goeie resultate. By sommige murasies wat ondersoek is, was daar tekens van ernstige termietindringing in die muurpale (iinsikana) van die hut=mure. Dit was nie duidelik op watter stadium die indringing plaasgevind het nie. Hiervoor was daar oorspronklik geen ander alternatief as om die pale te vervang nie.

Die faktor van oorloë en statutêre maatreëls wat soms deur die owerhede getref is, het meegebring dat gehele krale soms ontruim moes word. Slegs herbruikbare materiaal (sien later) is dan soms saamgeneem. Andersins is strukture net so gelaat om op natuurlike wyse te vergaan. Die gedwonge ontruiming van KoNamtjharhelo na die Mapochoorlog (1883) geld hier as tipiese voorbeeld.

Ongeïlukke het in die verlede voorgekom en soms strukture vernietig. Die belangrikste voorbeelde is onder andere brand as gevolg van nalatigheid, die ineenstorting van dakkappe terwyl daar gedek word en die ineenstorting van mure terwyl die klei nog nat is.

Ander kulturele faktore wat skade aan strukture veroorsaak, is slytasie, roetaanpakking, strukturele swakplekke, en skade wat deur beeste veroorsaak word. Slytasie op vloere en vuurherde (amaziko) word maklik herstel deur die aanbring van klei en beesmis. Dit is selde dat beeste as gevolg van saambondeling skade aan hutte aanrig. Tydens die ondersoek in die Stoffbergomgewing is daar heelwat hutte met ernstige roetaanpaksel in die nokgedeelte geïdentifiseer. Tesame met spinnerakke veroorsaak dit swak ventilasie en onsuiverhede tydens voedselbereiding. Los grassade wat as gevolg van swak dekwerk deurhang, vererger die probleem. Soms word die roet verwyder en die grassade met 'n nuwe spreilaag (sien 5.1.2.3) vervang.

Strukturele swakhede verminder die leeftydsduur van 'n hut. Tydens die bouwerk by die Opelugmuseum is sekere van die praktyke geïdentifiseer asook die herstelaksie daarna. Die meeste van die probleme het by rondawelhutte voorgekom.

By enkele hutte was die draagbalk (umrabheleko) nie in staat om die gewig van die dakkappe (amakapa) te dra nie, en het dit gebreek. Dit

is deur die bouers herstel deur 'n stutpaal, soos in 'n myntonnel, tussen die gebreekte draagbalk en die hutmuur in te forseer.

Op sommige plekke het twee tot drie muurpale in die grond weggesak, nadat die dakraam voltooi is. Die ondergrond het op die spesifieke plek blykbaar nie die gewenste ondersteuning gegee nie. Die hut moes afgebreek en na 'n ander, meer geskikte area, verskuif word. Volgens die segslui kan hierdie probleem ook verhoed word deur die hutmuur volledig klaar te pleister voordat die dakraam opgerig word.

'n Verdere probleem wat ondervind is, is dat die houtpenne (izikhonkwane) breek en veroorsaak dat die draagbalk en gevolglik ook die dakkappe meegee. Nadat houtpenne van Gewone Haakdoring (Acacia caffra) gebruik is, het daar na vier jaar nog geen breuke voorgekom nie. In twee gevalle het die gebruik van te dun hanebalke (amaphahla) veroorsaak dat die houtpenne wat daardeur gedryf word, dit laat bars het. Die gebreekte balk moes dan met 'n dikker balk vervang word.

Dit is verder opvallend dat alle bindwerk, dit wil sê dié in die raam sowel as in die dekwark, na 'n week of twee verslap het. Die nat toue was dan uitgedroog. Waar die verslapping meegebring het dat die raam kan meegee, is dit stywer getrek; andersins by die dekwark is die toue so gelaat omdat die verslapping hier as van minder belang geag is.

Die grondmuur (isirhodlo) toon swakhede vanweë laste by die aansluiting met die afskortingsmure (izikhawulwana). Aansluitende mure word nooit in mekaar ingelaat nie en barste ontstaan gewoonlik reeds na twee maande. Ernstige barste word maar gedurig opgevol.

Sommige boumateriale se leeftyd is langer as die leeftyd van 'n hut en kan dan in nuwe hutte hergebruik word. Daar is elders melding gemaak van die herbruik van hutte vir onder andere varkhokke (sien 5.9). Seunse en dogtershutte word ná ontruiming soms as stoorruimtes en hoenderhokke gebruik. Dakkappe, dekgras, nokpenne, die hutkroon en ikatha-ringe word baie dikwels weer gebruik.

'n Goeie voorbeeld van die hergebruik van boumateriaal is by ene Green Skosana

gevind wat sedert 1920 agtereenvolgens op drie woonterreine gebly het en hom in 1972 in die huidige KwaNdebele gevestig het. Tydens die ondersoek in 1978 het hy vertel dat die dakkappe en amabalelo van sy hut (icathane) die oorspronklike materiaal is wat hy in sy eerste woonhut van 1920 gebruik het. Toe hy in 1972 in KwaNdebele kom woon het, het hy selfs die dekgras saambring om dit weer te kan gebruik. Al drie sy woonhutte (sedert 1920) was presiese replikas van mekaar. Hierdie populierhout wat al meer as 58 jaar in gebruik was, het by nadere ondersoek geen insekbesmetting getoon nie.

Bindtoue word nie weer gebruik nie.

Daar is elders melding gemaak van die hergebruik van hutpuin (sien 6.1.3.4). Ou muurpale kan gewoonlik as gevolg van termietbesmetting slegs as brandhout benut word. Tydens die ondersoek was dit duidelik dat by ontruiming slegs gedeeltes van 'n hut en omheiningsmure behoue bly. Alle ander organiese boumateriaal word gewoonlik direk na ontruiming verwyder.

## 7 SAMEVATTING

Dit is uit die voorgaande duidelik dat die belangrikste huttipies en ander strukture wat by die Ndebele aangetref word, uit die volgende bestaan het.

- Die woonhut (indlu)
- Die seunshut (ilawu) en dogtershut (iphunyana)
- Die kookhut (isibuya)
- Die doktershut (indlu yenyanga)
- Die graanhut (isihlangana of isivivana)
- Die hutomheining (isirhodlo)
- Die inisiasieskerm (isirhodlo sabasegwabo)
- Die hofruimte (ibandla)
- Die kraalomheining (ikura) en
- Die strukture vir lewende hawe

Dit is duidelik dat feitlik alle Ndebelehuttipies deur hoofsaaklik drie ontwikkelingsfasesgegaan het. Die grashut (umthathlhana) in al sy

variasies dateer uit die sestiende eeu en het waarskynlik tot in die helfte van die negentiende eeu, of selfs later normaalweg voorgekom. Die huttepe moes in sy geheel gerekonstrueer word uit die geheue van informante en kon nadat dit gebou is, gedupliseer word deur jonger bouers. Argeoloë kon weinig inligting oor die vorm daarvan verskaf (sien 3.1.2). Die eindresultaat van die gerekonstrueerde umtlhatlhana dui op groter ooreenkoms met die vroeë Xhosagrashut as met die tradisionele Zoeloegrashut. Hierdie ooreenkoms geld ten opsigte van die vorm sowel as die konstruksiewyse.

Die rondawelhut (icathane) was die tweede fase. Dit het self sekere kleiner ontwikkelingsfases beleef en het sedert die begin (dalk vroeër) van die eeu sy verskyning gemaak en het algemeen bly voortbestaan tot in die laat vyftigerjare van hierdie eeu. Inligting oor hierdie huttepe kon gedeeltelik uit murasies en uit enkele bewoonde hutte verkry word asook uit die geheue van informante. Die meeste bouers kon die huttepe nog konstrueer. Elemente in die vorm en konstruksie van die rondawelhut dui op besliste Blanke- en in 'n mindere mate Sotho(?)-invloed (sien 5.1.3). Blanke-invloed is aanduibaar ten opsigte van hutraamvervaardiging (beide dak en muurraam), die gebruik van terme soos die hanebalk (iphahla) en latere dekmodes. (Die informante het deurgaans na die hanebalk as handebalk verwys en verduidelik dat dit net-net met die hande gevat kon word as dit op die regte hoogte aangebring was).

Beide die vroeëre dubbelmuur- (in 'n mindere mate), en die enkelmuur-hutvorm (irhayisi) het die minste probleme by konstruksie opgelewer, aangesien veral die enkelmuur huidiglik die heersende hutvorm in Kwa-Ndebele uitmaak. Dit is die derde ontwikkelingsfase. Die vorm getuig van definitiewe Westerse invloed in beide materiaal en konstruksiewyse (sien 5.1.4).

Tydse fase-ontwikkeling het nie slegs ten opsigte van vorm en konstruksiewyse plaasgevind nie, maar tegelyk ook in boumateriaal. Die tradisionele materiale (sien 4) is deur die eeue vervang met Westerse boumateriale soos sement, draad, spykers, sink en glas (sien 5.1.4.2-5.1.4.3) wat tans algemeen gebruik word.

Die tydsfases wat vir die woonhut (indlu) aangedui is, geld ook ten opsigte van die seuns (ilawu)- en dogtershut (iphunyana) (sien 5.2), die doktershut (indlu yenyanga) (sien 5.3) en die kookhut (isibuya) (sien 5.4) in 'n mindere mate.

Die konstruksie van verskeie ander strukture toon hierdie ontwikkeling in drie fases nie so duidelik nie. Hier geld dit die inisiasieskerm (sien 5.8), die graanhut (sien 5.6), die hofruimte (sien 5.8), die kraalomheining (sien 5.10), strukture vir lewende hawe (sien 5.9) en die hutomheining (sien 5.7). Die hutomheining (isirhodlo) toon ook die bogenoemde drie tydsfases ten opsigte van vorm en materiaal. Hierdie fases hou verband met die ontwikkeling in huttipes. Só het 'n ronde rietomheining saam met die grashut voorgekom (sien 5.7.1), die grondmuur omheining, eers rond en toe reghoekig, saam met die rondawelhut (sien 5.7.2) en 'n laer reghoekige grondmuur, wat tans ook begin verdwyn, saam met die huidige reghoekige woonstrukture (sien 5.7.4).

Sommige strukture en ruimtes het deur die jare hul oorspronklike funksie verloor en 'n ander funksie verkry of het as sodanig heeltemal verdwyn. Die voorkoms van 'n afsonderlike kookhut (sien 5.4) is 'n moderne ontwikkeling. Die isibuya-ruimte agter die woonhut (sien 5.7) is besig om in onbruik te raak en word dikwels met 'n geslote kookplek, dit wil sê 'n kookhut vervang. Graanhutte en die tradisionele graanmandjie (isilulu) kom glad nie meer voor nie (sien 5.6). Die allesinsluitende kraalomheining (ikura) (sien 5.10) het ook reeds verdwyn. Dogters- en seunshutte word in die huidige tyd as gastehuse en stoorruimtes gebruik. Die Ndebele is vinnig besig om 'n nuwe fase in woonterreinuitleg en -benutting in te gaan.

Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die Ndebele op die vooraand staan van die verlies van baie van hulle tradisionele boustrukture. Enersyds gaan dit om die verlies van kenmerkende boutipes en -vorme en andersyds om die vervanging van hul tradisionele boumateriaale. Diegene wat belangstel in die wyse waarop die veranderinge tot in die huidige tyd plaasgevind het, moet hulle studie sonder uitstel aanpak. Die oudste woonwyses is reeds besig om in die vergetelheid te verdwyn.



## HOOFSTUK 5

### HUT- EN MUURVERSIERING

#### 1 INLEIDING

Die agtfasige uitgangspunt waarvan in Hoofstuk 4:1 melding gemaak is, bereik in die voorlaaste fase die stadium waar die woonhut versier word voordat dit bewoon word. Mure word met mis gesmeer (ukukguphula) of deur middel van verfstowwe versier (ukugwala).

Die naam Suid-Ndebele of Mapoggers word al vir dekades wêreldwyd gekoppel aan kleurvolle en indrukwekkende muurversierings aan hutte en omheininge. Dit is veral sedert die laat vyftigerjare van hierdie eeu, met die verskuiwing van groepe Ndzundza onder hoofman Msiza na Klipgat buite Pretoria, dat besoekers in groot getalle hierdie kraal besoek het. Die versierings aan mure en vloere asook die veelkleurige kralewerk van vroue het hierdie woonpunte 'n groot toeriste-aantreklikheid gemaak. 'n Hele aantal publikasies, veral op populêre tydskrifvleke oor hierdie en ander versierings, het die lig gesien. Populêre skrywers en ook navorsers was van meet af aan behep met die simboliese en betekenisgedagte van kralewerk en muurversiering. Die verband met die Zoeloe se "kraleboodskappe" is gesuggereer en ook toegepas op die Suid-Ndebele sonder om eers die aard en basiese kenmerke van die versierings vas te stel. Literatuur wat die moeite werd geag kan word oor die onderwerp van hutversiering is skraal. In hierdie verband kan die name van Weiss (1963), Berman (1970) en Matthews (1971) genoem word.

Teenswoordig is daar weinig verskil tussen Manala- en Ndzundzamuurversiering. Volgens informante het die vroegste tipe muurversieringsmotiewe, waar organiese materiale gebruik is, by beide stamme voorgekom maar met sekere verskille tussen die twee stamme. Dit was veral die Manala wat vanweë nouer kontak met stedelike gebiede, heel eerste sintetiese stowwe en geakkultureerde motiewe begin inkorporeer het. Die Ndzundza het eers teen 1920 en 1930, na die ontbinding van die ou

stamgebied, met die stede veral Pretoria en Johannesburg, in aanraking gekom. In die huidige tyd word die beste voorbeelde van vroeë Suid-Ndebelemotiewe op die hoëveldplase (Middelburgdistrik veral) en in die Nebodistrik onder die Ndzundza verkry.

Daar bestaan heelwat bespiegelings oor die oorsprong van versiering by die Ndebele. Die moontlikheid dat die Ndzundza dit van die Pedi oorgeneem het, word genoem (WEISS 1963:33). Versiering het egter altyd sover mens kan vasstel, by die Ndebele in die vorm van beesmispatrone op die vloer voorgekom. Hierdie patrone is op vertikale vlakke oorgedra, daarna met ander stowwe soos klei en grond aangewend. Die verfstowwe is later geskei van die mispatrone en het 'n afsonderlike identiteit op versieringsvlak begin kry. Dit is dus duidelik dat muurversiering moontlik by die Ndzundza 'n eie onafhanklike ontwikkeling kon gehad het. Die oorsprong van die huidige versieringsmotiewe word toegeskryf aan akkulturatiewe invloed uit die stede, die tegniek en styl was egter vermoedelik altyd eie aan die Ndebele.

## 2 VERSIERING IN KULTURELE VERBAND

Hut-, vloer- en muurversiering is 'n kulturele produk wat onder andere verband het met die estetiese waardesisteem en is daarom onlosmaaklik deel van die kulturele geheel. Dit kan bestudeer word deur te verwys na geslag, arbeidsverdeling, status en senioriteit, akkulturasie en kulturele gebeurtenisse.

Net soos pleister- en messelwerk, is versiering ook die taak van die vrou. Elke vrou versier haar eie woonhut tesame met die omheining (isirhodlo) daarvan sowel as die ander strukture binne die omheining soos die gashut en dogtershut (iphunyana). 'n Getroude vrou mag haar moeder en/of suster vra om haar met die versiering behulpsaam te wees. Ongetroude dogters versier dikwels saam aan die iphunyana of die isirhodlo. Die versiering aan seunshutte word deur hulle moeders of susters gedoen. Enkulturasie speel 'n belangrike rol deurdat die jong dogters deur hulle moeders in die versierings- en verfkuns opgelei word. Aanvanklik staan hulle net by, maar later is hulle behulpsaam

met die voorbereiding van verfstowwe en begin dikwels hul eerste taak, aan die agter- of symuur van die iphunyana. Dit is dikwels die grootmoeder en haar tydgenote wat die opleidingstaak ten opsigte van dogters onderneem. Op dié wyse word 'n groot mate van konserwatisme en tradisievastheid by die jonger geslag ingeskerp.

Versiering vind normaalweg in die winter plaas, dit wil sê na afloop van die reënseisoen. Vroeër is hutte elke winter versier. Deesdae word dit vanweë die duursaamheid van sintetiese verfstowwe elke twee of drie jaar of met langer tussenposes gedoen. Natuurlike kleurstowwe was nie bestand teen strawwe reën- en haelbuie nie. Beesmisversiering moet ook meer dikwels oorgedoen word. Veral die vloeroppervlaktes van die hut en in die isirhodlo behoort tweeweekliks of minstens maandeliks gesmeer te word. Waar beesmis in muurversiering aangewend word, word dit gelyktydig met die aanbring van verfpatrone gedoen. Sedert Ndebele-vroue by Blankes begin werk het, word versiering gewoonlik slegs tydens spesiale geleenthede aangebring. Weens die wye verspreiding van die Ndebele oor die Transvaalse Hoëveld vind versiering nooit altyd op dieselfde tyd plaas nie. 'n Kraal of krale in 'n bepaalde streek kan byvoorbeeld onafhanklik van die ander besluit om te versier. Afgesien van die normale winterversiering, vind versiering ook tydens spesiale sosiale gebeurtenisse plaas soos byvoorbeeld tydens inisiasie, huwelikseremonies, begrafnis en rou en die fees van die eerste vrugte.

Tydens die inisiasie van seuns en dogters word hutte en mure dus versier. Vanweë die individuele aard van die dogtersinisiasie (iqhude) kan die moeder besluit om die hele kraal te laat versier of slegs haar eie hut en die woonhut van die inisiant. Dit bring mee dat versiering dan ook enige tyd van die jaar kan plaasvind. Voor die aanvang van die tweede fase van die seunsinisiasie (ingoma) word hutte dwarsdeur die stamgebied en ook op plase versier. Volgens tradisie mag geen versiering egter tydens die umphandu-fase plaasvind nie (sien 6:2.7.3.3).

Tydens die huwelikseremonie word beide die ouerpare se hutte gewoonlik versier. Veral die hut van die bruid se toekomstige skoonouers word versier, aangesien sy hier 'n paar dae sal vertoef in die matskerm (itende) wat vir haar binne-in die hut ingerig sal word.

Nadat 'n persoon gesterf het en begrawe is, word daar tydens die rou tydperk nie aan enige van sy woonstrukture versierings aangebring nie. Gedurende die dood van kaptein Cornelis Mayisha Mapoch is daar oor die hele stamgebied tussen Oktober 1961 en Augustus 1963 geen versiering gedoen nie. Hutte mag wel skoongemaak word maar geen versiering mag plaasvind nie (vergelyk ook WEISS 1963:36). Dit geld verfwerk (ukugwala) sowel as missmeer (ukukguphula).

Vroeër is alle hutte en mure skoongemaak en versier voor die aanvang van die fees van die eerste vrugte (ukuluma). Vanweë die durende reënseisoen, is dan slegs enkele motiewe gevef. Veral mispatrone is hernu. Vanweë akkulturatiewe invloede versier die Ndebele vandag ook gedurende die Kers- en Nuwejaarsfeestyd asook tydens Paasfees. Hierdie versieringsaksies kom egter nie algemeen voor nie. Lidmate van separatiste en ander kerkgroepe versier soms hulle wonings tydens besondere kerkfeeste.

Hut- en muurversiering hou verband met die tradisionele kralewerk. Ooreenkoms in motiewe kom by muurversiering en kralewerk voor al is die werksoppervlak en ontwerpmoontlikheid groter in muurversiering. In beide kunsvorms word wit meesal as basis en agtergrond gebruik. Ook swart omlýnde motiewe kom in beide kunsvorms voor (vergelyk ook BRUCE 1976:136).

### 3 MATERIAAL EN TEGNIESE TOEBEHORE

#### 3.1 Verfstowwe

Verf kan volgens bereiding en herkoms in drie kategorieë verdeel word, naamlik dié uit grondstowwe, dié uit sintetiese- en kommersiële stowwe, en verwe wat die vrou volgens eie aanwysings voorberei. Hierdie laaste tipe is dikwels 'n mengsel van organiese en sintetiese stowwe. Kleure wat hoofsaaklik uit grond en klei verkry word, hou verband met die grondsoort van die woonplek. Kleure kan verskil van Middelburg tot Witbank, Bronkhorstspuit, Roosenekal, Stoffberg en die Nebodistrik. Dit is opvallend dat 'n vrou haar dikwels gebonde ag aan die verfstowwe van haar tuisdistrik waar sy deur haar moeder opgelei is. Indien sy dan vanweë haar huwelik of om ander redes verhuis, neem sy dikwels 'n hoeveelheid van die basiese grondstowwe saam. Vroue reis dikwels van Kwa-

Ndebele na hulle gebiede van oorsprong om daar kleurstowwe te gaan haal. Mettertyd pas die meeste vroue hulle aan by die nuwe distrik en verkry met behulp van die gevestigde inwoners kennis van die plaaslike verfstofbronne. Daar word verder onderskei tussen twee tipes sintetiese verwe te wete poeierverf (oksied of "oxide") en olie- en akrielverwe.

Grondverwe word soms met ander organiese stowwe en sintetiese verwe gemeng. Sommige vroue verkies om steeds slegs met grondstowwe en n geringe hoeveelheid poeierverf te werk. Soms word rooi kleigrond, mis, blousel en mieliepap gemeng. Aanvanklik was blou en groen die eerste sintetiese verwe wat aangewend is omdat die kleure moeilik in die natuur verkry word. Party vroue meng die verfstof met water vir binnegebruik terwyl verfstof en beesmis vir buitegebruik gemeng word. Die beesmis verhoog die weerbestandheid van die verf. Veral witklei, as, beesmis en swartklei, word buite aangewend. Kalkklip word soms fyngemaal en met beesmis gemeng. Buite Middelburg by n ou steengroef word n wit kalkagtige klip bekend as (ipembe) gekry en as n gesogte verfstof fyngemaal en met beesmis gemeng. Binneshuis word gebluste kalk dikwels aangewend.

Tabel 7 n Opname van Weiss (1963:37-39) gee n aanduiding van die verskillende kleurstowwe wat in die Middelburg, Bronkhorstspruit en Roosenekal-Blinkwaterdistrikte gebruik is. Eie navorsing (1978-1980) in Kwa-Ndebele, Middelburgdistrik, Nebo en Botshabelo het getoon dat meeste van die kleurstowwe wat deur Weiss genoem is, nog gebruik word. Dit is verder opvallend dat meer sintetiese kleure in KwaNdebele gebruik word, as wat in die Nebodistrik en op die plase in die Middelburgdistrik gebruik word. Veral in die Nebodistrik is die gebruik van wit en swart grondkleure as verfstof bo ander kleure opvallend.

### 3.2 Gereedskap

Die vroegste muurversierings is slegs met die hand aangebring. Op n horisontale vlak is beesmis uitgeskep en deur middel van die handpalm oor die oppervlakte gesmeer. Patrone word dan met die vingers in sirkelvormige bewegings aangebring. Teen n vertikale vlak is die hand in

'n houer beesmis of 'n beesmis- en kleimengsel gedruk en ook met sirkelbewegings teen die vertikale muur aangestryk.

Tek 82 Daar is ook gebruik gemaak van 'n tipe verfkwas bestaande uit 'n bondeltjie hoendervere of gras wat met 'n toutjie vasgedraai word. 'n Stukkie lap of vel word ook soms gebruik om verf teen die muur aan te bring. Deesdae word tandeborsels en verfkwaste allerweë gebruik. Al die bogenoemde tegnieke en gereedskap word vandag nog gebruik.

Verf word in kalbasse (amarhabha) aangemaak en die kleure in klein hoeveelhede in stukke potskerf, kalbas, borde en deksels uitgegooi. Deesdae word verf direk uit die blik aangewend. Daar bestaan geen reëling oor die hoeveelheid verf wat aangemaak word nie. 'n Vrou meng soveel verf as wat sy reken vir 'n bepaalde oppervlakte benodig word. Verder word planke as liniale gebruik. Natuurlike grondstowwe word in 'n bakkie of op 'n maalklip (imbokodo) fyngemaal en met water aangemaak in 'n kalbas, blik of kleipot.

#### 4 VERSIERINGSTIPES

Die versierkuns van die Suid-Ndebele kan verdeel word in verfwerk en modelleer- en reliëfwerk. Eersgenoemde het te doen met die aanwending van kleurstawwe op 'n vertikale vlak en met beesmis op 'n horisontale vlak, terwyl die tweede te doen het met modelleerwerk in reliëf aan deurkosyne, rondom vensteropeninge en op pilare en boogfasades.

Verfwerk word volgens Berman (1970:207) in twee hooftipes verdeel, naamlik mispatrone en kleurverfpatrone. Hoewel eersgenoemde vermoedelik die vroegste tipe is, kom albei vandag naasmekaar en soms in vermengde vorm voor. Die uitstaande kenmerk van Ndebeleverfwerk is dat dit liniër van aard is. Die buitelyne van 'n muur word in wit of grys aangebring en die binneruimtes word met wit- en swartkleurige lyne gestreep. Buitemure soos dié aan die voorkant van die hut en die buitevoorkant van die isirhodlo word meer indrukwekkend en kleurvol versier as aan die binnekant en ander minder prominente vlakke.

Versiering kan volgens MATTHEWS (1970:83) in drie ontwikkelingstadias verdeel word. Die eerste is gekenmerk deur sterk tradisionele motiewe

soortgelyk aan dié wat in die vroegste kralewerk voorkom. Motiewe soos chevrons, driehoek, en onderverdelings van die driehoek- en trapmotiewe kom algemeen voor. In hierdie fase is kleur ondergeskik aan 'n streng monochroom raamwerk.

Die tweede fase bestaan uit meer komplekse motiewe soos plante en patrone ontleen aan omgewingselemente soos ysterhekke, skeermeslemme (itjhefana), letters en syfers. Dit is gewoonlik deel van 'n reghoekige ontwerp.


Die derde fase behels dekoratiewe gestilleerde weergawes van Westerse stedelike argitektuur soos boë, puntversierings, lappale en ballustrades, wat as versieringsmotiewe uitgebeeld word. Hoewel die drie fases chronologies opmekaar volg, kom al drie vandag naasmekaar voor as elemente van 'n verenigde styl (MATTHEWS 1970:83).

Eie navorsing dui daarop dat die versieringstipes van Matthews eerder teen die agtergrond van 'n akkulturasieproses gesien behoort te word. Daar kan onderskei word tussen motiewe van 'n tradisionele aard en motiewe wat op kontak met die Blanke dui. Daarbenewens is daar 'n verband tussen die aard van die motiewe en die verfstowwe wat gebruik is (sien 3.1), naamlik 'n onderskeid tussen tradisionele grondkleure en sintetiese stowwe van Westerse oorsprong.

Dit is moeilik om hierdie twee motieftipes aan tydsfases te koppel. Navorsing dui daarop dat die Ndebele nader aan stede soos Pretoria, Bronkhorstspuit, Middelburg en Witbank gouer van Westerse motiewe gebruik gemaak het. Daarteenoor was dit gedurende 1978/79 duidelik dat die tradisionele trap-, diamant- en kruismotiewe die oorheersende tipe in die Stoffbergomgewing en in die Nebodistrik was.



Tek 83 Die tradisionele motiewe bestaan uit trap-, driehoek-, kruis- en diamantmotiewe asook die lyne en patrone wat met beesmis aangebring word. Ander tradisionele motiewe wat vermoedelik ná hierdie motiewe ontstaan het, was die uitbeelding van voorwerpe soos kalbasse, horings, diere soos beeste en hoenders en plantmotiewe. Hierdie motiewe is hoofsaaklik met swart, bruin, wit en grys grondstowwe en

Bekistingsmuur







Latei by die isirhodlo




1. lateiboog
2. dwarslatte
3. booglatte
4. muur
5. lateibalk
6. kleistene
7. voltooide boog




Profiel: isirhodlwana

Syaansig




- 1-2 izirhodlwana
- 3 isirhodlo


Vooransig



Hofruimte




1. beeskraal
2. hofruimte (ibandla)
3. vuurherd (iziko)




Klipmuur: profiel

1. wig (ingomelo)
2. fondamentklip




Houtbeeskraal

Plan




- 1. sloot
- 2. ingeplante pale
- 3. isibaya
- 4. ibandla

Syaansig (snit)




Hoenderstellasie



1. leer
2. amagkokgo






Vooraansig



Verfgereedskap




Tradisionele fase




334  
Beesmispatrone




1.




2.




3.




4.




5.




6.




7.




8.




9.




10.



11.




12.








13.

Grasmatjie (isithebe)






Huishoudelike motiewe




Westerse fase


1.




2.




3.



4.




5.




Deurkosynreliëf


1.




2.




3.




4.








5.




Isirhodio: reliëf- en  
modelleerwerk









Kleuraaneenloping



Stappe in versiering




1. wit of swart muur
2. dun wit of swart lyne
3. motief in swart ingekleur






Simmetrie


vertikale spieëlbeeld=  
simmetrie (gedeeltelik)




horisontale spieëlbeeld=  
simmetrie




gelyktydige horisontale  
en vertikale simmetrie




bilaterale simmetrie




Suid-Ndebele Opelugmuseum




Valschfontein: NBNI-projekarea



Modules: NBNI-projekarea




# PROTOTYPE A




**A1 - STAGE 1 (BASIC CORE)**

TOTAL AREA: 21,50 m<sup>2</sup>




**A2 - STAGE 2**

TOTAL AREA: 44,80 m<sup>2</sup>



**A3 - STAGE 3**

TOTAL AREA: 57,10 m<sup>2</sup>




**A4 - STAGE 4**

TOTAL AREA: 68,40 m<sup>2</sup>




# PROTOTYPE B




**B1 - STAGE 1 (BASIC CORE)**

TOTAL AREA: 20,20 m<sup>2</sup>




**B2 - STAGE 2**

TOTAL AREA: 28,70 m<sup>2</sup>




**B3 - STAGE 3**

TOTAL AREA: 42,60 m<sup>2</sup>




**B4 - STAGE 4**


TOTAL AREA: 69,00 m<sup>2</sup>




# PROTOTYPE C




**C 1 - STAGE 1 (BASIC CORE)**  
TOTAL AREA: 20,20m<sup>2</sup>







**C 2 - STAGE 2**  
TOTAL AREA: 28,70m<sup>2</sup>




**C 3 - STAGE 3**  
TOTAL AREA 42,60m<sup>2</sup>




**C 4 - STAGE 4**  
TOTAL AREA 64,40m<sup>2</sup>



Plan: Total area 20,24 m<sup>2</sup>





Front Elevation



Section A-A


Side Elevation

Alternatiewe module-uitleg






Uitleg van vier modules



- GE1-4 : gesinne-eenhede
- C1-4 : ablusiegeriewe
- A1-6 : alternatiewe  
ablusiegeriewe
- B : wasgeriewe
- 1-11 : persele


Module van 'n wykshoof



- GE1-4 : gesinne-eenhede
- Ib : hofruimte
- A : administratiewe blok
- S : gevangenis
- Kl : kliniek


Alternatiewe perseeluitleg

Plan



1. isibuya
2. slaapkamer (indlu)
3. slaapkamer (iphunyana)
4. slaapkamer (ilawu)
5. isibuya
6. kombuisafdak
7. sonverwarmer
8. esirhodlweni

Vooraansig



die mengsels versier (sien Tabel 7).

Tek 84 Beesmispatrone bestaan uit nat beesmis wat met die vingers en handpalms op 'n plat of vertikale vlak aangesmeer word, dit wil sê op hutvloere, isirhodlo- en isibuya-vloere en hut- en isirhodlo-mure. Die beesmis wat soms met water gemeng word, word ook in kombinasie met wit, swart en grys kleurstawwe aangewend. Hierdie kleurstawwe het vroeër hoofsaaklik uit swartklei, roet, witklei (ipembe) en as bestaan. Minstens dertien motiewe en kombinasies van motiewe is tydens die ondersoek geïdentifiseer. Dit is ook opvallend dat hierdie beesmispatrone steeds in die huidige tyd gebruik word, dikwels in kombinasie met die Westerse kleurmotiewe. Hierdie motiewe kan teen 'n bruin, geel, swart, grys of wit agtergrond aangewend word. Vroeër was die agtergrond die natuurlike grondkleur van die muur.

Die oorsprong van hierdie motiewe kan moontlik teruggevoer word na die algemene neiging by primigene volke om patrone van 'n bepaalde tegniese skepping ook op 'n vertikale of plat vlak oor te dra. Boas bevestig hierdie stelling deur onder andere te verwys na rietmatpatrone wat op die teëls van die Nekropolis van Zoer te Sakkara uitgebeeld is (MATTHEWS 1971:85). Die mispatroonontwerp kan dan moontlik teruggevoer word na die ontwerp van 'n mat soos die isithebe wat op die muur oorge-

Tek 85 dra word. Hierdie patrone is duidelik sigbaar op die isithebe.

Tek 86 Die ander tradisionele motiewe openbaar 'n sterk huishoudelike inslag. Dit het naamlik te doen met huishoudelike gereedskap soos kalbasse (amaqusa), die skepkalbas (intonyana) asook huisdiere soos hoenders, beeste en beeshorings. Bome en plante word dikwels meer gestilleerd uitgebeeld. Hierdie motiewe word gewoonlik met swart, wit en grys kleure geverf, dog in resente tye is kleure soos groen, sintetiese blou en selfs rooi ook gebruik.

Tek 87 Die Westerse motiewe bestaan onder andere uit ysterhekke, skeermeslemme (amatjhefana), vliegtuie, lamppale en ligte, wonings, groot geboue, letters en syfers, voertuigregistrasienommers en andere. Hierdie motiewe word gewoonlik aangebring met moderne verfstawwe met 'n akriel- of oliebasis asook eie mengsels wat saamgestel is uit grondstawwe en

sintetiese verfstawwe met 'n groot verskeidenheid van kleure. Die ysterhekmotief word in 'n donkerkleur soos swart aangebring terwyl die agtergrond met ander kleure ingevul word. Die skeermesmotief is een van die gewildste motiewe en veral die gate in die lem word grootliks gevarieer en veelkleurig ingevul. Afbeeldings van geboufasades en geboukomplekse kom algemeen voor en word aangevul met lamppale, vensterrame, ballustrades en selfs motorvoertuigregistrasienommers. Die nommers word ook agterstevoor en onderstebo aangewend soos dit die kunstenaar behaag (byvoorbeeld TM832). Ander motiewe wat veelkleurig aangebring word, is horlosies, treine, motors, mensfigure soos Ndebelevroue met kraleringe (izirholwana), resiesperde, en sibbename soos Mayisha tesame met eiename. In hierdie motiewe heers daar gewoonlik 'n vorm van vorm- en kleursimmetrie (sien 6).

Modellering en reliëfwerk kom minder algemeen voor. Dit lyk of reliëfwerk 'n vroeëre ontwikkelingsfase as modellering is. Die twee vorme kom vandag egter naasmekaar voor. Tydens die ondersoek was dit duidelik dat die meeste voorbeelde van reliëfwerk in die Stoffbergomgewing voorkom. Reliëfwerk word hoofsaaklik aan die deurkosyn van die binnehut en rondom die umsamo aangebring. Reliëfwerk kom ook voor by die deurgange (isikhawulwana) in die hut, aan die voorkant van die hutbuitemuur en by in- en deurgange in die omheining. Die eenvoudigste reliëfwerk aan die umsamo was omlysting en het bloot bestaan uit enkele verdikkingslyne aan die voorkant van die umsamo. Binne die omlysting is driehoeke en vierkante in verskillende kombinasies aangebring. Die diepte van die reliëfwerk wissel gewoonlik van 2 cm tot 5 cm. Die dieper reliëfwerk kom meesal buite die hut voor. Mettertyd is daar op die umsamo ook mensfigure in reliëf aan die voorkant aangebring. Aan weerskante van die umsamo word daar soms vierkante min of meer op die "zigurat"-patroon bo-op mekaar gevorm met 'n ronde bal bo-op. Die bal word dikwels afgewissel met 'n vierkant of driehoek wat op 'n skerppunt balanseer. Die vierkantjie word soms weer in kleiner reliëfwerk uitgelê.

kom in die Stoffbergomgewing en onder die Ndebele van Jack Mahlangu in Nebo voor. Die vroegste vorms het slegs 'n verdikkingsraam ongeveer 10 tot 20 cm gehad wat reg rondom die deurkosyn aangebring word. Later is driehoekpatrone, vierkante en selfs sirkels gemodelleer dikwels tot 5 cm in diepte. Hierdie patrone word soms as onderdele van 'n kettingmotief (isitseketsane) in vertikale motiewe weerskante van die deurkosyn aangebring. Letters word algemeen gemodelleer. Baie van hierdie letters word onderstebo of in spieëlbeeld tesame met syfers sonder enige simmetriese balans aangebring. Aan die regterkant kom daar byvoorbeeld in een geval drie neges en 'n nul voor, terwyl links daarvan 'n letter-L, twee eens en twee nulle gemodelleer is.

Tek 89 Van die keurigste en grootste reliëf- en modelleerwerk kom gewoonlik by die hoofingang van die isirhodlo voor. Reliëfwerk en modellering word hier dikwels saam aangewend. Reliëfwerk is aanvanklik slegs as 'n verdikking weerskante van die ingang aangebring sodat die ingang twee vierkantige pilare vertoon en dit effens hoër as die isirhodlo-muur uitstaan. Bo-op die pilare word vierkante op die "zigurat"-patroon opgebou en gekroon met 'n ronde bal of 'n vierkant (ongeveer 5 cm dik) wat op die een hoek daarvan balanseer. Hierdie "zigurat en bal"-idee word dikwels ook op die vier hoeke van die isirhodlo aangebring asook by deurgange (isikhawulwana); meer dikwels slegs die bal. Gewoonlik kom die versierings net op die twee voorste hoeke van die isirhodlo voor. In die hoekpilare word soms portretraamreliëfwerk aangetref en die raam self met driehoeke en vierkante in reliëf ingevul. Twee ronde patryspoorte, 30 cm in deursnit tesame met 'n ronde raam, word ook soms aangebring. In jonger tye word gewoonlik vierkantige vensters aangebring met gemodelleerde mensfigure, balle of vierkante binne in die opening.

Die aanbring van 'n boogingang was volgens informante eie aan die vyftigerjare. Die boog word gebou met 'n paar populierpale of staalpype as latei. Die hoogte van die grond tot die latei wissel van 190 cm tot meer as 200 cm. Die bouwerk bokant die latei vertoon gewoonlik 'n gewelboog en word ryklik versier en gemodelleer. Soms kom 'n trapmotief soortgelyk aan die Gotiese trapgewel in die gewel voor.

Bo-op die trappe word daar dikwels bal-, kubus- en vierkantmodellerings aangebring. Binne die trapgewel word soms ronde, en vierkantige openinge aangebring met mensfigure en ander vorms binne in die openinge. Die hoogste punt van die gewel kan dikwels tot 300 cm bo die latei wees. Modelling word selde aan die kleiner isirhodlo (sien 4:5.7.2) aan die voorkant van die hoofmuur gedoen. By een spesifieke huis in KwaNdebele in die Waterval A-wyk, kom daar vier mensbeelde ongeveer 100 cm hoog as deel van die isirhodlo voor. Twee van die beelde staan weerskante van die ingang en twee op die voorste hoeke. Die werklike isirhodlo-muur is nie hoër as 30 cm nie. Die omheining is in hierdie geval dus ondergeskik aan die beelde wat realisties met sintetiese verf "geklee" is. Die trapgewelmotief kan ook aan die amaturi-mure van 'n hut aangebring word. In een spesifieke geval het die vrou die voorste amaturi-muur in vier trapgewelmuurtjies opgebou.

Modelling en reliëfwerk word met 'n mengsel van grond, beesmis en miershoopklei gedoen. Reliëfwerk aan die umsamo en deurkosyn word aangebring tydens die bou en pleister van die betrokke plekke. Reliëfwerk kan ook op 'n later stadium aangebring word nadat die betrokke oppervlakte reeds voltooi is. Die verlangde reliëffigure word dan letterlik uitgebeitel tot op die vereiste diepte. Soms word 'n groot oppervlakte weggekapt en die hele reliëf daaruit opgebou. Die bou aan die ingangsboog vind plaas nadat die voorste muur van die isirhodlo voltooi is. Die rede hiervoor is om te voorkom dat die swaar bouwerk op die boog die klam en pasgeboude isirhodlo-muur inmekaar laat stort.

## 5 VERSIERINGSTEGNIEK

### 5.1 Metodiek

Modelling en reliëfwerk word met die hand gevorm uit die voorgenoemde klei- en beesmismengsel. Daar word soms van versterkingsmateriaal gebruik gemaak in die vorm van stokkies en latte wat aanmekaar vasgemaak word om 'n interne versterkingsraamwerk te vorm. Sekere vorms soos die kubusse en balle wat bo-op mure geplaas word, word vooraf vervaardig met 'n stok wat as 'n as dien. Sodra die klei gedroog het, word die stok met die model bo-op in die muur ingedruk en as geheel saam afgewerk.

In die huidige tyd word die troffel baie kundig by modellering aangewend.

Verfwerk word op groot oppervlaktes gedoen. Die oppervlakte beslaan gewoonlik etlike vierkante meter en bestaan uit die totale muur van die gebou en die muuropervlaktes van al vier die sye van die isirhodlo. Die ontwerpe wat aangebring word, is dus ondergeskik aan die gebou of omheining self. Die Ndebelevrou het selde die hele oppervlakte wat versier word binne haar gesigsveld. Sy werk teenaan die muur en haar gesigsveld is in die omgewing van 200 tot 300 cm. Dit gebeur dikwels dat sy geen vooraf ontwerplyn oor die oppervlak trek nie. Sy begin in die middel van die oppervlak of aan die kant en werk daarvandaan verder. Die totale motief is nogtans 'n simmetriese geheel en die fokuspunte kom gebalanseerd oor die hele oppervlak voor. Vrouens maak gewoonlik ook nie van 'n waterpas of ander riginstrumente gebruik nie. Die lyn in die motiewe is nogtans parallel aanmekaar en vorm 'n aan-eenlopende geheel. Dit is veral by die rondawelhutte aan die binne-muur waar hierdie bemeestering van tegniek na vore kom. By plat vlakke met groot motiewe word daar in die huidige tyd soms van liniale en bind-toue gebruik gemaak om absolute reguitlyne in motiewe te verkry. In een geval het die vrou 'n skeermeslemmotief van meer as 150 cm in gedagte gehad. Om 'n absolute reguitlyn te verkry, het sy van 'n gespanne tou gebruik gemaak. Die bindtou (intambo) word in swart verf gedoop en deur twee vroue aan weerskante op die eindpunte van die beplande motief vasgehou. Die tou word styf getrek terwyl 'n derde vrou dit effens wegtrek van die muur af, soos met die snaar van 'n boog sodat die nat tou nie aan die muur raak nie. Sy los dan die gespanne middelpunt van die tou, dit skiet vorentoe en laat 'n reguit swart lyn teen die muur. Geïmproviseerde liniale bestaan uit planke van allerlei lengtes.

Tek 90 Waar 'n groot oppervlakte versier word, word die totale motief dikwels in wit of swart in dun lyne afgebeeld. Hierna word die gekleurde verf ingevul. Met 'n swart agtergrond word die motief in wit lyne afgebeeld en die ander kleure dan ingevul. 'n Aantal oplossingsmoontlikhede by die hantering van oppervlaktes vir versiering word deur Weiss genoem (vergeelyk ook WEISS 1963:82-83).

Om eenheid tussen verskillende vertikale vlakke of mure te bewerkstel=



Tek 90

lig, word hierdie mure deur middel van 'n horisontale kleurband of bande aaneengeskakel. So 'n band, gewoonlik wit of swart, verbind dan byvoorbeeld vier isirhodlo-mure reg rondom die hut en sluit ook die hutmuur in, indien die hutmuur deel van die isirhodlo vorm. Die band word gewoonlik op 'n hoogte van ongeveer 170 cm aangebring. 'n Hele aantal parallelle bande kan ook aangebring word. Fyn lyn=patrone kan ook op die band aangebring word. So 'n horisontale band kan ook uit 'n aantal herhalende basiese motiewe saamgestel word.

## 5.2 Die kunstenaars

Elke vrou het haar eie hut en die omheining daarvan as versierings=verantwoordelikheid. Sy word bygestaan deur haar dogters en moeder indien laasgenoemde benodig word. Sy werk meesal alleen, maar sal enige van haar susters nader om haar behulpsaam te wees by die beskildering van groot oppervlaktes of indien sy 'n groot hoeveelheid werk in 'n kort tydsbestek wil afhandel. Susters help mekaar gereedelik omdat hulle by dieselfde moeder opleiding ontvang het. Vroeër jare was die enkulturasiefaktor belangrik as waarborg vir die behoud van tradisie. 'n Vrou kan ook 'n halfsuster nader, dog laasgenoemde het haar opleiding by 'n ander moeder ontvang en is daarom as hulp=geefster minder gewens.

Die meer moderne en individuele motiewe in versiering kom gewoonlik by die jonger geslag voor. Eie waarneming het getoon dat daar vandag minder gebondenheid aan tradisionele patrone en minder ooreenkoms tussen susters en hul moeder se versieringsmotiewe voorkom. Die ouer vroue staan opvallend skepties teen die nuwe motiewe wat tipies van die derde fase van versiering is.

Variasie in motiewe en kleure binne 'n kraal hou dus gewoonlik verband met die omgewing van herkoms van die vroue in 'n kraal. 'n Poliginis wat byvoorbeeld twee vroue uit een wyk in die Middelburgdistrik trou, en een uit die Nebodistrik, kan verwag dat 'n variasie van motiewe en kleurvoorkeure in sy kraal gaan voorkom. Die faktor van materiaal=verskille is reeds genoem (sien 3.1). Die vrou uit die "ander" gebied pas haar weldra hierby aan.

## 6 BEGINSELS IN MUURVERSIERING

Die gegewens in hierdie afdeling is onder andere gebaseer op navorsing van Weiss (1963). Haar gegewens is tydens die ondersoek getoets en gekontroleer by die Ndebele Opelugmuseum te Botšhabelo, asook in KwaNdebele en in die Nebodistrik in Lebowa. Die tekeninge wat verskaf word in die volgende uiteensetting is die getoetste voorbeelde uit eie navorsing na aanleiding van Weiss se klassifikasie.

Weiss gee ter aanvang 'n kort samevatting van die verskeidenheid van simmetrie in versieringsontwerp of komposisie. Sy identifiseer vier algemene beginsels in muurversiering. Hierdie beginsels geld ongeag die basiese tegniek, materiaal en die kunstenaars wat optree. Weiss identifiseer eenheid as iets wat verbind is met die geheel van die ontwerp; ritme as die herhaling van soortgelyke eenhede; simmetrie as die gebalanseerde verhouding van elemente binne 'n eenheid; en balans as die natuurlike gevolg van simmetriese eenheid (WEISS 1963:84).

Weiss onderskei minstens agt soorte simmetrie, naamlik:

- Spieëlbeeldsimmetrie op 'n vertikale as. Hier weerspieël die motiewe mekaar weerskante van 'n vertikale as.

- Spieëlbeeldsimmetrie op 'n horisontale as, dit wil sê die bo- en onderkant van die motiewe weerspieël mekaar op 'n horisontale as.

- Gelyktydige horisontale en vertikale spieëlbeeldsimmetrie. Al vier vlakke op albei aste weerspieël mekaar en is dus identies.

- Bilaterale of tweesydigte simmetrie. Die horisontale en vertikale beeld toon dieselfde simmetriese eenheid.

- Straalvormige simmetrie. Die motief is simmetries vanuit 'n middelpunt in enige rigting van die straalas.

- Omgekeerde simmetrie. Die motief word in vier dele verdeel. Die dele stem diagonaal en omgekeerd ooreen.

- Oorkruissimmetrie. Die vier dele stem slegs diagonaal ooreen en nie omgekeerd nie.

- Duplikaatsimmetrie. 'n Presiese herhaling in vorm en kleur van oorkruissimmetrie.

Volgens Weiss kom daar weinig simmetrie in die modernste Ndebele-versieringsmotiewe voor. Variasies ten opsigte van kleur en vorm kom egter ook voor. So kan asimmetriese kleur tesame met horisontale en vertikale vormsimmetrie in een motief voorkom (WEISS 1963:96-101).

Eie navorsing dui daarop dat absolute simmetrie in kleur en vorm selde by versieringsmotiewe voorkom. Daar is te dikwels 'n klein element soos 'n skuinsstrepie wat verskil meebring in 'n motief wat oppervlakkig beoordeel moontlik op 'n vertikale as as simmetries vertoon. Die huidige versieringsmotiewe (Westerse motiewe) (sien 4) vertoon meer vormsimmetrie as kleursimmetrie. Dit wil voorkom asof die groot verskeidenheid sintetiese kleurstowwe die gelyktydige vorm- en kleursimmetrie in 'n ontwerp bemoeilik. Tydens die ondersoek is oor 'n groot gebied binne en buite KwaNdebele minstens 72 motiewe bestudeer. Die verdeling ten opsigte van simmetrietipes, dit wil sê in vorm en kleur, was soos volg:

- |   |       |
|---|-------|
| - Vertikale spieëlbeeldsimmetrie                            | : 28% |
| - Horisontale spieëlbeeldsimmetrie                          | : 1%  |
| - Gelyktydige horisontale en vertikale spieëlbeeldsimmetrie | : 20% |
| - Bilaterale simmetrie                                      | : 9%  |
| - Simmetriese vorm tesame met asimmetriese kleuraanwending  | : 21% |
| - Geen simmetrie in vorm of kleur                           | : 21% |

Tek 91 Die bogenoemde opname is ten opsigte van sowel die tradisionele as die Westerse motiewe uitgevoer. Voorbeelde van die bogenoemde tipes simmetrie word in Tekening 91 aangedui.

## 7 SAMEVATTING

Die Suid-Ndebele het veral die afgelope vier dekades letterlik wêreld-bekendheid verwerf met hulle hut- en muurversiering. Heelwat literatuur oor die onderwerp het verskyn.

Versiering aan mure en op platvlakke kan soos die tradisionele kralewerk nie losgemaak word van die kulturele verband van die beoefenaars daarvan nie. Versiering word geassosieer met die vrou. Tesame met haar dogters versier sy haar eie hut en die strukture binne die isi-rhodlo. Die eenderse styl in versiering is die gevolg van 'n enkulturasieproses oor generasies waarvolgens kennis van materiaal en basiese motiewe oorgedra word. Versiering vind afgesien van die wintersmaande, ook plaas tydens sekere sosiale gebeurtenisse soos seuns- en dogtersinisiasie en die huwelikeremonie. Dit hou verband met begrafnis en rou en het vroeër plaasgevind tydens die fees van die eerste vrugte (2).

Die Suid-Ndebele het vir baie jare slegs van natuurlike verfstawwe gebruik gemaak. Dit is verkry uit grond en klei van verskillende kleure, blare en ander plante, as en dies meer. Na kontak met die Blanke is sintetiese verfstawwe aangekoop. Naas natuurlike grondkleure en sintetiese verwe het vroue ook hul eie mengsels berei. Vroeër is slegs tradisionele gereedskap soos stertvere en gras vir verfwerk gebruik. Vandag word kwaste en rollers naas die tradisionele gereedskap gebruik (3.1-3.2).

Suid-Ndebeleversiering word in twee kategorieë verdeel, naamlik verfwerk op platvlakke naas modellering en reliëfwerk. By eersgenoemde word daar onderskei tussen die beesmispatrone en aanwending van kleurstawwe. Ndebeleverfkuns onderskei twee fases. Die eerste fase (4) is gekenmerk deur tradisionele motiewe soos chevrons, driehoeke en trapmotiewe. Die tweede fase word gekenmerk deur Westerse motiewe soos ysterhekke, skeermeslemme, letters en syfers, lampale en Westerse argitektoniese vorms. Sekere skrywers soos Matthews onderskei drie fases (4).

Modellering en reliëfwerk is tot 'n fyn kuns ontwikkel en vind veral

gestalte in die umsamo-bankie binne-in die hut, die deurkosyn en in die ingang van die isirhodlo-muur wat soms van 'n boogfasade voorsien word (4).

'n Bepaalde metodië word toegepas by modellering en reliëfwerk asook by verfwerk. Tradisionele materiaal en meetinstrumente word gebruik om onder andere reguit lyne by verfwerk te verkry (5.1).

Daar bestaan besondere opvattinge by 'n vrou, haar kinders, susters en ander vroue ten opsigte van versieringsverskeidenheid. Afgesien van die neerlegging van 'n tradisie in materiaal, tegniek en motiewe, ontstaan daar variasie en verskille as gevolg van verhuising, invloed van ander vroue, akkulturasie en dies meer (5.2).

Die indeling van versieringsmotiewe volgens onder andere simmetrie in kleur en vorm verskaf 'n belangrike riglyn in die sistematisering van kennis oor die Ndebeleversieringskuns (6).

Die tydsfases in Ndebelehutversiering behoort by enige rekonstruksie van hutte in ag geneem te word, eensyds in 'n opelugmuseum en andersyds by moderne dorpsontwikkeling soos dié in KwaNdebele.

## HOOFSTUK 6

### DIE BENUTTING VAN LEWENSRUIMTES

#### 1 INLEIDING

Hoofstuk 3 is gewy aan die kraaluitleg van die Suid-Ndebele waarby daar veral aandag gegee is aan die afsonderlike boustrukture en ruimtes volgens konstruksie en tipe. Die klempasing in hierdie hoofstuk val op die wyse waarop hierdie strukture as lewensruimtes benut word.

’n Lewensruimte kan gedefinieer word as die fisiese strukture, ruimtes of areas in en om die kraalverband, waarbinne die Ndebele se daaglikse lewe afspeel. Hierdie strukture en areas is in wese die komponente van ’n Suid-Ndebele umuzi. Dit sluit alle komponente in tesame met elke onderverdeling daarvan.

’n Lewensruimte kan ’n woonhut wees wat weer in verdere ruimtes onderverdeel word soos die binnehut, gangkamers (amaturi), deuropeninge en die veranda. So kan die isirhodlo op sy beurt onderverdeel word in die esirhodlweni- en esibuyeni-komponente. Daar kan ook ’n bepaalde lewensduur aan ’n leefruimte gekoppel wees. ’n Inisiasiehut word net vir ’n kort tydperk benut, waarna dit afgebrand word. Sekere ruimtes openbaar weer ’n sporadiese of sikliese lewensduur. ’n Land word so net op ’n sekere tyd van die jaar met ’n sekere gewas beplant. Die kraal (umuzi) word bewoon deur ’n sosiale eenheid wat op afkoms en lokaliteit van inwoning gebaseer is. Hierdie eenheid het as basis die gesin of gesinne-eenhede tesame met vreemdelinggroepe of individue wat by die kraalgroep aangesluit het.

#### 2 SOSIALE EENHEDE

Sosiale eenhede word by die Suid-Ndebele gebaseer op afkoms, lokaliteit van inwoning asook volgens bepaalde doelgerigheid. Literatuur oor die sosiale organisasie van die Suid-Ndebele is karig. Enkele verwysings kom voor in Fourie (1921), Van Warmelo (1920), en Maré (ms), Landgraf (1974), rotgieter (1958) en Kuper (1978) en is by die kontro-

lering van die uiteensetting van informante gebruik.

## 2.1 Die gesin en gesinne-eenhede

’n Gesin ontstaan uit ’n huwelik tussen ’n man en ’n vrou na voldoening aan sekere bevoegdheidsvereistes waaronder deurloping van die inisiasieseremonies vir seuns en dogters een van die belangrikste is. ’n Seun wat nie die stamskool deurloop het nie, kan onder geen omstandighede ’n wettige huwelik binne stamverband sluit nie (vergelyk ook MARÉ ms 5:9). Die deurloping van inisiasie speel by meisies nie so ’n belangrike rol nie. Dit gaan by hulle eerder om die bereiking van geslagsrypheid as voorwaarde vir hubaarheid. Tog is die deurloping van die individuele inisiasie nie sonder betekenis nie (vergelyk MARÉ ms 5:19). Die huwelik tussen man en vrou is die ontstaanspunt van ’n gesin. Sodra die eerste kind gebore word, ontstaan ’n volwaardige gesin.

Deur poliginiese huweliksluiting ontstaan daar ’n gesinne-eenheid. Hierdie poliginiese gesinne-eenheid bestaan uit ’n man met meer as een vrou tesame met elke vrou se kinders. Elke vrou met haar kinders vorm dus ’n afsonderlike gesin.

Die patrilokale groter gesinne-eenheid strek oor meer as twee generasies, dit wil sê ’n eenheid bestaande uit ’n man, sy vroue in poliginiese verband tesame met sy gehude seuns en hulle onderskeie vroue en kinders. ’n Gehude broer of wewenaarbroer met ’n nakroos kan by die groter gesinne-eenheid as deel daarvan aansluit. So ’n eenheid strek dus oor drie en meer generasies.

Al drie hierdie sosiale verbande vorm die basiese samewonende eenhede by die Suid-Ndebele soos uit die navolgende afdelings verder verduidelik word.

## 2.2 Die kraalgroep (umuzi)

Die kraal is die lokale verband van strukture en ruimtes waarin die gesin of gesinne-eenhede woon. Die vorming van groot kraalroepe was in die verlede algemeen. Vestiging in groter gesinne-eenhede wat

dikwels oor meer as drie generasies gestrek het, was normaal. Die ondersoek het aan die lig gebring dat hierdie vestigingspatroon na afloop van die Mapochoorlog verander het vanweë opbreking van veral die Ndzundza se oorspronklike groot krale en die gevolg van vreedsame omstandighede (vergelyk ook COETZEE 1980:248). Die vestiging op plase was daarna hoofsaaklik in poliginiese gesinne-eenhede met die uitsondering van kapteins soos Jafta Mahlangu wat in die oorspronklike Mapochsgronde agtergebly het en die daaropvolgende vestiging van Fene en sy seun Mayisha te Welgelegen. Poliginiese huwelike en daarom poliginiese gesinne-eenhede kom wel vandag nog voor. Die rol van die kersteningsaksie het egter die oorheersende voorkoms van die monogame gesin tot gevolg gehad.

In sommige gevalle in KwaNdebele waar daar wel poliginie voorkom, gebeur dit vandag dat twee of meer vroue elk met haar eie gesin op verskillende plekke tot sover as vyf kilometer uitmekaar gevestig word. Dit lyk of die praktyk verband hou met die vrees vir towery. Jaloesie onderling tussen die vroue van 'n poliginis kan ook as 'n rede vir die skeiding van die dele van 'n poliginiese gesinne-eenheid aangedui word. Die desentralisasie van 'n poliginis se vroue hou in die huidige tyd ook verband met ekonomiese redes. 'n Welgestelde winkelier of besigheidsman met twee of meer besigheidspersone stel soms een van sy vroue aan in beheer van elk van die persone. Selfs 'n sororale verbintenis vereis vandag nie meer vestiging in een kraal nie. Op dié wyse kom dus 'n poliginiese gesinne-eenheid in twee geografiese krale (imizi) tot stand. Die skakeling tussen hierdie twee krale word onder andere bewerkstellig deur wedersydse kuiery, inisiasie- en huweliksereemonies waarby die lede daarvan betrokke is, en werksgroepe.

Aandag is reeds kortliks gewy aan die verdeling van die Ndebele umuzi in twee afdelings, naamlik die ubunene of regterkant en dié ikhohlo of linkerkant (sien 3:3.1).

Die gesagvoering in 'n kraal geskied onder die mees senior man van die gesinne-eenheid die umnumzana, ook genoem ikosana of umnomuzi (letterlik: "hy wat 'n kraal besit"). Hy word verder genoem: umnikazi womuzi (moeder van die kraal) (vergelyk ook FOURIE 1921:103).



Die mees senior seun uit die ubunene-afdeling word uit die indlunkulu-hut van die hoofvrou (ikosikazi), gebore en staan bekend as die ikosana yobunene. Die ikosana yobunene is die mees senior vrou oor haar eie regterafdeling van die umuzi asook die senior van die hoofvrou van die linkerkant, die ikosikazi yekhohlo.

Die senior en eersgebore seun uit die ikhohlo-afdeling staan bekend as die ikosana yekhohlo en is die senior van alle seuns uit die ikhohlo-afdeling.

In 'n vorige hoofstuk (sien 3:5) is melding gemaak van die posisie en voorkoms van 'n stutvrou (ihlanzi) by beide afdelings. Die aanvulling deur 'n ihlanzi geskied gewoonlik deur die junior seroraat. Sy kom dus uit dieselfde sibbe (isibongo of umthupha) as die vrou wat sy aanvul. Die posisie en besondere funksie van die jongste seun in elke hut is reeds genoem (sien 3:5).

Kinders wat in kraalverband gebore word, word volgens hulle aanhorigheid in 'n bepaalde afdeling in rangorde geplaas. Dogters wat verby die suigelingstadium is, word na die dogtershut iphunyana labantazana van elke hut uitgeskuif. Seuns tot op die ouderdom van sewe jaar moet in die ilawu of iphunyana lamalijana naby die beeskraal slaap. Ouer seuns tot op inisiasie-ouderdom woon in die ilawu of iphunyana labesana of iphunyana labasegwabo wat ook naby die beeskraal gebou word. Volgens sommige informante kan seunshutte wel vir elke afdeling in die kraal se seuns afsonderlik opgerig word. Dan is dit egter in die betrokke afdeling geleë.

Die verdeling van die kraal in twee segmente het 'n effek op die reëling van die familie-, erf- en opvolgingsreg in kraalverband. Senioriteit speel hier 'n belangrike rol byvoorbeeld die senioriteit van die ikosana yobunene as volgende kraalhoof, die senioriteit van die ubunene- oor die ikhohlo-afdeling en die posisie van die oudste seun uit die ikhohlo self oor alle ander ikhohlo-seuns.

Die uitleg van ander strukture en die ruimtes in die Suid-Ndebelekraal is nie hier van belang nie en is reeds uiteengesit (sien 3:3.3).

Die gesin, gesinne-eenhede en die kraalgroep is sosiale eenhede wat op afkoms en lokaliteit van inwoning gebaseer is. Die posisie en funksionering van hierdie eenhede is daarom gekoppel aan leefruimtes binne die kraalverband.

### 2.3 Die beperkte linie (imbeleko)

Die term imbeleko beteken letterlik "draagvel". Daar bestaan onsekerheid oor die oorsprong en afbakening van hierdie sosiale eenheid. Maré omskryf die eenhede (meervoud: izimbeleko) as "minder bepaalbare kleiner verwantegroep" waarvan die gemeenskaplike voorvader wel binne die sibbe aanduibaar is. Die term kan egter ook gebruik word om 'n sibbe (isibongo) of linie (ikoro) aan te dui. 'n Ndebeleman sal gewoonlik by aanduiding van sy imbeleko die naam van sy grootvader of oorgrootvader gee, dit wil sê dis 'n beperkte afkomslyn van uiters drie generasies. Maré beweer dat die verskillende izimbeleko in 'n bepaalde hiërargiese volgorde binne die ikoro of patrilinie gerangskik is (MARÉ ms 3:9). Volgens informante bestaan die imbeleko uit die seuns en dogters van 'n vrou en die nakomelinge van hierdie seuns oor drie tot vier generasies. Die nakomelinge van die dogters van hierdie vrou val buite die imbeleko, maar vorm deel van die imbeleko van die mans met wie hul moeders in die huwelik tree.

Die imbeleko hou moontlik verband met die belangrikheid van die geboorte van 'n seun. Die term vir geboorte heet umbelegwa. Dit vind in afsondering in die moeder se hut plaas. Sekere gebruike tydens en na afloop van die geboorte is belangrik. Die nageboorte (indlu yomntwana) word in die hut aan die moeder of vroue se kant, die incabafazi, begrawe. Die sorgvuldige begraving van die nageboorte hou verband met die vrees vir kwaadwillige towery. Op die geboortedag word 'n bok deur die vader geslag en 'n draagvel of karos bekend as imbeleko van die vel gesny (vergelyk ook FOURIE 1921:120-121). Die belangrike rol van die moeder word geïllustreer in die feit dat die vader nie die hut mag binnegaan voordat die naelstring van die pasgeborene afgeval het nie. Die belangrikheid van die moederlike "bloedlyn" tesame met die stamwerkwoord -belega of -beletha verwys dan na die bestaan van 'n imbeleko.

Volgens Maré word n imbeleko mettertyd in verskillende krale of kraal= groepe (imizi) verdeel. n Groep krale kan dus saam aan een imbeleko behoort. Die kraalhoofde abanumzana bevind hulle in n bepaalde senioriteitsrangorde teenoor mekaar (MARÉ ms 3:10). Die definieëring van die vroegste vorm van n Ndebele patrilokale groter gesinne-eenheid is naamlik dat dit n gelokaliseerde afkomseenheid oor minstens drie generasies binne een kraal (umuzi) bevat. Volgens Maré se oorspronklike definisie van n imbeleko blyk dit dat die imbeleko oor uiters vier generasies strek, wat meebring dat die imbeleko slegs een generasie= vlak "dieper" as die funksionerende groter gesinne-eenheid blyk te wees. Hiervolgens kan die afbakening van Maré eerder as n besondere "groter" vorm van die groter gesinne-eenheid gesien word. Tog beweer hy ook dat elke ikoro self n imbeleko is, of "groepe nakomelinge van bloed= verwante aan wie daar geen ikoro verbind is nie, maar wat komponente van die ikoro uitmaak" (MARÉ ms 2:8).

#### 2.4 Die patriline (ikoro)

Die sibbe (isibongo) is by die Ndebele in verskillende patrilineies (ikoro : meervoud amakoro) verdeel. Die patrilineies kan in bepaalde senioriteitsrangorde teenoor mekaar gerangskik word. Die ikoro is soos reeds genoem, saamgestel uit n aantal sub-linies of izimbeleko. Die Mahlangu (die koninklike sibbe) by die Ndzundza-Ndebele is by= voorbeeld in sestien verskillende amakoro ingedeel. Dit is nakome= linge wat nie verder as Mrhetsha teruggaan nie, dit wil sê twaalf generasies vanaf die huidige koning Mabusa. So is die hoof van die jongste van die patrilineies ene Mgwezane (MARÉ ms 2:7). Hy het ses generasies gelede gereken vanaf Mabusa gelewe. Die nakomelinge van n bepaalde patrilineiëre voorvader behou hul senioriteitstatus ten op= sigte van ander patrilineies op dieselfde wyse as hul voorvaders.

#### 2.5 Die sibbe (isibongo)

Die sibbe (isibongo) kan by die Ndebele gedefinieer word as n uniliniëre verwantegroep wat n eenheid vorm op grond van die aanvaarding van afstamming van n vermeende gemeenskaplike voorvader.

Die term isibongo word gewoonlik gebruik, maar ook umthupha wat Fourie

as 'n "familie" beskryf. Volgens hom het die term sy oorsprong uit die gebruik van sibbegenote om mekaar met die hand te groet en die duime (izithupha) vas te gryp. 'n Ander verklaring volgens hom is dat die term moontlik te doen het met die gebruik om twee persone wat na mekaar lyk as "bayazithupha" te beskryf (FOURIE 1921:103).

In die huidige tyd word die sibbenaam egter vir 'n van (byvoorbeeld Mahlangu) gebruik. Die Ndebele gebruik die term op verskeie wyses, naamlik: "sini isibongo sakho?" (wat is jou sibbe of van?), en meer gebruiklik in tradisionele verband: "ungowakwabani?" (Letterlik: "Jy-is-van-by-wie-hulle?" dus "watter sibbe?").

Die aanduiding is daar dat party Ndebelesibbes vroeër een sibbe gevorm het en mettertyd verdeel het. Dit blyk uit dieselfde totem (ukuzila) vir die Thamane- en Thabethesibbe. Ook die Mabuda, Ba=kandhlovu en Kekana (Gegana) het dieselfde totem. Kinders kry dieselfde sibbenaam as die vader. 'n Vrou kan egter op dieselfde wyse uitgevra word na haar ongetroude sibbenaam. Sy behou deurgaans lid=maatskap van haar nooienssibbe.

Fourie voer die ontstaan van die Ndebelesibbes terug na die vyf seuns van die oerkaptein Musi of Msi, naamlik Mahlangu, Masombuka, Mabhena, Ndala en Nduli. Die eerste drie was vermoedelik een "familie" (sibbe) met die koningskap in die Masombukalyn wat toe later in die Mahlangu=sibbe gesetel was. Die Masombukasibbe het later in twee verdeel (FOURIE 1921:103-104).

Daar is ook die voorkoms van 'n dank- of prysnaam (isithokozele) vir elke sibbe. Hierdie is 'n intiemer aanspreekvorm as die sibbenaam self. Baie skrywers het al die prysnaam (isithokozele) en die sibbenaam (isibongo) met mekaar verwar en so die sibbenaam vir 'n prysnaam aan=gedui en omgekeerd (vergelyk VAN WARMELO 1920:15).

Die Ndebelesibbe-organisasie verskil van dié van die ander Ngunivolke daarin dat dit totemisties van aard is. Die term -zila word as werk=woord gebruik om na die totem van 'n Ndebelepersoon navraag te doen, byvoorbeeld "Uzilani?". Die werkwoord -zila word slegs by die Ndzundza

gebruik. Die Manala gebruik die werkwoord -bhina wat van die Sotho oorgeneem is (VAN WARMELO 1920:22).

Daar is soms 'n verband tussen die totem en die sibbenaam. Die sibbenaam (isibongo) word dan van die totemnaam afgelei. Vergelyk die verband tussen die rietbok (ihlangu) as totem en die sibbenaam Mahlangu, asook dagga (isangu) as totem en die sibbenaam Masangu(o).

Die vereringswyse van sibbelede ten opsigte van hul onderskeie totems behels sekere handeling. Dit bestaan onder andere uit 'n slag-en-eetverbod, doodmaakverbod, rookverbod en sekere voorgeskrewe handeling ten opsigte van die totem. Die volgende gevalle geld as enkele voorbeelde:

- slag-en-eetverbod: Mhalangu ten opsigte van die rietbok (ihlangu)  
Masombuka ten opsigte van die kwartel (isithimbili)  
Masimula ten opsigte van die wildevark (ingulube emangweni)
- doodmaakverbod : Nduli ten opsigte van die mamba (imamba)  
Ndala ten opsigte van die bobbejaan (ifene)
- rookverbod : Masangu ten opsigte van dagga (isangu)

#### Voorgeskrewe handeling ten opsigte van totem :

Msizasibbelede mag nie 'n bruin bees met 'n geel bek (ikomo etlhaba) merk nie.

Thubana (Mguni)sibbelede mag nie in die oggend dic slaap (ubuthongo) met die hand uit die oog verwyder nie, maar die gesig moet met water gewas word.

Ndallasibbelede moet die stert van 'n dooie bobbejaan (ifene) deur die gesig stryk om hulle oë te versterk.

Baka Tshobasibbelede mag nie tydens beesslag die stertkwas (itshoba) afsny nie.

Lede van die oorspronklike Ndzundzasibbe het nie 'n poenskopbees as trougoedere vir 'n dogter aanvaar nie, tensy vals of fiktiewe horings eers vir die dier aangebring word.

Daar geld bonatuurlike strafmaatreëls vir die oortreding van hierdie

verbodsbepalinge. So sal Masombukasibbelede n tipe skurfte opdoen indien hulle die totemdier (isithimbili) sou slag (vergelyk ook FOURIE 1921:106-107, en MARÉ ms 3:5).

Die belangrikste funksie van die totem, sibbe en danknaam is geleë in die reëling van sibbe-eksogamie. Tussen Ndebele en Swazi en tussen Ndebele en Sotho kan egter ook huweliksluiting plaasvind. Die reël by huweliksluiting bepaal dat n verbintenis tussen Mahlangu- en Ndala=sibbelede wenslik is, aangesien laasgenoemde die gewers is van die koninklike hoofvroue (amakosikazi) (FOURIE 1921:103). Sekere uitsonderings kom egter voor. Huweliksluiting vind plaas tussen die lede van die Thabethe-en Thamanesibbes ten spyte van n gemeenskaplike totem.

n Huwelik tussen n Mahlangu en n Kabeni (Kabinde) is ook verbode. Die hoof kragdokter (inyanga) van die Ndzungza is gewoonlik n Kabinde en is gevolglik met bonatuurlike krag besmet en uit vrees vir die bonatuurlike vind geen huwelik plaas nie. Fourie (1921:108) beweer ook dat dié verbodsbepaling te doen het met die Mahlangu se vrees vir die Kabindetotem, naamlik die wildehond (ihlalithwa), as sou dit met bese krag besmet wees.

Eksogamiese huweliksvereistes word dikwels volgens ander geïsoleerde oorwegings toegepas. Hierdie vereistes funksioneer gewoonlik binne linieverband (ikoro) of binne imbeleko-verband. n Man van die Mthombenisibbe het byvoorbeeld n onenigheid tussen hom en n sekere Masombuka gehad wat meebring dat n Mthombeni in die vierde generasie daarna weens oorlewering nie gemaklik n huweliksverbintenis met n Masombuka sal aangaan nie.

Die sibbetotemisme speel n rol op verskeie terreine. Die Masangusibbe moes in die verlede spesiale toestemming verkry om die hinderverf (iporiyana) vir mans om te hang. Daar word ook vertel dat die Mtimunye=sibbe (Swazi) tydens hulle gevangeneming die gebruik van vleisbraai aan die Ndzungza geleer het. Die Tshabangusibbe was tradisioneel bekend vir ysterbewerking. Die kuns is eers later deur die lede van die Masombuka- en Mahlangusibbe bemeester. Tydens die seunsiniasie (ingoma) word daar voor die aanvang van die iphoselo of besnydenisfase n sewe=

jarige seun uit die Kabeni- of Ndalasibbe geneem as voorloper in die besnydenis om sodoende die moontlikheid van towery op die koninklike Mahlangusibbe af te weer (FOURIE 1921:117).

Tabel 8 In tabel 8 word 'n samestelling gegee van die name van die sibbes (izibongo), prysname (izithokozelo of izinanazelo) en die totemname van die Ndzundza-Ndebele volgens Fourie, asook dié van die Manala-Ndebele volgens Van Warmelo. In die huidige tyd gebeur dit dat informante die name van óf die sibbe- óf dankname verskillend uitspreek en spel. Die spellingverskille het te doen met foutiewe aanduidings in identiteitsboeke. Die 'van' (isibongo) word ook dikwels as danknaam (isithokozelo) aangegee en so ook foutiewelik deur sekere lede van die huidige generasies aanvaar. Dit kom voor of baie informante nie meer korrek kan onderskei tussen die sibbenaam (isibongo) en danknaam (isithokozelo) nie. Ouer informante was egter wel in staat om die korrekte isibongo en isithokozelo te verskaf.

Ten slotte kan genoem word dat die lede van 'n sibbe (isibongo) nie 'n lokale eenheid vorm nie, maar mekaar as verwante ondersteun en mekaar op die danknaam (isithokozelo) aanspreek.

## 2.6 Die stam (isitshaba)

Die term Suid-Ndebele impliseer 'n etniese of volksverdeling op geografiese basis. Die Suid-Ndebele gebruik die term umhlobo of ihlobo, om die begrip volksgroep aan te dui. Op 'n vraag "ungumhlobo muni?" is die antwoord: "UmNdebele" ter onderskeiding van "Uwesitshabani?" (Jy is van by watter stam: letterlik) is die antwoord "KwaNdzundza" of KwaManala". Voor die verdeling van die geïntegreerde verband kon die term isitshaba vir die begrip stam ook gebruik word as ekwivalent aan die huidige umhlobo of ihlobo.

Die stam, in dié geval die Ndzundza of Manala, is die grootste sosiale eenheid wat al die voorgenoemde sosiale eenhede soos die gesin, gesin-negroepe, die kraalgroep, die linie, sibbe, ouderdomsgroepe ensovoorts insluit. Die tipiese kenmerke is in praktyk tweërlei van aard. Eerstens is daar 'n sentrale gesag wat oor die groot eenheid gestel is

en tweedens bewoon hierdie sosiale eenheid 'n gemeenskaplike grondgebied. Die interne stamsamestelling by die Bantoesamme van Suider-Afrika en ook die Suid-Ndebele vertoon 'n drieledige verdeling (COERTZE 1973:151).

2.6.1 Eerstens, 'n stamkern of stigtersibbe. Hierdie groep vertoon 'n homogene kultuurbesit en handhaaf die gesag oor die totale stamgebied.

2.6.2 Tweedens sluit vreemdelingsibbes hulle met verloop van tyd by die bogenoemde stamkern aan. Hulle is onderworpe aan die sentrale gesag en kan mettertyd die kultuur van die kerngroep aanneem. So word die kerngroep effektief vergroot.

2.6.3 Derdens sluit daar vreemdelinge in groepsverband of as enkelinge by die stamkern aan. Hierdie aansluiting is vrywillig of geskied onder dwang soos in die geval van oorloë waar krygsgevangenes geneem word wat as dwangarbeiders moet werk. Hierdie derde groep behou die kulturele identiteit wat hulle met aansluiting gehad het, dog in praktyk word hulle mettertyd geabsorbeer deur die kerngroep (COERTZE 1973:152).

Die Ndzundzastam (isitshaba) is volgens Van Warmelo saamgestel uit ongeveer veertig sibbes en die Manala uit ongeveer een-en-dertig. Die Ndzundza is volgens die drieledige stratifikasie soos volg ingedeel, naamlik die binne- of kerngroep (umphakathi), dit wil sê die Mahlangu-sibbe. Hierby kan die koninklike sibbe van die Manala, (die Mabhena) gevoeg word wat met toestemming by die Mahlangu kom aansluit het. Die homogeniteit van die kerngroep word teruggevoer na Mafana as gemeenskaplike voorvader.

Die tweede groep of vreemdelinggroep staan bekend as die amaphandle (buitenste) of abafo (onderhoriges). Dit bestaan uit alle ander sibbes buiten die stigters byvoorbeeld Mtsweni, Skosana, Masombuka en andere.

Die derde vreemdelinggroep staan bekend as die Amarhole en bestaan uit sewe sibbes meesal van Sothoherkoms soos die Masilela en Maphangela (vergelyk ook MARÉ ms 2:8-9). Die Swazisibbes soos die Mtimunye,



Tshabangu en Sibanyoni val ook in hierdie kategorie.

Dieselfde drieledige verdeling geld ten opsigte van die Manalastam. Die kerngroep is in hierdie geval die Mabhena. Die tweede groep sluit sibbes in soos die Msiza, en die derde groep bevat stamvreemdes soos Dlamini (Swazi of Zoeloe) en Mota (Sotho). Hierdie drieledige verdeling het veral vroeër (voor die Mapochoorlog) 'n effek gehad op die vestiging in bepaalde lokaliteite.

## 2.7 Ouderdomsgroepe

### 2.7.1 Inleiding

Ouderdomsgroepe onder die Suid-Ndebele het primêr te doen met inisiasie. Hierdie groepe kom tot stand deur die inisiasieproses en word nie gebou op die beginsel van afkoms en lokaliteit van inwoning nie. Senioriteit speel wel 'n rol by die besnydenisvolgorde, dog die beginsel geld dat alle seuns, wat in die hele stamgebied en afgeleë distrikte gereed is vir die seremonie, daaraan deelneem.

Waar die seunsinisiasie 'n vierjaarlikse instelling is waaraan alle seuns in groepsverband deelneem, is dit by die dogters 'n geval van individuele inisiasie. Die inisiasie van seuns staan bekend as ingoma en van dogters as iqhude. Die deurloping van die inisiasieskool word as voorvereiste gestel vir seuns met die oog op houbaarheid. 'n Seun en dogter wat nie aan hierdie inisiasieproses deelneem nie, loop gevaar om aan sanksies onderwerp te word.

### 2.7.2 Lewenstadia van seuns en dogters

Hierdie algemene lewensfasies het primêr te doen met ouderdom. Dit speel veral 'n rol by werksverdeling by seuns en dogters op 'n vroeë stadium, en om die voor inisiasiefasies by die ingoma vir die seuns. Vir meisies gaan dit om die bemeestering van bepaalde tegniese vaardighede en take wat hulle later in huweliksverband moet uitvoer. Hierdie lewensfasies moet van die vorming van ouderdomsgroepe onderskei word.

## Seuns

Vanaf geboorte tot by die einde van sy kruipstadium staan 'n seun bekend as isana. Sodra die kind (seun of dogter) kan staan en saam met ander kinders kan rondbeweeg en speel, word hy umtswana (letterlik: 'n kind) genoem. Hy vervul nog geen arbeidsfunksie nie. Sy vader neem mettertyd gedeeltelike beheer oor hom oor en hy word geleer om lammers, kalwers en pluimvee in die nabye omgewing van die umuzi op te pas. Hy staan nou bekend as 'n umsanyana of seuntjie. Dit is op hierdie stadium, soms reeds in die vorige stadium, dat die oordeurboring ukuthumbusa plaasvind. Dit was vroeër die taak van die kind se grootvader, dog dit kon ook deur die grootvader se broers en die kind se eie vader gedoen word. Die seuntjie se oorbelle word met 'n skerp naald (isungulo) wat gewoonlik in die hindervel (iporiyana) gedra word, deurboor (vergelyk ook FOURIE 1921:122). Die doel van die oordeurboring hou verband met stamonderskeiding en identifisering enersyds, en om die besef by die kind tuis te bring van dissipline en gehoorsaamheid aan sy vader en laasgenoemde se generasiegenote, dus letterlik: "oopmaak van die ore".

Op sowat sewejarige leeftyd gaan die umsanyana veld toe saam met die groter seuns om bokke op te pas. Vanaf tienjarige leeftyd tot ongeveer op veertien tot vyftien jaar pas hy beeste op. In hierdie stadium staan hy bekend as umsana of seun.

Sodra hy ophou om beeste op te pas word hy ilija genoem. Hy kan nou elders gaan werk om geld te verdien. Hierdie fase kan as 'n vroegste fase van die stamskool beskou word, hoewel die ilija geen verpligtinge het ten opsigte van voorbereiding en dienslewering nie. Slegs by die Ndala- en Kabisibbe word 'n ilija gekies om as voorloper in die besnydenis op te tree.

Vanaf die veertiende tot die sestiende jaar betree 'n seun die voorstamskoolfase wat vierjaar duur. Hy staan nou bekend as 'n umsegwabo(-gwaba is letterlik: "om vir die kaptein arbeid te verrig") (VAN WARMELO 1921: 33). Indien 'n umsegwabo in die omgewing van die kapteinskraal woonagtig is, verrig hy daar arbeid. Kom hy van die plaas van 'n Blanke af, word dit by 'n wykshoof in die omgewing van die plaas gedoen. Die ar-

beidsvereiste hou huidig minder algemeen stand, deurdat die seuns meesal tot op die laaste, voor die finale oproepinstruksies vir die stamskool uitgaan, nog in stede en dorpe werksaam is. Tydens hierdie umsegwabo-stadium ontvang die seuns 'n groepsnaam wat saam met die regimentsnaam (-wela) gepaar word. Die regimentsnaam (-wela) van byvoorbeeld Madhuba het 'n umsegwabo-naam bekend as Mabutswana (sien Tabel 9). Veral dié wat op die kapteinsgronde werk, word gekenmerk deur 'n hooftooisel wat bestaan uit halms van die usonyane-gras wat bo-op die voorkop in die hare ingevleg word.

Gedurende die twee maande wat die seun in die stamskool deurbring, word hy umkethwa genoem. Dit beteken "uitgesoekte".

Na deurloping van die stamskool is die seun hubaar en berei hy hom voor vir die huwelik. Hy staan dan as isokana of jong man bekend.

Eers nadat die isokana in die huwelik getree het, staan hy bekend as indoda of volwasse man. In alle huweliksaangeleenthede tydens en na die huweliksluiting word na die vader van die isokana verwys as usosokana, letterlik: "vader van die jong man" (vergeelyk ook MARÉ ms 2:85 tot 86).

'n Man deurloop sy lewensfases binne die verband van die kraal (umuzi) en die onmiddellike omgewing daarvan. Gedurende die sowat drie maande van inisiasie (ingoma) word hy vir 'n gedeelte daarvan in afsondering weg van die kraal onderrig. In die huidige tyd is daar 'n groot persentasie seuns wat hulle egter in stedelike gebiede buite die kraalverband bevind en dan slegs vir die duur van die inisiasie in die stamgebied teenwoordig is.

'n Man se ouderdomsfase gee hom toegangsreg tot bepaalde leefruimtes soos elders (sien 4) aangedui word.

### Dogters

Vanaf geboorte tot by die speelstadium staan 'n dogter net soos 'n seun as umntwana bekend. Sodra sy lyk of sy handewerk sal kan doen, leer

haar moeder haar om matjies (imiseme), en vlegtou (intambo) vir gebruik by kralewerk te maak. Sy staan nou bekend as umdazanyana of "dogtertjie" en dra die irhabe-voorskootjie. Haar ouderdomsgenoot onder die seuns heet umsanyana.

Teen ongeveer dertien tot vyftienjarige leeftyd begin dogters om huis-houdelike gebruiksgoedere bymekaar maak soos 'n groot hoeveelheid slaapmatte (imiseme) wat aan die toekomstige skoonmoeder oorhandig sal word. Sy staan nou bekend as 'n umtazana en dra die isiphephethu-voorskoot.

Na die eerste maandstonde gaan sy na die inisiasieskool (iqhude) en heet sy umthombi. (Thomba is letterlik: "ryp word") (sien 6:2.7.4). Sy kan nou uitgeken word aan die besondere dik nekkring van krale bekend as isirholwane wat sy dra.

Sodra sy in die huwelik tree, staan sy bekend as 'n umalokazana (skoon-dogter). Tydens die huweliksonderhandelinge staan haar vader as usomtazana bekend, (letterlik: "vader van die meisie").

Na die geboorte van die eerste kind staan sy as 'n umfazi bekend. Die dik nekkring van krale word verwyder en vervang met geel koperringe (amadzila) (vergelyk ook MARÉ ms 2:87,88).

'n Vrou deurloop haar lewensfases, inisiasie ingesluit, binne die onmiddellike verband van die kraal (umuzi) en mag daarvolgens sekere leefruimtes betree (sien 4).

### 2.7.3 Die seunsinisiasie (ingoma)

Tabel 9 Die Ndzundza het 'n reeks van vyftien opeenvolgende stamskoolname of regimentsname (izintanga) wat min of meer al om die vier jaar in vaste orde toegeken word. Oor 'n tydperk van ongeveer sestig jaar kan die siklus afgehandel wees en begin dit homself in dieselfde volgorde herhaal. Die Manała het 'n reeks van dertien regimentsname. Die ooreen-koms tussen die twee groepe se regimentsname word elders aangedui (6:2.7.3).

Elke regiment het twee name, 'n sogenaamde wela-naam en 'n umsegwabo-

naam. In praktyk beteken dit dat sodra 'n seun besny word en die wela-naam ontvang, sy vier jaar van umsegwabo- of ukugwaba-status tot 'n einde kom. Laasgenoemde status het hy verwerf nadat hy vier jaar lank 'n ilija was. Vanaf die aanvang van die ilija-fase kan dit tot agt jaar neem tot hy besny word. Teoreties beteken dit (voorbeeld) dat sodra die oudste van drie broers P Mtsweni besny word en die wela-naam ontvang, sy jonger broer S Mtsweni, dadelik die umsegwabo-status en -naam verkry, en die jongste broer R Mtsweni die status van ilija begin betree. Die drie broers gaan dus in drie opeenvolgende regimente opgeneem word. Slegs een broer uit 'n gesin mag die stamskool op 'n keer bywoon. Selfs broers wat min of meer ewe oud is, kan nie in dieselfde inisiasiejaar opgeneem word nie. Dit bring mee dat die inisiant se ouderdomme onderling kan verskil. Veronderstel dat 'n jonger broer op sestien reeds gereed was vir inisiasie maar moes wag vir sy ouer broer wat byna dieselfde ouderdom het, gaan hy eers op twintigjarige ouderdom geïnisieer word.

In die huidige tyd word die inisiasie van die Ndebele gekenmerk deur desentralisasie. Hoewel dit voor 1883 ook plaasgevind het, was die ge-desentraliseerde aard daarvan slegs ten opsigte van die verskillende hoofstamwyke. Na die verstrooiing, was dit opvallend dat groot groepe inisiant se steeds by die kapteinskraal geïnisieer is. Ndzundzakrale op die plase van Blankes hou hul eie inisiasie tans afsonderlik en dit dikwels om geografiese redes, hoewel daar deurgaans gepoog word om dit min of meer in linieverband te behou. Inisiasie-onderrig vind daarom in groepe so klein as vyftien plaas. 'n Mindere mate van desentralisasie vind by die Manala plaas. Die Ndzundza van David Mabusa Mapoch, die senior stamgroep, ondervind probleme met die feit dat kaptein Jack Mpehzu Mahlangu die siklusperiode van vier jaar tussen regimente na drie jaar verkort het. Finansiële redes word hiervoor aangevoer want die kaptein kan R50 per kop per inisiant hef. Die gevoel by die hoofgroep is dat hy hom op dié wyse aan afwatering en uitbuiting van die inisiasieseremonie van die Ndebele skuldig maak. Die inisiasie van Mpehzu se Ndzundza het daarom in 1978 plaasgevind in plaas van in 1979. Die Manala se inisiasie het in 1978 plaasgevind en weer in 1982.

Saamgestelde tabelle van die regimentsname van die Ndzundza en die

Manala word in tabel 9 gegee. Die eerste tabel is volgens FOURIE (1921:203), die tweede, volgens VAN WARMELO (1930:21), en die derde volgens eie navorsing. Dit is geskryf in die nuwe ortografie (sien 1:3.5). Die nommers by die Manalaregimentsname dui die korrekte volgorde van die izintanga aan en word ooreenstemmend met die Ndzundza vergelyk. Fourie dui die tweede (2) (Mabhode) naam as regimentsname (izintanga) aan. Van Warmelo en eie navorsing dui die naam as 'n igwabo-naam aan. Die volgorde in regimentsname verskil opvallend tussen die Ndzundza en die Manala. Verder word die igwabo-naam Inyathi (12) by die Manala nie as 'n intanga- of wela-naam soos by die Ndzundza (4) aangedui nie. Vir die (1) Amatheberegiment by die Manala kom daar nie 'n ekwivalent onder die Ndzundza voor nie. Dieselfde geld vir die name Mathula (8), Madugu (11) en Masinya (12) by die Ndzundza wat nie ekwivalente onder die Manala het nie.

Die Ndebeleseunsinisiase bestaan uit vyf fases.

#### 2.7.3.1 Die smeekfase (ukukhonga)

Tydens hierdie fase vergader die abasegwabo daagliks teen sonder by die kaptein se beeskraal en versoek hom formeel deur middel van danse, spreek- en sangkore en sporadiese smeekgebare om hulle as volwaardige mans in die Ndebelegeledere op te neem. In tipiese umsegwabo-drag tree 'n individuele danser gewoonlik na vore, nader die kaptein wat hulle aanskou en stel die versoek. Klem word gelê op sang en spreekkore onder leiding van 'n isokana van die vorige inisiasierégiment. Met die frase: "Dabuka isihlangu sikuwile" (letterlik: "Breek skild dat ons jou kan weggooi") word 'n bereidheidsversoek gedoen om die besnydenis te kan ondergaan met die oog op die verkryging van volwasse status. In die huidige (1979) tyd, bereik hierdie ukukhonga hoogtepunte oor naweke wanneer abasegwabo uit die stedelike gebiede hulle by die res kom aansluit, en bereik dit die finale hoogtepunt die naweek voor die besnydenis 'n aanvang neem.

#### 2.7.3.2 Die besnydenis (ukuwela; ukuthola ingoma)

Op die eerste dag van die nuwe maan, begin Mei, word die abasegwabo na 'n rivier geneem waar die inyanga hulle besny (wisela). Hierdie be-

snydenis het vroeër volgens stamwyke en senioriteit plaasgevind. Seuns uit die Mahlangusibbe word in orde van senioriteit eerste besny nadat die voorganger iphoselo (letterlik: "om te gooi") uit die Kabeni- of Ndalasibbe eerste besny is. Volgens Maré word die seuns nadat hulle deur die rivier of stroom beweeg het, aan die oorkant besny (MARÉ ms 5:11). Ander beweer dat die kaptein=seun deur 'n ou man deur die rivier gedra word (ukuwela) nadat die besnydenis in die water gedoen is. Hierna volg die ander inisiante hom (FOURIE 1921:128). Kweperlatgevegte ontstaan tussen die pas besnedenes en die amasokana van die vorige regiment. Die jongeres (abakhethwa) verdryf gewoonlik die amasokana. Direk na die besnydenis ontvang die abakhethwa die betrokke regiment se wela-naam. Die inisiante verdeel hierna in kleiner groepe vir onderrig.

### 2.7.3.3 Die stam- of bergskool (umphandu; endabeni)

Die besnede seuns bly vir twee dae in 'n afgeleë inisiasie-omheining wat vroeër uit 'n klipmuur bestaan het. Hierdie twee dae is eintlik 'n "herstelfase" (emthangaleni obomvu letterlik: "in die rooi (bloed) omheining"). Hierna verhuis hulle na 'n emthangaleni omuhle (letterlik: "in die beter omheining") waar hulle sowat twee maande onderrig ontvang (vergelyk ook FOURIE 1921:129). Hierdie omheining is gewoonlik binne loopafstand van die naaste kraal (umuzi) geleë, sodat voedsel tot naby die omheining gebring kan word. Tydens hierdie fase van tweemaande word die seuns in die aard en wese van volwasse Ndebelemanwees, onderrig. Onderrig word gegee in geslagsake en in gedragsreëls wat op alle kultuurfasette betrekking het, dit wil sê politiek, judisieel, sosiaal en so meer. Die onderrig geskied ten dele in 'n geheime taal, 'n bepaalde diëet word gevolg en kenmerkende kleredrag word gedra. Die seuns ontvang daaglik 'n soort pampoenpap wat deur hulle moeders berei is. Die kleredrag bestaan uit 'n eenvoudige gras voorskoot terwyl die liggaam met wit klei gesmeer word. Die inisiante beweeg gedurig geruisloos en praat gedemp. Oefeninge word gedoen in militêre sake, jag en spioenering wat dikwels ook simboolies van aard is. Spesiale voedsel word daaglik deur die vroue berei vir die inisiante. Alle verrigtinge wat tydens hierdie twee maande plaasvind, word streng geheim gehou (vergelyk ook FOURIE 1921:

129-134). Aan die einde van hierdie fase word die umphandu-omheining afgebreek en aan die brand gestee.

#### 2.7.3.4 Die slagseremonie (ukuhlabisa)

Na afloop van die umphandu-fase gee die vader van elke inisiant vir hom 'n slagdier voordat die inisiant na sy vader se kraal terugkeer. Die slagproses vind in 'n bepaalde senioriteitsvolgorde plaas. Dit is deel van 'n danksegging aan die voorvaders (abezimu). Die seuns kan hierna ook as waarnemers by hofsittings optree (MARÉ ms 5:13). Fourie meld dat daar vroeër by die koninklike kraal eers sekere menslike bestanddele in 'n vuur geplaas is en dat die inisiant dan die rook daarvan moes inasem vir geestelike versterking (FOURIE 1921:135) (sien 4.6).

#### 2.7.3.5 Die roetverwydering (ukusula umsizi)

Die inisiant verdeel nou in linies (amakoro) en keer terug na die kraal van die liniehoof. Met die verwelkoming ukuvuma igwabo word die inisiant vir die eerste maal deur hul vroulike verwante gesien. Die inisiant word gekenmerk deur spesifieke kralesierade wat omgehang word, en wat deur die moeder en ouer susters vervaardig is. 'n Takskerm word by die kraal opgerig waarin die seuns eet en slaap. Kosvoorbereiding word deur die vroulike verwante gedoen. Alle hutte word ook gewoonlik vir hierdie terugkeer van die inisiant versier.

Die inisiant se kophare word afgeskeer. Die kragdokter smeer elke inisiant met 'n kwas om te sula umsizi. Geen inisiant mag geslagtelik met 'n vrou verkeer voordat hierdie reiniging plaasgevind het nie (MARÉ ms 5:13). Die inisiant staan nou as isokana bekend. Na afloop van hierdie seremonie keer die jong mans deesdae terug na hulle werk.

#### 2.7.3.6 Die wagperiode voor die huwelik

Geen jong man van die nutgestigte regiment mag in die huwelik tree voordat die kapteinseun dit gedoen het nie. Hy tree gewoonlik spoedig in die huwelik. Vervolgens wag elke wyk se jong manne vir die mees



senior jong man uit hulle geledere voordat hulle in die huwelik tree. Die senioriteitsvolgorde word ook binne die umuzi toegepas. Tydens die wagperiode adviseer die jongman se vader hom, met inagneming van die voorkeurbepalings, oor die keuse van sy huweliksmaat (MARÉ ms 5:14).

Die inisiasieproses van die seuns vind vir die grootste gedeelte daarvan buite die umuzi in spesiale strukture plaas. Die benuttingswyse daarvan word later behandel (sien 3.11).

#### 2.7.4 Die dogtersinisiasie (iqhude)

Die inisiasie vir Ndebeledogters vind individueel plaas sodra die eerste tekens van menstruasie na vore tree. Daar vind geen regimentsindeling plaas nie. Dit is nogtans insiggewend dat 'n dogter op grond van haar assosiasie met bepaalde seunsouderdomsgenote later die betrokke seun se regimentsnaam gebruik bloot in assosiatiewe hoedanigheid. Dit het ook te doen met die feit dat 'n jongman sy huweliksmaat kies uit die dogtersmaats van sy kinderdae.

Die senioriteitspatroon ten opsigte van dogters binne 'n kraal en 'n hut word net soos by die seuns streng toegepas. Uit dieselfde hut kan slegs een dogter op 'n keer aan die iqhude deelneem en ook slegs een uit 'n kraal op 'n keer. Dit kan veral om praktiese redes die geval wees, deurdat 'n kraalhoof dan nie gelyktydig vir meer as een van die dogters 'n bees hoof te slag nie. Die dogter nooi al haar maats uit naburige krale om aan die feesverrigtinge deel te hê.

Indien 'n dogter dan geslagtelike rypheid toon, gaan sy die -thomba-fase binne. Sy kies haar eie afrigster (umngenisi of umthombisi). Die onderrig vind plaas in die <sup>1)</sup>iqhude-hut wat die hut van enige

---

<sup>1)</sup> iqhude = letterlik: "die tradisionele "Ndebeletrom". 'n Stampblok word met 'n beesvel oorgetrek of 'n uitgeholde boomstomp word met 'n bokvel oorspan. Huidig bestaan dit uit 'n uitgeholde blok of 'n pot met 'n vel oorspan. Tydens die -thomba word daar gedurig hierop geslaan. Dit het 'n tweërlei funksie. Dit kondig die dogter se huibaarheid aan en andersyds waarsku dit alle jong manne om weg te bly van die hut af. Die Afrikaanse uitdrukking "potslaan" word dikwels deur Ndebele gebruik om hierdie sereemonie aan te dui.

vrou in die kraal, uitgesonderd dié van haar eie moeder, kan wees. Indien die man 'n monogenis is, bou hy 'n afsonderlike ilawu of iphunyana lokuthombela. By die Mabhena- en Mahlangusibbe word 'n ipuku-hut gebou. Dit is nie duidelik of dit 'n afsonderlike struktuur uitmaak nie. Tydens die seremonie kan aanvanklik slegs geïnisieerdes die hut van die inisiant binnegaan, later volg haar ongeïnisieerde vriendinne ook. Die inisiant bedek haar liggaam met 'n kombors wat sy 'n maand lank dra vanaf binnekoms in die iqhude tot dat sy die usrhori-status beklee. Hoe laer die inisiant in senioriteit en status is, hoe korter duur die tydperk van afsondering in die hut. Die dogters uit die Mahlangusibbe kan tot vier dae in die hut deurbring. Dié van ander sibbes, slegs 'n dag (vergeelyk ook MARÉ ms 5:23).

Sodra die dogter na die afsonderingsperiode uit die iqhude-hut kom, omring alle ander dogters haar sodat sy nie gesien kan word nie. Haar vader hef dan die prysliedere van afgestorwe voorvaders aan vaderskant aan. Hy kondig aan dat sy vanaf 'n umthombi na 'n hubare umntazana verander het.

Die dogter se eie moeder beweeg tussen die groep dogters in en omhels (-nyamanga) haar. Hierna hef die moeder die prysliedere aan van die dogter se grootvaders aan moederskant. Hierna, in senioriteitsvolgorde soen al die ander vroue van die kraalhoof die dogter en hef hul eie vaders se prysliedere aan. Die vrugbaarheid van die dogter word onder andere afgesmeek. Vergesel van 'n aantal vriendinne gaan sy daarna na die rivier vir reiniging (FOURIE 1921:140).

Hierna word die slagbees aan die umngenisi uitgewys. Met hierdie slagaksie (-hlabisa) bedank die vader die voorvaders vir die hubare dogter wat binnekort sy veestapel sal vergroot. Nadat die bees geslag is, kan almal, selfs ook die amasokana die iqhude-hut weer binnegaan.

Na afloop van die ontkleding (ukuhlubula) en die aantrek van 'n nuwe kombors moet die hubare dogter minstens 'n maand wag voordat 'n hubare jongman by haar mag kuier. Die ou manne sien toe dat geen man haar in hierdie periode besoek nie. Die wagperiode kom waarskynlik ooreen

met dié van die jong manne.

Daar word beweer dat die Manala vroeër elke vier of vyf jaar 'n inisiasieskool vir dogters soortgelyk aan die ingoma vir seuns, gehou het. Die groep het gewoonlik uit tien dogters bestaan. Dit is bekend dat so 'n skool teen ongeveer 1974 te Roodekoppies (167JR) gehou is (vergelyk LANDGRAF 1974:73). Behalwe in die genoemde gevalle word daar dus geen afsonderlike inisiasiestrukture gebou nie. Die bestaande strukture in die kraal word benut. Die benuttingswyse daarvan word elders bespreek (sien 3.11).

## 2.8 Die werksgroep (ijima of ilima)

Die werksgroep is 'n sosiale eenheid onverbonde aan afkoms of lokaliteit van inwoning. Dit is 'n geleentheidseenheid wat hulpverlening as primêre doel het. 'n Werksgroepaksie (ijima) word veral georganiseer by die bou van 'n woonhut. Die bouer van 'n hut roep op eie inisiatief 'n aantal mans en vroue byeen om hom behulpsaam te wees met die oprigting van die dakkappe (ukuphanyaka), die dekwark (ukufulela), en die sny van dekgras deur die vroue. Gewoonlik word kenners genader om by die bouwerk aan die hut te help. Die helpers staan bekend as amadoda ejima. 'n Werksgroep funksioneer gewoonlik vir minstens 'n week en kan, afhangelende van die taak, strek oor twee tot drie weke. As teenprestasie vir die hulp, word gewoonlik 'n bok en 'n aantal hoenders geslag en bier voorgesit. Vroue kan ook 'n eie werksparty organiseer. As teenprestasie word dan vandag dikwels tee, brood en koekies voorgesit asook 'n klein hoeveelheid bier. Die kraalhoof kan sonder uitsondering aan 'n vrouewerksparty deelneem al het hy niks met die aktiwiteite te doen nie. Hy ontvang ook die eerste bier, die sogenaamde ihloko, waarna die deelneemsters daarvan drink. Die werksparty word slegs binne die normale leefruimte van die umuzi gehou soos later aangedui sal word.

## 3 LEWENSRUIMTEBENUTTING

### 3.1 Inleiding

Daar is vroeër reeds melding gemaak (sien 3:3) van die verskeie komponente

van 'n umuzi. Elke komponent is deel van die leefruimtes en kan 'n oop ruimte of 'n struktuur met 'n dak wees. Die meeste lewensruimtes in en direk buite die kraal word fisies begrens. 'n Hut het sy mure en dak, 'n kookruimte sy omheining, 'n beeskraal sy heining en die totale kraal is vroeër deur 'n klipmuur (ikura) omhein. 'n Leefruimte kan ook onbegrens wees en steeds kwalifiseer as 'n leefruimte. Vergelyk byvoorbeeld die landerye (amasimu) wat tradisioneel slegs aanduibaar was volgens die bewerkte oppervlakte, die gange (amakgothana) en ruimtes tussen hutte en omheinings, die groot ruimte tussen die hoofhut (indlunkulu) en die beeskraal en in die huidige tyd die parkeerruimte vir voertuie by die ingang van die umuzi. Leefruimtebegrensing is in die huidige vestigingspatroon in KwaNdebele makliker aanduibaar as in die verlede vanweë die gebondenheid aan straatblok- of perseeluitleg.

Die verdeling van die kraal in twee afdelings, naamlik regs (ubunene) en links (ikhohlo) word aangedui deur begrensing met 'n denkbeeldige lyn deur die 6-uur- en 12-uur-as. So word die woonhut (indlu) en die ontvangsruimte (esirhodlweni) ook met 'n denkbeeldige lyn in twee helftes verdeel, naamlik regs (incamadoda) 12-uur tot 3- tot 6-uur en links (incabafasi), 6-uur tot 9 tot 12-uur.

Die regterhelfte is vir mans bedoel en die linkerhelfte vir vroue.

In die Ndebelekraal kan minstens tien hoofkomponente of lewensruimtes geïdentifiseer word.

- 3.1.1 Die woonhut
- 3.1.2 Die seuns- en dogtershutte
- 3.1.3 Die doktershut
- 3.1.4 Die stoorhut, kombuishut en gastehut
- 3.1.5 Landerye en tuine
- 3.1.6 Ou woonterreine
- 3.1.7 Die ontvangs- en kookruimte
- 3.1.8 Die hofruimte
- 3.1.9 Die beeskraal
- 3.1.10 Inisiasiestrukture

Kleiner verdelings kan verder binne hierdie komponentafgebaken word. Die verdeling word gedoen op grond van fisiese begrensing, begrensing volgens verband met verskillende kultuurfasette en laastens omdat die Ndzundza self spontaan na sodanige verdelings of komponente verwys.

Die woonhut (indlu) van elke vrou is die primêre komponent. Dit word gebou vanweë die huwelik van 'n man en vrou as verteenwoordigers van twee verwantegroepe. Uit die woonhut ontstaan die behoefte vir 'n leefruimte en slaapplek vir die nakroos. Vandaar dan die ligging van die dogtershut (iphunyana) naasaan die moedershut en dié van seunshutte (ilawu labesana en ilawu labasegwabo).

Verder is daar die kragdokter se hut (indlu yenyanga), stoorhutte, die kombuis (isibuya), dogtershut, die gastehut wat ook as dogtershut funksioneer en die tydelike inisiasieskerm vir seuns (isirhodlo sabasegwabo). Hierdie vyf ruimtes kom nie in elke kraal voor nie, terwyl die laasgenoemde slegs vir 'n bepaalde geleentheid opgerig word.

Elke woonhut (indlu) word omhein deur 'n heining of skerm (isirhodlo) waarbinne die dogtershut ook ingesluit word. Die seunshutte lê buite hierdie skerm. Hierdie skerm baken 'n leefruimte van wisselende grootte rondom die woonhut af en word in twee areas verdeel, naamlik die ontvangsruimte (esirhodlweni) en die kookruimte (esibuyeni). Na regte kan elk van hierdie twee ruimtes as afsonderlike komponente kwalifiseer. Fisies word die twee ruimtes deur 'n tussenskot (isikhawulwana) verdeel.

Die hofruimte (ibandla) is naasaan die beeskraal geleë. Dié ruimte is 'n vergaderplek vir mans en mansake word hier behartig.

Die veekrale bestaan uit die beeskraal (isibaya), kalwerhok (isibaya samakonyana), die bokkraal (isibaya sembuzi) en strukture vir pluimvee, varke en perdestalle. Laasgenoemde twee is aan die buitekant van die kraal geleë.

Tussenruimtes bestaan onder andere uit die groot ruimte tussen die beeskraal en die hoofhut, die gangruimtes tussen hutomheinings op

dieselfde generasielyn, asook gange en paaie tussen hutomheinings van die jonger generasies na agter (sien Tek 2).

Landerye was vroeër vaag begrens. Die tuinboukomponent is die agter=ruimte wat tussen die woonhutte en die kraalmuur (ikura) benut word. Landerye (amasimu) was buite-om die kraal geleë, dikwels ver onder teen 'n helling af.

Laastens kan die voorkant van 'n umuzi ook as leefruimte gedefinieer word. Die ruimte het 'n toenemende rol begin speel in grootte en belangrikheid sedert die aanname van die U- of liniêre uitlegpatroon. Dit dien huidiglik veral as parkeerruimte vir rytuie, landbou-implimente en ander voertuie.

Elk van die voorgenoemde komponente word hierna bespreek met inagneming van en verwysing na die sosiale eenhede wat aangedui is.

### 3.3.2 Die woonhut (indlu)

Die woonhut of slaaphut kan onderverdeel word in die binnehutruimte met bankie (umsamo) en vuurherd (iziko), en die gangvertreкке (amawoba of amaturi). Waar die grashutvorms slegs 'n verandatipe "gangvertrek" gehad het, is hierdie ruimte mettertyd uitgebrei tot half-rond, driekwart- en rondom-gangkamers. Die gangkamers word onderverdeel in verskillende segmente deur tussenskotte (isikhawulwana). Met die verdwyning van die rondawel vertoon die vierkantige en reghoekige hutvorms slegs die binnehutruimte met umsamo (deesdae ook weggelaat) en af en toe 'n vuurherd (iziko). Die Westerse huistipe met geskakelde vertrekke is nie hier ter sprake nie.

Die woonhut word volgens geslag verdeel in 'n regterkant (incamadoda) en linkerkant (incabafazi). Hierdie denkbeeldige verdeling funksioneer eintlik net ten opsigte van die binnehutsirkel en word deur die middel van die vuurherd (iziko) na die deur getrek. Regs en links word hier bepaal deurdat die persoon voor die hutingang staan en in die rigting van die umsamo kyk. Hierdie verdeling het te doen met die plaasneming van besoekers binne die hut. Mans sit aan die

regterkant en vroue links. Tradisioneel kon ook slegs die kraalhoof en sy generasiegenote op die umsamo plaasneem, die bankie was taboe vir vroue. In resente jare is die gebruik heelwat afgewater.

Tegniese skeppinge wat in die hoofhut aangetref word, het bepaalde posisies waar dit geberg of gebruik word. Eerstens word die gras- en rondawelhut as voorbeeld geneem. Slaapmatte (imiseme) word vir die nag plat op die vloer in die binnehut weerskante van die iziko geplaas. Vroeër is van nekbankies of -stutte gebruik gemaak en komberse het bestaan uit die tradisionele skaapvelkaros (inaga). Die "Ndebele"-kometers (umkhobo) word in die huidige tyd gebruik. Weerskante van die umsamo word gewoonlik twee balke of toue bokant die muur gespan waar karosse, komberse en slaapmatte gebêre word. Hierdie balk staan as die umpherho bekend.

Die umsamo het sedert die rondawelfase heelwat funksionele veranderinge ondergaan. Die twee verdikkings aan weerskante is versink sodat dit een of twee nisagtige rakke aan weerskante bevat. Die huisvrou berg gewoonlik heelwat huishoudelike en persoonlike besittings hierin. Dikwels word hierdie "rakke" van deure, matjies of gordyne voorsien. Artikels soos kalbasse van verskillende soorte, die skepkalbas (intonyana), klein kalbas (iqusa) en houerkalbas (irhabha) word hier aangetref, asook snuif en verfhouers, potjies, been- en armringe en ander persoonlike artikels wat ook items van die kraalhoof kan insluit. Groter voedselhouders soos potte, kastrolle en kalbasse word bo-op die umsamo geberg. Die iziko bevat veral in die winter en op reëndae as, houtstompe tesame met 'n aantal klippe, 'n rudimentêre rooster of drie-poot en eetgerei soos lepels, bakke en kalbasse.

Tussen die bokant van die binnemuur (iboda) en die draagbalk (umrabhe=leko) of die dak word velerlei voorwerpe geberg deur dit in die smal gaping in te forseer. Hierdie voorwerpe lê dus bo-op die muur. Voorwerpe wat hier aangetref word, is paproerstokke, draadbeenringe (amadzila), skilde (izihlangu), kieries en stokke, dikwels 'n assegaai (umkhonto) en strydbyl (izembe). Hierdie bergplek is natuurlik net by die rondawel en die vierkantige en reghoekige hutvorms moontlik. By die grashut (umtlhatlhana) is voorwerpe tussen die gras en die draag-

hout (umrabheleko) ingedruk.

By die grashut was die gangvertrekke baie klein en is meesal as bergplek en later as slaapplek vir een of twee kinders gebruik. Die rondelhut en dubbelmuur vierkantige hut het heelwat gangvertrekke gehad. Die twee gangkamers (amaturi) direk weerskante van die hutingang is as deurgange en slaapplek op warm somersdae deur kleiner kinders gebruik. Indien die hut 'n agtervertrek gehad het, is dit primêr as bergplek gebruik. Veral graan in sakke (imigodla), groot bierpotte en ander geleentheidsartikels word hier geberg. Dit is 'n baie donker vertrek en word min betree. Ander tegniese skeppinge wat hier aangetref word, is ringe (izirholwane), graanmatte (izigcwebu), groot kalbasse (amarhabha), skilde, assegaaië, die man se hindervel (iporiyana), seremoniële hooftooisel (umxelo), die ubutshulo, en ander seremoniële artikels, besems (imitanyelo), slaapmatte (imiseme), bondels vlegbiesies (umgqobosi) en selfs sorghumare (iinqwambi). Hierdie agterste bergruimte word ook dikwels met 'n houtdeurtjie toegemaak en gesluit.

In die twee gangkamers weerskante van die ingang word artikels vir daaglikse gebruik aangetref soos skottels, kalbasse en ander eetgerei. Heelwat artikels word, indien dit 'n hut met 'n ventilasie voormuur is, bo-op die muurtjie geberg. Ook die poleerklippie (itshidzo) en verfhouers word in die vertrekke geplaas. Die vierde en agterste gangvertrek het dikwels 'n deur na agter. In hierdie vertrek word die maalklip ingemessel sodat dit tussen die agterdeur en die agterste muur van die bergkamer geleë is. Die vrou maal dus met haar gesig in die rigting van die deur. Hierdie maalklip en maler (imbokodo en itshe lokusila) word om 'n spesifieke rede hier geplaas. Graan word van buite uit die esibuyeni na die klip gedra en die fynmeel voor die maalklip op 'n matjie gevee. Die vrou wat maal, bly dus in haar posisie en die graan word na haar gebring en weggeneem. In hierdie vertrek word ook heelwat graanmatjies (izithebe), graanhouders (izigcwebu) en biersiwwe (imitlhdho) aangetref.

Die vierde gangvertrek is by sommige hutte nie met ander gangkamers verbind deur middel van 'n deur nie. Daar kom dus slegs 'n buitedeur voor. Hierdie ituri of iboda was dan die slaapplek van sekere abesana.



Die deur word gedurende die nag gesluit. 'n Informant het by geleentheid vertel hoe daar dikwels gedurende die nag tussen die dak en die muur deur die ventilasie-opeening geklim is om skelmstreke aan te vang of in die iphunyana te gaan kuier. 'n Hut met gangvertreke is soms 'n verwarrende doolhof van gange. 'n Bejaarde informant het by geleentheid vertel hoe veediewe die polisie ontduik het deur van die gange as ontsnaproetes te gebruik of in die agterste gangvertreke te skuil.

Vierkantige en reghoekige huisvorms het heelwat verandering ondergaan ten opsigte van tegniese skeppinge en artikels wat met die hut verband hou. Die aanbring van beddens, kaste, tafels, stoele en stowe is vandag aan die orde. In sommige hutte word slaapmatte (imiseme) en die ander reeds vermelde items bo-op die draagbalke van die dakkappe gehang. Kombuisartikels soos potte, kalbasse (amarhabha), maalklippe, graanmatte ensovoorts word buite in die kombuishut (isibuya) aangetref. Baie van hierdie izibuya huisves nog die tradisionele umsamo. Die umsamo word in die moderne huis soms vervang deur 'n tafel, kleedjie en skinkbord waaragter die seremoniële pluim (ubutshulo), kiere (vergelyk ook LANDGRAF 1974:37) en selfs 'n kleipot of kalbas aangetref word. Indien die woonhut of woonhuis 'n kombuis en stoof het, vind kosvoorbereiding in die winter en in die aande hier plaas. Dis opvallend dat die buitelug esibuyeni nog steeds by baie mense verkies word, ongeag die klimaat. Hutversiering as onderdeel van die technemata word elders bespreek (Hoofstuk 5).

Die totale lewensiklus van die individu het verband met die woonhut omdat gebeurtenisse wat met die Sosiale Organisasie verband het, soos geboorte, naamgewing, inisiasie, huwelik, dood, begrafnis en rou hier plaasvind.

Die moeder skenk geboorte (ukubelegwa) in die binnehut. Die nageboorte (indlu yomntwana) word in die hutvloer aan die moeder se kant (incabafazi) begrawe. Met die deeglike begrawe van die nageboorte word so dan verhoed dat iets van die kind deur kwaadwillige towenaars (umthakathi of umloyi) verkry word. Slegs die vroedvrou, gewoonlik die grootmoeder, of vader-suster verskyn in die hut. Geen man mag die hut binnegaan voordat die naelstring afgeval het nie. Hierna mag die moeder eers haar verskyning

in die esirhodlweni maak, en sodoende die kind na vore bring. Die esirhodlweni is vandag nog steeds vir alle mans verbode. Nadat sy haar gewas het, mag haar man haar besoek. Die hutvloer word van voor af met mis gesmeer (ukukguphula) voordat haar man die hut mag binnegaan (vergelyk ook FOURIE 1921:121).

Die binnehut staan spesifiek in verband met die aanvang van die inisiasie of puberteitseremonie vir dogters. Na die eerste menstruasie, deel sy dit aan haar moeder mee en dan neem die meisie se vader asook haar moeder se suster daarvan kennis. Na die tweede of derde menstruasie word die nuus aan haar vriendinne en tydgenote bekend gemaak. Sy word nou in die hut wat vir inisiasie bedoel is, afgesonder (sien 2.7.4). Sy neem plaas in 'n gekurkte posisie tydens die menstruasie. Sekere taboes word gehandhaaf. Sy mag nie aangeraak word nie, en mag geen suurmilk (amasi) drink nie. Die gemenstrueerde bloed word dadelik op die plek in die hutvloer begrawe, ook deels vanweë voorsorgmaatreëls teen kwaadwillige towery. Haar tydgenote begin teen die einde van die menstruasie op die inisiasietrom (ingungu) te slaan om haar volwassenheid aan te dui. Die tromslanery gaan gepaard met liedjies en dans en duur die hele nag. Die inisiant bly nog steeds in die hut. Die volgende oggend teen sonder kom sy uit die hut te voorskyn en beweeg onder same-sang tesame met haar vriendinne af na die rivier waar sy haarself was. Hierna mag sy weer dikmelk (amasi) gebruik (vergelyk ook FOURIE 1921: 139 tot 140). Die seremonie rondom die hut duur volgens Fourie ongeveer dertig uur. Volgens Landgraf vertoef die inisiant 'n week in die hut (LANDGRAF 1974:70 tot 71). Maré beweer dat die inisiant uit die Mahlanguisibbe, veral dié uit die oorspronklike uBonda en Mpagathistamwyke, 'n aanvanklike vier dae in die hut deurbring, daarna gaan sy vir 'n maand uit en kom weer vir twee dae terug. Inisiant uit die ou Mahlangulustamwyk bring twee dae in die hut deur en dié van die Mathe-thelastamwyk een dag (MARÉ ms 5:23). Informante beweer dat die inisiant slegs een dag (Saterdag) in die hut bly. Die seremonies word deesdae oor naweke gehou.

Die huwelikseremonie hou in sy laaste stadium spesifiek verband met die woonhut. Aanvanklik neem die bruid (umlobokazi) se ouers die lobolc-

beeste van die bruidegom en sy geselskap (abayeni) in ontvangs (sien 4.4). Kieries wat deur die abayeni gedra word, word deur die bruid se moeder in haar hut in veilige bewaring geneem (vergeelyk ook FOURIE 1921:112). Elders (sien 4:5.1.3) is melding gemaak van die oprigting van die eerste hut (icathane) van 'n bruidspaar wat dan die begin van 'n nuwe hutkompleks inlui. Hierdie eerste hut word deur die bruidegom, sy vriende en familielede opgerig. Die pleisterwerk en finale afronding aan die icathane word deur die susters van die man en verwante van die bruid gedoen. Die moeder van die man verleen slegs hulp by die aanplakfase (ukupara).

In die laaste fase van die huwelik beweeg die bruid (umlobokazi) en haar geselskap na die bruidegom se kraal, nadat sy ingelig is omtrent die voltooiing van die icathane. Sy en haar geselskap nader die kraal in die aand en bly op 'n afstand sit. Sy en haar geselskap verset hulle teen binnekoms in die kraal en word met behulp van die abayeni nader gedra en gesleep onder groot worsteling. Sy word in die nuwe hut toegemaak en deur die abayeni bewaak. Die abayeni tesame met die bruidegom poog dan om 'n vuur in die hut aan te slaan, wat telkens deur die bruid en haar geselskap uitmekaar geskop word. Sodra die verset nie meer vrugte afwerp nie, gee sy oor en drink 'n kalbas bier saam met die man. Die hele huwelikseremonie word so dan afgesluit. Hierdie stadium rondom die verset staan bekend as ukudosela endlini (letterlik: "om in die huis in te sleep"). Die bruid mag voor en tydens hierdie seremonie geen eiers eet, of suurmilk (amasi) nuttig nie. Sy mag ook nie in haar eie hut kook voordat haar eerste kind gebore is nie. Sy kook verder onder toesig van haar skoonmoeder.

Tydens die laaste oomblikke van 'n individu se lewe word die kragdokter geroep om die hut binne te gaan. Die lyk word in die hut in 'n sittende houding vasgebind en in 'n karos toegedraai. Hierna word die oorledene uit sy of haar hut na die graf vervoer. Die hut van 'n gestorwe vrou word net so gelaat om te verval en word nie verder bewoon nie (vergeelyk ook FOURIE 1921:144). Indien die vrou haar man oorleef, woon sy nog in die hut, maar 'n jaar lank word die hutvloer nie met mis gesmeer (ukuguphula) nie. As die man haar oorleef, woon hy in die hut tot met sy

dood.

Sommige aktiwiteite rondom die woonhut hou verband met die Religieuse Organisasie. Die Ndebele glo in 'n opperwese uZimu wat ver verwyderd van die mens leef en verantwoordelik is vir alle materiële welvaart. Daar is verder die geloof in 'n bonatuurlike wese genaamd uMlenze Munye by die Ndzundza, en 'n soortgelyke wese uSithunywa, die (gestuurde of die boodskapper) onder die Manala. Hierdie wese gee van tyd tot tyd opdragte aan die Ndebele om voorsorgmaatreëls te tref teen rampe soos brand en droogte. Daar word beweer dat hy deur middel van die voorvadergeeste (abezimu) met die mens in verbinding tree. Ook die instelling van die seunsinisiasie is aan hom te danke (vergelyk ook FOURIE 1921:66). Dan is daar die geloof in die voorvadergeeste abezimu. Daar word onderskei tussen stam- en familiegeeste. In laasgenoemde geval tree die mees senior man in die patriline (ikoro of imbeleko) as priester en skakelpersoon op. 'n Pasiënt word gewoonlik in sy of haar hut deur 'n kragdokter (inyanga) besoek. In opdrag van die inyanga moet die sieke dan aan die abezimu offer indien laasgenoemde die oorsaak vir die ongesteldheid is. Die geslagte offerdier (bok) word deur die sieke se familie in die hut ingebring en word daarna aan die geeste met dank geoffer (ukubonga) of deur te berispe (ukuthethelela). Dele van die binnegoed van die offerdier word deur die sieke om sy hals gedra totdat hy of sy herstel het, waarna dit verbrand word.

Die hutbankie (umsamo) speel 'n vername rol by die verening van voorvadergeeste. By die Manala word die skoongemaakte karkas van die offerdier oornag aan 'n paal bokant die umsamo gelaat. Sodoende neem die geeste hul regmatige deel daarvan. Die vleis word die volgende dag geëet nadat die geeste die krag daaruit gehaal het. Bier as offerande word deur die kraalhoof in 'n spesiale kalbas op die umsamo geplaas. Tesame met die bier word gewoonlik ook tabak en snuif deur 'n bejaarde vrou van die kraal op die umsamo geplaas (vergelyk ook LANDGRAF 1974:34).

'n Jong getroude vrou mag tydens offerandes aan die voorvadergeeste van haar man se linie (ikoro) nie naby die umsamo kom nie, sy mag nie eers daar vee nie. Sy mag veral nie in die hut van haar skoonmoeder (hoofvrou)

kom nie. Oortreding van hierdie reël lei tot strafmaatreëls deur die abezimu van haar man.

Aan die einde van die inisiasie (iqhude) van 'n dogter word 'n bees deur haar vader aan die voorvadergeeste geoffer. Omdat die offerande op haar spesifiek betrekking het, word die offerdier nie binne die beeskraal geslag nie, maar buite by die ingang. Sy hou die aksie dop terwyl sy onder kometersdekking net met die een oog daarna kyk. Nadat die vader die geeste gedank het (ukubonga), word 'n gedeelte van die offerdier tesame met bier en snuif in haar moeder se hut op die umsamo geplaas (vergelyk ook LANDGRAF 1974:71). Dit blyk volgens hierdie bron of die gebruik onder die Manala ontstaan het om 'n gesamentlike stamskool vir dogters (vergelyk Pedi) te hou. Die offerande deur die vader van elke dogter word skynbaar individueel in haar umuzi uitgevoer. Daar word hier nie vleis op die umsamo geplaas nie, maar slegs bier en snuif (LANDGRAF 1974:76).

Nadat 'n vrou geboorte geskenk het, en sy en die kind buite die hut verskyn, slag die vader 'n bok en maak 'n draagvel (imbeleko) vir die kind van dieselfde bok se vel. Die vader dank (ukubonga) die voorvaders en 'n gedeelte van die vleis word op die umsamo geplaas. Nadat die moeder en haar kind na haar man se kraal teruggekeer het, word daar weer geoffer en vleis en bier op haar icathane se umsamo geplaas (LANDGRAF 1974:85). Informante was dit eens dat baie van hierdie offerandes vandag nie meer plaasvind nie. Die offerande by geboorte word meesal net in die geval van die eersgebore seun gedoen.

Met die moderne tipe umsamo in hedendaagse huise word dieselfde vermydingsmaatreëls gehandhaaf as vroeër. Die vrou mag geensins die ubutshulo aanraak nie. 'n Tafeltjie dien as umsamo indien laasgenoemde ontbreek. Dit word uit die hoek verwyder en die karkas bo-op die vel in die hoek geplaas. Indien daar slegs 'n stuk vleis geoffer word, word dit in 'n skinkbord bo-op die tafeltjie geplaas en die vleis die volgende dag geëet. Bier word nog soos gewoonlik op die tafeltjie in 'n houer geplaas (vergelyk ook LANDGRAF 1974:38).

Dit is dus duidelik dat die woonhut as leefruimte uitsluitlik benut word

deur die gesin alleen of as deel van 'n gesinne-eenheid in poliginiese verband. Die vrou is die belangrikste persoon binne die struktuur en haar kinders word vanuit die indlu grootgemaak.

### 3.3.3 Die seunshut (ilawu) en dogtershut (iphunyana)

Die strukture wat hier ter sprake is, is die woonhut vir kleiner seuns (ilawu labesana), die vir aspirant inisiantes (ilawu labasegwabo) naas die beeskraal, en die dogtershut (iphunyana labantazana) agter elke woonhut.

Hierdie tipe hutte het 'n klein vloeroppervlakte en dien bloot net as slaapruintes vir kinders. Die umsamo ontbreek by seuns- en dogtershutte asook die gangvertreke (amaturi). 'n Vuurherd (iziko) word soms in 'n groterige ilawu labasegwabo aangetref. In hierdie tipe hutte word die minimum aan tegniese skeppings aangetref. In die dogtershut word daar feitlik net een of twee slaapmatte en karsse of komberse aange-tref. Slaapmatte (imiseme) en karsse (amanaga) word in die moeder se hut oor die umpherho gehang indien die dogtershut nie 'n eie het nie. Persoonlike besittings en speelgoed neem nie baie ruimte in beslag nie en word in die hutjie gelaat.

Met die ingebruikneem van die vierkantige dogtershut, wat ook dikwels as kookhut (isibuya) dien, word meubels aangetref soos met die kontem-porêre woonhut, dit wil sê beddens, kaste ensovoorts, gewoonlik nie so keurig soos by die woonhut nie. Hierdie hutte het ook meer hang- en pakplek en 'n muurbankie (umsamo) word bloot om funksionele redes inge-bou. Met die aanvang van die bou van rondawelhutte is dogtershutte gewoonlik in rondawelvorm gebou met 'n eie kookruimte (isibuya) wat aan die hoofmuur grens. Van kleins af kon dogters in hierdie ruimte hulle vaardigheid en ervaring in voedselbereiding opdoen. Die dogtershut is bloot net as slaaphut gebruik en is naby die hoofhut geleë sodat die moeder oor die dogters kan toesig hou.

Die seunshut bevat ook slegs enkele Tegniese skeppings. Persoonlike besittings, soos klerasie, karsse, kieres, assegaai (imikhonto), voëlrekke en ander artikels word tesame met slaapmatte (imiseme) en

n bietjie kookgerei aangetref. Die funksie van die iziko is bloot sosiaal van aard. Dit verskaf ook hitte teen die koue. Soms is lekkernye hier gebraai of gekook. Die posisie van die twee tipes seunshutte ten opsigte van die beeskraal spreek duidelik uit hul rol as veewagters. In huidige tye vertoon die seunshut meer privaatheid en persoonlike besittings. Moderne meubilering is ook aan die orde van die dag.

### 3.3.4 Die doktershut (indlu yenyanga)

Sekere strukture en ruimtes word vir spesialisdoeleindes gebruik. Hieronder geld die doktershut wat as n stoor- en konsultasieruimte dien. Alle handeling en aktiwiteite binne die hut staan in verband met die religie van die stam. Hy slaap selde hier en die hut word altyd deeglik gegrendel.

### 3.3.5 Die ontvangs- (isirhodlo) en kookruimtes (isibuya)

Elke woonhut word omhein deur n heining (isirhodlo) wat in die vroegste jare bestaan het uit n takskerm, later uit n rietomheining (isirhodlo somgaba) en in die huidige tyd n grondmuur is. Die ontwikkelingsfases waardeur die tradisionele Ndebele hutomheining gegaan het, is elders bespreek (sien 4:5.7.1-2). Die term isirhodlo beskryf die omheining wat reg rondom (vroegs slegs aan die voorkant) die woonhut strek. Binne hierdie omheining word twee ruimtes onderskei naamlik die ontvangsruimte bekend as esirhodlweni (letterlik: "in of binne die omheining") en die kookruimte (isibuya of esibuyeni). Met die ingebruikneming van n kookhut in resente tye kom dit voor asof die eerste term isirhodlo gebruik word ten opsigte van die hut, en die lokatiewe aanduiding esibuyeni (letterlik: "in of binne die kookruimte") ten opsigte van die oop ruimte agter die hut. Die esirhodlweni-en esibuyeni-ruimtes is heelwat vergroot tydens die rondawelfase (ca 1900 tot 1960). Die vroegste kookruimtes is binne die esirhodlweni afgeskerm. In die huidige reghoekige woonhutfase lyk dit of dit weer die geval word. Die twee ruimtes is tydens die rondawelfase geskei deur n tussenskot (isikha-wulwana) weerskante van die woonhut met n deurgang in die linkerkantse muur, dit wil sê aan die ubunene kant. Die kookruimte is dikwels in

twee helftes verdeel deur 'n tussenmuur (isikhawulwana) loodreg met die agtermuur van die omheining. Hierdie tussenmuur het 'n deurgang gehad. Daar was ook minstens een deurgang tussen elke geskakelde woonhut van 'n poliginis.

Geen deurgang het in die omheiningsmuur voorgekom waar die muur nie die gemeenskaplike skeiding vorm tussen twee woonhutte nie. Die esirhodlweni-ruimte is nooit onderverdeel nie en het slegs die hoof-ingang aan die voorkant van die hut as 'n toegang.

Die ontvangsruimte (esirhodlweni) word na sy primêre doel benoem. Die ontvangsruimte word ook op geslagsbasis in twee dele verdeel, naamlik 'n regterkant (incamadoda) en linkerkant (incabafazi). In praktyk word hierdie skeiding egter nie meer so streng deur kraalinwoners gehandhaaf nie. Dit is opvallend dat dit wel so deur besoekers toegepas word. 'n Manlike besoeker neem regs plaas tensy hy andersins toegewys word en 'n vrou links. Die reël word egter getemper deur waar skaduwee of son beskikbaar is. 'n Kraalinwoner neem plaas waar dit vir hom of haar die gerieflikste is.

Heelwat daaglikse aktiwiteite speel af in die esirhodlweni, veral op die terrein van die politieke en sosiale organisasie. Die ruimte is uit die aard van sy gebruik arm aan permanente Tegniese Skeppinge. Omdat dit 'n ontvangs- en kuierruimte is, word gewoonlik twee of drie bome hier geplant. Dis gewoonlik perskebome wat deur 'n grondplatform omsirkel word sodat dit sitplek verskaf. In die huidige tyd word dikwels ook 'n afdak met sinkplaat in een hoek opgerig. Omdat vroue hul tyd in die ruimte met kralewerk en vlegwerk deurbring, word sulke artikels dikwels hier aangetref. Klerasie en krale (imincamo), slaapmatte (imiseme), graanmatjies (izithebe), en ander huishoudelike artikels wat eintlik met die kookruimte in verband staan, word op sekere tye van die dag hier aangetref. Ander voorwerpe staan in verband met sosiale verkeer soos bankies en stoele (izithulo), slaapmatte en komberse, bierkalbasse (amarhabha, amatonyana), ensovoorts.

Sekere aktiwiteite binne die esirhodlweni het verband met die Sosiale Organisasie van die Ndebele, soos naamgewing, inisiasie, huwelik, dienslewering, respeksebetoning (hlonipha) en ander handeling.



Nadat 'n seun sy naam ontvang het verloop daar drie tot vier jaar voor= dat die ukuthumbusa-seremonie uitgevoer word (letterlik: "om die oor te deurboor"). Die deurbooring van die ore het vroeër as stamonderskei= dingsteken gedien. In die huidige tyd word dit selde om dié rede ge= doen. Dit is nou slegs algemene gebruik. Die seremonie vind sonder enige aankondiging plaas op 'n dag wanneer die vader en sy manlike ver= wante en besoekers in die ontvangsruimte saam bier drink en gesels. Die jong seun (isana) word vasgegryp en sy twee oorbelle met 'n spesi= ale naald (isungulo) wat in die hindervel (iporiyana) gehou word, deur= boor. Die vader hoef nie altyd die operasie uit te voer nie. Die gaatjie word aanvanklik met 'n grashalpie toegestop, totdat die wond genees het, waarna 'n koperringetjie daarin gedra word.

Nadat die huweliksonderhandelinge tussen die bruidegom se vader en sy aanstaande skoonfamilie afgehandel is, dit wil sê die omvang van die trougoedere bepaal is, gaan die bruidegom en 'n paar makkers na die kraal (umuzi) van die toekomstige bruid met 'n volstruispluim of stertkwas wat bo-op 'n stok gemonteer is. Dit is bekend as die umsila. Hierdie umsila word by die ingang van die esirhodlweni vasgemaak sodat dit hoog uit= staan en 'n teken is van die finalisering van die huweliksonderhandelinge. In die huidige tyd word gewoonlik 'n witvlag by die isirhodlo-ingang vas= gemaak. Die sending staan bekend as ukwitha en die bruid se status staan nou bekend as ukwethiwe "sy is verloof" (vergelyk ook FOURIE 1921:110). Op die derde dag van die bruilofsfees nadat daar oor die slagvee met die bruidegom en sy verwante (abayeni) onderhandel is, word laasgenoemde na die esirhodlweni genooi om tesame met die vroulike verwante en die bruid te eet en te drink. Dit is ook hier waar die bruidsvader en enkele ver= wante 'n bierofferande bring voordat die laaste feesvieringe 'n aanvang neem. Elke lid van die groep neem bier in die mond, spuug dit op die grond uit en prys die voorvaders van die bruid. Die rite kan ook agter in die esibuyeni uitgevoer word.

Afgesien van die hulp wat die vrou se verwante verleen by die afronding van die icathane (eerste hut) het hulle 'n verdere verpligting ten op= sigte van die bou van die omheining. 'n Egpaar woon aanvanklik vir 'n onbepaalde periode in 'n hut sonder 'n omheining. Die vrou het geen eie kookruimte (isibuya) nie omdat sy onder toesig en in opdrag van haar

skoonmoeder in laasgenoemde se kookruimte kook en arbeid verrig. Die dienslewering wat ongeveer een jaar duur, word formeel opgehef waarna die vrou se verwante, gewoonlik haar moeder en suster, 'n rietomheining (isirhodlo somgaba) om haar woonhut oprig. Hierdie verwante verskaf ook die boumateriaal. Die geleentheid neem die vorm aan van 'n werksparty (ijima) deurdat 'n slagding en bier deur die bruidegom voorgesit word. Hierdie dienslewering deur die bruid en haar verwante (abakhwekazi) dien as bevestiging van die goeie verhouding wat tussen twee verwantegroepe bestaan. Dit was vroeër ook die gebruik dat die rietomheining eers na afloop van die geboorte van die eerste kind deur 'n grondmuur (isirhodlo sodaka) vervang kon word. Die bou van die muur word sonder die verpligte deelname van die abakhwekazi van die man gedoen. Hy en/of sy vrou kan 'n werksparty reël om behulpsaam te wees by die konstruksie van die permanente omheining. Die vrou se verwante kan weer by die werk behulpsaam wees.

Die isirhodlo staan ook in noue verband met hlonipha-reëls. Hierdie reëls is elders bespreek (Hoofstuk 3:5).

Tydens ernstige siekte word 'n toutjie (intambo) dwars bo-oor die ingang van die isirhodlo gespan om 'n aanduiding te gee aan mense wat die hut wil besoek dat toegang beperk word. Slegs familieledede mag dan die ontvangsruimte betree terwyl alle ander persone vooraf toestemming daartoe moet verkry.

Die isirhodlo-ruimte staan ook in verband met die Politieke Organisasie. Die ontvangsruimte van die kapteinskraal is die vergaderplek van die geheime raad of binnerraad van die kaptein.

Na die afsterwe van die kaptein vergader die familieraad hier om die nuwe opvolger aan te wys. Besluite word geneem oor die wenslikheid om die hele kraal te verskuif (ukushitsa umuzi) of slegs die hofruimte (ibandla) van die gestorwe kaptein te verskuif. Vroeër is daar in uitsonderlike gevalle ook besoekers in die koninklike isirhodlo ontvang, die ibandla by die kraalingang is eintlik die aangewese plek vir besoekers. By die gewone kraal vind daar sekere byeenkomste van die familieraad soos die hou van verhore in camera, in die esirhodlweni plaas.

Hierdie byeenkomste staan by die Ndebele bekend as Izindaba zefihlo ezigwetyelwa esirhodlweni. Letterlik: geheime sake wat in die isi-rhodlo vertel word. Hieronder tel sake soos seduksie (ukugona umdazana) en owerspel (ukufeba umfazi). Verkragting (ukuphuthuma)-sake word in die kaptein se hof of isirhodlo verhoor.

Die kookruimte (esibuyeni) wat ook die dogtershut (iphunyana) huisves, is ryk aan Tegniese Skeppinge. Die ruimte dien as werkplek van vroue dwarsdeur die dag. Teen die agtermuur is vroeër die graanhut (isihlangana of isivivana) ingebou asook die graanmandjie (isilulu) in een van die hoeke. Heelwat maalklippe word hier aangetref, asook bierpotte (imijega), klei- en ysterkookpotte, graanmandjies (izigcwebu), matte (izithebe), biersiwwe (imitlhodlho) sakke vol mielies (isiphila) of sorghumpitte (amabele-bovu) en sorghumare (iinqwambi). Kalbasse van allerlei soorte word hier aangetref asook besems (imithanyelo) en onvoorbereide kalbasse. Reg rondom aan die binnemuur van die esibuyeni is 'n muurplatform waarop velerlei voorwerpe geberg word. 'n Boom of twee word ook dikwels hier aangetref, asook hanglyne vir wasgoed, droë vleis ensovoorts. Die meeste voorwerpe in die kookruimte staan dus in verband met die daaglikse voedselbereiding.

Die primêre funksie van die isibuya lê op die terrein van die Ekonomiese Organisasie. Die isibuya is tydens oes- en dorstye die belangrikste sentrum van bedrywigheid. Waens met mielies en sorghum is tot teenaan die agtermuur van die isibuya getrek en die vrag oor die muur na binne afgelaai. Die sorghumare (amathebe) en mieliekoppe word hier afgemaak en in die graanhut (isivivana) in goingsakke (imigodla) geberg. Sorghumare en mielies word ook hier gedroog vir die vervaardiging van die tradisionele ihlabalala-bier. Die dogters is veral besig met die maal van mielies op maalklippe (imbokodo), die uitwan van die gemaalde produk en die berging daarvan in goingsakke. Soos vroeër genoem, staan die meeste tegnematata in die isibuya in verband met voedselbereiding.

Op die terrein van die Sosiale Organisasie staan die esibuyeni in verband met dogtersinisasie (iqhude). Dan is daar 'n groot samekoms van getroude vroue en ander dogters in die esibuyeni. Bier word op groot skaal gebrou vir hierdie fees. Die kookruimte is vir alle mans, ook

dié van die huishouding tydens die afronding van die inisiasie, verbode terrein.

Die ontvangsruimte word dus eerstens benut deur die lede van die gesin dit wil sê vader, moeder en kinders. Buitestaanders betree hierdie eenheid as besoekers of as deelnemers aan 'n kulturele aktiwiteit soos huweliksonderhandelinge. Die buitestaanders kan enigeen van binne- of buite kraalverband wees.

Die kookruimte word hoofsaaklik deur die kraalvroue en hul dogters benut. Dogtersinisiante benut hierdie ruimte as deel van die iqhude. Manspersone kom selde hier.

### 3.3.6 Die hofruimte (ibandla)

Die vorm wat die ibandla-ruimte deur die jare aangeneem het, is elders bespreek (sien 4:5.8). In die hofruimte is daar enkele sitplekke uit stompe, klippe, stoele, houtbankies en paraffienkanne of dromme. Daar was altyd 'n vuurmaakplek in die ibandla. Dit het geen gepleisterde vloer gehad nie en daarom ook nie 'n vuurherd (iziko) nie.

Die ibandla het as lewensruimte noue verbintenis met die stam se Politieke Organisasie en Regstelsel. Elke kraalhoof het sy eie ibandla naas die beeskraal en dit is hiervandaan waar hy sy gesagvoering op verskeie lewensterreine koördineer. Hy roep die kraalhof (ibandla lomuzi) hier byeen (ukubutha ibandla) om sake te verhoor. Die ibandla-ruimte funksioneer dus primêr as vergaderplek vir die kraalhoof van 'n umuzi. Verder kan dit in die wyer verband dieselfde funksie vervul ten opsigte van die imbeleko-afkomsgroep indien die betrokke kraalhoof die senior verwant binne die afkomseenheid is en ook nog wyer waar die kraalhoof die mees senior verwant binne die patriline (ikoro) is en die liniehof byeen moet roep. In die wydste verband kan die ibandla ook funksioneer as vergaderplek vir die wykshof (ibandla lesilindi) indien die kraalhoof ook die wykshof (induna) is. Hierdie hofruimtes neem in die huidige tyd in KwaNdebele sowel as in die stedelike gebiede, die vorm aan van afdakke en selfs afsonderlike geboue.

Die hof van die stamhoof staan bekend as ibandla lekosi of lasekosini of

ekosini verwysende na die instelling en byeenkoms sowel as die ruimte. Dit was vroeër langs die beeskraal geleë. Die huidige ibandla van kaptein Mabusa David Mahlangu is 'n groot rondawel wat met stoele gemeubeleer is. Soms, indien die ruimte te klein is, word daar buite die rondawel vergader. Die tradisionele prosedure word nog steeds gevolg.

Die ibandla van die kaptein is heelwat groter as dié van gewone stamlede. Die kaptein het altyd 'n posisie ingeneem met sy rug teen die agtermuur van die beeskraal met sy lyfwag skuins voor hom. Alle besoekers, ook familielede, nader hom van vooraf en vra toestemming deur middel van die lyfwag om die ibandla binne te kom. Die kaptein word ook deur medium van die lyfwag as tussenganger, gegroet. Indien 'n besoeker die kraal binnekom om die kaptein te sien, word hy in die ibandla ingebring en moet hy wag totdat die kaptein sy verskyning vanuit die isirhodlo of elders maak. Indien 'n vergadering van mans belê is, neem almal eers posisie in die ibandla in voordat die kaptein sy verskyning maak. Sy aankoms word aangekondig deur die pryssanger (umbongi) en alle lede groet staande: "Ngwenyama!" en "Ndabezitha!" of "Bayete!" of "Ndhlovu-emnyama!", waarna die pryssanger die prysliedere van die koninklike sibbe opsê. Hierna neem almal weer plaas en kan die verrigtinge begin. Laatkommers bly buite die hofruimte op hoorafstand sodat hulle nogtans die verrigtinge kan volg. Dieselfde groetprosedure word herhaal indien die kaptein die hof verlaat.

Sekere verrigtinge in die hofruimte hou ook verband met die Sosiale Organisasie. Na afloop van die geboorte van 'n kind vind die naamgewing hier plaas. (Dit lyk of dit die gebruik by die Manala kan wees. Naamgewing by die Ndzundza vind in die esirhodlweni plaas) (sien 3.5). Daar vind 'n offerande plaas en die kind word na die ibandla geneem waar die oudste manlike verwant die kind se naam bekend maak, indien dit die oudste seun is. Ander seuns se naamgewing word deur die vader hanteer (vergeelyk ook LANDGRAF 1974:85).

Die aanvanklike huweliksonderhandelinge tussen twee verwantegroepe vind ook in die ibandla plaas (sien ook 3.4). Indien die onderhandelinge geslaagd is, kan die huweliksfees mettertyd hier 'n aanvang neem. Op die eerste dag van die huweliksfees, nader die bruidegom en sy ge-

selskap (abayeni) die skoonvader in die ibandla en oorhandig amptelik die beeste aan hom. As hy tevrede is met die huweliksgoedere, mag die abayeni die ibandla binnekom. Daar word gesing en gedans en die onderhandelings oor die hoeveelheid slagvee wat deur die man se verwante aangebied word, word die volgende dag in die ibandla voortgesit. Die abayeni mag nou ook die isirhodlo van die skoonmoeder binnegaan waar hulle vleis en bier aangebied word terwyl die bruidsgroep in die ibandla agterbly (vergelyk ook FOURIE 1921:115).

Die hofruimte word dus uitsluitlik deur senior manspersone van die stam, in die geval van die kaptein se ibandla, die patriline (ikoro), die beperkte linie (imbeleko) en die kraal (umuzi) benut. Dit funksioneer ook as ontvangsplek vir besoekers, ander kraalhoofde en vreemdelinge.

### 3.3.7 Die beeskraal (isibaya)

Daar is verskeie handelinge wat in die isibaya plaasvind en behandeling verdien wanneer die benutting van leefruimtes van 'n umuzi behandel word. Die eerste handeling staan in verband met dood, begrafnis en rou. 'n Kraalhoof (umnumzana) en die kaptein word binne die beeskraal begrawe. 'n Ronde graf ongeveer 130 cm tot 200 cm diep word in die beeskraal, by die ingang of onder die kraalmuur gegrawe. Die lyk word toegedraai in 'n karos of kombers en tesame met persoonlike besittings soos slaapmatte, die iporiyana, isivunule en velromp (isithimba) begrawe. Die lyk word gewoonlik in 'n sittende houding met die gesig na die suidooste begrawe. 'n Bakkie met pap word in die lyk se skoot geplaas. 'n Kaptein word in die nag in die geheim begrawe. Sy lyk word in 'n beesvel toegedraai. Die Ndebele verkies om 'n gestorwe kraalhoof by sy vader of voorvaders se ou beeskraal of kraal (umuzi) te begrawe. Aangesien baie van hierdie terreine heelwat verspoel het en nie meer uitkenbaar is nie, word hy dan as dit nie elders moontlik is nie, in sy eie beeskraal begrawe. Daar is, ook die gebruik om die Ndzundzaka-kaptein naby KoNomtjharhelo te begrawe waar die vorige opperhoofde sedert Mabogo begrawe is. Vroue word buite die beeskraal begrawe en kinders dikwels in die isibuya of naby die beeskraal. In resente jare vind 'n mens gewoonlik 'n "familie"-kerkhof nêre of buite die kraal. Hier word die grafte met klippe toegepak.

Grafte binne die beeskraal word nie met klippe toegepak nie. Beesmis uit die beeskraal mag nie op landerye aangewend word indien daar 'n kraalhoof begrawe is nie. In die huidige tyd word daar in toenemende mate van 'n kis gebruik gemaak.

'n Belangrike handeling by die begrafnis is die volgorde waarin daar aan die grawe van die graf (ukukrhema) deelgeneem word. Indien 'n vrou begrawe word, is haar man die eerste aan die beurt, dan sy broers, haar seuns en dan haar manlike verwante soos vader en broers. Die senioriteit word ook by 'n kaptein en 'n kraalhoof gehandhaaf. Eers grawe die kraalopvolger, daarna sy ooms, ouer broers, ensovoorts. Indien 'n oudste seun nie die begrafnis bywoon nie, moet hy by die eerste geleentheid as hy terugkeer, 'n bees slag.

Ten opsigte van die seunsinisiësie maak Fourie melding van 'n magiese rite waartydens die seuns en hulle vaders in die beeskraal vergader rondom 'n vuur wat deur die stamdokter in die middel van die beeskraal aangesteek word. Sekere bestanddele waaronder gal, lewer en mensvet word dan in die vuur verbrand. Die digte rook daarvan moet deur die inisiante ingeasem word om hulle magies te versterk (FOURIE 1921:135). Informante beweer dat die handeling nie meer by inisiësie voorkom nie.

### 3.8 Tussenruimtes

Die ruimte aan die voorkant van die hoofhut, dit wil sê tussen die hoofhut en die beeskraal, het by die sirkelvormige kraaluitleg die voorkoms van 'n sekelmaan gehad. By die omgekeerde U-uitleg was hierdie ruimte heelwat groter aangesien die beeskraal verder weg van die hoofhut geleë was en het dit 'n reghoekige vorm aangeneem. In die huidige tyd, met straat- en blokuitleg is dit 'n oop ruimte tussen die voorhek-omheining en die voorkant van die huis.

Dié ruimte het hom tradisioneel tot groot byeenkomste geleen. Heelwat mense kan hier vergader. Op Sosiale en Ekonomiese terrein is dit veral die fees van die eerste vrugte (ukuluma), die aanvang en terugkeer van die seunsinisiësie (ingoma), dogtersinisiësie (iqhude) en die bruilofsfees waar baie mense by betrokke is, wat in die ruimte afspeel.

Voordat die planttyd n aanvang neem, moes die kaptein in die verlede die saad magies behandel het. Niemand mag ook enige eetbare produk wat ge-oes is, geëet het voordat die kaptein dit nie amptelik geëet het nie. Hierdie seremonie staan bekend as ukuluma (letterlik: om te byt). Vroeër het die fees altyd op die tiende dag na die verskyning van die nuwe maan in Januarie plaasgevind. Onder die Manala kondig die kaptein die ukuluma aan deur alle ongeïnisieerde seuns en dogters na sy kraal te ontbied. Hy ontvang hulle in die betrokke voorruimte waarna elk die regtervoervinger in n pot dikmelk (amasi) steek en n kring om die regteroog trek. Hulle keer terug na hul eie statte en bevestig daardeur die ukuluma amptelik. Elke vrou maak haar graan=dramandjie (isigwebu) vol met pampoene (iselwa) en graansoorte en gaan dan saam met haar man na die kapteinstat. n Bees word deur die kaptein geslag en daar word aan die voorvadergeeste geoffer. Die vroue van die kaptein kook dan n pap van die pampoene stukke wat gebring is. Die kaptein eet eerste daarvan in die hoofhut en daarna volg sy vadersbroers en eie broers. Hierna word fees gevier en gedans by die kapteinstat. Onderlinge kompetisie en wedyering tussen die abasegwabo en die amasokana vind plaas (vergelyk ook LANDGRAF 1974:102). Die ukuluma vind nie meer vandag plaas nie.

Fourie meld dat die ukuluma-seremonie by die Ndzundza vroeër voorafgegaan is deur die jag van die rooiborsvoël (rooiborslaksman: Lantarius atrococcineus)(ibilobovu) deur die abasegwabo. Die kraanvoël (ihemu)(Balearica pavonina) word ook gejag. Die laksman mag met geen wapen gedood word nie. Die doel is om die vere van die voëls te verkry sodat dit op die hoof van die kaptein kan pryk. Die ander manlike omstanders vang n os en steek dit met n assegaai dood waarna die kaptein met n blaasgebaar die aankoms van die abasegwabo aankondig. Die omstanders laat die dier net so, en storm die abasegwabo tegemoet. Op hierdie stadium eet die kaptein die pampoene. n Swart streep op die neus en kring om die regteroog word op die kaptein, en op die linkeroog van die ikosikazi aangebring. Terwyl almal hier vergader, hou die kaptein ook n lofrede (FOURIE 1921:159 tot 160). n Belangrike aspek van die ukuluma is die volgorde waarin die eetaksie plaasvind nadat die kaptein eerste geëet het. Dit geskied streng volgens senioriteit deurdat eers sy vadersbroers (abasonghwani of obaba omncane) en daarna sy eie broers



en halfbroers en andere volgens dalende senioriteit, n beurt kry. Die senioriteitsorde word ten opsigte van alle teenwoordiges ge-handhaaf.

Met die aanvang van die besnydenis (ukuwela) word alle seuns by die kapteinskraal in n spesiale omheining bymekaargebring (vergelyk dié van kaptein Mabhena in 1978) op die vooraand van hulle afsondering. Met hul terugkeer vind die ukuhlabisa-seremonie (sien 2.7.3.4) plaas en word die inisiant (ukuvuma igwabo) deur hul vroulike verwante verwelkom. Hierdie seremonie neem veral ten opsigte van die kapteinskraal met n groot getal inisiant, die vorm aan van n groot fees in die ruimte tussen die beeskraal en die hutte. Die inisiant word van veraf verwelkom deur hulle vaders wat teen die beeskraal plaasneem terwyl ander manlike verwante teen die isirhodlo stelling inneem. Met hulle aankoms in die ruimte staan die omstanders op en verwelkom die inisiant met groot toejuiging en sang. Die inisiant neem in n halfmaan plaas sodat hulle na die beeskraal kyk, met hulle rûe op die vrouens. n Stertveerpluim van volstruisvere word in die middel van die halfmaan in die grond gesteek. Die jongmanne word nou bedien met groot hoeveelhede kos en bier. Die mees senior inisiant wys n slag-bees aan en versoek die kaptein om dit daar te slag. By gedesentraliseerde stamskole is die seremonie heelwat kleiner in omvang, maar dit neem dieselfde vorm aan.

Dit is ook in hierdie ruimte waar die inisiasieseremonie (iqhude) vir dogters finaal met die slag van die bees wat deur die inisiant se ge-inisieerde manlike kraalverwante aan haar instruktrise (umngenis) uit-gewys is, afgesluit word (vergelyk ook MARÉ ms 5:26).

Omdat heelwat mense veral op die laaste dag by n bruiloffees betrokke is, word die feesvieringe nadat die slagbees deur die abayeni gelewer is, in hierdie ruimte gehou. Die fees gaan ook gepaard met n dansery.

Seremonies wat normaalweg elders gehou word, kan na hierdie ruimte ver-skuif, indien die betrokke ruimte vanweë die groot getal mense, te klein is. Dit is ook net gemengde byeenkomste of waar slegs mans ter sprake is, wat hier kan plaasvind.

'n Werksparty (ijima) kan in enige ruimte plaavind vanaf die isibuya en die isirhodlo tot die binnehut in die ibandla en in die tussenruimte wat hier ter sprake is, indien 'n groot groep mense betrokke is. Op dieselfde wyse kan isangoma-danse in hierdie ruimte plaasvind in plaas van in die isirhodlo van 'n betrokke isangoma.

Dit is duidelik dat die betrokke tussenruimte ideaal geskik is vir byeenkomste in die kapteinskraal waarby die hele stam of 'n groot gedeelte daarvan betrokke is. By 'n gewone kraal is dit groot genoeg om al die inwoners soos by inisiasievieringe, of gedeeltelik soos met 'n werksparty, bymekaar te laat kom.

### 3.3.9 Landerye en tuine (amasimu)

Die voorbereiding van nuwe landerye buite die umuzi is die taak van mans en seuns. Dit behels ontbossing, die verwydering van klip en die eerste omploeg daarvan met osse. Voor die gebruik van die ploeg is dit met die hand met behulp van 'n pik gedoen. Die kraalhoof hou gewoonlik toesig terwyl die opdrag deur die abesana, abasegwabo en amasogana uitgevoer word. Dit is ook die spesifieke opdrag van die abasegwabo om gedurende die vierjaartydperk voor inisiasie (sien 2.7.3) die land finaal kort voor planttyd voor te berei. Elke groep seuns van 'n kraal werk slegs aan hul eie kraal se landerye.

Die abasegwabo is vroeër gedurende hulle vierjaar van aspirant-inisiantenskap jaarliks deur die kaptein opgekommandeer om sy landerye vir planttyd voor te berei. Enige ander opdragte kan ook deur die kaptein aan hulle opgedra word. Die term ukugwaba beteken dan ook "om arbeid te verrig".

Plantwerk, skoffelwerk en dergelike onderhoud asook die oes van landerye is die taak van die kraalhoof se vroue en hul dogters. Soms het jong seuns abesana hulle gehelp. Die kaptein kon weer vroue van naburige krale vra om sy vrouens met die oes behulpsaam te wees. Die kraalhoof het slegs toesig oor die plant en oes van sy landerye gehou. Vroue kon ook deur middel van 'n werksparty (ijima) (sien 2.8) hulle taak op die landerye verlig.

Elke vrou het vroeër haar tuin aan die agterkant van haar hut saam met haar dogters onderhou. In die huidige tyd word n stuk grond soms buite die kraal deur die kraalhoof aan sy vroue(e) beskikbaar gestel. Dit word dan in blokke vir elke vrou verdeel.

Baie kraalhoofde se abasegwabo is deesdae skoolgaande of in stedelike gebiede werksaam en is dan net gedurende naweke beskikbaar. Dit bring mee dat die arbeidslas ten opsigte van landerye baie swaarder op die kraalhoof se vroue neerkom.

### 3.10 Ou woonterreine (amarhubhi)

Daar is elders vermeld dat die Ndzundza graag hulle gestorwenes op die ou woonterreine van die voorvaders begrawe. Ou woonterreine soos veral die kapteinskraal van Mabogo te KoNomtjharhelo word gereeld besoek. Offerandes word soveel as twee keer per jaar deur die Ndzundza hier gebring. Die Manala huldig dieselfde gebruik ten opsigte van die Wallmannsthalterrein.

Die belangrikheid van die amarhubhi van die voorvaders word verder geïllustreer deur die feit dat indien n seun weens n ruimtetekort op sy vader of grootvader se ou kraal wil bou, hy eers moet wag totdat sy eie moeder te sterwe kom. Verder moet hy voordat hy die ou kraal se mure platslaan of van die boumateriaal hergebruik, eers offer (ukuphahla). Ou woonterreine en murasies verteenwoordig dus lank nadat dit ontruim is, samekomspeunte en respeksterreine. Dit gaan hier eerder om die grafte as die woonterrein self.

### 3.11 Inisiasiestrukture

Daar is reeds melding gemaak van die iqhude- en ipugu-hut wat spesiaal vir dogtersinisiante gebruik word (sien 2.7.4). Die benutting van hierdie twee ruimtes staan uitsluitlik in verband met die onderrig deur die umngeni- of umthombisi-afrigster van die dogters. Hierdie afsonderlike ilawu lokuthombela is n geleentheidstruktuur en word vir geen ander doel benut as die onderrig in lewensake aan die inisiant nie.

By seunsinisasie word ook sulke geleentheidstrukture aangetref (sien

2.7.3). Eerstens is daar die (isirhodlo sabasegwabo) wat by elke kraal opgerig word. Hierdie struktuur word dikwels slegs opgerig om die inisiantie op die vooraand van die ukuwela van slaap- en eet-plek te voorsien. Dit word ook gebruik sodra hulle terugkom van die umphandu af, waarna dit afgebrand word. In dieselfde sin geld die inisiasie-omheining vir die besnydenis, die sogenaamde umthangala omubi en umthangala omuhle, letterlik: die "slegte"- en die "goeie klipmure". Inisiantie woon in hierdie krale wat in afdelings vir slaap en eet afgeskerm word, vir die tydsduur van die afsondering. Hierdie ruimtes word slegs vir onderrig en slaap benut en word na afloop van die inisiasie so gelaat (vergelyk ook FOURIE 1921:129). Informante beweer dat daar nie meer mure van vroeër permanente boumateriaal opgerig word nie, maar slegs takskerms wat na inisiasie afgebreek en verbrand word. Ouer informante beweer dat selfs die vroeë klipmure ná inisiasie afgebreek moes word.


### 3.12 Ander lewensruimtes

Strukture was volledigheidshalwe genoem moet word, is spesiale stoorhutte vir gereedskap en kookhutte (isibuya) wat vir die uitsluitlike doel van kook gereserveer word asook sekere gastehuse. Tydens die ondersoek het dit geblyk dat gastehuse min of meer op dieselfde wyse gemeubileer is as woonhuse.

In die huidige tyd het daar in die stamgebied ook ander spesialisasie-ruimtes en nie-tradisionele strukture en ruimtes ontstaan soos kerke, winkels, tronkselle by die wykshoofde, klinieke, watertenks en krane, putte en waterbronne waar wasgoed gewas word, motorhuse, afdakke en dies meer. Daar is dikwels groot samedrommings by sulke punte soos by varsproduktemarkte naby kantoorgeboue, bus- en taksitermini en by stamkantore waar pensioenarisse tweemaandeliks vergader. In die huidige tyd het hierdie ruimtes 'n stimulerende faktor geword in die ekonomiese lewe. Daar is altyd een of ander varsprodukte en handewerk te koop. By sekere varsproduktemarkte word stalletjies uit hout, sink en enige ander beskikbare materiaal opgerig. Ander ruimtes wat in die huidige tyd sosiale verkeer stimuleer, is byeenkomste by sokkerwedstryde, reisende arbeidsburo's, ensovoorts.

#### 4 SAMEVATTING

Daar bestaan 'n verband tussen die plek waar sosiale eenhede funksioneer en wat hulle benut, en die sosiale eenhede self. Daar kan onderskei word tussen primêre en sekondêre sosiale eenhede. Primêre eenhede kan weer onderverdeel word in eenhede wat afkoms en samewoning as basis het, en eenhede wat slegs op afkoms gebaseer is. Onder sekondêre eenhede onderskei die Ndebele tussen ouderdomsgroepe en werksgroepe. Al die eenhede sien dus soos volg daaruit.



Die tien vernaamste leefruimtes is elders bespreek (sien 3.2 tot 3.11). Met die oog op die konstruksie van 'n opelugmuseum behoort minstens die eerste agt van hierdie ruimtes aangedui te word.

Indien hierdie leefruimtes by moderne dorpsbeplanning ingebou word, sou dit veral die woonhut (indlu) (3.2), die seuns (ilawu)- en dogtershut (iphunyana) (3.3), die ontvangs (esirhodlweni)- en die kookruimte (isibuya) (3.5), en die hofruimte (ibandla) (3.6) wees, wat in ag geneem moet word.

Elkeen van hierdie strukture en ruimtes word vandag nog in die oefening van die daaglikse aktiwiteite gebruik.

As gevolg van verandering van lewenswyse het daar by die Ndebele ook nuwe leefruimtes bygekom (sien 3.12). Hieronder geld strukture soos winkels, kantore, klinieke, skole en ruimtes soos markte, bustermini en ander. Meer moderne strukture is in gebruik geneem as gevolg van die behoeftes van nuwe groeperinge soos pensioenarisse, pendelarbeiders, gevangenes en klerke.

## HOOFSTUK 7

### DIE TOEPASSING VAN GEGEWENS OOR VESTIGINGSWYSE

#### 1 INLEIDING

Die tradisionele vestigingspatroon van die Ndebele is besig om verlore te gaan. Die opgetekende data soos in die vorige hoofstukke uiteengesit, kan die basis vorm vir die ontwerp en bou van veral 'n opelugmuseum. Tweedens kan hierdie data toepassing vind in moderne dorpsuitleg in die huidige KwaNdebele. Die twee moontlikhede word vervolgens afsonderlik in hierdie hoofstuk beredeneer.

Die eerste afdeling handel oor die totstandkoming en funksionering van die Suid-Ndebele Opelugmuseum te Botšhabelo buite Middelburg, Transvaal. Die tweede komponent behels 'n analise van en voorstelle rakende die behuisingsprojek van die Nasionale Bounavorsingsinstituut (NBNI) van die WNNR te Siyabuswa, Valschfontein, in KwaNdebele.

#### 2 DIE SUID-NDEBELE OPELUGMUSEUM

##### 2.1 Inleiding

Die Raad op Advies insake die Transvaalse Provinsiale Museumdiens het in die onlangse verlede sekere tematoekennings vir plaaslike museums gemaak (TPA Afdeling Biblioteek- en Museumdiens: Lêer B3-11-3). Hierdie toekennings is ook ten opsigte van die Middelburgse Stadsraad gedoen en die temas wat hier toegeken is, is die uitbeelding van die Suid-Ndebelekultuur, asook die sendinggeskiedenis van Botšhabelo. Hierdie voorstelle is op 10 September 1974 ingevolge Besluit 1762 van die Uitvoerende Komitee van Transvaal, goedgekeur. Middelburg was vroeër 'n herkomsdistrik van die Suid-Ndebele.

Op 1 Maart 1978 het die Middelburgse Museum onder die Stadsraad van Middelburg met die aanstelling van 'n kurator tot stand gekom. Daar is besluit om voorkeur te verleen aan die uitbou van die Ndebeletema in die vorm van 'n opelugmuseum. Op 3 April 1978 is die Ndebelegebieds-

owerheid ingelig aangaande die beoogde projek. Om beter koördinasie en wedersydse hulpverlening te verkry, is 'n driehoekvergadering op 29 Maart 1978 belê tussen afgevaardigdes van die Ndebelegebiedsoverheid, die Provinsiale Museumdiens en die Stadsraad van Middelburg. Die samewerking van die Ndebelevolk is verkry en hulle het belowe dat inligting, informante en kundige ambagsmanne tydens die navorsing en konstruksie aan die Stadsraad beskikbaar gestel sou word.

Navorsing sou deur die kurator onderneem word. Die finansiering van die hele projek sou gedoen word deur die Stadsraad van Middelburg wat met elke begrotingsjaar deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie ten opsigte van bedryfskoste gesubsidieer sou word. Kapitaalluitgawe was die verantwoordelikheid van die Stadsraad. Die twee belangrikste uitgawe-items in die projek was arbeids- en vervoerkoste, aangesien geen duur strukture gebou sou word nie.

Daar kon dankbaar gebruik gemaak word van die ervaring wat die Provinsiale Museumdiens met die oprigting van die Tsongakraal Opelugmuseum opgedoen het. Amptenare en Raadslede van die Stadsraad het dan ook op 4 Mei 1981 'n besoek aan die bogenoemde museum gebring om sekere projeksies te beraam.

In die organisatoriese struktuur van die Stadsraad was drie departemente betrokke, naamlik dié van die Stadsekretaris, Stadsingenieur en die Stadstesourier. Die navorsing, beplanning, oprigting en inbedryfbring van die Opelugmuseum sou onder eersgenoemde departement ressorteer. Die Stadsingenieur was betrokke by die verskaffing van dienste en tegniese hulpmiddele, soos masjinerie, asook tegniese advies, terwyl laasgenoemde departement sake rakende lone en aankope hanteer het. Vakkundige advies is gelewer deur die Provinsiale Museumdiens en die Departement Volkekunde van die Universiteit van Pretoria.

## 2.2 Navorsing

Veldwerknavorsing het op 25 April 1978 in KwaNdebele begin en het aanvanklik 'n vierledige doel gehad. Eerstens moes bejaarde Ndebele-



informante ondervra word oor kraaluitleg en die rangskikking van strukture. Verder was dit nodig om kundige ambagslui te bekom om die konstruksie van die museum te onderneem. Daar moes ook so volledig as moontlik foto-dokumentasie van bestaande strukture gedoen word, en laastens was dit die doel om die oudste tradisionele huis-houdelike gebruiksartikels, asook kralewerk aan te koop met die oog op die uitbouing van 'n versameling wat gedeeltelik in die opelugmuseum gehuisves sou kan word. Hierdie versameling sou ook dien as voorbeelde vir tradisionele werkslui wat voorwerpe binne die museum sou vervaardig.

Navorsing te velde het aan die lig gebring dat daar deur die jare drie woonhuttipes by die Suid-Ndebele onderskei kan word (sien 4:5.1.1).

Voorbeelde van die oudste van die drie woonhuttipes die grashut (umtlhatlhana) kon nêrens meer opgespoor word nie, en moes uit die geheue van informante gerekonstrueer word. Dit geld ook vir die vroegste tipe omheinings wat by die grashut voorgekom het (sien 4:5.7). Ook sekere versieringstipes moes gestalte kry uit die geheue van die oudste Ndebelevroue (sien 5:4). Die vroegste rondawelhuttippe (icathane) kon opgemeet word deur die informante na die murasies (amarhubhi) te neem. Ander rondawelhutte was egter nog bewoon (4:5.1.1) en heelwat inligting kon daaruit verkry word. Uit hierdie gegewens kon dan besluit word om die opelugmuseum volgens 'n bepaalde beplanning uit te voer.

Vanweë kardinale vormverskille wat oor 'n lang tydperk ingetree het, is dit nie wenslik geag om hierdie tipes al drie in een kraal in die opelugmuseum te akkommodeer nie. Dit sou verwarring skep en afbreuk doen aan die tradisionele uitlegpatroon. Dit was duidelik dat die beste resultaat die afsonderlike uitbeelding van elke hutsoort, byvoorbeeld graanhut en seunshut, tesame met verbandhoudende strukture soos die hofruimte en die beeskraal in elk van die drie fases sou wees.

### 2.3 Terrein- en materiaalvoorbereiding

Die behoeftes vir 'n opelugmuseum van dié aard kan soos volg uiteenge-

sit word. Eerstens behoort daar voldoende bouruimte te wees. Tweedens speel die aard van die natuurlike omgewing 'n belangrike rol om kompetisie met ander geboue en strukture uit te skakel. Derdens behoort die toeganklikheid tot die museum in terme van die normale toeristebeweging in die omgewing, aandag te geniet. Vierdens kan die voorkoms van bestaande geriewe en dienste belangrik wees. Vyfde en sekerlik die belangrikste is die vraag tot watter mate natuurlike boumateriaal soos gras, hout, grond en klip op of in die omgewing van die beoogde terrein beskikbaar is. Laastens behoort die tradisionele eise in aanmerking geneem te word soos die moontlikheid van 'n noorderhelling, geskikte grondformasie en beskikbaarheid van water.

Die Stadsraad van Middelburg het aanvanklik twee bouterreine vir oorweging beskikbaar gestel. Die eerste was 'n terrein naby die bekende Krugerdam wat onder andere die plaaslike karavaanpark en swembad huisves. Die tweede was 'n terrein by Botšhabelo, die historiese sentrum van die Berlynse Sendinggenootskap ongeveer 15 km buite Middelburg op die Loskopdampad. Elk van die twee terreine het sekere voor- en nadele getoon. Die hulp van die Stadsingenieur is ingeroep vir advies ten opsigte van grondformasies, dreinerings en dies meer. Die Botšhabeloterrein is gekies.

Die Botšhabeloterrein het heelwat voordele getoon. 'n Belangrike faktor was verder dat twee van die temas van die museum te wete etnologie en sendinggeskiedenis in een area geïntegreer sou kon word. Die omgewing was uit 'n natuurrooipunt vanweë onder andere boomrykheid en water, uiters geskik. Die gedagte was om die Ndebelemuseum te skei van die historiese sendingopset deur dit aan die suidoostekant van die Klein Olifantsrivier op te rig. Die omgewing was ruim genoeg, is ryk aan 'n verskeidenheid natuurlike fauna en flora en hulpbronne soos water, grond, gras, en hout in die vorm van 'n populierbos wat die belangrikste boumateriaal uitmaak, was beskikbaar. Die enigste wesenlike nadele was dat dit effe buite die toeriste-as geleë was, asook dat daar heelwat dienste en geriewe verskaf sou moes word.

Die Departement van die Stadsingenieur het besluit om 'n laagwaterbrug

oor die bog van die Klein Olifantsrivier (Umhluzi of Mhlotse) aan te lê om toegang tot die terrein te bewerkstellig. Daar is ook besluit om ablusie- en braaigeriewe naby die brug aan te lê en 'n parkeerterrein tussen die brug en hierdie geriewe aan te bring. Die altyd teenwoordige probleem van die vyftigjaarvloedlyn wat na oorstromings in 1896 en 1955 aangedui kan word, sou skynbaar geen probleem met die museumaanleg verskaf nie vanweë waterregulering by die Rondeboschdam in dieselfde rivier, buite Middelburg.

Die bouterrein van die museum was beperk tot die sandgrondgedeeltes tussen die rivieroewer en die rotsagtige bodem ongeveer 120 m tot 150 m van die oewer. 'n Vlak natuurlike noorderhelling was beskikbaar soos dié waarteen die Ndebele vroeër hul kraaluitleg gehad het. Die frontrigting was wes-noordwes tot oos-noordoos. Met behulp van hande-arbeid is die bouterrein vir die eerste boufase voorberei. Gemeganiseerde toerusting kon vanweë die feit dat die brug nog onder konstruksie was, nie in die terrein ingebring word nie. Die drie boufasies in die vorm van drie krale is in 'n halfmaan op die terrein ingepas met die vroegste fase aan die oostekant en die resente fases verder weswaarts.

Vir die eerste boufase is 'n sirkel van ongeveer 50 m radius skoon geskoffel. Geen ontbossing was op die hele bouterrein nodig nie. Vir die tweede boufase is 'n blok van 360 m<sup>2</sup> skoon gemaak. Die derde boufase is aanfelê op 'n 30 m by 15 m blok. Elkeen van die boufasies is ongeveer 15 m tot 20 m uitmekaar aangelê.

Materiaalbeskikbaarheid was een van die voordele van die Botšhabelo-bouterrein. Dekgras kon in die onmiddellike omgewing gesny word. 'n Totaal van 13 000 tot 15 000 bondels is oor 'n periode van twee jaar gesny en gebruik. Drie honderd bondels tamboekiegras is in die Stoffbergarea naby Blinkwater gesny. Grassnywerk het onafhanklik van die bouwerk voortgegaan. Om die onderlaag vir die eerste drie rondawelhutdakke te verkry, is 'n totaal van 200 bondels fluitjiesriet (umgaba) naby Witbank gesny. Populierlatte vir die grashut en pale vir die rondawel en vierkantige hutte is uit 'n populierbos ongeveer 30 m vanaf die bouterrein gekap. Bindmateriaal in die vorm van die tradisionele

bindtou (intambo) is gevleg uit bobbejaanstert (isifunzi) en wilde-koffie (ikofe) wat op die terrein gesny is. 'n Aantal Ndebelevroue van omliggende plase het aangebied om die toue te vervaardig. Teen Julie 1979 was daar 'n voldoende hoeveelheid toue om 40 woonhutte mee te voltooi. Grond, miershoopklei en klip is op die terrein uitgegrawe. Beesmis is van 'n plaas sowat tien kilometer verder gehaal en in kunsmissakke en dromme geberg. 'n Watertenk met 'n kapasiteit van 2 000 liter is op die bouterrein geïnstalleer om water beskikbaar te stel. Verf vir versiering is deur die Stadsraad aangekoop, terwyl sekere natuurlike grondkleure buite Middelburg in 'n steengroef uitgegrawe is.

By die bou van 'n opelugmuseum is daar altyd die vraag of alle tradisionele materiaal en gereedskap in die bouproses gebruik gaan word of nie. Die museumkraal verskil in sekere opsigte van die tradisionele kraal deurdat dit 'n langer lewensduurte moet hê - meer mense beweeg daardeur en daar is gewoonlik 'n perkyd vir die voltooiing daarvan. Dit bring mee dat daar gewoonlik gebruik gemaak moet word van Westerse materiaal en gereedskap om hierdie doelwitte te bereik.

So is 'n dubbel staalplaatsteenvorm gebruik in plaas van die tradisionele houtkas wat slegs een steen op 'n keer kan vorm, asook 'n staal-paneelkas vir die bou van die bekistingsmure van die omheining (isirhodlo) (sien ook 4:5.7.2). Met die oog op duursaamheid, veral teen reën en haël, is in beperkte hoeveelheid sement by sowel die boustene as die pleistermengsel gevoeg (sien 4:5.1.4.2d). Die mengsel bestaan dan uit 'n kruiwavrag grond, twee tot vyf grawe sement, 'n hoeveelheid beesmis en miershoopklei. Die sementmengsel is ook gebruik by die versiering van vloere en mure. Dit het beslis die lewensduur van muurversiering verhoog. Die sement het geen verandering in die natuurlike kleur en struktuur van die voltooide oppervlak tot gevolg gehad nie.

Sommige vroue wat die finale pleisterafroning (ukutshidza) aan mure gedoen het, het verkies om met troffels te werk en sodoende die afronding versnel. Emmers en plastiekhouders is lank reeds aan die Ndebele bekend en geeneen van die vroue het 'n kleipot of kalbas

(irhabha) gebruik as waterhouer nie. Daar is tydens die konstruksie van die hutte slegs by die derde boufase (KwaMabusa) van draad en spykers gebruik gemaak (sien ook 4:5.1.4.3b). Dit bring mee dat alle rondawelhutte (amacathane) in die tweede boufase suiwer tradisioneel gebou is.

Tydens die hutversiering het vroue dit verwelkom om met 'n verskeidenheid van dun kwassies te verf (sien 5:3.2), asook om rollers en verfpanne te gebruik om groot oppervlaktes mee af te wit. Dié praktyk het versiering aansienlik versnel.

Met die bestryding van termiete by veral die grashutte, is daar van Dieldrin gebruik gemaak in plaas van die tradisionele as. Dieldrin het 'n langdurige uitwerking. Onkruidodders is op vloere en in hoeke gespuit om onderhoud te vergemaklik.

Alle gereedskap is deur die Stadsingenieursdepartement verskaf en het bestaan uit grawe, koevoete, pikke, waterkonkas, 'n boor en omslag, sekels, hout- en staalvormkaste vir grondmure en vervaardiging van kleistene.

Die aanplanting van gesaaides is met die hand gedoen nadat twee stroke landerye met 'n trekker omgeploeg is.

#### 2.4 Personeel

Afgesien van die normale keuring van informante moes daar aandag gegee word aan die keuring van kundige ambagslui en handlangers vir bouwerk, en vroue vir pleister- en verfwerk. Tydens die navorsing kon daar noukeurig aan hierdie saak aandag gegee word. Daar is gesteun op die aanbevelings van hoofmanne en bejaardes asook beide kapteins David Mabusa Mahlangu en Alfred Mbedlengane Mabhena. Van die drie oudste informante was twee nog fisies in staat en bereid om te help met die konstruksie van die eerste grashuttipe. Hulle was ook die enigste twee in die hele stamgebied wat kennis oor die umgudwane of umtlhatlhana-hut gehad het. Bouers vir die rondawelhut was nog gereedelik beskikbaar. Dit was die gedagte om afgesien van die

oudstes, n aantal middeljarige en jonger bouers te kry om indiens=opleiding te ondergaan. Sodoende is daar probeer om deur direkte kennisoordrag aan helpers en deur die dokumentasie te verseker dat die konstruksietegniek nie verlore gaan nie.

Die meeste van die bouers waaruit gekeur kon word, was uit die Ndzundzastamgebied afkomstig. Op aandrang van kaptein David Mahlangu en sy raadslede is daar besluit om die inyanga van die stam, Sodiye Mahlangu, tesame met die abasonghwani van die kaptein, af te vaardig om die magies-religieuse handeling uit te voer wat normaalweg gepaard gaan met die aanvang van die bouwerk aan n nuwe kraal. Hierdie rite is volledig gedokumenteer. Hulle moes ook behulpsaam wees met die bou van die eerste grashut wat volgens tradisie in een werksdag voltooi moes word.

Die ambagslui is deur die Stadsraad in diens geneem en is by Botšhabelo gehuisves. Die arbeidsmag is vanaf n aanvanklike sewe mans mettertyd uitgebrei na tien, met die gepaardgaande onttrekking van die kapteins=afgevaardigdes wat n korttermyn taak gehad het. Die opleiding van die jonger geslag bouers was so geslaagd, dat hulle die oorblywende ses grashutte self kon voltooi. Hulle het die boutegniek maklik be-meester. Afgesien van die feit dat meeste Ndebelemans grasdekwarkan doen, is daar n beroepsgrasdekker aangestel om alle dekwark en latere instandhouding te koördineer.

Wat die vroue betref, kon die meeste uit die geledere van nie-werkende plaasarbeiders uit die omgewing en met die toestemming van die grondeienaar aangestel word. Slegs met die aanvang van versiering, is enkele vroue uit die stamgebied en uit verskeie ander streke ingevoer om die benutting van n verskeidenheid versieringsmotiewe en materiaal te verkry.

Vrouens van die nabygeleë Munisipale Bosbou-arbeiders is met groot sukses so aangewend, met gevolglike vermindering in administratiewe rompslomp. Vrouens wat met grassny en bindmateriaalvervaardiging te doen gehad het, is op stukwerkbasis gedurende die winter maande aangestel. Met die nadering van die voltooiing van die projek kon arbeid

pro-rata verminder word.

## Tek 92 2.5 Die uitleg van die Opelugmuseum

### 2.5.1 Inleiding

Die driefase-uitleg van die museum spruit uit die drie huttipes wat mekaar chronologies opgevolg het. Inligting oor en bouers vir die tweede en derde fase het geen probleem verskaf nie. Die werklike probleem was geleë in die karige inligting oor die grashuttipte van die eerste fase. Daar kon alleen gesteun word op die geheue van drie bejaarde informante waarvan reeds melding gemaak is. Daar is besluit om by die eerste boufase 'n volledige tradisionele kraal uit die 19de eeu weer te gee met woonhutte, dogters- en seunshutte, beeskraal en 'n klipmuur rondom.

By die tweede fase was dit onmoontlik om een kraal uit te beeld vir elke ontwikkeling van die rondawelhut en die gepaardgaande kontemporêre strukture. Dit sou meebring dat vyf na ses krale aangelê moes word (sien 4:5.1.3.1). Die kraaluitleg het ook sedert die laat 19de eeu verander vanaf 'n sirkelvormige uitleg tot die bekende omgekeerde U-vorm (sien 3:3.2). Daar is toe besluit om in 'n halfmaanvorm alle ontwikkelings in die rondawelhut en verwante strukture weer te gee, en slegs een beeskraal te bou.

Die derde fase het die minste probleme opgelewer deurdat, soos by die eerste fase, alle strukture uit dieselfde tydfase kom.

Elke fase het ook 'n eie stuk landbou- en akkerbougrond. Die rede hiervoor was nie so seer om 'n verandering in verbouingsmetode aan te dui nie, maar om die drie fases deur middel van landbougewasse soos mielies te skei, ten einde ook die verrassingsaspek by 'n opelugmuseum te bewerkstellig. Die akkerbougrond binne die ikura-omheining wat eie aan die eerste fase was, is ook aangebring (sien 4:5.11). Daar is geen omheining (ikura) by die ander twee fases aangebring nie omrede dit reeds gedurende hierdie fases verval het (sien 3:3.3.4 en 4:5.10). Besoekers nader die opelugmuseum vanaf die eerste fase deur die ingang.

Hierna beweeg hulle deur na die tweede en derde fase sodat n rotasie-effek verkry word.

### 2.5.2 Die eerste boufase (KwaMusi)

Tek 92 Die fase is n sirkelvormige umuzi met n rondom klipmuur (ikura)(Ik). Die ingang van die kraal front noord-noordwes, met ander woorde na die rivieroewer. Die kraal huisves vyf volledige woonhutte (izindlu) (G1-G5). Daar is ook twee dogtershutte (amaphunyana) (D1 en D2) en n seunshut (ijawu labesana) (S). n Demonstrasiehut (DG) is aan die ikhohlo-kant opgerig. Dit bestaan slegs uit n hutraam, vloer en umsamo-bankie. Besoekers is dus in staat om n begrip van die hutraam te kry. Twee van die woonhutte, naamlik die indlunkulu (G1) en die eerste ikhohlo-hut is met n rietomheining isirhodlo somgaba omhein waarbinne n dogtershut voorkom. Daar is dus drie woonhutte aan die indlunkulu-kant en twee aan die ikhohlo-kant. Drie van die woonhutte toon die tonnelingang (G2, G3 en G5) en twee ander die verandatipe (amawoba)-(G1 en G4) muur (sien 4:5.1.2.2). In die middel is daar n beeskraal (isibaya) (Be) met kalwerhok (Kh) aan die ikhohlo-kant en die hof=ruimte (ibandla) (Ib) aan die regterkant. Al drie strukture het ingange wat na binne toe front. n Bokkraal (Bo) is tussen die beeskraal en die kraalhek geleë. Tuinrye is aan die binnekant van die klipmuur (ikura) aangelê en landerye aan die buitekant. n Uitgang (U) is aan die agterkant van die kraal aangebring. Maalklippe en graanmandjies (izilulu) is beplan vir die isibuya-ruimtes.

Die eerste hut wat op die terrein opgerig is, was die indlunkulu (G1). Volgens die bejaarde bouers en die inyanga moes daar gepoog word om dié hut binne een dag sóver te voltooi dat minstens die nokgedeelte met gras gedek word. Dit was volgens hulle vroeër altyd die geval met die bou van die hoofhut gewees.

Die konstruksie van hierdie hut was nie sonder probleme nie. Populier=latte met te veel sylote het met die oorbuig gebreek. Dit het die werk vertraag (sien ook 4:5.1.2.2). Hierdie probleem is later uitgeskakel by die konstruksie van die ander hutte deurdat die iinsikana sorgvuldig uitgesoek is en selfs vooraf 24-uur in die rivier gelê is.



Die bouers het ook aanvanklik te min iinsikana gebruik. Nadat dit oorgebuig is, het die raam en gevolglik ook die voltooide hut, 'n oneweredige voorkoms gehad. Sommige dwarslatte (amabalelo) was te dik. Dit het die raam laat skeef trek. Met die eerste hut was dit baie moeilik om die nokpen (iwotlo) in die nok in te dryf omrede alle iinsikana reeds oorgebuig was (sien 4:5.1.2.2). Die taak is by die tweede en verdere hutte vergemaklik deurdat die pen reeds nadat die eerste vier latte oorgebruig is, ingeslaan is. Elkeen van die leemtes wat proefondervindelik ervaar is, kon by die latere hutte uitgestryk word.

Die bouers het ook probleme ondervind met die dekwerk aan die verandak (amaturi) van die eerste hut (G1) (sien 4:5.1.2.3). Eers by die vierde hut (G4) is die kuns bemeester deurdat die dekgras dikker op die dak van die veranda gesprei is.

Die eerste hut (G1) is dan op die eerste dag gebou en gedek tot voordat die graskroon (isiqongolo) geplaas is. Dit het die ses mans ongeveer nege uur geneem. Die dekwerk is op die tweede dag voltooi.

Die konstruksie van die ikhohlo-hut (G2) is gedoen met behulp van die bejaarde bouers (sien 1:3.2). Die derde (G3) tot die vyfde woonhut (G5) is slegs deur die jonger bouers onder toesig van die bejaardes gekonstrueer. Die bejaardes het ook toesig gehou by die konstruksie van die eerste twee dogtershutte (D1 en D2) en die seunshut (S). Daar was heelwat twyfel oor die vervaardiging van die graskroon by hierdie twee huttypes (sien ook 4:5.2.2.1-5.2.2.2). Eers na 'n tweede probeerslag kon een van die jonger bouers 'n kroon vervaardig wat die goedkeuring van die oumanne weggedra het.

Heelwat probleme is ook ondervind met die bou van hut- en isirhodlo-vloere (sien ook 4:5.1.2.4). Omdat hierdie fase gedurende die reënmaande gebou is, kon die buitevloere beswaarlik uitdroog en is dit herhaaldelik verspoel. Ander probleme is ondervind toe rondlopervarke gedurende die nag twee hutvloere omgedolwe het. By 'n ander geleentheid het beeste van 'n naburige plaas uitgebreek en oor 'n naweek heelwat skade aan die eerste drie grashutte aangerig. Die

hutkonstruksie het heelwat frustrasie veroorsaak.

n Gedeelte van die beeskraal (Be) het inmekaargesak na n hewige reënbui. Ondersoek het aan die lig gebring dat dit die gevolg was van n ronde kliptipe was as fondament gebruik is, en wat uitgeskuif het. So kon elke fase van die bouwerk deur ervaring gaan=deweg verbeter word.

### 2.5.3 Die tweede boufase (KwaMayisha)

Tek 92 Die eerste hut is n demonstrasiemodel (DR) wat ook die drie tipes dekmetodes illustreer (sien 4:5.1.3.3). Die mure van die woonstrukture illustreer ook die drie fases in pleisterwerk (ukusinda) (sien 4:5.1.2.4). n Voorbeeld van die verskillende muurtipes, dit wil sê latte, klip, klei en ander word ook hier uitgebeeld (sien 4:5.1.3.4). Die tweede hut (R1) vertoon n verandamuur (ikepisi) met n vooromheining (isirhodlo) van riet en het n kookruimte (isibuya) aan die indlunkulu-kant. Hierdie hut toon ook die vroegste muurversieringsmotiewe (sien 5:4).

Die derde woonhut (R2) toon n driekwartrond dubbelmuur (amaturi) wat met twee agtervertrekke afgekort is en waarvan een n buite-ingang het. Dekwerk aan hierdie hut, die dogtershut en die vorige woonhut toon die vroegste tradisionele metode met afwaartswysende grassade (sien 4:5.1.3.3). Die hutdeure bestaan uit die tradisionele umnyango van riet en bindtou wat na binne opgerol en bokant die kosyn vasgebind word (sien 4:5.1.3.5). Die kroon is die tradisionele isiqongolo-tipe. Die omheining is n klein ronde muur met n dogtershut (D1) in die isibuya-ruimte. Die dogtershut het n eie kookruimte. Op die huidige stadium word n graanhut (isivivana) agter in die hoof-isibuya gebou (sien 4:5.6). Hierdie hut toon die tipiese swart en wit versierings op beide die isirhodlo-muur en die hutmuur. Meer komplekse motiewe en n groter kleurverskeidenheid kom in die binnehut voor (sien 5:4). Die vierde (R3), vyfde (R4) en sesde (R5) woonhut vorm deel van n kompleks van drie hutte wat die tipiese hoekige omheiningismure uitbeeld. Die eerste (R3) van die drie hutte het n rondom-dubbelmuur met n uitgang na agter in die isibuya-ruimte. Hierdie hut is n voorbeeld

van die eerste hutte wat volgens die dekspanmetode gedek is (sien 4:5.1.3.5). Die graskroon van hierdie hut asook van die vierde en vyfde hut is die gerftipe bekend as isihloti (sien 4:5.1.3.3). 'n Reghoekige dogtershut (D2) word agter in die linkerhoek aangetref. Die omheiningmuur (isirhodlo) is redelik hoog soos by die vorige rondawelhut met die ronde omheining. 'n Uitgang is tussen hierdie en die volgende hut se isibuya aangebring. Die umsamo binne die hut is 'n goeie voorbeeld van modelleer en reliëfwerk. Versierings aan die hele kompleks toon die gebruik van sintetiese verfstawwe in kombinasie met die tradisionele stawwe (sien 5:3,1).

Die vyfde hut (R4) vertoon 'n rondom-dubbelduur sonder gangvertreke en uitgang. Dit is volgens die dekmethode van die vorige hut gedek. 'n Dogtershut / kookhut (D3) is aan die linkervoorkant opgerig. Ronde vensters is in die agterkant van die hut aangebring. Die hut toon die tipiese boogingang aan die voorkant met 'n laer isirhodlwana aan die voorkant. Die boog is ryklik versier en gemodelleer. Versierings in die kompleks is redelik modern en in 'n verskeidenheid kleurskakerings (sien 5:4).

Die sesde woonhut (R5) in die kompleks is 'n voorbeeld van die modernste rondawels van ca 1960 en later. Met 'n driekwart rond-dubbelduur vertoon die binnehut ook twee vierkantige vensters wat na die amaturi front. Die dak is volgens die trapmetode gedek (sien 4:5.1.3.3). Die voorkant van die dubbelduur toon interessante trapmodellering terwyl die deurkosyn met reliëfwerk versier is. 'n Dogtershut (D4) kom links agter in die kompleks voor. 'n Gastehut / seunshut (Ga) is aan die regterkant gebou. Moderne motiewe soos treine en mensfigure in sintetiese verfkleure is oral aangebring (sien 5:4). Die woonut toon ook 'n houtskarnierdeur (sien 4:5.1.3.5). Die isirhodlo is laag. Die kompleks het ook 'n beeskraal (Be), kalwerhok (Kh) en hofruimte (Ib). Landerye (amasimu) is aan die agterkant van die kompleks aangebring.

Die eerste rondawelwoonhut (icathane) wat gebou is, was R1 op die tekening. Verskeie probleme het ook hier tydens konstruksie te voorskyn getree. Met die vervaardiging van die dakkappe op die grond (sien 4:5.1.3.2) het die bopunte van die kappe asook die stutbalk (ifene) gebars nadat die isikhonkwane ingedryf is. Nadat dikker

kappe uitgesoek is, is die probleem opgelos. By die vierde hut (R4) het die muurpale (iinsikana) in die grond weggesak nadat die dakraam voltooi is. Die rede hiervoor was 'n swak grondformasie (sien 4:7). Daar is ook by sommige van die hutte probleme ondervind met die draagbalk (umrabheleko) en die houtpenne (izikhonkwane) wat vanweë die massa van die dak gebreek het (sien 5:7).

By die aanbring van die pleisterwerk aan die mure (amakgokgo-tipe), is daar gevind dat die klei vanweë die dikte van die mure, baie moeilik droog word. Een hut kon gevolglik ook nie as 'n geheel klaar gepleister word nie. Daar is besluit om alle rondawelhutte (R2-R5) eers met klei aan te plak (ukupara), dan te smeer (ukurhaya) en dan finaal af te rond (ukutshidza) (sien 4:5.1.2.4), ten einde doeltreffende droging by elke hut te bewerkstellig. Daar is ook besluit om elke dag binne die hutte vuur te maak om sodoende die afdroging te versnel. Dié praktyk het goei resultate opgelewer.

Wind het heelwat skade aan die vierde hut (R4) aangebring deurdat die raam skuins gedruk is gedurende 'n hewige storm. Daar is toe wyslik besluit om by die volgende hut (R5) eers die mure te voltooi voordat daar met die dekwerk 'n aanvang gemaak is. 'n Gedekte icathane sonder 'n voltooide muur is baie kwesbaar deur sterk winde.

Daar is heelwat probleme ondervind met die bou van die isirhodlo-mure (sien ook 4:7). Reën was weer eens die grootste probleem. Die meeste van die mure is tydens die vroeë somer van 1979 en die somer van 1980 gebou. Veral by hierdie tweede fase het mure gereeld inmekaar gestort omrede dit nog nie gestabiliseer en uitgedroog het nie. Afloopwater het opgedam omdat die uitloopgate (sien 4:5.7.2) aanvanklik te klein was. By die eerste drie hutte (R1-R3) waar heelwat organiese verfstowwe gebruik is, is verfwerk veral deur hael beskadig. Dit was 'n gevolg van versiering wat buite die normale versieringstyd (winter) aangebring moes word (sien 5:2).

Daar is 'n bepaalde benadering gevolg by hutversiering in al drie fases. Die eerste fase (KwaMusi), verteenwoordig die vroegste versierings-

wyse en vertoon slegs beemispatrone (sien 5:4). Versiering kon hier binne een week afgehandel word. Twee van die oudste vroue is hiervoor gebruik omrede hulle volgens geheue en oorlewering nog sommige van die ou motiewe kon onthou.

Daar is besluit om by die tweede fase (KwaMayisha) 'n ontwikkelingslyn in versiering binne die rondawelhut tipe aan te bring. Die motiewe sou dus net soos die bouwyse van die hutte in hierdie fase die ontwikkeling vanaf die oudste tot die mees resente tye vertoon. Daar is verder ook besluit om vroue van verskillende areas uit KwaNdebele en die plase van Blankes te gebruik om 'n variasie in veral kleurstowwe (sien 5:3.1 en 5:5.2) te verkry. Een bejaarde vrou uit Nebo en twee bejaardes uit die Middelburgomgewing (uit die ou Uburholestamwyk) is gevra om die eerste twee hutte R1 en R2 te versier met die oudste motiewe waarvan hulle kennis dra. Die resultaat was bevredigend en kon gekontroleer word aan die hand van foto's wat tydens die ondersoek in die Nebogebied geneem is. Die vroue is nooit gevra om vanaf 'n skets, foto of enige ander voorstelling van motiewe te werk nie. Daar is bloot 'n tydsaanduiding van die verwagte motiewe verskaf, byvoorbeeld om motiewe eie aan 1900-1920 uit die Nebogebied uit te beeld.

By die derde woonhut (R3) is drie middeljarige vroue uit Weltevreden (KwaNdebele) gevra om die hut te versier volgens die tydsfase van Kaptein Cornelis Mayisha Mapoch (ongeveer 1930-1950). Twee ander vroue is gevra om die oorblywende hutte (R4 en R5) volgens die tydsfase 1960 en later te versier. Die resultate was weer eens bevredigend en kon gekontroleer word met fotomateriaal wat elders tydens die ondersoek verkry is (sien ook 5:4 en 5:6).

By die laaste fase (KwaMabusa) is die versieringstaak aan jonger vroue uit die Weltevredengebied opgedra om die heel jongste motiewe uit te beeld wat by hul huise in KwaNdebele in gebruik is.

Daar is besluit om 'n hutkompleks as geheel vir versiering aan 'n bepaalde vrou of groep vroue toe te vertrou, dit wil sê die versierster moet die hutmure, die umsamo, die hele isirhodlo en ander hutte binne

die isirhodlo as 'n eenheid versier. Dit staan haar/hulle dan vry om ander hulp in te roep. So is 'n hutkompleks byvoorbeeld aan drie susters uit Wolvenkraal (KwaNdebele) toegeken omrede hulle saam gewoon en groot geword het (sien ook 5:5.2). Ouer vroue uit verskillende gesinne en streke het verkies om met mekaar saam te werk, eerder as om met jonger vroue saam te werk. Sekere vroue het weer verkies om heeltemal individueel te werk. Vir eksperimentele doeleindes is vroue per geleentheid deur die navorser ingedeel en is selfs die werk by 'n hutkompleks onderverdeel. Die gevolg was dat hulle geweier het om saam te werk. Weerstand is veral vanaf die kant van die ouer vroue ondervind.

#### 2.5.4 Die derde boufase (KwaMabusa)

Die derde boufase toon vier vormvariasies. Die eerste hut (V1) vertoon 'n rondom dubbelmuur met uitgang na agter in die isibuya (sien 4:5.1.4.2). Die hut het 'n lae isirhodlo-muur met 'n isibuya aan die regterkant. Die tweede woonhut (V2) is volgens segslui die sogenaamde indlu kagogo of die ouervrou se hut met 'n verandadak. Die isibuya daarvan lê aan die voorkant en die isirhodlo-ruimte aan die voorkant van die isibuya (sien 4:5.1.4.2e). Die derde hut (V3) het 'n enkelmuurstaandak en die vierde (V4) 'n sinkdak met twee vensters en 'n deur in 'n borsweringmuur wat na die binnekant van die isirhodlo front (sien 4:5.1.4.3). Die twee hutte het 'n gemeenskaplike kookruimte. Hierdie vierde hut vertoon die mees resente woningtipe in KwaNdebele. Behalwe by dekwerk is draad en spykers in die konstruksie van die hutte gebruik. Versiering is reguitlynig, kleurryk en verteenwoordig die modernste in muurversiering (sien 5:4). Aan die regterkant van die kompleks is daar ruimte gelaat vir toekomstige uitbreiding.

Die konstruksie van die derde fase het die minste probleme opgelewer. Die ondervinding wat die bouers tydens die eerste twee fase opgedoen het, het meegebring dat baie probleme by die konstruksie uitgeskakel kon word. Daar was ook minder probleemsituasies omrede strukture in hierdie fase die heersende tipes in KwaNdebele verteenwoordig (sien 4:5.1.4.2.-5.1.4.3.).

### 2.5.5 Voltooiingstempo

Die konstruksietempo by die museum is op tweërlei wyse verdrag, naamlik deur die inisiasiejaar van 1979 en die reënweer in die somer omdat daar buitenstydse gebou moes word. Tussen Mei en Junie 1979 het bouwerk heelwat gesloer vanweë veral die manlike bouers se betrokkeheid by die vierjaarlikse inisiasie (ingoma) (sien 6:2.7.3). Hulle moes dikwels vir langer as 'n week verlof toegestaan word. Daar is toe besluit om te konsentreer op vrouetake soos pleister- en messelwerk en grassny. Daar moes toe gevolglik heelwat aan die bouprogram verander word. Sommige vroue was ook in die tyd dikwels van Donderdag tot Maandag by dogtersinisiasie (iqhude) (sien 6:2.7.4) in KwaNdebele en op ander stamplase betrokke. Die bouprogram moes dan ook aangepas word om hulle te pas.

Dit is wys om alle bouwerk sover moontlik in die wintermaande te doen. Hierdie praktyk kon nie altyd verkry word nie, vanweë faktore wat elders vermeld is (sien 2.3). Reën was regdeur die projek vanaf Januarie 1979 tot en met Desember 1980 die grootste verdragingsfaktor by konstruksie.

### 2.6 Funksionering van die museum

Die gedagte by die opelugmuseum is om 'n lewende museum wat daaglik gedurende normale werksure beman word, daar te stel. Tradisionele tegniese skeppinge en tegnieke word uitgebeeld. Die Ndebelepersone wat die museum beman, dra ook tradisionele kleredrag.

Die museumkonstruksie word nie bewoon nie. Behalwe vir die twee opsigters bly geen ander personeellid in die museum nie. Hulle woonkwartiere is ongeveer 400 meter vanaf die museum in geriewe wat deur die Stadsraad voorsien is. Kundige ambagslui word in elk van die fases in strategiese ruimtes geplaas waarby velwerk, vlegwerk, kralewerk, graanbereiding, versiering en dans en musiek op vaste tye gedurende die dag gedemonstreer word. Die ruimtes waarbinne hierdie aktiwiteite aangebied word, is elders vermeld (sien 6:4).

Daar word streng daarop gelet dat die minimum Westerse goedere tydens werksure die tradisionele opset ontsier. Dit was aanvanklik 'n probeem om goedere soos fietse, radios, plastiekemmers, papiersakke en in 'n mindere mate motors weg te hou uit die museum. Die Ndebele-ambagslui het daaraan gewoon geraak om heen en weer tussen die tradisionele en die huidige oor te skakel. Daar is ook sekere hutte gereserveer om hierdie vreemde goedere in te verberg.

Lewende hawe soos beeste, donkies en hoenders is aangeskaf. Hulle slaap in die bestaande krale en wei in die omgewing van die museum. Bome word ook nog aangeplant. Bloekom-en Haakdoringboompies is soos dit hoort by die veekrale aangeplant. Vrugtebome soos perske- en appelkoosbome word binne die isibuya en die esirhodlweni aangeplant.

Besoekers word ontvang aan die voorkant van die kraalingang van die eerste fase. 'n Oriënteringsruimte is onder die bome uitgelê. Besoekers word op toere onder leiding van 'n gids vanaf fase een tot drie deur die kompleks geneem. Heelwat aandag word by demonstrasie-modelle (DG en DR) spandeer om die konstruksiebeginsels te verduidelik.

Die derde woonhut (V3) in die derde fase is volgens die maksimum toelaatbare grootte gebou om tydelike uitstallings te huisves. Die laaste woonhut (V4) kan ingerig word as 'n verversingspunt en verkooptoonbank vir tradisionele bier soos die bekende (ihlabalala) hier aan besoekers aangebied word.

Die beoogde aanwending van hierdie twee hutte (V3 en V4) asook die aanbidding van tradisionele bier het nog nie gerealiseer nie.

## 2.7 Die betekenis van die museumgedagte vir die Suid-Ndebele

Sedert die aanvanklike gesprekvoering tussen die Ndebelegebiedsoowerheid en die Stadsraad van Middelburg was daar wye waardering vir die gedagte om hul kultuureie in die vorm van 'n opelugmuseum te bewaar. Reeds op 3 April 1978 het die destydse raadslid (nou minister) van Werke, K D Mtsweni laat blyk dat die gedagte groot byval by die Ndebele sou vind en is daar volkome samewerking in die navorsingstaak



en bouwerk aan die opelugmuseum belowe. Nadat die doel van die projek aan die Ndzundzastamowerheid verduidelik is, was daar toenemende steun vir die gedagte en wel in so 'n mate dat die verwagte tien afgevaardigdes op die destydse driehoekige samespreking op Middelburg, drie Ndebelekapteins en sowat dertig ander belangstellendes hul opwagting op 29 Mei in Middelburg gemaak het.

Tydens die navorsing gedurende 1978 is die idee dwarsdeur die Gebiedsowerheid met oorweldigendeguns begroet. op 16 November 1978 het die Ndzundzastamowerheid 'n vrywillige besoek aan die beoogde bou-terrein gebring. Wat veral opvallend was, was die voorkoms van tradisioneel seremoniële kleredrag soos die iporiyana en umxelo by die aanwesiges. In die Ndzundzastamgebied is daar tydens die ondersoek spontane wyksvergaderings deur die izinduna gereël waartydens die herkoms en oorsprong van die oudste boustrukture asook etniese geskiedenis beredeneer is. Op 16 Februarie 1979 is daar op die Gebiedsowerheid se versoek 'n besoek gereël aan die etnologiese afdeling van die NASKO-museum. Die besoek het die belangstelling in en begrip van museums weer eens gestimuleer.

Die hoogtepunt tydens die navorsing oor die vestigingspatroon en die bou van die opelugmuseum was op 8 April 1979 toe die Suid-Ndebele die halfvoltooide museum besoek het. Die aanvanklike gedagte by die Gebiedsowerheid was om 'n kultuurfees aan te bied, waartydens daar gesing, gedans, lofredes en toesprake gehou sou word, en beeste geslag sou word. Die byeenkoms sou 'n danksegging en betuiging van waardering vir die bydrae deur die Stadsraad wees. In plaas van die verwagte tweehonderd stamlede het daar ongeveer agthonderd Ndebele opgedaag. Mans en vroue was geklee in tradisionele drag. Daar was 'n groot hoeveelheid stedelinge en afgevaardigdes uit onder andere Soweto, Atteridgeville, Daveyton en ander stedelike woonbuurte wat in die verrigtinge kom deel het. Wykshoofmanne so ver as Springs en Roosenekal was teenwoordig. Die kapteins van die Ndzundza, Manala en Litho-Ndzundza was teenwoordig. Agt beeste is geslag en 'n groot hoeveelheid sorghumbier is deur die Stadsraad voorsien. Die hele feesgeleentheid het ook die aansien van 'n wydingsplegtigheid gehad deurdat die voorvaders geroep is om die plek te sien.

Dit is dus duidelik dat die opelugmuseum 'n besondere ondersteuning van die Ndebele gekry het en dat die plek vir hulle iets meer as net 'n museum is.

### 3 BEHUISING IN KWANDEBELE

#### 3.1 Inleiding

Dorpsstigting in KwaNdebele is onvermydelik en is soos in die ander Swart state besig om geweldige uitbreiding te ondergaan. Die Departement Samewerking en Ontwikkeling onderskei vier nedersettingstipes (HILL 1979:65-68). Ten eerste is daar beplande dorpe. 'n Beplande dorp is 'n geproklameerde dorp met 'n verskeidenheid funksies onder andere 'n sentrale sakekompleks en ontspanningsgeriewe. Siyabuswa en Kwaggafontein word onder andere as beplande dorpe beskou. Tweedens bestaan daar sogenaamde uitgemete nedersettings wat nie tradisioneel ontwikkel het nie, maar deur landboubeampies uitgemeet is. Persele is geometries gegroepeer met 'n duidelike straatpatroon. Derdens is daar tradisionele nedersettings wat spontaan ontwikkel het. Dit is in wese 'n versameling statte of krale waar woonpersele soms afgekamp is. Strate is nie juis uitgemeet nie. Hierdie nedersettings is die oudste tipe in KwaNdebele. Hulle dateer waarskynlik terug na die hervestiging uit KwaHlanga sedert 1922. Vierdens word plakkergebiede aangetref. Dit is die gevolg van toestroming sonder dat mense geakkommodeer kon word. Vestiging is tydelik totdat 'n perseel toegeken word. In 1979 was daar 'n beraamde 1 530 gesinne of 9 732 mense op vyf plase wat as plakkers gereken kon word (HILL 1979:68).

Op die huidige stadium kan slegs Siyabuswa as 'n voorbeeld van 'n dorp in 'n gevorderde stadium van ontwikkeling beskou word. Kwaggafontein is nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling. Watervoorsiening is onlangs vir Kwaggafontein voltooi en minstens regeringsgeboue en besigheidsentra in Siyabuswa is reeds van Evkom-krag voorsien.

Daar is reeds van verskillende kante bekommernis uitgespreek dat die vereistes wat die Ndebele aan hul leefomgewing stel, nie tot sy reg

kom nie. So verwys die staatsetnoloog na die "vestiging van enkelvoudige gesinne op woonpersele volgens 'n stereotipe patroon. Die tradisionele struktuur kan sodoende nie gehandhaaf word nie. Gemeenskapsontwikkeling word sodoende lamgelê binne 'n struktuurlose proletariaat en stamadministrasie word bemoeilik" (HILL 1979:61).

Uit hierdie studie kan die belangrikste vereistes aangedui word wat die Ndebele self stel. Dit gaan om die mate waartoe sosiale eenhede tot hul reg kom in bepaalde leefruimtes. Die belangrikste leefruimtes in die umuzi is die

- woonhut (sien 6:4.2)
- seuns- en dogtershutte (6:4.3)
- ontvangsruimte en kookruimte (6:4.5)
- hofruimte (6:4.6)
- beeskraal (6:4.7)

Ander ruimtes wat die Ndebele ook hoog ag, is die ruimte tussen die hoofhut en die beeskraal (6:4.8), en strukture soos die kookhut, gastehut en stoorhut (6:4.12). Al hierdie ruimtes word bewoon deur die gesin en gesinne-eenhede as onderdeel van die stam. Hierdie sosiale eenhede is dus inderdaad lokale of residensiële eenhede (sien 6:5).

Dit word dus belangrik om te toets in watter mate hierdie vereistes wat die Ndebele self stel, in 'n besondere behuisingskema in ag geneem word. Daar is met die oog hierop 'n studie gemaak van die hoëdigtheidsbehuisingskema wat die WNNR te Siyabuswa (Valschfontein) in Kwa-Ndebele beplan het.

### 3.2 Hoëdigtheidsbehuising in Siyabuswa

#### 3.2.1 Inleiding

Siyabuswa was vroeër as Valschfontein bekend na die naam van die oorspronklike plaas (33JS). Die ontstaan van die dorp dateer terug na die verskuiwing van die destydse Doornkoplokasie (246JS), naby

Middelburg, na trustgrond op Valschfontein. Inwoners van die ou woonbuurt was meesal in Middelburg werksaam en is toe hervestig in KwaNdebele in die sogenaamde "nuwe" Doornkop of Valschfontein. Vestiging was op uitgemete persele. Dienste was aanvanklik nie beskikbaar nie. Die inwoners van die ou Doornkop het vroeër hul eie wyksadministrasie en hoofman gehad en 'n redelike mate van eie seggenskap. Groot ontevredenheid is uitgespreek teen die hervestiging toe hulle onder direkte gesag van die Ndzundzastamowerheid geplaas is en heelwat van hul eie bestuur moes inboet. Hulle was nou direk verantwoordelik aan kaptein Mapoch. Vandaar die naam Siyabuswa of "ons word regeer".

Tek 93 Vyf woonbuurte word in die toekoms vir die dorp beplan waarvan een en 'n half reeds teen die einde van 1979 beset was. 'n Sentrale stadsentrum, sportterrein en gemeenskapsaal is aangelê. Dit het sedertdien ook die hoofsetel van KwaNdebele geword. Regeringsgeboue asook die parlamentsgebou, polisiestasie, ministeriële en KG-residensie is hier gesetel. Daar word 'n totaal van 10 500 woonpersele beplan. Teen 1979 was 6 900 persele reeds uitgemeet waarvan 3 000 beset is. Die huidige persele is 20 m by 30 m en straatwydtes wissel tussen 15 m, 25 m en 30 meter. Die Hoëveld-Administrasieraad het die ontwikkeling van die dorp as agent van die SAOT behartig. Die Nasionale Bounavorsingsinstituut (NBNI) van die WNNR het 'n hoëdigtheidsbehuisingskema op sowat 60 hektaar beplan en gebou (Departement Samewerking en Ontwikkeling 1979:66).

### 3.2.2 Die behuisingskema van die NBNI

Die NBNI tesame met die Departement Samewerking en Ontwikkeling is tans besig met 'n hoëdigtheidsbehuisingsprojek in Valschfontein (ARRIGONE 1979:366). Die NBNI beskou dit as 'n eksperimentele projek waarvan die resultate getoets kan word. Die beginsel van 'n huis wat vanaf 'n aanvanklike kern verder uitgebou kan word, is reeds in 1950 deur die VVO vir onderontwikkelde lande voorgestel. Hiervolgens kan 'n gesin, nadat die kernhuis voltooi is, dit betrek en self later volgens eie behoefte uitbrei (ARRIGONE 1979:371).

Die mikpunt van die NBNI-projek was veral die stimulering van gemeenskapsbetrokkenheid of soos dit gestel is: "The active involvement of

the local community in the decisionmaking process ...." Hulle wou dit bereik deur ... "regular meetings with the Ndebele Territorial Authority to take decisions related to overall planning matters, physical planning, the design of corehouses, the implementation of the studies required in the project areas, and relevant matters" (ARRIGONE 1979:370).

Vaste vereistes is deur die NBNI gestel soos onder andere dat die kernhuis uitbreidingsmoontlikhede moet hê. Hierdie uitbreiding kan deur die eienaar self onderneem word. Huiseienaarskap is 'n verdere vereiste. Die perseelgrootte moes vir verdere uitbreiding geskik wees. Plaaslike boumateriaalproduksie moes gestimuleer word. Hierdie materiale moes ook verdere aanbouings moontlik maak. Laastens is goeie sanitasie en watervoorsiening as 'n noodsaaklikheid beskou (ARRIGONE 1979:373).

Drie afsonderlike opnames is deur die NBNI uitgevoer. Die bestudering van bestaande omgewings- en funksionele aspekte by behuising in KwaNdebele was die eerste mikpunt. Tweedens is 'n opname van die benuttingswyse van plaaslike boumateriaal gedoen en derdens is 'n studie gemaak van die bestaande infrastruktuur en gemeenskapsfasiliteite. Vir die eerste opname is 'n totaal van 115 gevallestudies geselekteer in nege nedersettings in KwaNdebele. Inligting wat ingewin is, het onder andere gehandel oor huisgrootte, hoeveelheid vertrekke, gesinsgrootte en die hoeveelheid mense wat 'n huis bewoon.

Na afloop van die opname oor bestaande behuising het die NBNI bevind dat elke wooneenheid gewoonlik uit vier afsonderlike strukture bestaan, sonder aanduiding van watter struktuur; dat die isirhodlo in 94 persent van die gevalle voorkom; die mure is meesal gebou uit grond en sondroogstene; dat sink die mees algemene dakmateriaal is, dat daar by 68 persent van die wonings wel putlatrines voorkom, en by die res geen; en dat watertoevoer bestaan uit opgegaarde reënwater en boorgate (ARRIGONE 1979:374).

Tek 94 Die NBNI het besluit om elf erwe met 'n gemeenskaplike oop area aanvanklik te bebou. Die sogenaamde cluster-beginsele sou gebruik word vir die

groepering van erwe. Die module sou aan verwantegesinne ("kindred families") toegeken word, vanweë die feit dat die gesinne-eenheid ("extended family principle") die algemeenste voorkom. Een groot module bevat 11 erwe met 'n gemeenskaplike oop ruimte en beslaan 112.5 meter by 113.5 meter. Die kleiner module(s) beslaan 90 meter by 95 meter en bevat ook 11 erwe wat elk kleiner is as die bogenoemdes. Elk van die elf erwe wys na binne en het 'n toegangsheg na die gemeenskaplike area wat voetgangers en voertuie dra. Die finale ontwikkeling beloop 366 erwe.

Tek 95 Gedurende die eksperimentele fase is slegs 60 huise gebou met die oog op vertoon en eksperimentering. Op elke erf word een huis gebou. Daar is besluit op drie prototipes. Die A-prototipe het bestaan uit plaaslike boumateriale en is opgerig met ongeskoolde arbeid. Met die B- en C-prototipes is moderne boumateriale gebruik. Die A-tipe het 'n reën-watertenk as waterbron. 'n Septiese tenkstelsel met 'n 3 000 liter kapasiteit is aangelê. 'n Lae koste 108 liter sonverwarmerstelsel is op die dak aangebring. 'n Nuwe toiletstelsel, die sogenaamde Watergate-stelsel is binne in elke huis aangebring. Die dak is 'n trogvormige betondak wat 107 kg weeg. Voorafvervaardigde sand-en sementstene is gebruik (ARRIGONE 1979:378).

Elke prototipe sou op die koste van die eienaar in vier stadia uitgebou kan word. Die eerste stadium het by al drie prototipes die stort, toilet en kombuis as basiese eenheid ("corehouse") bevat.

Vanuit die basis sou by die uitleg 'n addisionele drie slaapkamers aangebou kan word wat die totaal op vier te staan sou bring. Die B-tipe het 'n isirhodlo-ruimte ('courtyard') met 'n slaapvertrek aan die een kant en 'n half-ooop kombuis, toilet en stort aan die ander kant. Met die eerste uitbreidingsfase sou die isirhodlo onder dak geplaas word en as geslote kombuis dien. Met die derde stadium sou 'n addisionele slaapkamer aangebou word en 'n addisionele twee met die vierde stadium. Die C-tipe is in wese dieselfde as die B-tipe behalwe dat slegs een addisionele slaapkamer aan die voorkant van die derde stadium aangebou word. Die kombuis bevat ook twee deure. Die kombuis kan ontwikkel uit 'n lae muur - isirhodlo met twee in- en uitgange. Elk van die tipes

ontwikkel vanaf 'n basiese 20 tot 21,50 m<sup>2</sup> oppervlakte tot tussen 68,40 m<sup>2</sup> en 79 m<sup>2</sup> vir die finale stadium. Elke huistipe is toegerus met 'n sonverwarmingstelsel vir die verskaffing van warmwater.

### 3.2.3 Die voor- en nadele van die stelsel en alternatiewe voorstelle

#### 3.2.3.1 Inleiding

Daar is sekere vereistes wat die Ndebele self ten opsigte van leef-ruimtebenutting stel (sien 3.1). In die stelsel van die NBNI word vervolgens sekere leemtes uitgewys en alternatiewe voorstelle aangebied. Hierdie alternatiewe voorstelle is gegrond op die navorsing in veral Hoofstukke 4 tot 6. Daar word aandag gegee aan module-uitleg en perseel- of erfuitleg.

#### 3.2.3.2 Module-uitleg

Die module-uitleg van die NBNI bestaan uit elf erwe of persele. Die plasing van persele binne hierdie module is elders aangedui. Die belangrikste nadele van so 'n perseelrangskikking is die volgende.

- Die afwyking van die tradisionele kraaluitleg in die vorm van die omgekeerde uitgerekte letter-U (sien 3:3).
- Die gebrek aan 'n funksionele gemeenskaplike binneruimte, dit wil sê die tradisionele ruimte aan die voorkant van die indlunkulu (sien 6:4.8).
- Die plasing van persele 10 en 11 wat eintlik die binneruimte drasties verminder.
- Hierdie plasing versper die toegangswêë van persele 4 en 7. Tradisioneel kon so 'n plasing wel voorkom mits daar aan die rangskikkingsreëls ten opsigte van persele 4, 7, 10 en 11 voldoen word (sien 3:5).

Wanneer 'n mens die aangeduide leemtes sou onderskep en iets van die tradisionele umuzi-uitleg daarby inbou, kan twee alternatiewe uitlegpatrone voorgestel word.

Tek 96 Eerstens sou die eenvoudigste metode wees om persele 10 en 11 uit te lig en in die alternatiewe posisie agter persele 8, 9, 2 en 3 te plaas, om sodoende veral die gemeenskaplike binneruimte te vergroot.

Tek 97 Die tweede alternatief kan op die lang termyn meer voordele as eersgenoemde inhou. Hierdie uitleg stem ooreen met die tradisionele patroon en toon die volgende kenmerke wat vir die inwoners voordele inhou:

- 'n Groter gemeenskaplike area waarbinne 'n hofruimte ibandla in die vorm van 'n klipomheining of afdak aangebring kan word (sien 4:5.8). Hierdie ruimte verleen beter uitlewing aan die kulturele aktiwiteite (sien 6:4.6) van die gesinne-eenheid.
- Die persele front almal na binne, dit is beter gespaseer en die ingangshekke in die verskillende izirhodlo is meer realisties deurdat dit nader aan die middel van die perseel geleë is (sien Tek 1).
- Alternatiewe uitbreiding in die volgende generasie, of volgens die ou khonza-uitbreiding waardeur vadersverwante kom aansoek doen om vesting, kan op die tweede ry 12 en 13 plaasvind (sien 3:5). indien die module buite die normale (112,5 x 113,5 m) kan vergroot.
- Addisionele ruimtes X en Y ontstaan. Hierdie ruimtes kan vir bykomende gemeenskaplike geriewe benut word (sien Tekening 97).
- Persele kan hier vierkantig afgemeet word en sodoende word ruimte nie onbenut gelaat met reghoekige uitmeting nie. Dit staan dus in verband met die voorstelle in Tek 97.
- 'n Groter ingang na die module of kraal (umuzi) word bewerkstellig (sien Tek 1 en 4:5.12).



- Tek 98 Die bestaande 11-perseelmodule van die NBNI kan in 'n blokuitleg met drie ander modules van dieselfde grootte saamgegroepeer word. Op die wyse word vier modules, dit wil sê 44 persele in 'n groot straatblok saamgegroepeer met die benutting van sekere gemeenskaplike ablusiegeriewe. So 'n blokuitleg toon die volgende kenmerke.
- 'n Gemeenskaplike klerewasblok B wat deur vier modules gedeel word. Wasdae was nog altyd 'n geleentheid vir sosiale verkeer tussen die vroue van die kraal (sien 6:3.12).
  - Ses ablusieblokke (A1-A6) kan op die buitehoeke van die vier modules uitgemeet word. Alternatiewelik kan slegs vier blokke (C1-C4) op die binnehoeke uitgemeet word.
  - Rioleringsdienste kan op dié manier dalk teen laer koste ge oen word

KwaNdebele is tans in verskillende geografiese wyke of afdelings ingedeel, elk onder 'n erflike of aangestelde wykshoofman (induna). Die wykshoof is direk verantwoordelik aan die kaptein van sy streek, dit wil sê Mapoch, Mabhena, of enige van die ander. Die wykshoof is die aangestelde polities-administratiewe hoof in sy gebied. Sy take wissel vanaf tradisionele aangeleenthede soos hofgedinge (sien 6:3.6) tot die huidige take wat deur die stamowerheid aan hom opgedra word wat veral te doen het met ontwikkelingswerk. Die wykshoof is 'n besige man en daar is altyd besoekers in sy kraal teenwoordig. Sy kraal is dus die sentrum van administratiewe verwickelinge in die wyk. Vir dié doel bou hy 'n groter ibandla, dikwels in die vorm van 'n groterige afdak (sien 4:3.8). By sekere wykshoofde kom daar ook klinieke, en tronke voor, laasgenoemde is meesal 'n klein sinkgeboutjie (sien 6:3.12).

- Tek 99 In 'n dorpsuitleg in KwaNdebele behoort daar dus besondere aandag gegee te word aan die wykshoof se kraal of perseel. Dit behoort redelik sentraal geleë te wees. Afgesien van die feit dat hy ook by die voorgestelde groter gesinne-eenheidpatroon inskakel, kan 'n groter perseel aan hom toegeken word ten einde ruimte te bewerkstellig waar vergaderings en administratiewe take uitgevoer word. Die sel vir oortreders kan ook op sy perseel gehuisves word.

Indien hy dan later dalk afgedank sou word, kan hierdie voorstel probleme oplewer. Alternatiewelik sou 'n sentrale administratiewe perseel iewers binne die wyk, die oplossing wees. Hierdie kompleks word dus onverbonden aan enige wykshoof se eie erf en module opgerig.

### 3.2.3.3 Perseeluitleg

Die NBNI se huisontwerpe binne die perseel is elders uiteengesit (sien 3.2.2). Binne elke prototipe, dit wil sê A, B en C is daar 4 opeenvolgende uitbreidingsfases, wat in totaal dus 'n verskeidenheid van twaalf huistipes veronderstel.

Daar kan egter besondere leemtes in die ontwerpe uitgewys word. Hierdie leemtes moet gesien word teen die agtergrond van die leef=ruimtevereistes van die Ndebele soos elders uiteengesit is (sien 3.1).

- Hoewel daar higiëniese standaarde gestel word, is die konsep van 'n binnetoilet oor die algemeen vreemd aan die mense (sien 4:5.12). Die moontlikhede van sentrale ablusiegeriewe is reeds elders (sien 3.2.3.2) bespreek.
- Die onderdakkombuis by die A-, B- (fase 2-4) en C- (fase 2-4) prototipes is tradisioneel vreemd aan die Ndebele. Die halfonderdak= kombuis by die kernfase (1) van die B- en C-prototipes is meer eie aan die tradisionele isibuya (sien 6:3.5).
- Afgesien van die kernfase (1) van die B- en C-prototipes kom die isirhodlo-ruimte nie tot sy reg nie, ten spyte van die feit dat die NBNI in sy vooronderzoek melding maak van 'n binnehof ('courtyard').
- Hoewel die aaneenskakeling van vertrekke huidiglik soms voorkom, is dit eintlik 'n vreemde konsep vir die Ndebele, gesien in die lig van 'n afsonderlike indlu, iphunyana en ilawu by die tradisionele umuzi (sien Tek 1).

Indien die bogenoemde leemtes onderskep word en iets van die tradisionele

Die voordele van so 'n uitleg is onder andere:

- Die daarstelling van minstens drie afsonderlike vertrekke wat die ekwivalent sal wees van die indlu (I), dogtershut (iphunyana) (P) en die seunshut (ilawu) (L) (sien Tek 1). Privaatheid kry in die uitleg 'n hoë prioriteit.
- Die sentrale posisie van die isirhodlo kom in hierdie ontwerp tot sy reg. Vanuit die isirhodlo kan elke ruimte sonder moeite en steurnis bereik word. Die isirhodlo handhaaf hier die tradisionele funksie van ontvangsruimte (sien 6:3.5).
- 'n Opelugkookruimte (isibuya) word agter tussen slaapkamer (1) en (2) geskep (sien 6:3.5). Indien higiëniese vereistes swaar weeg, kan 'n toilet en wasbak hier onderdak gehuisves word.
- Die posisie van 'n halfonderdakkombuis is sigbaar aan die regterkant. Hierdie is 'n kombinasie van 'n kombuis met 'n oop kookruimte (isibuya). Die sonverwarmer word op die kombuisdak aangebring. Uitgange na geskakelde hutkomplekse agter en aan weerskante word voorsien vanuit die twee isibuya-ruimtes na agter en na weerskante (sien Tek 2). Die ingang van die isirhodlo is sentraal geleë.

Dit is dan duidelik dat blote opnames soos die NBNI gedoen het, nie genoeg is om behoeftes en voorkeure te bepaal nie. Dit word alleen verkry deur 'n deeglike volkekundige ondersoek wat die ondervraging van informante insluit en die oog hou op die verkryging van insig in plaas van die bepaling van die statistiese insidensie van besondere strukture.


#### 4 SLOT

Die studie van kraaluitleg en bou- en versieringswyse is uitgevoer met die oog op die konstruksie van die opelugmuseum. Dit is die eerste praktiese waarde van die kennis wat ingesamel is.


'n Tweede praktiese toepassingsveld lê beslis by die uitleg van dorpspersele in KwaNdebele.

Die derde moontlikheid lê by die ontwerp van huisplanne volgens die kernhuispatroon.






NDZUNDZAREGEERDERS



1) Mabhogo het aanvanklik as regent regeer. Die kaptein=skap is later na hom en sy nageslag oorgeskuif.


SLEUTEL  
 Kaptein —————  
 Regent - - - - -  
 Volgorde (17) ens

DIE NDZUNDZA VAN KALKFONTEIN EN WITLAAGTE





MANALAREGEERDERS



RONDAWELHUTAFMETINGS

Bewoon	Murasie	Binnemuur= deursnit (cm)	Gang= wydte (cm)	Binnemuur= hoogte (cm)	Buitemuur= hoogte (cm)	Hoeveel= heid buite= deure	Hoeveel= heid gang= kamers
X		570	180	-	133	2	3
X		440	178	220	138	1	3
X		644	154	195	101	1) 2(1+1)	1
X		231	152	238	2) (99+)	2	4
X		431	139	2) (144+)	114	1	3
X		429	139	231	127	2(1+1)	4
X		386	116	218	-	1	4
X		523	154	220	109	1	4
	X	383	152	-	-	3) (1)	(2)
	X	784	121	-	-	(1)	(2)
	X	492	114	-	-	(1)	-
	X	518	91	182	-	(1)	(2)
	X	634	170	200	-	(1)	-
	X	721	160	-	-	(1)	-
4) N X		410	100	165	102	1	-
N X		420	130	190	106	1	4
N X		430	90	180	135	2	3
N X		400	140	178	120	1	1
N X		497	120	201	127	1	4
Gemiddeld		492	137	197	118	-	-

1) (1+1) - Aanvanklik 1 deur, 2de deur later ingebreek

2) (144+) - Benaderde skatting van hoogte

3) (1) of (2) - Skatting van deure en gangkamers

4) N X - Rondawelhutte by Ndebele Opelugmuseum te Botšhabelo

REGHOEKIGE HUTAFMETINGS

<u>Dubbelmuur</u>	<u>Binnemuur= afmetings (cm)</u> <u>Lengte + Breedte</u>	<u>Gang= wydte</u>	<u>Binnemuur= hoogte (cm)</u>	<u>Buitemuur= hoogte (cm)</u>	<u>Hoeveelheid buiteure</u>	<u>Hoeveelheid gangvertrekke</u>
Nebo	477 x 459	111	226	144	1+(1)	4
	449 x 436	147	195	119	1	2
	586 x 584	160	228	131	3	5
	474 x 407		210	127	3	5
	416 x 195	124	220	131	2	4
	508 x 420	116		127	1	3
	424 x 413	203	177	119	1	1
	434 x 335	163	192	119	1	1
Botshabelo	442 x 458	80	190	143	2	4
	405 x 252	140	177	113	1	-
<u>Enkelmuur</u>	573 x 278	-	192	-	-	-
	380 x 610	-	244	-	-	-

Tabel 6

AFMETINGS BY GRONDMUUMOMHEININGS (IZIRHODLO)

	HUT A	HUT B	HUT C	HUT D	HUT E	HUT F
<u>Totale breedte deursnit van omheining (cm)</u>	1 222	788	1 805	1 650	1 600	1 300
<u>Totale lengte deursnit van omheining (cm)</u>	1 076	-	1 390	1 680	1 700	1 750
<u>Tussenskot (isikhawulwana) lengte (cm)</u>	-	295	391	300	340	225
<u>Afstand tussen hut en omheiningingang (cm)</u>	647	-	412	447	405	423
<u>Afstand tussen hut en agtermuur (cm)</u>	Geen	-	305	345	500	651
<u>Omheininghoogte (cm)</u>	-	138	-	180	162	140

VERFSTOWWE

DISTRIK	GRONDKLEURE	SINTETIESE KLEURE	MENGSEL
Middelburg (WEISS)	Swartklei en turf	Swart poeierverf	
	Witklei of grond	Wit kalk	
	Rooiklei of grond (Rooiklip)	Rooi olievert	
	Bruinklei		
	Geelgrond	Geel vert Blousel	
		Groen stoeppolitoer Groen vert	Fyngestampde blare met grond gemeng
Roosenekal Blinkwater (Stoffberg) (WEISS)			Swart uitgemaalde steenkool
	Witgrond	Wit kalk	
	Pienkgrond		
	Oranjegrond		
		Groen poeierverf	
Botšhabelo- omgewing (Middelburg)	Witkrip (ipembe) uit n ou steengroef	Wit kalk	As en wit kalk
	Swart turfgrond		
	Rooiklei uit n geërodeerde wal		
	Rooigrond		
	Geelklei		
		Groen poeierverf	
	Witklei		
	Blousel		

DISTRIK	GRONDKLEURE	SINTETIESE KLEURE	MENGSEL
Bronkhorstspuit (WEISS)	Swartklei en grond	Swart verf	
	Fyngemaalde wit= klip	Kalk	
	Rooigrond		
			Grys - beesmis en grond Wit - kalk en beesmis
	Bruingrond		
	Geel rivierklei Geelgrond Okergrond		
	Gemaalde blouklip Ligblougrond	Blouse1 Blou olieverb	
		Groen verf Groen poeierverb Groen olieverb	
		Oranje verf	
	Pienkggrond		Gemaalde donkerpienk= klip en beesmis
	Pers kleurstof ('dye')		

NDZUNDZA (FOURIE 1921:109)					
<u>Sibbe (isibongo)</u>	<u>Danknaam (isithokozelo)</u>	<u>Totem (-ziTa) of (-bhina)</u>	<u>Sibbe (isibongo)</u>	<u>Danknaam (isithokozelo)</u>	<u>Totem (-ziTa) of (-bhina)</u>
Mahlangu	Mdungwa	rietbok ( <u>ihlangu</u> )	Baka Tshoba	Baka Swaswa	stertkwas ( <u>itshoba</u> )
Masangu	Khungu	dagga ( <u>isangu</u> )	Maphangela	Mavuse	ribbok ( <u>iliza</u> )
Thabethe	Masombuka (1)	kwartel ( <u>isithim= bili</u> )	Thubana	Mguni (4)	slaap, vaakheid ( <u>ubuthongo</u> )
Thamane	Skhosana (2)	kwartel ( <u>isithim= bili</u> )	Kabeni	Hlalithwa	wildehond ( <u>idatja/ hlatirwa</u> )
Ndala	Mtswini (3)	bobbejaan ( <u>ifene</u> )	Mthi-munye	Nomanziane, Mgoma (7)	poenskopbees ( <u>isincathi</u> )
Namsiza (10)	Maqobonga, Mguni (4)	Bruin bees met geel bek ( <u>ekhoLo ithlaba</u> )	Mdhlangwe	Mkwebane	voëlsoort ( <u>umkwebane</u> )
Umfuya-komo	Sindane (5)	Bruin bees met geel bek ( <u>ekhoLo ithlaba</u> )	Sithole	Masangani Mguni (4)	
Masimula	Nangidi, (6) Mguni	wildevark ( <u>ingulube emangweni</u> )	Mabuda	Jagazana	olifant ( <u>indhlovu</u> )
Nduli	Qaba	mamba slang ( <u>imamba</u> )	Baka Ndhlovu		olifant ( <u>indhlovu</u> )
Masilela	Mguni, (4) Dhlambili	duiker ( <u>iphunzi</u> )	Mashiyana	Magole	
Kekana (9)	Mthombeni (8)	olifant ( <u>indhlovu</u> )	Shabango	Mguni (4)	
Mhlopeni	Mthombeni (8)	namakwaduiF ( <u>umzukulwana</u> )	Sibanyoni	Mkwananze	tarentaal ( <u>iphangele</u> )

MANALA (VAN WARMELO 1920:15-16)					
Sibbe (isibongo)	Danknaam (isithokozelo)	Totem (-ziLa) of (-bhina)	Sibbe (isibongo)	Danknaam (isithokozelo)	Totem (-izila) of (-bhina)
Mabhena	Mbudumo	hartbees (imbudumo)	Masombuka Sikhosana		
Msumango Songo	Mphethu Nkomonngi	horinglose dier (bok, bees, ens) (isincadi)	Mahlangu	Ndobela	kwikstertjie (unomphahiane)
Mgayo o gulwayo of o gulana			Makhonja Mlala		
Masilela			Kokela Mbinan= dawo Lisinga		
Thubana Mgoni (9)		bees met geel of bruin snoet (ikomo ekholo)	Mahlomza Myani		graansorghum (amabele)
Msiza 'Mgoni (10)		bees met geel of bruin snoet (ikomo ekholo)	Madiba	(Mthombeni)(8)	
Bukhali			Mnyageni		
Msipha Maloboia			Mkhwebane Zubani		n soort wit voël (inyoni emhlophe)
Mgidi			Ndala emanqo= weni/emancobeni		bobbejaan (ifene)
Makgathulela Dimande			Dlamini (11)		
Kumba			Rumo Mkhondo		
Mayisa			Masango		

<u>MANALA (VAN WARMELO 1920:15-16) vervolg</u>					
<u>Sibbe (isibongo)</u>	<u>Danknaam (isithokozelo)</u>	<u>Totem (-zila) of (-bhina)</u>	<u>Sibbe (isibongo)</u>	<u>Danknaam (isithokozelo)</u>	<u>Totem (-izila) of (-bhina)</u>
Motha			Masugu Phenyana		
Tsabangu			Mbinakoma		bok ( <u>imbuzi</u> )
Kabini			Nduli Mhlalu= gwana		
<u>ANDER SIBBENAME: MANALA EN NDZUNDZA</u>					
Mathibela			Kawule		
Sibiya			Giyana		
Mdau			Mbonane		
Nkwana (Ngwane)			Mgale (Masango)		
Kgatebe			Matshiya		
Mokwēna Masanabo			Magobane (Mgoma)		



## Aantekeninge by tabel 8

1 Dit is uit die gegewens van Fourie en Van Warmelo duidelik dat sommige sibbes by beide die Ndzundza en Manala voorkom. Die redes daarvoor is eerstens histories vanweë die vroeë eenheid onder die Ndebele, tweedens die feit dat sekere sibbeledes tydens die vlug van Ndzundza verkies het om by die Manala in te skakel. Derdens was daar voortdurende kontak en ondertrouery tussen Ndzundza en Manala ten spyte van geografiese skeiding. Die verstrooiing van die Ndzundza na die Mapochoorlog het tot gevolg gehad dat die Ndzundza- en Manalasibbes en gedeeltes van sibbes deur middel van ondertrouing en inisiasie herenig het. In die huidige KwaNdebele word, afgesien van die koninklike sibbes Mahlangu (Ndzundza) en Mabhena (Manala), alle ander sibbes in beide die Manala- en Ndzundzastreeksowerheidsgebiede aangetref.

2 Ortografiese verskille tussen Fourie en Van Warmelo kan verwarrend wees, en nog meer so in die huidige tyd. Vergelyk Shabango (Fourie) Tshabangu (Van Warmelo) en ook Chabangu. Die <sup>1)</sup>Namsiza verkort hulle naam huidiglik tot Msiza, en Nangidi (6) tot Mgidi. Die ortografie van beide Fourie en Van Warmelo is onveranderd oorgeneem in tabel 8.

3 Die belangrikste waarneming is egter dat sekere van Fourie en ook Van Warmelo se sibbedankname, vandag effektief as sibbene (izibongo) funksioneer. Die onderskeiding tussen sibbene naam en danknaam is dus nie baie pertinent nie. Die volgende dankname word huidiglik alleweë as sibbene gebruik: Masombuka (1); Sk(h)osana; (2) (Skozana); Mtswini (3) (Mtsweni); en Mguni (4) word telkens as dankname by ander sibbes genoem. Inligting dui daarop dat die verband tussen Thubana as sibbene- en Mguni (4) die danknaam, die oorspronklike verband was. Dit kan ook wees dat die gebruik van die Mgunidanknaam op historiese skakeling dui. Ander sibbene wat as dankname aangegee word, is

---

1) Namsiza = letterlik: "ma van Msiza". Die moeder word normaalweg vernoem na die dogter. Die moeder word na haar vernoem en heet dan uNamsiza; ook uNangidi.

Sindana (5); Namgidi (6); Mgoma (7) en Mthombeni (8) wat ook as Gegana (Kekana) (9) bekend staan en die heersersibbe onder die Noord-Ndebele vorm.

4 Die Dlaminisibbe word ook deur Van Warmelo as 'n vreemdelingsibbe uit Zoeloeland (Mzilikazi) beskou. Die moontlikheid dat die Dlamini, die heersersibbe in Swaziland, vroeër saam met ander Swazisibbes by die Ndzungza ingelyf is, moet ook in aanmerking geneem word. Ander sogenaamde Swazisibbes is Tshabangu, Mathibela, Masangu(o), Sibanyoni, Sithole, Mthimunye en Sibiya waarvan daar gedeeltes by die Ndzungza ingelyf is.

5 Vanuit die naburige Sotho het heelwat sibbes by die Ndzungza aangesluit. Hulle het hulle veral in die Uburholestamwyk gevestig en het bekend gestaan as die Amarhole (letterlik: onderworpenes). Daar was ongeveer sewe sulke sibbes (MARÉ ms 2:9). Maré noem twee sibbes, naamlik Masilela en Maphangela wat hulle later in die KoNomtjharhelo-stamwyk gaan vestig het. Ander sibbes met 'n Sothoherkoms is Motha (Mota), Masemola, Mdau, Kgatebe en Mokwena.

6 Sibbename wat nie deur Van Warmelo en Fourie genoem is nie, sluit onder andere in Kawule (Mahlangu), Giyana(e), Mbonane (moontlik Swaziherkoms), Mgale (verband met Masango), Mahlomuza, Matshiya, Magobane wat verband het met die Mgoma en Masanabo.


7 Maré meld dat die Ndzungza saamgestel is uit ongeveer veertig sibbes. Tydens die ondersoek het dit geblyk dat daar in die Ndzungza-streeksoverheidsgebied alleen nege en dertig sibbename genoem is. Hierdie name sluit die sibbes in wat onder (4 bo) voorkom, dit wil sê waar 'n sibbenaam as danknaam genoem is, asook gedeeltes van sibbes wat verband het met 'n moedersibbe byvoorbeeld Mgobane as deel van Mgoma. Hierdie verband is meesal histories van aard.

REGIMENTSNAME


1 <u>NDZUNDZA</u> (FOURIE 1921:203)		2 <u>MANALA</u> (VAN WARMELO 1930:21)		3 <u>NDZUNDZA</u> (EIE NAVORSING)	
<u>Regimentsnaam</u> (indanga) <u>wela-naam</u>	<u>Umsegwabo-naam</u>	<u>Regimentsnaam</u> (indanga)	<u>Igwabo-naam</u>	<u>Regimentsnaam</u> (intanga)	<u>Igwabo-naam</u>
1 Madhuba	Mabutswana	1 Amathebe	Amahlehle	1 Maduba	Mabutswana
2 Mabhode	Madhlovu	9 Amaduba	Ikungu emnyama	2 Madlowu	Mabhode
3 Madhlari	Mavundhla	10 Amadlou	Amabhode	3 Madlhari	Mavundla
4 Manyathi	Malunga	11 Amathlari	Amalisa amkhonwana	4 Manyathi	Malunga
5 Marudhla	Masela	12 Amalinga	Inyathi	5 Marudla	Masela
6 Magau	Madhlambuza	13 Amarudla	Amasebelanga	6 Magawu	Madhlambuza
7 Matsipha	Masweni	3 Amagau	Mphongofo	7 Madzibha	Masweni
8 Mathula	Mamakwa	2 Amadzipha	Imbavumane	8 Mathula	Mamagwa
9 Madhlaza	Mesotya	4 Amaswele	Amasotsha	9 Madlaza	Mazotjha
10 Maxassa	Namatya	5 Ama asa	Ipogoma, Amadlakomo	10 Marhasa	Mamatjha
11 Madhuku	Mhlwazi			11 Madugu	Mhlwazi
12 Masinya	Induthu			12 Masinya	Intuthu
13 Malingwana	Maphoko	6 Amadinwana	Amadlambuzi	13 Maphogo	Madinghwana
14 Maphaswana	Maxoxo	7 Amaphaswana	Amaqothandethe	14 Maphaswana	Marhorha
15 Mangana	Igeze	8 Amanana	Inyoni emhlophe	15 Manghana	Igeze

Drie kraaltipes


	<p>Hutrangskikking</p> <p>Sirkelvormig</p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. hoofhut (<u>indlunkulu</u>)</li> <li>2. ikhohlo-hut</li> <li>3. dogtershut (<u>iphunyana</u>)</li> <li>4. seunshut (<u>ilawu</u>)</li> <li>5. ontvangsruimte (<u>esirhodlweni</u>)</li> <li>6. kookruimte (<u>isibuya</u>)</li> <li>7. hofruimte (<u>ibandla</u>)</li> <li>8. beeskraal (<u>isibaya</u>)</li> <li>9. kalwerhok</li> <li>10. bokkraal</li> <li>11. kraalomneining (<u>ikura</u>)</li> <li>12. gastehut</li> </ol>
<p style="text-align: right;">2.</p>	<p>Halfsirkelvormig</p>	
<p style="text-align: right;">3.</p>	<p>Omgekeerde uitgerekte-U</p> <p>of : Reguitlynig</p>	




Voorbeeld 2




Voorbeeld 3




Voorbeeld 4




Voorbeeld 5




Voorbeeld 6



Voorbeeld 7




Voorbeeld 8







Voorbeeld 9




Voorbeeld 10




Voorbeeld 11




Voorbeeld 12



Voorbeeld 13




Graswoonhut




tonnel


Syaansig



veranda





Voorraansig




Hutraam (syaansig)


1. muurpale
2. dekgras
3. umsamo
4. binnemuurtjie




Rondawelwoonhut



Syaansig



Vooransig



Hutraam (syaansig)


1. muurpale
2. binnemuur
3. buitemuur
4. umsamo
5. vuurherd

Reghoekige woonhut


Vooransig



Syaansig




Hutraam(syaansig)




1. hutmuur
2. umsamo

Rekonstruksie: vroegste grashut




Vooraansig



Plan




Konstruksie van hutraam



- 1. hutsirke1
- 2. merkpen
- 3. muurpale
- 4. umrabheleko
- 5. dwarslatte (amabalelo)
- 6. deuropening
- 7. nokpunt




Plasing van ikatha-ringe




1. binnering
2. buitering
3. nokpen  
(iwotlo)

Amaturi : tonnel tipe




Plan



Syaansig


Vooraansig



1. agterste tonnelboog
2. voorste tonnelboog
3. kappe
4. umrabheleko
5. amabalelo


Amaturi : verandatipe

Plan




Syaansig


1. verandadeuropening
2. hutdeuropening
3. muurpale  
(iinsikana)
4. kappe
5. umrabheleko



Vooraansig




Deknaald




bindtou

Dekwerk : syaansig




1. tamboekiegras  
(iqunga)
2. sade nā bo  
(utjani)
- 3-5 sade wys na onder  
→ : wys vashegtingspunt

Dekwerk by die amaturi




1-2 twee dekdwarslatte

Spreilae




1. spreilaag tussen  
dwarslatte en dekgras



Isiqongolo-kroon



1. intambo
2. dekgras
3. nokpen  
(iwotlo)




Boonste ikatha-ring




- 1. dun latte
- 2. ikatha-ring
- 3. iwotlo
- 4. bindtou

Tounet




- 1. ikatha-toue
- 2. dwarstoue

Pleistergereedskap




1. isibhulo
2. troffel
3. poleerklip  
(itshidzo)




Konstruksie van hutraam




1. hutsirkel
2. merkpen
3. binnemuurpale
4. buitemuurpale
5. deuropeninge
6. draagbalk  
(umrabheleko)
7. dakkappe  
(amakapa)
8. nokpen  
(iwotlo)
9. dwarslatte  
(amabalelo)








Isikhonkwane




1. gedeelte word afgesaag
2. isikana
3. isikhonkwane

Umrabheleko




1. isikhonkwane
2. isikana
3. bindtou  
(intambo)
4. dun latte


Dakkappe





1. nokpen  
(iwotlo)
2. isikhonkwane
3. kap nr. 1
4. kap nr. 2
5. hanebalk  
(iphahla)
6. kap nr. 3
7. kap nr. 4




Dubbelmuurtipes




Syaansig



Plan




Voorraansig



Plan


Dakkappe



- 1. iphahla
- 2. ikapa
- 3. iwotlo


Stutkappe

Plan



Ikatha-ringe



Syaansig



1. buitering
2. binnering


Muurlatte (amagkokgo)

Plan




1. amagkokgo
2. iinsikana
3. bindtou
4. dwarslat, of
5. latbondels

Tradisionele dekm metode



Syaansig


Dekspaanmetode



Tek 39


egalig

Syaansig




trappe

Isihloti-kroon




gerwe

1. iwotlo
2. bindtou






Pleisterprofiel




1. dwarslat
2. finale voorkoms

Isikhawulwana-opvulling




Syaansig


Hutmuur van klip




Silindermuurtype



Plan




Kort muurpale




Umsamo-tipes


I.




II.




III.




IV.




V




VI



VII



Umsamo met rakke





Isidada-deure




- 1. bindtou
- 2. dwarsstok
- 3. grasbondels

oprofdeur (agterkant)



Latdeur (rondawelhut)


Tek 48



- 1. kosyn
- 2. sluitlus




Vensteropeninge by die icathane




I. vensters


I




II




III



Dubbelmuurtipes




Plan




Nebodistrik





*III.*




*IV.*



Stutbalkvariasies




II




- 1. iwotlo
- 2. kap
- 3. ifene
- 4. hanebalk

Dekvariasies



Puntnokgrasdak


Plan



Reghoekige skilddak (gras)


Tek 54

Plan




1. iwotlo
2. Laterale stut
3. mediaanstut
4. hoekspar
5. hutmuur

Geweldak (gras)




Plan




1. gewelbalk
2. nokpaal
3. hoekpaal
4. sypaal
5. gewelpaal
6. umrabheleko





Borsweringmuurvariasies



Plan




Syaansig




Sinkdak

Plan




Syaansig






Hutdeurvariasies


*I*




*II.*








*III*



*IV*




Woonvertrekvariasies



- 1. sitkamer
- 2. slaapkamer
- 3. stoorkamer
- 4. kombuis  
(isibuya)


Gras-seunshut



Voorraansig

Hutkroon: seuns- en dogtershutte


Tek 61



1. intambo

Gras-dogtershut

Tek 62




— isirhodlo-hoogte


Voorraansig

Rondawel: seunshut/dogtershut


Tek 63



Inisiasieskerm te Weltevrede




Inisiasieruimte by kapt A Mabhena





1. ou inisiasieruimte  
(klip)
2. takkraal
3. verbypad
4. stamkantoor
5. na umuzi
6. nuwe inisiasiekraal  
(takke)
7. iziko

Rekonstruksie: isivivana




Plan







Syaansig

Ndebele-isilulu




1. opening
2. bindtouring
3. bindtou
4. gras

Isirhodlo by die grashut

<p>(1)</p> 	<p>G1</p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. <u>iphunyana</u></li> <li>2. <u>indlu</u></li> <li>3. <u>esirhodlweni</u></li> <li>4. <u>amahlaha</u></li> <li>5. <u>riete (umgaba)</u></li> <li>6. <u>esibuyeni</u></li> <li>7. <u>isikhawulwana</u></li> </ol>
<p>(1)</p> 	<p>G2</p>	
<p>(1)</p> 	<p>G3</p>	
<p>(1)</p> 	<p>G4</p>	




Isirhodlo by die grashut



Plan

1. iphunyana
2. esirhodlweni
3. esibuyeni
4. indlu
5. isikhawulwana
6. omheiningospale
7. riete (umgaba)
8. sloot
9. ipundu



Syaansig




esibuyeni

esirhodlweni


Ingangvariasies




Dwarsrietvashegting




1. paal
2. rietbondels
3. vertikale riete
4. bindtou



Umgigidwana by ingang



Uitloopgate



Isirhodlo by die rondawelhut

	<p>R1</p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. <u>iphunyana</u></li> <li>2. <u>indlu</u></li> <li>3. <u>esirhodlweni</u></li> <li>4. <u>esibuyeni</u></li> <li>5. <u>omheining (isirhodlo)</u></li> </ol>	
	<p>R2</p>		<p>R5</p>
	<p>R3</p>		<p>R6</p>
	<p>R4</p>		<p>R7</p>

BIBLIOGRAFIE

- Arrigone, J L            1979    NBRI core housing experimental project at Valschfontein, Transvaal. Ontwikkelingstudies in Suider-Afrika Vol 1 No 4 Julie 1979.
- Baker, P T              1962    Ecology and Anthropology (A symposium). American Anthropologist, Vol 64, No 1 February 1962.
- Becker, P                1979    Inland tribes of Southern Africa. Granada, London.
- Bennett, J W            1976    The Ecological Transition. Cultural Anthropology and Human Adaptation. Pergamon Press Inc., New York.
- Berman, E              1970    Ndebele painting. In: Art and Artists of South Africa. A A Balkema, Cape Town.
- Berman, E              1974    Theme and variations. South African Panorama. Vol 19, No. 5.
- Bierman, B E          1955    Boukuns in Suid-Afrika. A A Balkema, Kaapstad.
- Bothma, C V            1962    Ntšhabeleng Social Structure. Ethnological Publications No. 48. Government Printer, Pretoria.
- Brincker, V H                                    Kleurrykste Bantoestam in Transvaal. Die Huisgenoot, 3 November 1961.
- Bruce, H J              1976    The Arts and Crafts of the Transvaal Ndebele. In: Smith, A H (ed): Africana Byways. A D Donker Publisher Ltd (Pty), Johannesburg.
- Bryant, A T             1949    The Zulu people. Shuter and Shooter, Pietermaritzburg.
- Chang, K C (ed)        1968    Settlement Archaeology. National Press Books, Palo Alto, California.
- Clarke, D L (ed)        1972    Models in Archaeology. Methuen & Co Ltd, London.
- Coertze, P J            1973    Tegniek en tegniese skeppinge. In Coertze, P J (red) : Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Voortrekkerpers, Johannesburg.
- Coetzee, C J            1980    Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal. D.Phil-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

- Cohen, Y A 1968 Man in Adaptation. The Cultural Present. Aldine Publishing Co, Chicago.
- De Jager, E J 1964 Settlement types of the Nguni and Sotho tribes. Fort Hare University Press, June 1964.
- Duggan-Cronin, A M 1935 The Bantu Tribes of South Africa. (Various volumes). Cambridge University Press, London.
- Fourie, H C M 1921 AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun Religieus-sociaal Leven. D.Phil-proefskrif, Rijks-Universiteit, Utrecht, La Riviere en Voorhoeve, Zwolle.
- Friede, H M 1978 Ndebele tradition in a Johannesburg suburb. African Notes, Vol. 23.
- Gjessing, G 1975 Socio-archaeology. Current Anthropology, Vol 16, Nr 3, September 1975.
- Greenwood, D J 1977 Nature, Culture and human history - a bio-cultural introduction to Anthropology. Harper and Row Publishers, New York.  
Stini, W A
- Grossert, J W (ed) 1958 The art of Africa. Shuter and Shooter, Pietermaritzburg.
- Hammond-Tooke W D (ed) 1937 The Bantu-speaking peoples of Southern Africa. Routledge and Kegan Paul, London.
- Hill, H J, Marais, JM 1979 Beplanningsopnames KwaNdebele. Potchefstroomse Universiteit vir CHO.  
Naude, E
- Hodder, I (ed) 1978 The Spatial Organization of Culture. Gerald Duckworth and Co Ltd, London.
- Hoebel, E A 1958 Man in the primitive world. McGraw-Hill, New York.
- Hunt, D R 1931 An account of the BaPedi. Bantu Studies, Vol. 5.
- Keesing, F M 1958 Cultural Anthropology. The Science of Custom. Holt, Rinehart and Winston, New York.
- Keesing R.M 1971 New Perspectives in Cultural Anthropology. Holt, Rinehart and Winston Inc, New York.  
Keesing F M  
Do 1980 Symbolic dimensions of the Southern Bantu homestead. Africa, Vol 50, No. 1.
- Knight, N 1977 Ndebele dress and beadwork. Lantern, Vol 27, No.1.  
Priebatch, S
- Knuffel, W E 1973 The Construction of the Bantu grass hut. Akademische Druck, Graz.
- Kuper, A 1978 Fourie and the Southern Transvaal Ndebele. African Studies, Vol 37, No.1.

- Landgraf, R S                    1974    Die vrou in die Religie onder die Ndebele van Mbongo Mabhena. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- Maré, J A (ms)                    Die Ndzundza. Hoofstuk I, II, III en V. Ongepubliseeræe manuskrip.
- Massie, R H                        1905    The Native tribes of the Transvaal. His Majesty's Stationary Office, London.
- Matthews, T H                    1971    Tribal painting in South Africa with particular reference to Xhosa painting.(Vol I-III) D.Litt et-Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- Meiring, A L                        1949    Kultuur van die Bantoe: blanke Suid-Afrika moet die kuns van die tradisionele Mapoggers help bewaar (Mapoggerwonings). Die Huisge-noot, Vol. 34.
- Do                    1951    Iets oor die Amandebele. Lantern, Vol 1. Nr 1, Junie 1951.
- Do                    1953    So bou die Ndebele hul hutte. Lantern, Vol 3, September 1953.
- Do                    1954    Amandebele van Pretoria. Helikon, Vol 4, Nr 16, Junie 1954.
- Moss, J L                            1955    Master craftswomen of the Ndebele. The Outspan, March 11, 1953.
- Myburgh, A C                    1956    Stamme van die distrik Carolina. Etnologiese Publikasie Nr 34, Staatsdrukker, Pretoria.
- Narroll, R                            1973    Main Currents in Cultural Anthropology. Appleton-Century-Crofts, New York.
- Narroll, F
- Newton, M B                        1974    Settlement patterns as artifacts of Social Structure. In Richardson, M (ed): The Human Mirror. Louisiana State University Press, Baton Rouge.
- Nicholson, H B                    1958    Settlement pattern analysis in contemporary American Archaeology. American Anthropologist, Vol 60, No 6, December 1958.
- Otterbein, K F                    1977    Comparative Cultural Analysis. An introduction to Anthropology. Holt, Rinehart and Winston, New York.
- Parsons, J R                        1972    Archaeological Settlement Patterns. In: Siegel, B J (ed): Annual Review of Anthropology. Vol 1, Palo Alto, California.

- Potgieter, E F 1949 Dit moet mos so wees (Mapoggers). Die Brandwag, 22 Julie 1949.
- Do 1953 Pretoria - Voor die koms van die Blanke. Pretoriana, Vol 2 nr 4, Julie 1953.
- Do 1958 Enkele volksverhale van die Ndzundza van Transvaal. Mededeling nr 9, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Rapoort, A 1969 House form and Culture. Prentice Hall Inc, New Jersey.
- Reich, N A 1967 Cultural and Status symbolism in the traditional dress of Nguni women of South Africa. MA-thesis, Colorado State University.
- Republiek van Suid-Afrika, Departement Onderwys en Opleiding The Southern Ndebele Orthography. Educamus. April 1982.
- Reynolds, B 1960 African Craft Village, Architect and Design. Vol 4, No 4.
- Schapera, I 1949 The Ndebele of South Africa. Natural History, Vol 58, No. 9, New York.
- Shelter Publications 1973 Shelter. Shelter Publications, Bolinas, California.
- Slotkin, J S 1950 Social Anthropology. (The Science of Human Society and Culture). The Macmillan Co., New York.
- Soga, J H 1931 The Ama-Xosa: Life and Customs. Lovedale Press, Lovedale.
- Spence, B 1954 M'pogga. Architectural Review, February, 1954.
- Bierman, B
- Spradley, J P 1975 Anthropology: The Cultural Perspective. John Wiley and Sons Inc., New York.
- McCurdy, D W
- Steward, J H 1950 Area Research (Theory and Practice). Social Science Research Council Bulletin 63.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1960 Bouwoordeboek/Building Dictionary. Vaktaalburo. Tafelberg, Kaapstad.
- Thompson, L 1969 The secret of Culture. Random House, New York.
- Transvaal Native Affairs Department 1905 Short History of the Native tribes of the Transvaal. Government Printing and Stationary Office, Pretoria.



- Transvaalse Provinsiale Administrasie, Biblioteek- en Museumdienste      Raad van Advies insake Biblioteek- en Museumdienste, Lëer B3-11-3.
- Trigger, B G      1963      Settlement as an aspect of Iroquoian adaptation at the time of contact. American Anthropologist, Vol. 65, No. 1, February 1963.
- Unie van Suid-Afrika Departement Bantoe Administrasie en Ontwikkeling      1960      Tuisland van die Ndebele. Bantu, Junie 1960.
- Van Coller, H P      1942      Mampoer in die stryd om die Bapedi-troon. Die Mapoch-oorlog 1882-1883. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Van der Waal, C S      1977      Die woning en woonwyse onder die Venda. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Van Warmelo, N J      1930      Transvaal Ndebele Texts. Ethnological Publications Vol 1. Government Printer, Pretoria.
- Do      1935      A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Ethnological Publications No. 5. Government Printer, Pretoria.
- Verster, P J      1953      Sy nooi haar gaste met 'n steentjie seep. Hoe jong vrou van Mapochsland hubaar word. Huisgenoot, 37, 17 April 1953.
- Weiss, O      1963      Funksionele kunsuitinge by die AmaNdzundza. MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Ziervogel, D      1957      Swazi Texts. J L van Schaik Ltd, Pretoria.
- Do      1957      A grammar of Northern Transvaal Ndebele. J L van Schaik Ltd, Pretoria.